



**GESELEKTEERDE TEGNIESE SKEPPINGE VAN DIE
TSONGAVROU, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE
TSONGAKRAAL-OPELUGMUSEUM**

deur

HILLE-PETRA TERBLANCHE

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM
(Antropologie)**

**in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria**

Datum: Januarie 1994

Graag wil ek die volgende persone en instansies met dank en waardering vermeld vir hulle samewerking en ondersteuning. Daarsonder sou hierdie navorsing nie moontlik gewees het nie.

Die Departement van die Hoofminister, Gazankulu Regeringsdiens, word bedank vir die finansiële ondersteuning van 'n gedeelte van die tikwerk en fotoreprodusering van hierdie verhandeling. Vir die uiteensetting en die navorsingsresultaat aanvaar ek egter alleen die verantwoordelikheid en kan dit nie beskou word as die siening van hierdie instansie nie.

'n Baie besondere woord van dank en waardering gaan aan professor R.D. Coertze, my studieleier oor al die jare. Sy belangstelling, leiding en aanmoediging het daartoe bygedra, dat hierdie studie uiteindelik voltooi is. Professor Coertze het baie tyd en geduld spandeer om hierdie navorsing tot die nodige afronding te laat kom.

Ook dankbare erkentlikheid aan al die Tsongavrouens en enkele mans wat met baie geduld inligting verskaf het en sonder wie hierdie studie nie kon verskyn nie. Alhoewel dit onmoontlik is om die name te noem van alle Tsongapersone wat in die loop van die navorsing gehelp het, wil ek tog graag Mintavini Maswanganyi, my getroue metgesel en tolk op vele paaie, vermeld. Mintavini kan al die verworwe kennis wat sy in die proses opgedoen het met vrug by die Tsongakraal-Opelugmuseum toepas. Ook aan Leah Chabalala vir detail-inligting en Sam Makelane en Shadrack Ngobeni - almal van die Tsongakraal - 'n woord van dank vir geduldige tolkwerk.

Verdere vermelding gaan aan die volgende instansies en persone: die Tsongakraal-Opelugmuseum; die Transvaalse Provinsiale Administrasie; die SA Museum in Kaapstad; die Botaniese Navorsingsinstituut in Pretoria vir sommige botaniese name; die WNNR in Pretoria vir identifisering van die soutbossie; dr. U. Kusel vir ondersteuning; mnr J. Witt vir aanmoediging, gesprekvoering en verskaffing van fotomateriaal; die Tsonga-Taalafdeling (Dept. van Onderwys) vir kontrolering van Tsongawoorde; mnr. B. Clark vir fotoreprodusering; mej. S Terrin vir die teken van sommige kaarte en mej. Marieka Engelbrecht vir die sketse van kralewerktegnieke. Veral dank aan mev. D. Hibbert, wat onder moeilike omstandighede met geduld en volharding die tikwerk gedoen het.



Die ondersteuning en aanmoediging van alle vriende word ook met dank erken. 'n Spesiale betuiging van waardering gaan aan my moeder aan wie hierdie navorsingsresultaat opgedra word. En laastens, met 'n sug van verligting, dank en waardering aan my drie dogters wat nie altyd kon verstaan waaroor dit alles gaan nie.



GESELEKTEERDE TEGNIESE SKEPPINGE VAN DIE TSONGAVROU MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE TSONGAKRAAL-OPELUGMUSEUM

NAAM: HILLE-PETRA TERBLANCHE
LEIER: PROF. R.D. COERTZE
DEPARTEMENT: ANTROPOLOGIE EN ARGEOLOGIE, UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
GRAAD: MA - ANTROPOLOGIE

Enkele tegniese skeppinge wat die Tsongavrou in die tradisionele lewenswyse vervaardig en wat prominent by die Tsongakraal-Opelugmuseum in die Hans Merensky-Natuurreservaat gedemonstreer word, is as studiemateriaal geselekteer. Weens die museologiese vereiste en noodsaaklikheid van goedgegedokumenteerde voorwerpe is pottebakkerie, soutontginning en kralewerk deeglik volgens vorm, funksie en vervaardigingswyse binne die museum sowel as in Gazankulu, tuiste van die Tsongavrou, nagevors. Dit is ook volkekundig binne funksionele kultuurverband behandel.

Historiese gebeurtenisse is nagegaan wat die Tsonga van die huidige Gazankulu met die Tsonga van Mosambiek, hul oorspronklike tuiste vir baie eeue, verbind. Ook die kulturele lewe van die mense van wie in hierdie studie sprake is, is kortliks geskets. Beperkinge wat die museumopset op 'n lewensgetroue weergawe van 'n volk meebring, en die mate van kunsmatigheid wat wel voorkom, is kortliks bespreek.

Pottebakkerie by die Tsonga, alhoewel deur die omliggende stamme beïnvloed, toon 'n eie karakter, veral as daar meer gekonsentreer word op die oorspronklike Tsongakeramiekware wat tot in Mosambiek nagevors kon word. Vervaardiging kom nie meer so algemeen voor nie, maar benutting is meer verspreid. 'n Hele stel potte wat kookpotte, bier- en waterpotte, eetbakke, waskomme en maalkakke insluit, word volgens vorm, funksie, voorkoms en vervaardigingswyse bespreek.



Soutvervaardiging tref ons by die Tsonga aan, omdat daar 'n paar southoudende minerale warmwaterbronne in Gazankulu voorkom. Argeologiese en etnologiese gegewens dui daarop dat hierdie ontginningsproses alreeds vir die afgelope 1800 jaar bedryf word. Handel is met sout gedryf en hierdie sout is gesog, omdat magies-religieuse eienskappe daaraan toegeskryf word. Die Tsonga was die soutvervaardigers ten minste gedurende die afgelope 100 jaar.

Die Tsonga beskik oor hul eiesoortige kralewerk wat as bykomstige versiering gedra word. Veral tydens feestelikhede word hierdie kleurvolle kraliesierade vertoon. 'n Kralewerk-klassifikasie kon volgens voorkoms, funksie en vervaardigingswyse saamgestel word. Hierdie bedryf kan, as 'n aspek van die tegniese skeppinge van die Tsongavrou, met welslae in die opelugmuseum uitgebeeld en uitgebrei word.

Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat die Tsongakraal-Opelugmuseum definitief bestaansreg het, omdat die Tsonga 'n eiesoortige kultuurlewe openbaar. Met 'n weldeurdagte en goedbestuurde uitstallings-, vervaardigings-, en verkoopsaksie het hierdie opelugmuseum besliste uitbreidingsmoontlikhede en kan die bestaande funksies van versameling, bewaring en opvoeding deur middel van programme en uitstallings nog beter tot hul reg kom.

Band II bestaan uit 'n fotodokumentasie wat die teks oor die vervaardigingswyse van tegniese skeppinge aanvul. Bylaes wat handel oor die vervaardigingswyse van tegniese skeppinge, Tsongabotanie, 'n Tsongawoordelys oor tegniese skeppings wat in hierdie studie genoem word, asook aanvullende historiese inligting en liggingskaarte word aangeheg.



SELECTED ITEMS OF THE MATERIAL CULTURE OF TSONGA WOMEN WITH SPECIFIC REFERENCE TO THE TSONGA- KRAAL OPEN-AIR MUSEUM

NAME: HILLE-PETRA TERBLANCHE
SUPERVISOR: PROF. R.D. COERTZE
DEPARTMENT: ANTHROPOLOGY AND ARCHAEOLOGY, UNIVERSITY OF PRETORIA
DEGREE: MA - ANTHROPOLOGY

A description is given of some aspects of the material culture of the Tsonga women of Gazankulu as demonstrated at the Tsongakraal Open-air Museum in the Hans Merensky Nature Reserve. Pottery, beadwork and the salt extraction process have been described museologically according to form, function and the process of manufacture. Anthropologically the functional approach to culture has been followed.

A short historic and cultural survey has been given of the Tsonga people who first lived in Mozambique, their role as traders over the centuries on the old trade routes through Gazankulu and their reason for settlement in present Gazankulu. The restrictions and superficiality in portraying a way of life within the museum has been discussed in short.

Pottery has been influenced by the surrounding tribes, but a specific Tsonga pottery tradition has been identified, leading back to Mozambique. Although there seems to be a decline in the manufacture of pots, a whole range of ceramic ware which includes cooking pots, beer and water pots and bowls could be described according to form, function, manufacturing process and decorative patterns.

Archaeological and ethnological references to the 1800 year old salt extraction industry from salt pans near mineral springs in Gazankulu, assisted in the reconstruction of the whole process with its uses and magico-religious properties. The Tsonga were the salt producers for at least the last one hundred years.



Beadwork as adornment features prominently amongst Tsonga women, especially during festivals. A classification system of all the beadwork has been compiled and described according to appearance, function and manufacture. The manufacturing of beadwork can be introduced as a further aspect of material culture in the open-air museum.

The study concludes that the distinguishing material culture of the Tsonga gives purpose to the existence of the Tsongakraal Open-air Museum. With creativity and a well-planned management programme, the museological functions of collection, preservation and education (recreational programmes and displays) of this museum can be extended.

Annexures include a detailed photographic record of the manufacturing of items of material culture, the ethno-botany of the Tsonga, a list of Tsonga cultural terms as well as maps and historical information.



INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGING	i
SAMEVATTING	iii
ABSTRACT	v
INHOUDSOPGAWE	vii

BAND I : HOOFSTUKKE

HOOFSTUK 1 : INLEIDEND

1.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK	1
1.2 TEMATIESE EN GEOGRAFIESE AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN	3
1.2.1 Die Tsongakraal-Opelugmuseum en die aangrensende navorsingsgebied	3
1.2.2 Die Tsongavrou	6
1.2.3 Geselekteerde tegniese skeppinge	7
1.3 METODEDES VAN ONDERSOEK	9
1.3.1 Literatuurstudie	11
1.3.2 Veldwerk	14
1.3.3 Segspersone	15
1.3.4 Waarneming	18
1.3.5 Museumstudie	20
1.3.6 Dokumentasie	21
1.4 SAMEVATTING	22

HOOFSTUK 2 : HISTORIESE EN KULTURELE AGTERGROND

2.1 DIE TSONGA : ETNOGRAFIESE PERSPEKTIEF	23
2.1.1 Geskiedkundige agtergrond	23
2.1.2 Herkoms, klassifikasie en verspreiding	24
2.1.3 Geskiedenis van die Tsonga voor 1900	26
2.2 HABITAT : GAZANKULU	34
2.2.1 Ligging	34
2.2.2 Topografie en geologie van die studiegebied	35
2.2.3 Klimaat en plantegroei	36
2.2.4 Samevatting	37
2.3 DIE TSONGAKRAAL-OPELUGMUSEUM: OMVANG EN BESTAANSREG	39
2.3.1 Die funksie van die Opelugmuseum en toepassing daarvan	39
2.3.2 Ontstaansgeskiedenis: Eilandsoutwerke	43

2.3.3	Ontstaan en uitleg van die Tsongakraal-Opelugmuseum . . .	48
2.3.4	Samevatting	50
2.4	LEWENSWYSE VAN DIE TSONGA	51
2.4.1	Die Tsonga as mens	51
2.4.2	Politieke en juridiese organisasie	52
2.4.3	Ekonomiese lewe	54
2.4.4	Skeppinge deur die Tsongavrou as produk van haar omgewing	61
2.4.5	Sosiale organisasie	68
2.4.6	Religieuse beskouings en rituele praktyke	74
2.4.7	Volkseie kultuurgoedere	83
2.4.8	Samevatting	91
2.4.9	Samevatting en gevolgtrekking	95
HOOFSTUK 3 : POTTEBAKKERY		
3.1	DIE POTTEBAKKERS	99
3.2	TYD EN PLEK VAN VERVAARDIGING	101
3.3	DIE VERKRYGING VAN DIE KLEI	101
3.3.1	Die klei "vumba"	101
3.3.2	Die kleibron	102
3.3.3	Die verkryging van die klei	105
3.3.4	Die voorbereiding van die klei	105
3.4	GEREEDSKAP EN TOERUSTING	107
3.4.1	Houtbord	107
3.4.2	Kleipotjie met water	107
3.4.3	Ander implemente	108
3.5	METODE VAN VERVAARDIGING	109
3.5.1	Verskillende tegnieke	110
3.5.2	Vervaardigingsproses	111
3.5.3	Versiering van potte	115
3.5.4	Drogingsproses	128
3.5.5	Bakproses	129
3.5.6	Khangula	132
3.5.7	Variasies in die vervaardigingswyse	132
3.5.8	Taboe's tydens potvervaardiging	133
3.5.9	Reparasie van gekraakte potte	134
3.6	VERSKILLENDE Tipes ERDEWERK	135
3.6.1	Inleiding	135
3.6.2	Kookpotte - timbita	137
3.6.3	Bier- en waterpotte - makhuwana	142
3.6.4	Bakke - minkamba	147
3.6.5	Waskom	153
3.6.6	Ander gebruike van potte	154
3.6.7	Potte as broeikaste en begrafniskis	156
3.7	BENUTTING VAN POTTE	157
3.7.1	Die ekonomiese rol	158
3.7.2	Die sosiale rol	167
3.7.3	Die religieuse rol	171
3.7.4	Die politieke rol en verband met regsreëls	173
3.8	SAMEVATTING	174



3.9	WAARDE VIR DIE MUSEUM	175
HOOFSTUK 4 : SOUTVERVAARDIGING		
4.1	VROEGSTE VERWYSINGS NA SOUTGEBRUIKE	180
4.2	DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN SOUTNEERSLAE IN DIE NOORD-TRANSVAALSE LAEVELD	182
4.2.1	Rhodasoutwerkterrein te Phalaborwa	184
4.2.2	Soutini	184
4.2.3	Harmoniesout- en seepsteenwerke	185
4.2.4	Eilandsoutwerke	185
4.3	SOUTWERKE IN ARGEOLOGIESE KONTEKS	186
4.4	DIE KONTEKS VAN SEEPSTEENBAKKE BINNE SOUTWERKTERREINE	188
4.5	VERVAARDIGINGSPROSES	191
4.5.1	Soutvervaardiging by Soutini	192
4.5.2	Rekonstruering van die proses by die Tsongakraal-Opelugmuseum	201
4.6	TABOE'S EN ANDER GEBRUIKE	202
4.6.1	Pseudonieme	202
4.6.2	Sout as geurmiddel	203
4.6.3	Medisinale taboes en ander gebruike	204
4.7	SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING	205
HOOFSTUK 5 : KRALEWERK EN VERSIERINGS		
5.1	INLEIDING	210
5.2	VERVAARDIGINGSMETODE	213
5.2.1	Materiaal en gereedskap	213
5.2.2	Vervaardigers	216
5.2.3	Tegnieke	216
5.2.4	Motiewe	242
5.3	VERSKILLENDE KRALESIERADE EN GEBRUIKE	246
5.3.1	Halssierade	246
5.3.2	Hoofsierade - Mugangu - en oorsierade	252
5.3.3	Armbande	253
5.3.4	Beenringe	255
5.3.5	Lyfbande/Heupversierings	255
5.4	ANDER KRALEWERKVERSIERING	262
5.4.1	Nceka - Doek	262
5.4.2	Madliridliri - Pop	263
5.4.3	Xifune - Kralestring	265
5.4.4	Xithabana en xintewana - Mandjie en deksel	266
5.4.5	Xipachi - Beursie	267
5.4.6	Mfuku - Snuifhouer	267
5.4.7	Xipfukwani - Snuifdooshouer	268
5.4.8	Kalbashouers, seremoniële danskieries en glasbottels	268
5.4.9	Sambreel en bloes van kralewerk	269
5.4.10	Tsonga- en Sothokralesierade - wedersydse beïnvloeding	269
5.5	ALLEDAAGSE KLEREDRAG EN KRALESIERADE	271
5.6	SAMEVATTING EN BESPREKING	274



HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

6.1	INLEIDING	282
6.2	DOEL VAN ONDERSOEK	283
6.3	AFBAKENING EN SELEKTERING	284
6.4	POTTEBAKKERY	287
6.5	SOUTONTGINNING	289
6.6	KRALEWERK EN VERSIERING	290
6.7	MUSEUMKUNDIGE UITBOUING	292
6.7.1	Binne funksionele verband	292
6.7.2	Kommersiële onderneming	294

HOOFSTUK 7 : BRONNELYS

HOOFSTUK 8 : BYLAES

A Plantbenutting deur die Tsonga

B Bates se brief

C Woordelys: Tsonga - Afrikaans

BAND II : FOTO'S



HOOFSUK 1
INLEIDEND

1.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die funksie van enige museum is die versameling van tersaaklike voorwerpe, foto's en geskrifte; navorsing oor die voorwerpe ten opsigte van herkoms, geskiedenis, gebruike en samestelling; die bewaring volgens aard en samestelling; noukeurige dokumentasie daarvan; en die opvoedkundige benutting daarvan d.m.v. uitstalling, publikasies, praatjies, ens. Met hierdie studie is daar gepoog om d.m.v. navorsing 'n bydrae te lewer tot die versameling en werksaamhede van die reeds-bestaande opelugmuseum in die Hans Merensky-Natuurreservaat.

Dit het dus gegaan om die versameling van, navorsing oor, en dokumentasie van 'n besondere reeks kultuurvoorwerpe wat hierna duideliker aangedui word.

Die Tsongakraal-Opelugmuseum het ontstaan op grond van histories-argeologiese bevindinge, met die doel om die lewenswyse van die Tsonga van Gazankulu te bewaar en uit te beeld. Die Tsonga bewoon die kerngebied van Gazankulu vir die afgelope sowat een honderd en vyftig jaar [Junod 1927 I:28].

Onder invloed van die Westerse kultuur, maar veral ook weens gedurige kontak met die omliggende Noord-Sotho en Venda, tree daar gedurig veranderinge op alle kultuurterreine by die Tsonga in. Die veranderinge is veral merkbaar op die gebied van tegniese skeppinge en raak hoofsaaklik voorwerpe se vorm en funksie asook die materiaal en vervaardigingswyse. Baie voorwerpe verdwyn totaal of maak plek vir Westerse gebruiksartikels. Hierdie beïnvloeding lei ook dikwels tot afname in kwaliteit. Hierdie stelling sal t.o.v. Tsongakultuurvoorwerpe beoordeel moet word. Wat reeds by die Tsongakraal-Opelugmuseum aanwesig is, is as uitgangspunt gebruik. Daar sal gepoog word om vas te stel of die huidige weergawe van die lewenswyse van die Noordsentraal-Tsonga by die museum volledig is en waar daar aanvulling nodig is.

Die doel van hierdie ondersoekende studie is eerstens om besondere tegniese skeppinge wat die Tsongavrou vervaardig en wat aan die besoeker



by die Tsongakraal-Opelugmuseum getoon word, behoorlik t.o.v. vorm, voorkoms, funksie, vervaardigingswyse en kulturele verband na te vors en te dokumenteer. Hierdie nuwe inligting sou kon bydra tot die verryking van die huidige aanbiedings in die museum, want voorwerpe wat teen die agtergrond van die geïntegreerde lewenswyse vertoon word, verleen sin aan die hele bewaringsaksie in 'n opelugmuseum.

Tweedens is daar ook gekyk na die besondere rol wat hierdie tegniese skeppinge, wat met die Tsongavrou verband hou, in die verskillende terreine van haar lewe speel.

Derdens is gepoog om vas te stel of daar ander skeppinge deur die Tsongavrou vervaardig en/of benut word, wat nog nie in die museum uitgebeeld word nie. Die navorsing sou ook dien om sodanige tegniese skeppinge te versamel vir opname in die museumversameling. Terselfdertyd is beoog om die versameling met foto-dokumentasie en inligting oor die funksionele benutting aan te vul. 'n Groot aantal foto's is dan ook in hierdie studie opgeneem. Die studie moes 'n volledige objektiewe en beskrywende navorsingsresultaat bied van geselekteerde tegniese skeppinge wat die Tsongavrou in die Noord-sentrale deel van Gazankulu vervaardig en benut. 'n Studie met sodanige aksie van die Tsongavrou in die oog sou ook aanvullend kon wees tot Basson se beplande studie oor die tegniese skeppinge van die Tsongaman [1981]. Hierdie studie van Basson is egter nooit voltooi nie.

Om 'n volledige prentjie van die lewe van die Noordsentrale-Tsonga by die opelugmuseum uit te beeld, sal daar ook na hulle geskiedenis gekyk moet word. Dit is reeds bekend dat die Tsonga in die vroeë jare van die vorige eeu vanaf Mosambiek na die huidige woonplekke in Suid-Afrika verhuis het. Derhalwe sal daar in hierdie studie op terloopse wyse ook gekyk word in welke mate tegniese skeppinge van die Tsonga in Gazankulu verander het, al dan nie, van dié van die Tsonga en aanverwante stamme wat in Mosambiek agtergebly het. Die resultaat sou dui op kultuurverandering, en beïnvloeding deur die Noord-Sothostamme en Venda in die nuwe tuiste. Hierdie faset sou ook interessante uitstal materiaal by die museum bied. Dit



moet egter beklemtoon word dat hierdie aanduidings nie 'n hoofmoment in die studie sal wees nie.

Ten laaste sal daar gepoog word om moontlikhede aan te dui oor hoe die opvoedkundige funksie (uitstallings en demonstrasies) by die museum uitgebrei kan word, sodat die lewenswyse en geskiedenis van die Noordsentraal-Tsonga op 'n meer dinamiese en wisselende wyse uitgebeeld kan word. Net soos die kultuur van enige volk gedurig verander en groei weens die veranderende omgewing waarbinne dit voorkom, nét so behoort die opelugmuseum as uitbeelding van 'n kultuur die dinamiese karakter daarvan uit te dra. Gebeur dit nie, skiet die museum te kort ten opsigte van sy opvoedingsfunksie.

1.2 TEMATIESE EN GEOGRAFIESE AFBAKENING VAN DIE STUDIETERREIN

1.2.1 Die Tsongakraal-Opelugmuseum en die aangrensende navorsingsgebied

Die Tsongakraal-Opelugmuseum (Tsongakraal) is geleë in die Hans Merensky-Natuurreservaat (kaart 1.3) in die noord-oostelike Transvaalse Laeveld, ongeveer 65 km oos van Tzaneen. Die Groot-Letabarivier vorm die noordelike grens van die reservaat en is ook gelyktydig die suidgrens van die noordelike Gazankulu, die gedeelte waar die navorsingsgebied geleë is, nl. Noordsentraal-Gazankulu (kaart 1.2 en 1.3). Die ontstaansgeskiedenis van die Tsongakraal-Opelugmuseum word in hoofstuk 2 bespreek.

Soos reeds genoem is, was die versameling in die Tsongakraal-Opelugmuseum die uitgangspunt vir die bestudering van die Tsongavrou se rol en alledaagse aktiwiteite binne die Tsongakultuur. Voorwerpe wat reeds in besit van die museum was, is bestudeer, gedokumenteer, en variasies wat voorkom, is aangeteken. Ook is die vervaardigingswyse en materiaal van museumstukke, die fisiese omgewing waarin dit gebruik is, en spesiale geleenthede waarby items gebruik is soos tydens die inisiasie van dogters, die fees van die eerste vrugte wat met die offerhandelinge van maroelabier ingelui is, gedokumenteer.



Die nut van hierdie inligting vir die opelugmuseums self asook vir die museumwese oor die algemeen kom na vore wanneer daar in gedagte gehou word dat die Transvaalse Provinsiale Administrasie as statutêre beheerliggaam volgens ordonnansie 12 van 1970 [Basson 1980:5] nog verdere opelugmusea vir die Pedi, die Swazi en andere beoog. Die nut vir die reeds bestaande Ndebele-Opelugmuseum by Middelburg, Transvaal, en die Bakoni-Malapa by Pietersburg sou veral in die sistematiek van die dokumentasie geleë wees.

Alhoewel die Tsongakraal-Opelugmuseum as beginpunt vir navorsing gedien het en alle resultate uiteindelik weer by dié museum aangewend en toegepas sal kan word, is daar nie uitsluitlik by hierdie museum navorsing gedoen nie, maar veral ook in dié gebied van Gazankulu wat gebruik is om al die agtergrondinligting vir die bou van die Tsongakraal-Opelugmuseum te bekom. Dit sluit sommige dorpies in wat geleë is ten noorde van die Letabarivier en suid van Giyani (sien kaart 1.2). Die tuistes van Tsongavrouens en -mans wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum werksaam is, is in die beginstadium besoek, omdat dit vir die navorser makliker toeganklik was. Van dié mans en vrouens het as tussengangers en tolke tussen die stamhoof en inwoners en die navorser opgetree. Ngove, stat van stamhoof Ngove, en Sikhunyane, twee dorpies ten suide en suidweste van Giyani word volgens informante beskou as die plekke waar tradisies en gebruike van die Tsongakultuur die minste verander het. By Sikhunyane woon Fivepound Mabunda, een van die Tsonga se bekendste voordraers van Tsongaprysliedere. Die kraaluitleg (statuitleg) van die stamhoof Mabunda van Ngove, het dan ook gedien as model vir die Tsongakraal-Opelugmuseum wat onder leiding van dr. Udo Küsel in die vroeë sewentigerjare gebou is (pers. med. 1983).

Die gebied in Gazankulu waarheen navorsing uitgebrei is, kan op kaart 1.2 gesien word. Rofweg kan dit beskryf word as die gebied ten suide en suidooste van Giyani, die hoofstad van Gazankulu, ten noorde van die Groot-Letabarivier, met die Krugerwildtuin as oosgrens, en as wesgrens 'n lyn (noord-suid) en ongeveer 20 km ten weste van Giyani.



Hierdie gebied het ook as navorsingsgebied vir die oprig van die Tsongakraal-Opelugmuseum gedien. Dit is die gebied waarvandaan die meeste inwoners kom wat in die opelugmuseum werksaam is, en die museum in stand hou asook die visuele kultuurfasette demonstreer. Enkele dorpies wat buite die navorsingsgebied val, is ook besoek om steekproewe te doen t.o.v. die vergelyking van sekere aspekte en om variasies en voorkoms van kultuurvoorwerpe vas te stel. Hierdie aanvulling is hoofsaaklik gedoen t.o.v. die studie oor kralewerk. Die dorpies, nl. Bungeni (naby Elim), Muyexe, (op die Wildtuingrens), en Nwamitwa en Mariveni, beide in die Ritavigebed naby Letsitele, word ook op die kaart 1.2 aangedui. Twee argeologiese soutwerkerterreine wat buite die grense van Gazankulu val, nl. Harmonie wes van Trichardsdal, en Rhoda, suid van Phalaborwa, is ook besoek. Verwysings na die punte kom in hoofstuk 4 wat oor soutmaak handel, voor.

Daar sal hierna na die navorsingsgebied as die Noord-sentrale deel van Gazankulu verwys word, om dit te onderskei van Ritavi in Gazankulu waar Boonzaaier [1980] navorsing onder die Tsonga-Shangana gedoen het en Mhala die suidelike gebied in Gazankulu waar Hartman [1978] sy navorsing onder die Tsonga-Shangana gedoen het. Daar is nog baie min navorsing in Noord-Gazankulu, die gebied rondom Malamulele, gedoen. Inligting wat in hierdie navorsing verkry is, verskil t.o.v. geskiedenis en kultuuraspekte ietwat van dié van die Shangana. Sommige ooreenkomste met Mosambiek sal uitgewys word, omdat die Tsonga daarvandaan kom.

Gazankulu is die woongebied van die Tsonga-Shangana, wat op 1 Februarie 1972 as selfregerende gebied binne die Republiek van Suid Afrika tot stand gekom het. Giyani is die hoofstad, en Xitsonga die amptelike taal. Gazankulu het sy eie vlag en nasionale volkslied "HOSI KATHEKISA AFRIKA" is die bekende "God seën Afrika". Op die kaart [1.1] kan gesien word dat hierdie selfregerende staat nie 'n homogene aaneenlopende gebied is nie en rofweg in drie dele ingedeel kan word, te wete die kerngebied, met Giyani as sentrum en setel van die Wetgewende Vergadering, Ritavi naby Tzaneen, en die suidelike Mhalagebied wat ongeveer 100 km vanaf die kerngedeelte verwyder is.



Die verbrokkeldheid van Gazankulu en die feit van die dubbele benaming Tsonga-Shangana, dui alreeds op die veelvoudige karakter van die inwoners. Daar word in hierdie studie slegs na die Tsonga verwys veral omdat die studiegebied waarop gekonsentreer word deur ware Tsonga bewoon word. Daar is gepoog om op die geskiedenis van die stamme, soos hulle in Giyani en omstreke voorkom, in te gaan, om op 'n moontlike verband te dui tussen die huidige inwoners van Gazankulu, die Tsonga in Mosambiek en die vroeë handelaars wat deur die gebied op handelsroetes vanaf die Ooskus en die binneland tot in Zimbabwe beweeg het.

Die nagaan van die geskiedenis van die stamme Mavundza, Ngobe, Nkomo, Bungeni, Chabalala, Ngobeni, e.a. wat in die navorsingsgebied woon, het nie veel nuwe inligting opgelewer nie. Historiese gegewens en die aanteken en nagaan van genealogieë sou meer lig kon werp op belangrike aspekte, soos wie die vroeë soutontginners was, asook sedert wanneer en in watter getalle die Tsonga die huidige gebied, bewoon ens. In hoofstuk 2 word 'n kort historiese oorsig gegee.

1.2.2 Die Tsongavrou

Die Tsongakraal-Opelugmuseum is die voorstelling van 'n Tsonga-wooneenheid van 'n man met sy agt vrouens. Die vrou speel 'n baie belangrike rol in die alledaagse lewe as eggenote, moeder, huis-en haardversorger, kok, akkerbouer, versamelaar asook beoefenaar van sommige spesialisbedrywe soos pottebakkerie, soutkookster en tradisionele praktisyn (kragdokter). Al hierdie aspekte dek 'n wye terrein van die totale lewenswyse wat deur die man aangevul word as bouer, jagter, veeherder, raadsman en beskermer.

In die Tsongakraal-Opelugmuseum word die alledaagse lewensaktiwiteite, soos dit vroeër beoefen is, nog steeds nagekom, daar kon derhalwe gegewens oor tegniese skeppinge wat verband hou met bv. die versamelaarsbedryf, die akkerbou of soutvervaardiging van die vrouens self verkry word. In die meeste gevalle word take saam met medevrouens en/of vriendinne verrig. Dogters neem gereeld deel aan die verskillende aktiwiteite van die vrouens en leer vroeg reeds om die rol wat hulle eendag sal moet vervul, te beoefen.



Weens die stelsel van trekarbeid wat baie jare reeds deel vorm van die Tsongalewenspatroon, en wat meebring dat baie Tsongamans lang tye weg van die huis deurbring en sodoende nie meer hul tradisionele rol ten volle kan vervul nie, val die las baie swaar op die vrou. As gevolg van die veranderingsproses kom sy in praktyk te staan in 'n nuwe statusposisie as hoof van die huishouding met al die verantwoordelikhede wat daarmee gepaard gaan. Buiten al haar gewone daaglikse bedrywighede om haar huishouding wat uit haar kinders en moontlik ook ouer mense in die wooneenheid bestaan, moet sy deesdae ook die rolle van beskermer, veeversorger, bouer en besluitnemer beoefen. Ook hierdie meer moderne lewenswyse, as gevolg van kontak met die buitewêreld kan in 'n mate by die Tsongakraal-Opelugmuseum uitgebeeld en waargeneem word.

Ten laaste is daar ook besluit om die Tsongavrou te bestudeer, omdat daar meer vrouens as mans by die opelugmuseum werksaam is. Die uitleg van die Tsongakraal-Opelugmuseum dui die bewoners teoreties aan as een man met sy agt vrouens. Dit is egter belangrik om te onthou dat die mense wat tans by die Tsongakraal-Opelugmuseum werk nie 'n gesinne-eenheid is nie. Die voorstelling van die woonstrukture weerspieël egter hierdie ideaal. Vir die navorser wat self 'n vrou is, is dit makliker om inligting by medegeslagslede te verkry.

Samevattend gesien is hierdie studie dus 'n beskrywing van geselekteerde tegniese skeppinge van die Tsongavrou met as uitgangspunt die waarde daarvan vir museumwerk. Binne die museum is dit die oogmerk om die hele lewenswyse van die Tsonga met al sy kultuuraspekte na vore te laat tree.

Die funksionele uitstalmetode kom in 'n opelugmuseum ten volste tot sy reg, omdat elke voorwerp binne die verband van sy rol en funksie deur die besoeker waargeneem kan word en self deur spesiale programme, ens. aangebied kan word.

1.2.3 Geselekteerde tegniese skeppinge

Die tegniese prosesse en skeppinge waarby die Tsongavrou belang het, bestaan uit pottebakkerie, kleredrag en sierade soos kralewerk, die vleg van



sommige mandjies, slaapmatte, kalbasbewerking, voorwerpe wat met die oes, berging en voorbereiding van landbougewasse verband hou, asook voorwerpe wat benut word tydens sekere take van die hutbouproues. Verder is daar ook nog die voorwerpe wat die man vervaardig maar wat deur vrouens benut word, soos sekere mandjies, gebruiksartikels van hout en musiekinstrumente. Die hele reeks Tsongavorwerpe wat met die vrou verband hou of deur haar benut word, sal in hoofstuk 2 genoem en kortliks binne kulturele verband bespreek word. Slegs enkele tegniese skeppinge wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum deur vrouens vervaardig, benut en aan besoekers gedemonstreer word, is geselekteer vir hierdie studie. Die keuse het geval op die aanskoulikste tegniese bedrywighede, nl. pottebakkerie, kralewerk en soutontginning. Buiten die vervaardiging van slaapmatte, was pottebakkerie en 'n gedeelte van die soutontginningsproses ook die enigste aktiwiteite wat ten tye van die navorsing by die museum behoorlik beoefen is. Min was bekend oor kralesierade en sleg, enkele basiese artikels is soms vervaardig.

Enkele ander aktiwiteite waarmee die vrouens by die Tsongakraal-Opelugmuseum soms besig was, was die versameling en voorbereiding van voedsel, visvang, die bewerking en oes van seisoenale landbougewasse, die bespeling van musiekinstrumente tydens spesiale programme, die herstel en versiening van boustrukture, die vervaardiging van kleredrag, veral die kenmerkende dansrok, en aspekte wat saamgaan met die geboorte van 'n baba en die aktiwiteite met klein kindertjies (stories, speletjies, liedjies). Tydens al hierdie aktiwiteite is tegniese skeppinge gebruik. Al hierdie tegniese skeppinge word genoem, en in enkele gevalle bespreek ter wille daarvan om 'n geheelbeeld van die lewenswyse van die Tsongavrou te kry.

Tegniese skeppinge sal as deel van die kultuur en binne funksionele verband van die lewenswyse in hoofstuk 2 behandel word. Dit wil sê, die voorwerp word nie bloot as sodanig beskryf nie, maar verbind met die aanwending deur besondere mense. Dit is baie belangrik om in die Volkekunde te wys hoe elke voorwerp vir die waarnemer iets vertel oor die eienaar, asook die ekonomiese funksie en aanwending. Die voorwerp moet dus binne sosiale konteks bestudeer word t.o.v. benutting en eienskapskap, seremonies rondom die voorwerp, asook die voorwerp se skakeling met



ander terreine, bv. sout wat benewens 'n geurmiddel ook medisinalle waarde het, of as handelsobjek van nut was "by placing a perfect specimen before a student, the 'ethnographic reality' of that object would not be conveyed nor would the object be able to generate any research unless it was accompanied by information relating to its use and significance among the people from whom it was collected" [Malinowski 1922:105].

1.3 METODEDES VAN ONDERSOEK

Omdat daar met hierdie studie van die standpunt uitgegaan is om elke voorwerp binne kultuurverband te bestudeer en uit te stal, is 'n verskeidenheid van benaderings en metodes gebruik om 'n bevredigende resultaat te verkry.

Benewens algemene navorsingsmetodes en tegnieke soos veldwerk, waarneming en die gebruikmaking van tegniese hulpmiddele soos beskryf sal word, en soos gebruik deur die volkekundige, is daar ook besondere benaderings oor hoe die bestudering van museumkundige en volkekundige voorwerpe uitgevoer kan word. In hierdie studie is daar op 'n geïntegreerde wyse van die tipologiese, die funksionele en die ekologiese benadering gebruik gemaak.

Die tipologiese benadering gee 'n goeie beskrywing en klassifikasie in tipes van die voorwerp, maar sê ons weinig van die mense wat dit vervaardig en gebruik. Beskrywing met die doel om bloot verskillende tipes voorwerpe van verskillende kulture met mekaar te vergelyk, help min as dit nie aangevul word met ontleding en interpretasie nie. Vir museumdoeleindes is tipologiese verwerking van nut tydens dokumentasie en vir uniforme terme en word gewoonlik in kombinasie met die funksionele benadering gebruik.

Die funksionele benadering bestudeer 'n voorwerp binne die wyer geïntegreerdheid van tegniese skeppinge met die res van kultuur. Hierdie benadering plaas die voorwerp in sy sosio-kulturele konteks. Op sigself en uit konteks sou die voorwerp nie inligting kon verskaf oor die gebruik daarvan en die belangrikheid daarvan vir die kultuurskepper nie.



Die ekologiese benadering maak 'n studie van tegniese skeppinge teen die agtergrond van die ekologiese werklikhede. Kultuur word as produk van die benutting van die natuur deur die mens gesien. Die interafhanklikheid tussen die mens en die natuur word beklemtoon. Kultuur kom tot stand deurdat die mens 'n idee het en deur middel van sy tegnologie die natuur, sy omgewing, eksploiteer om vir hom 'n bestaan te skep. Veranderinge in die natuurlike omgewing veroorsaak aanpassing t.o.v. tegniese skeppinge met die gepaardgaande geestelike inspanning. Die vermoë van die mens om hom by veranderende omstandighede aan te pas, maak dat kulture oorlewe. Die mens word deur die natuur, sy omgewing, geaffekteer, maar terselfdertyd affekteer hy ook die natuur in so 'n mate dat hy sy eie lewensbron kan uitput of vernietig.

Bogenoemde benaderings is gebruik en aangevul deur die gebruikmaking van erkende volkekundige navorsingsmetodes en -tegnieke. Die gelyktydige gebruik van 'n aantal navorsingstegnieke word deur Pelto en Pelto [1978:67] die multi-instrument-navorsingsmetode genoem. Naas veldwerk wat deelnemende waarneming en die ondervraging van segspersone behels, is daar ook van literatuurstudie gebruik gemaak. Onopvallende waarneming tydens informele besoeke, 'n beoordeling van liggaamstaal en liggaamsbewegings tydens die kontrole van feite deur gebruikmaking van foto's of voorwerpe, asook die inhoudsanalise van volksverhale en vertellings om te sien waar bv. verwysings na potte, kralewerk of die gebruik van sout voorkom, is 'n paar van die aanvullende tegnieke wat gebruik is. Ontleding van potskerwe volgens vorm en versiering om te bepaal hoe tradisioneel die potte is, om so ouderdomsbepaling te kan doen en om kultuurbeïnvloeding vas te stel, is ook onderneem. Die gebruikmaking van meer as een metode help baie om inligting te kontroleer, bv. deur 'n voorwerp met die inligting daarop na 'n ander informant te neem en dan haar reaksie oor die gegewens dop te hou. Deur haar liggaamsgebare kan maklik vasgestel word of sy die voorwerp ken, of sy dieselfde terme as die eerste informant gebruik en selfs om haar onsekerheid vas te stel.

'n Interdisiplinêre openheid is gehandhaaf t.o.v. aspekte van die navorsingsmateriaal deur gebruik te maak van geologiese en argeologiese



bevindinge. Daar is met geoloë en argeoloë gesprek gevoer. Die tersaaklike literatuur uit die vakgebiede is ook bestudeer.

1.3.1 Literatuurstudie

Die bestaande literatuur wat oor die Tsonga handel, is uitvoerig bestudeer. Weinig diepgaande geskrifte kon gevind word wat inligting wat vir hierdie studie van nut kon wees, bevat het. Die monografie van Junod [1927, Vol I en II] wat die lewenswyse van die Tsonga oor die algemeen in veral Mosambiek, asook in die Ritavigebied waar Junod by die Shiluvane-sendinghospitaal werksaam was, beskryf, is telkemale as verwysingsraamwerk gebruik.

Die studie uit literatuurbronne kan in die volgende kategorieë verdeel en bespreek word:

1.3.1.1 *Historiese gegewens en die herkoms van die Tsonga*

Omdat daar vasgestel moes word of the Tsonga reeds voor 1835 in besondere getalle in die Transvaal teenwoordig was, aangesien hulle die gebied vir eeue reeds as handelaars deurkruis het, is alle literatuur gefynkam na leidrade om te sien waar en in watter getalle en van wanneer af die Tsonga die Transvaalse Laeveld bewoon het. Daar is ook probeer bepaal wie die vroeë soutontginnings in hierdie gebied was.

Hier is veral die bronne van H.A. Junod [1927] geraadpleeg wat 'n hele uiteensetting gee van al die verskillende stamme binne die groter Tsonga-etniese verband, hul verspreiding in Mosambiek en later ook in die Transvaal, asook hulle herkoms en ontstaan op mitologiese grondslag, en die rede vir die verhuising vanaf Mosambiek na die Transvaal. Ook die baie ou geskrifte "Ethiopia Oriental" en "Historia Tragico Maritana" óf "Tragic History of the Sea" deur Portugese seevaarders wat vanaf die vroeë jare 1500 die Oos-Afrikaanse kus omseil het, is met behulp van H.P. Junod [1977] se ongepubliseerde geskrif oor die "Cultural Life of the Changana-Tsonga people and their neighbours in the Sixteenth and Seventeenth

Century 1498-1650" gefynkam na leidrade van vroeë historiese en kulturele gegewens.

'n Verskeidenheid latere bronne bv. Hartman [1972, 1978], Boonzaaiër [1980], Hammond-Tooke [1974], De Vaal [1984, 1985], H.P. Junod [1938], Wilson en Thompson [1986], Wiid en Bothma [s.a.], Liesegang [1967], Smith [1973], Earthy [1968] wat almal geraadpleeg is, het hulle inligting oor die vroeë geskiedenis hoofsaaklik uit H.A. Junod se werk, "The life of a South African Tribe" geneem.

Historiese gegewens is ook verkry deur al die geskifte oor die ou handelsroetes tussen Mosambiek en die binneland te bestudeer. Die Tsonga het as handelstussenganger opgetree. Die geskifte van Das Neves [1879], Dicke [1937], De Vaal [1984, 1985] en Raddatz [1886] is geraadpleeg. Ook J. Witt van Tzaneen se waardevolle Africana-boekversameling is na leidrade oor die geskiedenis gefynkam. 'n Diepgaande ondersoek oor die geskiedenis van die Tsonga in die navorsingsgebied was aanvanklik nie deel van die studie nie. Nadat die onderskeie argeologiese soutwerkterreine bestudeer is, het die afwesigheid van enige geskiedkundige gegewens oor die Tsonga noord van die Letaba as leemte na vore gekom en is daar gepoog om d.m.v. literatuur asook informante meer lig op hierdie aspek te verkry. Hartman [1972, 1978] en Boonzaaiër [1980] se historiese oorsig oor die stamme in die Mhala- en Ritavidistrik is baie waardevol t.o.v. die onderwerpe wat behandel is, maar was vir hierdie studie slegs van waarde omdat daarop gewys is dat daar 'n verskil is tussen die stamme wat hulle behandel en die sogenaamde "Noord-Tsonga", menende die Tsonga van Sentraalnoord- Gazankulu.

Ook gesprekke met Hartman [1990] het getoon dat op grond van die kort genealogieë van die stamme rondom Giyani, die geskiedenis baie vaag is, en nie so ver teruggaan as wat hierdie studie graag wou bewys nie.

1.3.1.2 *Beskrywing van die lewenswyse*

Daar bestaan geen literatuurbronne oor die tegniese skeppinge van die Tsonga as sodanig nie. Daar is derhalwe weer eens gekyk na die algemene werke oor die Tsonga en aanverwante stamme in Mosambiek, om sodoende



kontinuiteit in die kultuurpatroon en vergelykingsmateriaal te bekom. Die waardevolste werk in hierdie verband is dié van Dora Earthy [1968]. Earthy se werk oor die Valengevrouens is gebruik as aanduiding van die resente Tsongakultuur in Mosambiek, en vergelykings t.o.v. die tegniese skeppinge is getref tussen Mosambiek se Tsonga en die Tsonga van Gazankulu.

Alhoewel Earthy probeer bewys dat die Lenge 'n sewende groep volgens Junod se klassifikasie uitmaak, word hierdie stelling deur Smith [1973:566] in sy deeglike studie oor die geskiedenis van die mense van die suidelike Mosambiek op grond van migrasies, kultuur, taal en staatsvorme, weerlê. Smith sien Earthy se bewering in die lig van destydse antropologiese neiginge, as partikularisties -

"that is, a desire to create special identity for a people who should be included in a larger category" [1973:566].

Die Lenge, woonagtig in die suidelike Mosambiek, vertoon 'n vermenging van Ronga-, Hlengwe-, Chopi- en Zulukenmerke en kan derhalwe as beste vergelykingsmateriaal oor die Tsonga se tradisionele lewenswyse en soos dit vandag daar uitsien, gebruik word.

1.3.1.3 *Algemene werke oor tegniese skeppinge en werke oor die omliggende stamme*

HP Junod [1935, 1938] gee in sy publikasies en fotoversameling enkele verwysings na tegniese skeppinge, veral kleredrag en kralewerk, soos hy dit onder die Tsonga waargeneem het. Ook sy vader HA Junod se klassieke werk oor die Tsonga [1927] bevat kort beskrywings van onder andere pottebakkerie en die benutting daarvan op vele lewensterreine, asook van kralewerk en kleredrag, soutvervaardiging asook vele andere nuttige praktyke soos volksverhale en liedjies, die religieuse lewe, ens. Werke van PJ Coertze [1965], Beals en Hoijer [1965], RD Coertze [1986] is gebruik vir die uiteensetting van tegniese skeppinge as 'n kultuurfaset binne die groter geheel, sowel as werke deur Frese [1960] en Malinowski [1922].



Kennis van opvattinge oor tegniese skeppinge in museumverband is verkry uit werke wat oor die omliggende stamme handel. Hier is veral gebruik gemaak van Krige en Krige [1943], Krige [1937], Davidson [1979], Van der Lith [1960], du Toit [1968], Van Schalkwyk [1985], Hartman [1972, 1978] Boonzaaier [1980] en Herbst [1984].

1.3.2 Veldwerk

Met veldwerk word bedoel dat daar daadwerklik na sekere plekke of bestemmings in Gazankulu gery is om navorsing deur ondervraging van segspersone, deelnemende waarneming, die neem van foto's en video-opnames, voorwerp- en inligtingsinsameling te doen. Die term kan egter ook gebruik word vir die navorsing wat ter plaatse by die Tsongakraal-Opelugmuseum onderneem is.

Veldwerk was, net soos literatuurstudie, die belangrikste navorsingsmetode. Daar is werklik gepoog om, soos Malinowski [1922:25]

"to grasp the native's point of view, his relation to life, to realise his vision of his world."

Tydens veldwerk is die navorser die hoofinstrument en al die ander navorsingsmetodes soos waarneming, ondervraging en andere, is bykomende tegnieke. Veldwerknavorsing is 'n tydrawende taak. Die navorser moet baie geduld hê en kom voor baie probleme en krisisse te staan. 'n Voorbeeld is wanneer die navorser ver ry, net om te vind dat die afspraak nie nagekom is nie, of wanneer segspersone nie lus is om te vertel nie. Op die ou einde is dit egter ook die mees bevredigende metode.

Navorsing deur middel van ondervraging en waarneming is met tussenposes vanaf 1982 tot 1984 onderneem en is weer hervat vanaf 1988 met tussenposes tot in 1990. In 'n periode van 8 jaar kon sekere veranderinge waargeneem word, soos die herlewing in sekere kulturele gebruike.

Die gebruikmaking van 'n tolk, wat die gebied geken het en ook as assistent opgetree het, was essensieel en deurslaggewend. Die navorser was nie



Xitsonga van 'n manlike tolk gebruik, en die vroulike tolke gebruik aangeleer is. Aangesien die Tsonga vriendelike en oop mense is, het die gebruikmaking van 'n manlike tolk geen probleem opgelewer nie. Vrouens was bereid om voor hierdie man oor alledaagse sake te praat.

Daar is nogtans tydens hierdie studie ook van vroulike tolke afkomstig van die museum gebruik gemaak, veral ook om sekere inligting te kontroleer en om te sien of werklik alles gesê is.

Volkekundige veldwerknavoring kan nie behoorlik sonder die gebruikmaking van ander mense en besondere tegniese apparaat onderneem word nie. Daar is derhalwe van 'n tolk en assistent gebruik gemaak om toegang tot 'n plek te beredeneer, om as tolk op te tree, met segspersone te onderhandel, sowel as om in vreemde gebiede in te beweeg om waarneming te doen. Ander hulpmiddele waarvan tydens veldwerk gebruik gemaak is, is 'n videokamera, foto-kamera, foto's en geskenke. Die geskenke was meestal vir 'n stamhoof of hoofman van 'n gebied, asook vir informante vir hulle dienste en het bestaan uit vrugte en groente, suiker, tabak, klere soos 'n mooi trui, versierde kieres, of ander gewaardeerde houtvoorwerpe wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum vervaardig is.

1.3.3 Segspersone

Volkekundige navorsers maak gewoonlik van 'n reeks kundige informante gebruik.

Daar moet onthou word dat die interaksie tussen navorser en informant 'n komplekse sosiale proses is [vgl. Pelto en Pelto 1978:74 e.v.]. Die navorser maak as hoofnavorsingsapparaat ook gebruik van ander ondersoekmetodes. Dit dra daartoe by dat die interpretasie so objektief as moontlik is en om die navorser se persepsie te ondersteun. Die proses word bemoeilik wanneer daar van tolke gebruik gemaak word. Die navorser leer gou om agter te kom wanneer die tolk bloot vertaal of wanneer hy of sy, sy/haar eie interpretasie weergee. 'n Goeie tolk gee 'n sinvolle en woordelike vertaling en is baie waardevol, maar dit help ook as die etnoloog kennis het van die taal waarin ondervra word.



Die veldwerker se belangrikste informante is spesialiste op besondere gebiede. Vir hierdie studie oor die Tsongavrou is daar hoofsaaklik vroulike informante geraadpleeg, maar dit wil nie sê dat manlike segspersone heeltemal uitgelaat is nie. Mans kon soms meer lig werp op besondere aspekte, en inligting kon ook op die wyse gekontroleer word.

Spesialiste wat veral geraadpleeg is, was pottebaksters, soutkooksters en sommige tradisionele praktisyns (kragdokters). Aanvullende inligting is by die segspersone uit die gewone mense verkry, sowel as inligting oor algemene sake soos kleredrag en kralewerk, ekonomiese, religieuse en sosiale aangeleenthede.

Die ondervraging van die spesialiste by die Tsongakraal-Opelugmuseum is telkens as uitgangspunt gebruik. Daar is gekyk en gevra hoe hulle 'n bedryf beoefen en gebruik. Die inligting is dan in die veld vergelyk, gekontroleer en aangevul, eerstens vir volledigheid en tweedens om veranderinge in die wyer Gazankulu waar te neem. Die assistent en tolk wat gebruik is, was ook van die Tsongakraal-Opelugmuseum afkomstig. Navorsing is uitgebrei deur dorpe te besoek waar die tolk óf 'n spesialis-informant geken het óf waarvandaan hulle gekom het. Die pottebakster is byvoorbeeld gevra om die plekke te identifiseer waar nog pottebaksters werksaam is. Sy en die tolk het ons dan gewoonlik daarheen vergesel. Dit het kontakmaking baie vergemaklik. By 'n dorp aangekom, is 'n besoek aan die stamhoof of hoofman gebring om hom oor ons teenwoordigheid en werksaamhede in te lig en toestemming vir die besoek te vra. Soms kon waardevolle inligting hier verkry word. Segspersone kon dikwels ander spesialiste uitwys en sodoende kon telkens 'n aantal persone vir inligting geraadpleeg word.

Die werkswyse by die spesialiste was om met waarneming van die werklike tegniese prosesse te begin en dan vrae te vra tydens die uitvoering van die prosesse. Aanvanklike vrae is met nuwe vrae aangevul nadat met die vergelyking en verwerking van die veldwerkresultate begin is.

Tydens veldwerk is baie foto's geneem en is ook video-opnames van die verloop van die verskillende tegniese prosesse gemaak. Die foto's is op daaropvolgende veldwerktritte aan die mense by 'n dorpie gewys en deur



waarneming is daar gelet op reaksies, en liggaamsgebare, wat verraaï wat die waarnemer sien en of dit positief of negatiewe reaksies uitlok, sodat verder navraag gedoen kan word.

'n Ander tegniek was om te luister na die vakterme en of ander terme elders gebruik word. Sodoende kon meer vrae gevra word en kon veral die name vir kralesierade gekontroleer en dialektiese variasies waargeneem word. 'n Soortgelyke tegniek is om 'n spesifieke voorwerp aan omstanders te wys en dan 'n gesprek daaroor uit te lok. Vrae wat 'n gesprek inlei is meestal "Ken julle hierdie voorwerpe?" "Gebruik julle dit nog?" "Het julle nog soortgelykes?" "Wanneer word dit gebruik?" ens.

By enige ondervraging in die veld moet die tolk en veldwerker fyn op mekaar ingestel wees, sodat enige nuwe of interessante inligting dadelik aan die navorser oorgedra kan word. Vanweë die aard van die Tsonga om besoekers sonder veel agterdog dadelik vriendelik en vreedsaam te verwelkom, kan daar gewoonlik vinnig 'n vertrouensverhouding opgebou word. As die informante die tolk ken of hom vertrou, word sensitiewe sake soms geredelik vir die manlike tolk beskryf. Weer eens kan uit reaksies en liggaamstaal en -gebare agtergekom word, wanneer daar iets weggesteek word. Voorbeeld: 'n Kralesieraad wat met die dogters se inisiasie verband hou word aan 'n groep vrouens getoon. Die naam sal genoem word en twee of drie dogters draai giggelend om en hardloop weg. Die ouer vrouens sal sê: "Die voorwerp word deur jong dogters gedra." "Wanneer?". "As hulle hubaar is." Met meerseggende blikke na mekaar, sowel as die tolk sal hulle net vaag antwoord, of sê "Ek weet nie, ons ken dit nie eintlik nie." As die gesprek met die vroulike tolk by die museum weer opgehaal word, sal sy lag en dan meer inligting wat nie vir manlike ore bedoel is nie, verskaf.

'n Ander voorbeeld: As 'n toevallige segspersoon vir die eerste keer met vrae gekonfronteer word of sy bv. die voorwerp op die foto ken, en ook so iets besit sal sy vaagweg "nee" sê. Haar oë en houding verraaï egter dat sy meer weet. Sodra sy agterkom dat daar in die groep vrylik oor die voorwerp gesels word, dan begin sy saampraat, of sy loop skielik na haar hut en bring 'n soortgelyke en ander voorwerpe. So 'n gebeurtenis word dan opgevolg deur verdere vroulike informante te ondervra. Hierdie opvolging is meestal by die



Tsongakraal-Opelugmuseum gedoen. Eers wanneer hulle nie kon verklaar nie is steeds verdere vroulike informante opgesoek en deur middel van 'n vroulike tolk ondervra. Veldwerknavoring en die gebruikmaking van segspersone onder die Tsonga is nie so moeilik as etiketreëls nagekom word nie.

Ten opsigte van pottebaktery is daar by tien dorpies ondersoek ingestel of daar pottebaksters leef. Slegs by vyf is die bedryf beoefen. Gewoonlik was daar dan ook meer as een pottebaksters bedrywig. Dit hang ook af van die toeganklikheid, en beskikbaarheid van geskikte klei. In die aangrensende Vendagebied ver ten noorde van Giyani, asook die Sothogebied aangrensend aan die studiegebied is onderskeidelik twee pottebaksters besoek en die tegnieke, voorkoms en vorm van potte vergelyk.

Die soutkooksters by Soutini het gewissel tussen vyf en nege vrouens wat ten tyde van die vier besoeke sout ontgin het. Altesame is ongeveer agtien soutkooksters waargeneem en ondervra. Dokumentasie is d.m.v. video-opnames aangevul.

Ten opsigte van kralesierade en die gebruike en vervaardiging daarvan is twee en twintig informante ondervra wat nie spesialiste is nie, aangesien enige vrou kralewerk beoefen. Baie meer vrouens is tydens danse en ander uitgaan- en feestelike geleenthede waargeneem en deur foto-en videomateriaal visueel vasgelê sodat daar daarna oor hulle kraledrag en versierings navraag gedoen kan word.

1.3.4 Waarneming

Alhoewel die ondervraging van segspersone een van die oudste navorsingsmetodes is, bly dit steeds een van die moderne tegnieke. Dit gaan egter gewoonlik ook gepaard met waarneming. Die kombinasie van die ondervraging van die segspersone plus deelnemende waarneming vul mekaar aan en is deel van dieselfde navorsingsproses. Daar is twee breë tegnieke van waarneming, nl. direkte waarneming, waar die navorser by is en bv. die maak van 'n item van begin tot einde waarneem en tussenin vrae vra op



grond van haar vooraf saamgestelde vraelys. Alles word dan noukeurig aangeteken en aangevul met foto's of video-opnames.

Die indirekte waarnemingstegniek is bv. gebruik wanneer daar informeel met 'n groep mense of individue verkeer word. Die navorser vra onopvallend allerlei vrae, wat 'n gesprek uitlok waartydens die reaksie getoets kan word. Sy sal bv. sê: "Ek hoor die ou mense het vroeër die klein babatjie as hy een week oud is vir die eerste keer uit die hut gebring en met baie medisyne gesmeer. Hulle noem dit "Xirhengelen." "Maak julle ook so?" Die antwoord sal wees: "Oooh --- Xirhengelen" --- en dan sal ondermekaar gesels word en probeer word om aan die navorser te verduidelik wat dit behels. Dit is die seremonie van die potskerf, **xirhengele**. Dan volg die aanbod: "Ons sal jou roep as die en die se baba gebore is, dan kan jy sien."

Hierdie indirekte tegniek is ook gebruik wanneer sekere seremonies nie deur die navorser in die navorsingstyd bygewoon kon word nie, soos die inlywing van 'n nuwe stamhoof. In hierdie geval moet 'n hipotetiese gebeurtenis geskets word en daarvoor gesprek uitgelok word.

Waardevolle inligting is ook deur indirekte waarneming verkry, in die geval waar die veldwerker toevallig iets raaksien of sien gebeur. Sekere aspekte van 'n mens se lewenswyse is so deel van die mens dat daar vergeet word om dit te noem. Die navorser is ook nie altyd deel van 'n gemeenskap en sal daarom sekere fasette nooit werklik sien gebeur nie. Hierdie toevallige inligtingverkryging kan soms vir die navorser van groot waarde wees. Byvoorbeeld indien 'n babatjie 'n groot knop op sy fontanel het wat soos 'n vrat lyk en daarvoor uitgevra word, word verduidelik dat die vrat medisyne is om hom sterk te maak. 'n Hele nuwe rite kan dan bespreek word.

Die vermoë om waar te neem en terselfdertyd ook deel te neem is 'n waardevolle metode en word as deelnemende waarneming beskou. Elke situasie bepaal egter of die navorser (soos bv. by die opleiding van 'n **n'anga**), kan deelneem aan 'n aktiwiteit of nie. Waarneming alleen is nie altyd genoeg nie, en deur deelname leer die navorser terwyl sy die dinge doen wat vir die groep, wat bestudeer word, belangrik is.



Om waarnemend deel te neem dien ook as skakel met 'n groep informante om so die nodige vertrouensverhouding op te bou. Alhoewel die navorser haarself dus in die situasie moet stel, moet sy ook daarbuite wees om objektiewe waarneming te kan doen. Die navorser bly egter altyd 'n buitestander. Onoordrewe deelname het baie voordele soos navorsers soos veral Malinowski [1922], asook Powdermaker, in die verlede ervaar het:

"Although I had enjoyed these brief moments of feeling at one with the women dancers at the initiation rites and although I was fairly involved in the Stone-age Society, I never fooled myself that I had 'gone native'. I participated rather freely, but remained an anthropologist" Powdermaker [1966:115].

As veldwerknavorser word hierdie uitlating beaam en waardevolle inligting is op die wyse bekom.

In die veld en by die museum is soos reeds gesê, alle prosesse en vervaardigingswyses gedokumenteer d.m.v. 'n kamera en video-kamera. Laasgenoemde het die voordeel dat klank en beweging weergegee kan word. Die dokumentasie kan oor en oor bestudeer word en die gesprekke kan in die sitkamer vertaal en ontleed word, sodat opvolgnavorsing en kontrole toegepas kon word. 'n Wye fotodokumentasie vergesel hierdie studie. Die videomateriaal oor die soutontginningsproses, die pottebakkersbedryf sowel as feestelikhede met gepaardgaande danse, stories, speletjies, liedjies is in die skrywer se besit.

1.3.5 Museumstudie

Navorsing is ook in verskeie museums of ander private versamelings aangevul. As uitgangspunt is weer eens die versameling van die Tsongakraal-Opelugmuseum gebruik. Dit moet hier genoem word dat weinig tradisionele museumkundige voorwerpe ten tye van die navorsing in die museum teenwoordig was. Die meeste voorwerpe was namaaksels deur spesialiste wat nog oor kennis van die tradisionele vervaardiging beskik het. Waardevolle inligting is by die werknemers wat die onderskeie ambagte beoefen het en wat as ouer verteenwoordigers van die Tsonga oor baie waardevolle inligting beskik het, verkry. Tydens veldwerknavorsing is daar

ook gepoog om voorwerpe vir die museum aan te koop en behoorlik te dokumenteer. 'n Eie verteenwoordigende versameling - spesifiek met betrekking tot die Tsongavrou en haar bedrywe is ook op die wyse opgebou.

'n Tweede baie belangrike bron van inligting was die versameling van mnr. Jürgen Witt van Tzaneen. Hy het nie net 'n groot verskeidenheid voorwerpe, veral kralesierade versamel nie, maar het ook 'n wye kennis van die Tsonga en het self heelwat navorsing in Gazankulu onderneem. Die resultaat van die kennis en navorsing is tot my beskikking gestel.

Daar is ook besoek gebring aan ander museums soos die Nasionale Kultuurhistoriese Museum in Pretoria, asook die Junodversameling by die Universiteit van Suid-Afrika, en voorwerpe by die Nasionale Museum te Kaapstad. Nie veel nuwe inligting kon hier versamel word nie, maar belangrike vergelykings kon getref word. Veral die Universiteit van Suid-Afrika het 'n goeie versameling van Tsongakralewerk en -potte. Ten laaste is daar kontak gemaak met die museum te Neuchatel, Switserland, waar baie van HA Junod se versamelstukke en geskifte bewaar word. 'n Hele dokumentasielys is in die skrywer se besit, maar die museum kon egter nie besoek word nie. Inligting oor voorwerpe op die lys verwys na die tipe voorwerp wat die museum besit en van watter stam dit kom.

1.3.6 Dokumentasie

Dokumentasie as een van die funksies van die museum gaan saam met die bewaring van die voorwerp, en is 'n nuttige bron in museums vanwaar inligting verkry kan word. Gedokumenteerde voorwerpe by veral die Tsongakraal-Opelugmuseum, asook ander museums is nagegaan op soek na inligting. Verder is voorwerpe deur die navorser self gedokumenteer. Dokumentasie van voorwerpe as 'n navorsingstegniek het die nut dat detail nie uitgelaat word nie. Die voorwerp self, sowel as die daarmee gepaardgaande dokumentasie verskaf dikwels addisionele inligting.

'n Studie van alle plantemateriaal wat by die Tsongakraal-Opelugmuseum gebruik word vir die vervaardiging van tegniese skepping, is in 1983 by die



Tsongakraal-Opelugmuseum onderneem vir dokumentasiedoeleindes. 'n Lys van relevante plantmateriaal word aangeheg (Bylaag A).


1.4 SAMEVATTING

Die doel van die ondersoek is om soveel as moontlik inligting oor voorwerpe of tegniese skeppings wat met die Tsongavrou verband hou, in te samel.


Alhoewel daar slegs op geselekteerde voorwerpe wat die Tsongavrou vervaardig en gebruik, gekonsentreer is, is daar tog na die algehele rol van die vrou en al die ander voorwerpe wat sy self skep, gekyk sodat die enkele geselekteerdes in hulle algehele konteks van die Tsongakultuur gesien kan word. Die Tsongakraal-Opelugmuseum was telkemale die beginpunt van navorsing wat dan in die Noordsentrale-Gazankulu opgevolg en aangevul is. Daar is in die proses van 'n hele aantal navorsingstegnieke gebruik gemaak om soveel as moontlik inligting te bekom.

Daar word in hierdie studie veral op pottebakkerie, die maak van kraliesierade en die soutontginningsproses konsentreer. In die navorsingsproses is vasgestel dat die geskiedenis van die Tsonga wat in die gebied van navorsing woonagtig is, baie vaag is en daar is gepoog om ook meer historiese data te bekom. Dit is gedeeltelik in hierdie studie opgeneem sowel as 'n kort beskrywing van die kulturele lewe van die Tsonga en meer spesifiek die vrou.


Die laaste gedeelte van die studie gee samevattend uitsluitel oor hoe die verworwe inligting by die Tsongakraal-Opelugmuseum aan die besoeker oorgedra of uitgebrei kan word.



Kaart 1.1 Gazankulu: Tuiste van die Tsonga-Shangaan, Transvaal



Kaart 1.2 Noordsentraal Gazankulu



Kaart 1.3 Hans Merensky-Natuurreservaat



HOOFSTUK 2
HISTORIESE EN KULTURELE AGTERGROND

2.1 DIE TSONGA : ETNOGRAFIESE PERSPEKTIEF

2.1.1 Geskiedkundige agtergrond

In die feitelike bronne [Hartman 1978:38-41; Boonzaaier 1980:18; Wiid en Bothma s.a.] begin die geskiedenis van die Tsonga in Transvaal om en by 1835, 'n tydperk wat ingelei word met die eerste vlugtelinge uit Mosambiek wat hulle in die Laeveld kom vestig het. Hulle het gevlug, omdat hulle nie die gesag van een van Zwide se veggeneraals, Soshangana Nxumalo, wou aanvaar nie. Soshangana was lid van die Nxumalosibbe wat weer deel was van Zwide se Ndwandwe in Natal. Dié wat wel in Mosambiek agtergebly het, is in die geleedere van Soshangana en sy volgelinge ingelyf. Hulle nakomelinge staan vandag bekend as die Shangana.

Die Tsonga het hulle egter nie slegs as gevolg van die oorloë in Mosambiek, in Transvaal gevestig nie. Baie jare voordat die Nguni-oorloë begin het, het die Tsonga die gebied al as tussengangers op die eeue-oue handelsroetes deurkruis. Dit is nie bekend in hoe 'n mate vestiging in die Transvaal plaasgevind het nie maar, daar sal gepoog word om ook na hierdie aspek te kyk.

Alhoewel hierdie studie betrekking het op die mense wat die agtergrond vir die Tsongakraal-Opelugmuseum verskaf, en slegs min of meer die laaste 100 jaar van die Tsongageskiedenis in die Transvaal dek, sal die geskiedenis volledigheidshalwe en weens tweërlei redes in breë trekke nagegaan word tot waar die Tsonga hul oorsprong gehad het.

Die eerste rede is bloot ter wille van die korrektheid van uiteensetting sover dit die Tsonga van die noordelike deel van Gazankulu aangaan. Alhoewel die geskiedenis van die Shanganagedeelte van die Tsonga-Shangana deeglik nagevors is [Hartman 1978:38-92] kon geen betroubare bron gevind word oor die geskiedenis van die Tsongagedeelte wat hulle in die gebied rondom die huidige Giyani gevestig het nie, asook die tydperk waarop hulle daar kom woon het nie. Hierdie mense was vermoedelik suiwer Tsonga.



'n Tweede rede hoekom dit belangrik is om in hierdie geskrif 'n gedeelte van die Tsonga se geskiedenis en leefwyse in Mosambiek, hul bakermat, na te vors, is om te bewys dat daar steeds 'n historiese en kulturele verband bestaan tussen die Tsonga van die Transvaal en dié van die huidige Mosambiek.

Min verwysing sal gemaak word na die Shangana waarvan onder ander Hartman [1972:27-100; 1978:38-92] 'n deeglike studie gemaak het, en die Nkuna van Ritavi, wat deur Boonzaaiier [1980:18-54] beskryf is, aangesien die navorsing wat gedoen is vir die ontstaan van die Tsongakraal-Opelugmuseum, sowel as die mense wat ten tye van hierdie navorsing by die Tsongakraal gewerk het, verband hou met die Tsonga uit die noord-sentrale gebied van Gazankulu wat as tradisioneel Tsongagebied beskou word, en nie met die Nkuna nie.

Die groep onder bespreking is dus nasate van die Tsongastamme wat volgens die ou Portugese bronne reeds 400-500 jaar die gebied rondom Delagoabaai bewoon het — soos ontleed deur HP Junod in sy ongepubliseerde werk [1977] asook HA Junod [1927, I:27], Hammond-Tooke [1974:69] en Wilson en Thompson [1986:177].

2.1.2 Herkoms, klassifikasie en verspreiding

Historiese bronne dui daarop dat Mosambiek vir eeue die tuiste van die Tsonga was. Daar het hulle in vrede geleef, elke sibbe vir homself en sonder enige nasionale eenheid, totdat die rus vanaf ongeveer 1820 versteur is deur die Zulu-invalle [Junod 1927 I:28].

Volgens pre-historiese oorlewering kom die voorvaders van die Tsonga, soos alle Bantoesprekendes, uit die Noorde [Junod 1927, I:21-27]. Junod gee ook 'n beskrywing van al die stamme, sibbes en ander groepe wat hy in Mosambiek kon navors. Hy het 'n mate van orde in die harwar probeer bring. So ook het verskeie ander skrywers [Liesegang 1967:37; Potgieter 1973:600; Smith 1973] gepoog om die baie klein stammetjies, elkeen onder 'n eie stamhoof, wat vir eeue vreedsaam in die destydse Portugees-Oos-Afrika gewoon het, in groepe met subgroepe of stamme in te deel. Junod se



deeglike studie van 1890 word deur Wiid en Bothma soos volg in die aanduiding van woongebiede binne die grense van die Republiek van Suid-Afrika opgesom.

- Die Ronga woon vanaf Kosibaai tot by Delagoabaai. Die Tembe in die omgewing van Kosibaai verteenwoordig hierdie groep in die Republiek.
- Die Hlanganu woon langs die Lebomboberge vanaf die Nkomati tot by die Olifantsrivier. Daar is twee Nhlanguustamme in die Mhaladistrik van Gazankulu.
- Die Dzonga woon oos van die Nhlangu tot in die Limpopovallei. Dzonga beteken suid en Junod het hierdie naam aan die groep ten suide van die Olifantsrivier gegee om hulle van die volgende groep, die N'walungu, ten noorde van die Olifantsrivier, te onderskei. Van hierdie groep is daar Nkuna en Hlave, veral Mavunda (Mavundza), in die Giyani-, Ritavi-, en Mhaladistrik van Gazankulu.
- Die N'walungu woon noord van die Olifantsrivier en wes van die Limpopo. Hulle is beter bekend as die Valoyi (Baloyi) en kom in Gazankulu veral in die distrikte Giyani en Ritavi voor.
- Die Hlengwe woon oos van die Limpopo vanaf Inhambane tot by die Sabierivier. Die belangrikste groep stamme hier is die Chauke (Tsauke). In Gazankulu kom hulle in die Malamuleledistrik voor.
- Die N'wanati woon in die laer deel van die Limpopovallei waar hulle uit twee groepe bestaan, t.w. die Khambani en Ndindani. Die Maluleke het 'n paar eeue gelede van hierdie groep weggebreek en hulle naby die sameloop van die Limpopo- en Levuburivier in die noord-ooste van die Soutpansberg gevestig. In 'n latere werk plaas Junod [1927:17] die Maluleke onder die N'walungu, waarskynlik om geografiese redes. Gerieflikheidshalwe kan ons die Maluleke as 'n aparte groep beskou. Hulle kom in die Malamulele- en Giyanidistrik voor [Wiid en Bothma s.a.2-3].

Alhoewel daar skrywers is wat HA Junod se klassifikasie probeer weerlê het, vergelyk. o.a. Caetano Montez in Smith [1973:567] bly Junod se indeling tot vandag nog geldig. Selfs skrywers soos AA Jacques wie se lys van stamname byna 1 000 tel, asook Valez Grilo [Junod 1977:79-84], wat die onderwerp bestudeer het, aanvaar die indeling.

Smith, wat 'n deeglike ontleding gemaak het van die etnografiese literatuur van die suidelike Mosambiek, asook 'n historiese oorsig van die totstandkoming van die etniese groeperinge, weergee, kom tot die gevolgtrekking, dat

"Junod's conclusions were essentially correct" [1973:565 vgl. ook 567-568].

Dit is ook die geval met HA Junod se seun HP Junod wat sy vader se indeling aanvaar [1979:79-89]. Ook Dora Earthy grond haar werk oor die Valenge op Junod se klassifikasie [1968:9]. Die indeling word dus ook in hierdie studie aanvaar.

2.1.3 Geskiedenis van die Tsonga voor 1900

2.1.3.1 Vestiging in Transvaal vanaf 1835

Soos vroeër reeds genoem is, begin die geskiedenis van die Tsonga in die Transvaal min of meer in 1835 met die vlugtelinggroepe wat Mosambiek verlaat het as gevolg van Nguni-indringing vanaf 1820. Baie is alreeds geskryf oor die invalle van Soshangana in Mosambiek in 1822 asook onderwerpings- en opvolgingsoorloë tussen 1825-1895. Vergelyk in hierdie verband Hartman [1972:26-98] wat 'n deeglike studie gedoen het van Manukusa II (later Soshangana) se verowering asook die opvolgingsoorloë tussen Muzila en Mawewe [sien ook Wiid en Bothma s.a.2-4]. In hierdie tydperk was daar 'n gedurige instroming van vlugteling uit Mosambiek na Transvaal.

Wat vir ons van belang is, is die tydperk vanaf 1838 toe die eerste Tsonga hulle in die Laeveld gevestig het. Die eerste groepe was die Vankuna van Shiluvane - wie se vestiging die direkte gevolg van Soshangana se onderwerping was, asook die Valoyi en die Mavundza [Junod 1927, I:28; Wiid en Bothma s.a.2-3]. Die gebied wat deur hierdie stamme betrek is, was deel van die Lobedukoningin, Modjadji, se ryk en het onder haar gesag geval. Modjadji het die Lobedu, een van die Sothostamme, regeer. Haar gebied het



gestrek vanaf die noordelike hange van die Drakensberg, tot diep in die Laeveld, noord van Tzaneen (sien kaart 2.1).

Die oorloë in Mosambiek was egter nie al rede waarom die Tsonga hulle na die Transvaal begeef het nie. Op die eeu-oue handelsroetes tussen die Ooskus en die binneland, wat deur sekere dele van Noordoos-Transvaal geloop het, is die Tsonga as die tussengangers gebruik. Tsonga is bv. deur Das Neves in 1860 in die Phalaborwagebied aangetref, 'n gebied wat nie as vlugtelingvestigingsgebied beskou is nie.

Die reisiger Das Neves wat in die sestigerjare van die vorige eeu 'n reis op die ou handelsroetes vanaf Delagoabaai na die Soutpansberg onderneem het, het deur die huidige Phalaborwagebied beweeg, waar hy aangeklop het by "Palaùre se kraal". Hy gee 'n beskrywing van hul kleredrag wat ooreenstem met dié wat die Tsonga in daardie tyd gedra het - in Mosambiek en ook by Shiluvane. Ook praat hy van "cherundas" (mandjies, Tsonga **xirhundzu**) vol kos wat hy daar geruil het vir glaskrale. 'n Paar dae later klop Das Neves aan by hoofman Cheluana.

"Cheluana was one of the most powerful chiefs of the lands of Gassa or Bilene, where the Vatuas or Zulus are actually established. When Manicussa took possession of the lands, Cheluana, not wishing to be his subject, emigrated with all his people to the land of Beja (Bolobedu) where he petitioned for and obtained from Queen Modjadji grants of land for himself and his followers, rendering her, as a consequence his homage and becoming her tributary. He was a man of 85 years of age"

[Das Neves 1987:88-89].

Toe Das Neves in omtrent 1860 by Cheluana (Shiluvane) was, moes laasgenoemde al ongeveer 21 jaar in die gebied gewees het. Verder sê Das Neves:

"I concluded that the negroes were Blangellas of Gassa, the land of the King Manicussa. They might, however be Blangellas of the land of Cossa, which are the same race, and wear a similar dress ..."

en verder



"... not from the fact that he spoke the Vatusa (Zulu) language, because all the Blangellas of Manicussa speak it - indeed, they speak no other, notwithstanding that they speak a language of their own, called the Landin"

[Das Neves 1987:89].

Hierdie bron versterk 'n mens se vermoede dat daar al heelwat vroeër groter getalle Tsonga in die Laeveld teenwoordig was. Hierdie aanname sal hieronder verder ondersoek word.

2.1.3.2 *Moontlike vestiging in Transvaal voor 1820 : Tsongahandelaars en die ou handelsroetes tussen Delagoabaai en die Soutpansberg.*

Alhoewel daar min nagevors en geskryf is oor die dekades voor die eerste Tsonga-instromings en -vestigings in Transvaal in 1835, blyk dit uit 'n studie van die ou handelsroetes dat daar wel reeds voor 1820 Tsonga, of hul voorgeslagte in die gebied, wat vandag as die noorde van Gazankulu bekend staan, aanwesig was. Onder andere het De Vaal [1984, 1985]; Punt [1975] en in 'n minder mate Dicke [1937] navorsing gedoen oor die ou handelsroetes vanaf die Ooskus tot die Soutpansberg en selfs tot in die huidige Zimbabwe.

De Vaal meld in sy inleiding tot Das Neves se reisbeskrywing, dat laasgenoemde Lourenço Marques op 3 September 1860 verlaat het, dat

"... Das Neves 'n roete gevolg het wat eeue reeds deur die ou handelaars oopgetrap is: "He followed one of the centuries old trade footpaths, which lead inland from the coast"

[Das Neves 1879:vv]

'n Hele reeks ander geskryfte verwys ook na 'n eeuelange kontak tussen die Ooskus en die binneland op handelsroetes wat gedeeltelik deur die Laeveld geloop het. Liesegang [1967:12] ontnem uit die ou Portugese bronne dat daar 'n eeuelange handel langs die ooskus bedryf was, en dat die handel ook oorkant die grense van die huidige Mosambiek na die binneland gedryf is. [Sien ook Wilson & Thompson 1986:176].

Kontak met Sotho en Venda en gevolglike toename in kultuurbeïnvloeding het eers in die 19de eeu a.g.v. die oorloë sterk toegeneem, alhoewel hierdie

stamme altyd in kontak met mekaar was. Die tsetsevlieggordel het as buffer gedien vir meer kontak

"... but some tenuous contact had long been established, for the Tsonga bartered hoes from the Venda in return for cloth from the coast; copper from the Sotho smiths at Phalaborwa, ivory, rhino horn, gold and furs"

[Thompson & Wilson 1986:177; sien ook Junod 1927, II:138, 140, 141].

Historiese Portugese bronne praat al vanaf 1498 van hierdie handel en dat die Tsonga as middelmanne opgetree het. Melding word gemaak dat skepe alreeds vanaf 1552 jaarliks ivoor kom laai het [Thompson & Wilson 1986:78, 177].

Dicke wat na die Tsonga as Magwamba^{2.1} verwys, beskryf hoe die handel langs hierdie "great communication route, the inland short cut, between Delagoa Bay and Southern Rhodesia" verloop het. Volgens hom het hierdie handel oor 'n tydperk van 'n paar eeue gestrek:

"Along this road, only a native footpath, of course, where men travelled in single file, the Magwamba traders with their porter columns came from Delagoa Bay to compete with the traders from the mouth of the Limpopo, from Inhambane, from Sofala. For centuries the native traders of the Thonga tribes, to which the Magwamba belong, had been using this route from Delagoa Bay through the Northern Transvaal lowveld before the inland regions through which they passed had become inhabited"

[1937:4].

Later, nadat die Zulu-oorloë en -onderwerpings plaasgevind het en die Magwamba 'n nuwe tuiste gevind het:

"The country of their new home was well known to the Magwamba immigrants. For more than a century their traders had come inland to barter with the Bavenda, and before that with other Bantu tribes which had temporarily occupied the Zoutpansberg mountains previous to Bavenda"

[Dicke 1937:16-17].



[Sien ook in hierdie verband De Vaal se volledige beskrywing oor die Delagoabaai-Mashonaland-handelsroete 1984:7].

Das Neves het al in sy reisbeskrywing verwys na die Tsonga se uitmuntende skietvernuf.

"The natives of Lourenco Marques and its adjacent parts are indisputably the finest marksmen and the best elephant hunters of the whole Eastern Africa"

[Das Neves 1979:7].

Dicke se beskrywing beaam die vernuf waarmee die Tsongahandelaars hul bedryf oor die eeue langs bogenoemde roetes vervolmaak het:

"Their intelligent leader, ... had secured for his people in their new country all necessary requirements; iron for weapons and tools and for the manufacture of bangles and agricultural hoes which, with tobacco, formed the chief trading articles peddled by the Magwamba amongst other natives; copper and ivory for bartering purposes with the coast; graphite for blackening posts and for trading; meat and skins for food, clothing and barter; grain for food. Chief Shinhambane Maluleke Hlekane had taken possession of most of the iron, copper and graphite mines in the lowveld; of the chief elephant hunting grounds; of narrow swampy gorges, natural game traps, where into game was driven to be killed when bagged, and he had settled subchiefs at the mouths of the valleys, known as granaries, to control their export and trade ..."

[Dicke 1937:17-18].

Wie die stamhoof was waarna Dicke verwys, kon nie met sekerheid bevind word nie. Volgens die naam moes hy van Tsonga-afkoms gewees het.

Uit Das Neves se reisbeskrywing in 1860 word dit ook duidelik dat die ou handelsroetes alreeds goed gevestig was, want sy geselskap het 'n deeglike kennis gehad van die binneland, die benodigdhede en ook van wat van die jagters en draers verwag word [1979:7].

De Vaal se studie oor die ou handelsroetes [1984:5-15, 1985:5-14] werp ook meer lig op ander aspekte van die handelsbedryf, soos o.a. die manier van handeldryf en die samestelling van so 'n geselskap. Van belang is dat so 'n

handelsgeselskap, **mpfhumba**, uit 'n hele paar honderd man bestaan het, en dat oral langs die roetes handelsposte tot stand gekom het. Das Neves se geselskap het uit 253 man bestaan

"... consisting of carriers, hunters, captains or guides for the carriers and a second and third lieutenant in command"

[De Vaal 1985:14].

Dicke gee 'n interessante beskrywing van die handelsdepots waar mense permanent gebly het en wat die goedere in ontvangs geneem, versamel en beskerm het, totdat genoeg ware bymekaar gebring is vir die terugreis kus toe [De Vaal 1985:14]. De Vaal haal Liesegang aan dat ene

"Mahumane bv. in 1727/28 op sy heen en terugreis tussen Soutpansberg en Delagoabaai op twee verskillende rusplekke in hutte oornag het wat spesiaal langs die handelsvoetpad vir reisigers se gerief opgerig is"

[De Vaal 1985:14].

So lees ons dan ook in Raddatz se artikel wat in 1886 verskyn het en waar hy die gebied rondom die Olifantsrivier, nadat dit die Laeveld bereik het, beskryf, dat hyself 'n handelskaravaan op sy togte daar ontmoet het:

"Ausserdem wird an der unbewachten Grenze ein schwunghafter Schmuggelhandel betrieben. Man begegnet förmlich Karawanen von Kaffern, welche mit Gewehren (6 pro Mann), Pulver, Blei, Zündhütchen, Rum, Kaffernpicken u.a. aus dem portugiesischen Gebiet kommen. An einem Tag traf ich nördlich von Seman biszu 80 konterbandführende Kaffern auf einem Haufen"

[Raddatz 1886:54].

Ook in Van de Capelle [1723] en Francois de Kuyper [1725] se reisbeskrywings word daar na die ou bestaande handelsweë verwys [De Vaal 1985:12]. Bogenoendes is egter genoegsame bewys dat daar al voor 1825 lede van die Tsongavolk in die Transvaalse Laeveld aanwesig was en dat 'n beskrywing van die Tsonga se geskiedenis en materiële kultuur nie volledig is sonder 'n verwysing na hierdie belangrike aspek van teenwoordigheid in hierdie gebied nie. Of die getalle aanwesiges noemenswaardig was, is hier nie ter sprake nie. Belangrik is om in gedagte te hou dat Junod [1927, I en



II] se beskrywing hoofsaaklik handel oor die Ronga wat rondom Delagoabaai gewoon het en wat ook hoofsaaklik die handelaars was [1927, II:141-143].

2.1.3.3 *Verwikkelinge na 1900 en Gazankulu vandag*

Dié groep Tsonga wat Van Warmelo [1935:90-95] in sy indeling die noordelike Tsonga noem, is feitlik almal vlugteling uit die noord- en noordwestelike gedeelte van die oorspronklike Tsongawoongebied in Mosambiek. Hulle

"neig vandag na 'n eenheid wat 'n Noord-Tsongastempel dra en is die bevolking van hierdie gebied goed op pad om 'n kultuur en dialek van hul eie te ontwikkel. Vandag is hulle veral gekonsentreerd in die noordelike gebied van Gazankulu wat strek vanaf die Letaba in die suide tot teen die Vendagebied in die noorde. Hierdie gebied grens direk aan die Hans Merensky-Natuurreservaat, en is die gebied waarin die navorsing vir die oprig van die Tsongakraal-Opelugmuseum onderneem is"

[Küsel s.a.].

Die Tsonga het as klein groepies na die Laeveld verhuis wat tot gevolg gehad het dat daar vandag net 'n paar groot stamhoofskappe in Gazankulu is, terwyl die res hulle naby hoofmanne geskaar het. Aanvanklik het groepe Tsonga ook die beskerming deur Sothostamme aanvaar, maar het hulleself later losgemaak van die Sotho, en van die blankes eie grondgebied ontvang waar hulle later as sterk stamme gekonsolideer is [Krige 1937:355]. Verskillende stamme het aanvanklik

"as outonome eenhede onder stamhoofde of hoofmanne gefunksioneer en was in geen sin van die woord 'n staatkundige of politieke eenheid nie"

[Hartman en Kriel 1991:15].

Vir baie jare het die Tsonga die gebied oos van Modjadji se Lobedustam en suid van die Venda en ten noorde van die Groot-Letaba bewoon en bewerk. 'n Woonkompleks het gewoonlik uit die groter gesinne-eenheid bestaan en oral oor Noordsentraal-Gazankulu het daar sulke wooneenhede of Tsongakrale bestaan. Mettertyd egter en as gevolg van streekbeplanning moes die verskillende wooneenhede verskuif word, sodat daar dorpies in



Gazankulu tot stand gekom het. Dit is gedoen ter wille van 'n beter beheer. Hier is woonpersele aan elke gesinne-eenheid toegeken en alhoewel die tradisionele kraal, **muti**, deur hierdie verskuiwings in 'n mate opgebreek is, het daar tog weer 'n mate van tradisionele woonuitleg tot stand gekom in soverre dit moontlik was t.o.v. die erf grootte tot hulle beskikking. Die tradisionele Tsongahutte, graanhutjie, kookhutte, en kookskerms kom nog baie algemeen voor en alhoewel baie Tsonga mettertyd ander boustyle aangeneem het, en dié wat dit kan bekostig deesdae al hoe meer groot of klein Westerse huise bou, is die tradisionele ronde hut met grasdak nog steeds baie gewild in die meer landelike gebied. Dikwels word die styl behou maar die materiaal vervang met meer standhoudende materiaal soos sement en 'n soort dekgras wat lank hou en van elders verkry word. Daar is vinnig besef dat die vierkantige, plat sinkdakhuis wat in die jare 1980 oral verrys het, die inwoners baie aan die elemente blootstel.

Polities en staatkundig kry Gazankulu as geografies aanduibare eenheidsverband, sy ontstaan in 1913 met die Swart Grond Wet (No 27/1913) en die Ontwikkelingstrust en Grondwet (No 18/1936). Volgens hierdie wette word bestaande grond wat deur swartes bewoon word vir hulle gereserveer. Wet 27/1913 sonder spesifieke gebiede vir uitsluitlike bewoning deur swartes uit. Wet 18/1936 maak voorsiening vir die instelling van 'n Suid Afrikaanse Bantoetrust (huidig Ontwikkelingstrust). Hierdie wet "het voorsiening gemaak vir die uitbreiding van hierdie grondgebied sowel as latere toevoegings en uitsnydings met die oog op die konsolidasie van bepaald vaderlandsgebiede vir elkeen van die swart volke" [Hartman en Kriel 1991:17].

In 1951 (Swart Owerhede Wet No. 68/1951) word swart owerhede gevestig waarvolgens sekere stamhoofde tesame met hul stamrade in stamowerhede omskep word. Hierdie wet maak ook voorsiening vir streeksowerhede. In 1962 kom die gebiedsowerheid, die Machanganagebiedsowerheid vir die Shangana-Tsonga tot stand. Ingevolge die Grondwet vir die Bantoetuislande (No. 21/1971) vervang die Wetgewende Vergadering die gebiedsowerheid. Op 1 Februarie 1973 word Gazankulu volgens Proklamasie R15 van 26 Januarie 1973 'n selfregerende gebied. Die uitvoerende gesag is toe gevestig in 'n kabinet wat uit vyf ministers en een hoofminister bestaan. Die

Wetgewende Vergadering bestaan uit 86 lede waarvan 43 aangewese en 43 verkose lede is [Malan en Hattingh 1975:136, 220-221; Hartman en Kriel 1991:17,39-41; Informa 1990:4-6].

Professor H.W.E. Ntsanwisi word met die opening van die sewende sessie van die Machanganagebiedsowerheid op 23 Julie 1968 met oorweldigende meerderheid tot voorsitter gekies. Met die verkryging van selfregerende status in 1973 word hy verkies tot Hoofminister en so ook na die daaropvolgende drie algemene verkiesings in Gazankulu [Informa 1990:4-6]. Prof. Ntsanwisi is in 1993 oorlede en word opgevolg deur die stamhoof Nxumalo van die Malamulele gebied. Hy is lid van die direkte afkoms-linie van Soshangana en die Mashangana gedeelte van die Tsonga-Shangana.

Giyani is die hoofstad van Gazankulu en die regeringskantore en administrasie is hier gesetel.

2.2 HABITAT : GAZANKULU

2.2.1 Ligging (kaart 1.1)

Die Tsongakraal-Opelugmuseum is geleë in die Hans Merensky-Natuurreservaat, vroeër die plaas Eiland, op die suidelike oewer van die Groot-Letabarivier in die distrik Letaba, Noord-oostelike Transvaalse Laeveld. Dit is sodoende nie deel van Gazankulu, die tuiste van die Tsonga nie, maar die Natuurreservaat en Gazankulu grens aanmekaar en word net deur die Letabarivier geskei.

Gazankulu bestaan uit vier verskillende geografiese eenhede, met sodoende ook 'n verskil in topografie, plantegroei en reënval, wat 'n invloed kan hê op tegniese skeppinge, alhoewel gering (sien kaart 1.1).

Hierdie studie het slegs betrekking op daardie deel van Gazankulu wat ten noorde van die Letabarivier geleë is. In hoofstuk 4 word die minerale warmwaterbronne bespreek, waar argeo-etnologiese inligting versamel is (4.2.1-4). Dié vier soutwerkterreine uit die ystertydperk is op Fig. 4.1 aangedui.

Die vier gebiede is die Giyani- en Malamuleledistrik, die Ritavidistrik (Ritavi 1 en 2) ongeveer 15 km oos van Tzaneen, die Lulekanidistrik ongeveer 10 km wes van Phalaborwa en vind aansluiting by die Giyanidistrik, en die Mhaladistrik verder suid, oos van Bosbokrand.

Vir die doel van hierdie studie is net die Giyanidistrik van belang.

2.2.2 Topografie en geologie van die studiegebied

Die grootste gedeelte van die studiegebied, nl. die Giyanidistrik in die sentrale noordgebied van Gazankulu, is laagliggende bosveld met golwende gneis-granietlandskap wat soms onderbreek word deur dolomietryke en verspreide koppies. Hierdie koppies staan nooit meer as 'n paar honderd meter bo die omliggende laaglande uit nie. Die Black Hills in die Hans Merensky-Natuurreservaat, die Murchinsonbergreeks en die Phalaborwa-Stollingskompleks vorm die belangrikste geologiese kenmerke. Die laerliggende dele lê ongeveer 550 m bo seevlak.

Die topografie van die gebied word van wes na oos deur twee standhoudende riviere, die Klein- en Groot-Letaba, deurbreek. Verder kom daar baie droë rivierbeddings en spruitjies in die hele gebied voor.

Vier minerale warmwaterbronne met soutneerslae kom ook in die uitgebreide studiegebied (Fig. 4.1) voor, waarvan twee in die eintlike Tsongagebied val. Hierdie bronne lê in vleie wat uit turfagtige grond met riete bestaan. Elkeen van hierdie terreine is argeologies ondersoek, en dui op baie vroeë bewerking deur mense op soek na sout.

Die gebied is ryk aan minerale waarvan koper en yster die belangrikste is. Vir eeue reeds het mense na hierdie bronne gesoek, en die yster- en koperminerale is vanaf ongeveer 300 A.D. deur onbekende inwoners ontgin. Tot vandag toe is die mynbedryf een van die hoof bedrywe in die Oos-Transvaalse Laeveld [Evers 1981:68-74].

2.2.3 Klimaat en plantegroei

Die gebied het 'n subtropiese klimaat en is bekend vir sy warm, soms nat, somers en gematigde droë winters. Die temperature wissel tussen 30°C maksimum en 20°C minimum (somer) tot 8°C minimum en 20°C maksimum (winter). 'n Somer dagtemperatuur van 35°C is glad nie ongewoon nie.

'n Gemiddelde van 500 mm reënval kom per jaar voor. Dit is egter baie wisselend. Natter fases met 'n hoër reënval word opgevolg deur droë jare met 'n baie lae reënval.

Die variasies in topografie, geologie, temperatuur en reënval veroorsaak ook 'n groot verskeidenheid in plantegroei. In Gazankulu word hoofsaaklik Laeveldse suurbosveld, droë Laeveld en Mopaneveld aangetref [Liengme 1981:502] met Rooibos, *Combretum apiculatum*, en Mopane, *Colophospermum mopane*, as vernaamste gewasse. Laasgenoemde twee streke val in die studiegebied.

'n Hele lys met plantmateriaal word as Bylaag A aangeheg. Hierdie planttipes is tradisioneel deur die Tsonga aangewend en word vandag nog deur die inwoners van die Tsongakraal gebruik vir medisinale gebruike, kookdoeleindes en vir tegniese skeppinge. Die planttipes kom vandag nog in die Hans Merensky-Natuurreservaat voor.

Daar moet in gedagte gehou word dat die klimaat en plantegroei as gevolg van droogtes en ander faktore soos oorbeweiding en ekologiese versteurings sal verander. Die feit dat die Hans Merensky-Natuurreservaat 'n bekende natuurbewaringsgebied is, strek tot voordeel ván die Tsongakraal as museum, waar die plantaardige materiale vir die vervaardiging van materiële kultuurvoorwerpe steeds beskikbaar sal wees. Vir die omliggende digbewoonde gebiede en meer spesifiek vir Gazankulu, hou die bevolkingsdigtheid en oorbeweiding reeds gevare in wat die kontinuïteit van 'n tradisionele Tsongakultuur mag beïnvloed. Dit is een van die redes hoekom etnologiese museums belangrik is as bewaringsinstelling van kulture.

Die gebied was oor die algemeen ryk aan flora sowel as fauna, maar die huidige dierelewe kan nie vergelyk word met die rykdom van vroeër nie. Baie van die diersoorte soos koedoe, rooibokke, leeus, luiperds, olifante, renosters en andere kom nie meer in Gazankulu voor nie, omdat hulle as gevolg van oorbevolking uitgeroei is. Baie diersoorte, soos die koedoe, rooibok, waterbok, swartwitpens, kameelperd, kleiner boksoorte en andere, asook baie voëlsoorte kom nog geredelik in die Natuureservaat voor.

2.2.4 Samevatting

Geskiedkundige, etnologiese, geologiese en argeologiese studies (hoofstuk 2 en 4), soos uit verdere bespreking gesien sal word, bewys, dat alhoewel die Oos-Transvaalse Laeveld vroeër vir mense en sekere diersoorte onherbergzaam was vanweë die voorkoms van tsetsevlieg, malaria, hitte, ens. dit veral die aanwesigheid van minerale was wat mense al vir eeue na hierdie gebied lok.

Etno-argeologiese gegewens dui daarop dat mense reeds vanaf ongeveer 300 n.C. na die Noordoos-Transvaalse Laeveld gekom het om die minerale te ontgin. Gepaard hiermee het vanaf ongeveer 400 n.C. en veral na 1500 'n meer gevestigde leefwyse gekom (metaaltydperk) en die jagters en versamelaars (steentydperk) mettertyd verdring [Evers in Voigt 1981:68-79].

Die soeke na metale het handelaars die gebied laat binnedring, en bedrywige handelsroetes het tussen die Ooskus en Zimbabwe deur die Laeveld ontstaan, wat daartoe gelei het dat ivoor, velle, koper en goud uit die binneland geruil is vir ware soos o.a. krale en geweefde materiaal.

Sout, wat vanaf die vroegste tye 'n belangrike handelsartikel was, is ontdek en ontgin, nie net vir menslike gebruik deur veral die metaalwerkers nie, maar ook as handelware.

Toe Louis Trichardt in 1836-1838 deur die gebied getrek het, het swartes vir hom ou beeskrale getoon wat daarop dui dat daar vroeër wel beeste aangehou was. Volgens Punt was daar 'n tydperk in die Laeveld, toe die

tsetsevlieg nie aanwesig was nie en beeste sodoende aangehou kon word [Punt 1958:2].

Argeologiese beenreste by ystersmelterye het getoon dat vroeë bewoners (900-1900 n.C) die plante in die omgewing in hul dieet benut het [Pistorius 1985/6:pers. med.]. Pre- en vroeghistoriese bronne dui daarop dat dit Bantoesprekendes was wat die gebied deurkruis en later 'n gevestigde lewenspatroon aangeneem het. Blankes het eers teen die middel van die 19de eeu hul verskyning gemaak.

Die Tsonga het waarskynlik voor 1500 reeds as handelaars hierdie gebied binnegekam. Baie jare later, naamlik, in die vyftigerjare van die vorige eeu het hulle hulself eers in die Laeveld begin vestig. Dit is bekend dat hulle die laerliggende gebiede bewoon het waar die tsetsevlieg nog aanwesig was, aangesien die Drakensbergplatorand reeds bewoon was deur die Sotho [Junod 1905:231, 236; Krige 1938:265].

Die hoofstroom Tsonga het egter as vlugteling voor Sochangana se mense die Laeveld na 1835 ingekom en moes hier vir 'n nuwe bestaan sorg. Hulle het die kennis van hul oorspronklike kultuur uit Mosambiek saamgebring en het heelwat van die roumateriaal hier aangetref of plaasvervangers gebruik. Sodoende sal daar in hierdie studie gepoog word om aan te toon dat daar nog heelwat ooreenkomste tussen die Tsonga van Mosambiek en die van Noordoos-Transvaal aangetref word, maar dat daar in Transvaal ook nuwe kultuurelemente voorkom.

In Mosambiek was die Tsonga akkerbouers, 'n bedryf wat hulle hier in Gazankulu nog steeds beoefen. Die nuwe omgewing het ook ruimskoots voorsien in hulle jag en versamelbehoefte. Ook is hulle die enigste van die swart volke in Suid-Afrika wat vis geëet het [Wilson en Thompson 1986:177].

Met al die voedsel, produkte wat die jag opgelewer het, grondstowwe en ystererts aanwesig in die Gazankuluwoongebied, kon die Tsonga 'n menswaardige bestaan voer. Die kulturele lewenswyse van die Tsonga verskil oor die algemeen nie baie onder die verskillende groeperinge nie

[Hartman 1978:506; Boonzaaier 1980:329]. Heelwat wedersydse beïnvloeding met die Noord-Sotho en die Venda kom egter voor [Davison 1980; Van der Lith 1960].

Met die koms van die blankes, wat nuwe tegnologie meegebring het, verander hierdie tradisionele sosiale, kulturele, religieuse en ekonomiese lewe van die Tsonga teen 'n baie vinnige tempo.

Die Hans Merensky-Natuurreservaat het derhalwe 'n kunsmatige hawe geword vir die bewaring van 'n lewenswyse wat in die res van Gazankulu vinnig besig is om te verdwyn. Sodoende is die beskermende natuurreservaat die ideale terrein vir die aanlê van 'n opelugmuseum.

2.3 DIE TSONGAKRAAL-OPELUGMUSEUM: OMVANG EN BESTAANSREG

Historiese, argeologiese, geologiese en etnologiese navorsingsresultate het op die belangrikheid van die bewaring van die natuur en die mens wat die natuurlike hulpbronne ontgin, gedui en gevolglik het nie net die Hans Merensky-Natuurreservaat tot stand gekom nie, maar ook die Tsongakraal-Opelugmuseum. Die redes hoekom daar op 'n opelugmuseum vir die Tsongavolk besluit is, sal kortliks bespreek word. 'n Deeglike beskrywing oor die ontstaan van die Tsongakraal asook die uitleg teen die breë agtergrond van die Tsongalewenswyse, kan nagegaan word in Basson [1980]. Sekere aspekte sal uitgelig word om die historiese aanloop tot die ontstaan van die Tsongakraal te belig.

2.3.1 Die funksie van die Opelugmuseum en toepassing daarvan

'n Museum word deur Unesco gedefinieer as

"... a non-profit making, permanent institution in the service of society and of its development, and open to the public, which acquires, conserves, researches, communicates and exhibits for purpose of study, education and enjoyment, material evidence of man and his environment" [Oberholzer 1982:8; sien ook Frese 1960:2].



Opelugmuseums het dié voordeel bo gewone museums dat die voorwerpe in hulle volle konteks binne die kultuur waarin hulle voorkom, gesien, beleef en bestudeer kan word. Naas die belangrike funksies van enige museum om te versamel, te bewaar en na te vors, is opvoeding deur middel van uitstallings die belangrikste taak, en kom die oordrag van 'n geheelbeeld in 'n opelugmuseum die beste tot sy reg. Die doelstelling van volkekundige opvoeding is dan om uit te wys dat die kultuur van elke volk as 'n eenheid funksioneer.

Om die Tsongakultuur tot sy volste reg te laat kom, is daar besluit op 'n opelugmuseum, omdat dit die beste manier is om kultuurvoorwerpe binne die kultuur waarin dit voorkom, uit te stal en te bestudeer. Die tegnologie, materiële kultuur (tegniese skeppinge) en menslike aktiwiteite vorm 'n integrale geheel waardeur 'n sinvolle studie van kultuur gedoen kan word [Beals en Hoijer 1965:298]. Daarom is die opelugmuseum die geskikste om voorwerpe so naby as moontlik binne die werklikheid waarin dit funksioneer, uit te stal.

2.3.1.1 *Hoe en hoekom skep mense*

Om te kan oorlewe moet enige lewende wese hom aanpas by veranderende omstandighede. Die mens het verstand gekry waarmee hy in staat is om te skep. Hy het dus geleer om dit wat die omgewing (die natuur) hom bied, te gebruik en daarmee te kan oorlewe. Hoe ingewikkelder sy ontwikkelingspeil, hoe aangener kan hy sy lewe vir homself gestalt. Hy is *Homo faber*, die werktuigskeppende mens [Coertze 1965:50]. Alles wat hy skep, word as tegniese skeppinge omskryf, alhoewel die idee agter elke skepping onsigbaar is. Elke kultuurpatroon bevat dan ook verdere onsigbare dele soos liedjies, stories, speletjies, spreekwoorde ens. wat vroeër mondelings van geslag tot geslag oorgedra is. Deesdae kan hierdie aspekte opgeteken word en vorm dan 'n belangrike deel van 'n volk se kultuur.

Kennis van sy omgewing gee vir die mens die sleutel tot oorlewing. Hy beskik oor 'n skeppingsvermoë deur sy hande plus sy verstand te gebruik, d.w.s. deur handarbeid. Verder beskik die mens oor 'n waarnemingsvermoë, leervermoë, redeneervermoë, voorstellingsvermoë, spraakvermoë, en

handvaardigheid [Coertze 1965:50-52]. Hierdie vermoëns onderskei hom van die dier. Variasies van tegniese skeppinge binne kultuurverband word hoofsaaklik bepaal deur die fisiese omgewing, die tegniese vaardighede waaroor mense beskik en die bedryfslewe wat hulle handhaaf.

Die omgewing - die natuurlike omgewing sowel as die mense om hom - speel ook 'n deurslaggewende rol in menslike skeppinge, want in 'n ryk natuurlawe en dinamies inspirerende beïnvloeding kan die mens vir hom 'n spesifieke lewenswyse skep. Hierdie "resultaat van die mens se aktiewe aanpassing by sy komplekse omgewing ooreenkomstig sy wesensaard en binne groepsverband word kultuur genoem" [Coertze 1986:2]. Kulture ontstaan sodoende binne groepsverband by wyse van 'n individuele skeppingsproses wat deur andere aanvaar word. Dit is die taak van die volkekundige om 'n geheelsiening van hierdie aanvaarde skeppingsresultaat as 'n samehangende lewenspatroon te handhaaf.

Dit word in die Volkekunde algemeen aanvaar dat die totale lewenswyse in verskillende samehangende kultuurfasette verdeel kan word. Coertze [1980:63] onderskei sestien van hierdie fasette. Die belangrikste hiervan sou naas die tegniese skeppinge die volgende kon wees: sosiale organisasie, politieke organisasie, juridiese orde, ekonomiese stelsels en religie.

In die daaglikse optrede binne hierdie verskillende lewensfasette word 'n verskeidenheid tegniese skeppinge gebruik. Dit word dus moontlik om, deur die tegniese apparaat in die ekonomie saam uit te stal, 'n hele deel van die ekonomiese bedryfsvorm in 'n museum te verbeeld. Op dieselfde wyse kan die sinvolle samevoeging van tegniese skeppinge binne die huishouding grepe uit die daaglikse lewe van 'n gesin aanskoulik voorstel. 'n Mens sou kon sê dat die tegniese skeppinge die poort vorm waardeur die res van die lewenswyse binne 'n museum gestalte moet kry.

2.3.1.2 *Tegniese skeppinge binne museumverband*

By die bestudering van die tegniese skeppinge as integrale deel van die lewenspatroon van die Tsonga kan met HA Junod saamgestem word



"... that very often the first contact with a foreign mind is through the articles produced by his hands, his manufactured products. Before one learns a foreigner's language, before one knows anything about his heart, one can learn a great deal about his mind through his technique in his craft" [1938:102].

Elke voorwerp vertel 'n storie. Dit vertel ons iets van die skepper van die voorwerp, asook van die groep waarbinne dit aangetref word. Ons het reeds gesien hoekom mense skep: om vir hulleself die lewe volgens vermoë so aangenaam as moontlik te maak, en ook om te kan oorlewe. Die voorwerpe vertel ons ook iets van die eenaar, wanneer en hoe dit gebruik word, sowel as die vorm en versiering. Dit is derhalwe die navorsers se taak om alles rondom die voorwerpe uit te vind. Hy moet dus 'n grondige kennis hê van die verskillende lewensfasette. 'n Visfuike voorbeeld kan nog verbind word met visvang, maar dit vertel ons niks van die ekonomiese lewe van die Tsonga nie en dat die Tsonga die enigste volk in Suidelike Afrika is wat vis eet nie. Ook sê dit nie hoe dit benut word en deur wie nie. Sonder al daardie inligting en as losstaande voorwerp is dit 'n abstraksie en sal eers betekenis kry as die waarnemer presies weet hoe dit funksioneer, wie dit gebruik, en dat dit gebruik word vir visvang, m.a.w. hoe die visfuike binne kultuurverband funksioneer.

Dit bring ons dan ook by die vraag hoekom museums voorwerpe versamel en bewaar. Omdat elke volk se lewenswyse dinamies is en gedurig verander en ontwikkel, word die ou voorwerpe mettertyd nie meer gebruik nie en vergaan, sodat op die ou einde niks meer daarvan oorbly nie.

Dit is belangrik vir die studie van die mens om te weet waarvandaan hy kom en waarheen hy gaan; hoe ontwikkeling plaasgevind het. Al die visuele en nie-visuele inligting in museums is ook belangrik vir die historikus asook die argeoloog. Dit is in die wese van die mens om meer te wil weet van die verlede en om te verstaan wat gebeur het en hoe alles gebeur en funksioneer. As museums nie daar was om die voorwerpe en daarmee gepaardgaande inligting te bewaar nie sou die mensdom baie armer gewees het en geen mate van ontwikkeling sou dan gemeet kon word nie.

Daar is mense wat nie saamstem met die noodsaak om kultuurgeskiedenis en alle ander inligting en voorwerpe en strukture te bewaar nie, omdat hulle voel dat dit tyd en geldvermorsing is. As die advies van diegene gevolg was, sou die Tsonga vandag niks meer van hul voorsate geweet het nie, en sou daar nie 'n Tsongakraal-Opelugmuseum bestaan het nie. In hierdie politieke gelaaiete dae vol onsekerhede, staan 'n mens verstom oor die ontstaan van 'n nuwe soort nasionalisme onder Tsongamense. Dit gaan saam met 'n soeke na 'n eie identiteit. Jong mense wat die museum besoek, is altyd verbaas om te sien hoe slim die ou mense was. Hulle ontwikkel nuwe respek vir hulle ouers en voorvaders en sien hulle met nuwe oë.

Die Opelugmuseum is sodoende 'n baie nuttige opleidings- en opvoedkundige sentrum, waar selfs die etno-ekologie aan die besoeker uitgebeeld kan word. 'n Museum is die ontmoetingspunt tussen die besoeker en 'n spesifieke kultuur.

2.3.2 Ontstaansgeskiedenis: Eilandsoutwerke

2.3.2.1 *Historiese oorsig: ligging en ontdekking van Eiland-soutwerkkerrein*

Eiland is geleë teen die suidelike oewer van die Groot-Letabarivier in die Hans Merensky-Natuurreservaat ongeveer 75 km noord-oos vanaf Tzaneen.

In die Hans Merensky-Natuurreservaat is oorblyfsels van prehistoriese soutwerke en ystersmelterye gevind. Mnr Mike Evers van die Departement Argeologie van die Universiteit van die Witwatersrand het op die belangrikheid van die terreine gewys en in 1973 met argeologiese opgrawings by Eiland begin [Küsel 1987:82]. Die opgrawings met die oog op 'n museum, het 'n bonus vir die studie van Vroeë Ystertydperkterreine opgelewer, nie net omdat dit 'n baie ou terrein is nie, maar ook omdat dit baie lig werp op die Ystertydperk as geheel.

Oorspronklik het die landmeter besluit om die afgemete stukkie grond, waardeur die Mamatsapispruit gevloei het en waarlangs die ou soutwerke voorkom, "**mamazapi**" te noem, maar op een of ander manier het die naburige plaas "**Mamazapi**", 'n afleiding van "**mamzabo**", die naam gekry.

Daar is derhalwe besluit op die naam Eiland, omdat daar 'n groterige eiland in die Letabarivier voorkom [Bates 1955:2]. Volgens Bates en ook Wilson beteken **Mamzapo** sout. Geen bevestiging kon op navraag op hierdie vertaling gekry word nie. (Sien ook Bylaag B oor meer interessante historiese gegewens oor Eiland uit die tyd in die vroeë twintigerjare toe die eerste blankes hul verskyning gemaak het).

Bates meld o.a. dat Eiland President F.W. Reitz se gewildste jagterrein was. Ten spyte van 'n deeglike ondersoek, kon egter geen inligting hieroor verkry word nie. Mnr Hugh Wilson, gebore in 1892 en wat vandag [1992] nog op honderdjarige ouderdom suid van Eiland woon, beaam dat President Reitz wel in die gebied gejag het [1983 pers. med.].

Die neefs Georg en Frank Devenish, eergenoemde 'n swaer van mnr Wilson, was as tweede eienaars van Eiland die eerste blankes wat op die warmwaterbron tussen die rietmoerasse afgekom het. Nadat hulle baie van die eeue-oue kompos en grond verwyder het, het hulle op die helderskoon bronoog afgekom en die area daar rondom skoongemaak [Bates 1955:1].

Hugh Wilson se suster, ene mev. Devenish, wat vandag nog naby Tzaneen woon, bevestig Bates se beskrywing van hoe die twee neefs die bron van nader ondersoek het. Sy het gewoonlik saamgegaan as hulle met hulle beeste oos van die bron verby getrek het. Die hele atmosfeer rondom die moerasse was vir haar baie skrikwekkend, en is versterk deur die talle legendes wat hul oorsprong daar gehad het, asook weens die rook of mistigheid wat uit die moerasse opgestyg het. Boonop het sy gevoel dat daar agter elke bos 'n leeu gereed lê om die beeste te bestorm [mev. Devenish pers. med. 1983, 1989]. Die wêreld het gewemel van wilde diere aangelok deur die sout - voorwaar 'n voortreflike jagveld vir menige jong avonturier asook vir alle soorte roofdiere, want

"Eiland was always a noted lion farm" [Bates 1955:2].

Bates en 'n sekere dr. J.A. Pienaar het die plaas in 1943 aangekoop, die uitroei van wild verbied en met bewaring begin. Hulle het ook die publiek verbied om by die warmwaterbron te swem.

Charles Bates was die eerste persoon - nadat hy die gebied goed ondersoek het en met sy eie argeologiese versameling begin het - wat melding maak van die rykdom van potskerwe en seepsteenbakke by Mamatsapi [1947:365-370].

Lesley Kent het in 1942 die minerale bron ondersoek, 'n chemiese waterontleding gedoen en 'n geologiese kaart van die gebied rondom die bron saamgestel [Kent 1942:35-47]. 'n Verdere analise deur Kent word in 1986 [141-154] gepubliseer.

Al wat vir hierdie studie van noemenswaardige belang is, is die bevindinge deur Kent dat die temperatuur naby die oog $\pm 40^{\circ}\text{C}$ is, en dat tafelsout die belangrikste element van die water uitmaak met

"1,2 x 10⁻² molar of common salt and smaller quantities of other salts" [Evers 1981:75].

Met al bg. belangrike eienskappe van die plaas Eiland as agtergrond, is dit te verstane dat die Provinsiale Administrasie nie gehuiwer het om die grond wat Bates en Pienaar hulle in 1950 aangebied het, aan te koop nie. Met volgende in gedagte is Eiland vir £25,000 aangekoop:

- "(1) Dit kon in 'n bosveldse vakansie-oord ontwikkel word, wat in die winter baie gewild sou wees;*
- (2) Die warmbron op die plaas kon in 'n moderne spa omgeskep word wat ook in die winter populêr sou wees;*
- (3) Dit kon as 'n bosveldse wildsplaas gebruik word, waar alle Laeveldse wildsoorte geteel kon word"*

[Kettlitz & Verschuur 1959:28-30].

Vandag is Eiland 'n moderne toegeruste vakansie-oord, bestuur deur die Overvaal-Oordegroep, met die minerale bron as sentrum van alle bedrywighede. Groot gedeeltes van die ou prehistoriese soutwerkterreine is deur moderne ontwikkeling vernietig, alhoewel talle sandhope, die oorblyfsels van soutontginning deur middel van die verhittingsproses, nog langs die Mamatsapispruit tussen die huidige oord en die Letabarivier, voorkom. Ook verder suid in die Natuurresewaat, nie ver van die huidige Museum nie en al langs die Mamatsapispruit word daar sandhope met

potskerwe en as aangetref wat daarop dui dat daar ook hier in 'n mindere mate sout ontgin is.

Op grond van die ontdekking van twee argeologiese terreine, (soutwerkterrein, ystersmelterrein), asook argeologiese en etnologiese kennis wat opgedoen is, is die Tsongakraal-Opelugmuseum op 'n geskikte terrein op die reservaat opgerig. In hierdie museum sou die geskiedenis van die Tsonga, hulle tegniese skeppinge sowel as 'n rekonstruksie van die soutontginningsproses uitgebeeld word [Basson 1980:3-41].

2.3.2.2 *Prehistoriese bevindinge*

(1) Die soutbron - geologies

Die minerale fontein het oorspronklik uit vyf bronne bestaan, waarvan vier opgedroog het en slegs een oog al die water vir die moderne swembaddens lewer. Die bron is geleë in 'n groot vlei wat net 'n bietjie laer is as die omliggende bosveld. Alhoewel die vlei en baie van die southope deur grondverskuiwingsmasjienerie vernietig is, droog die waterloop nog jaarliks op en vorm soutkristalle aan die oppervlakte.

Die soutkookster van die Tsongakraal gaan jaarliks hierheen om haar voorraad soutaarde vir die jaar se demonstrasies te gaan haal. Sout is nog vroeg in die 20ste eeu ontgin en die soutkooksters het self jaarliks hulle sout hier kom vergaar. Met die koms van die blankes in die vroeë jare van die 20ste eeu het die bedryf opgehou.

(2) Argeologiese navorsingsresultate

Evers het in 1975 en 1981 opgrawings op bg. terrein gedoen. Sy bevinding het getoon dat die hope en hope grond al langs die vlei en die spruit afval is van 'n eens florerende soutvervaardigingsbedryf, wat vir eeue plaasgevind het [Evers 1975:74].

Die opgrawings deur Evers by Eiland was aanvanklik nie deel van 'n groter projek oor Ystertydperkterreine nie [Voigt 1980:81], maar is gedoen in



opdrag van dr. Udo Küsel van die Provinsiale Museumdiens met die oog op die oprig van 'n museum. Die vondste wat gemaak is, was uiters belangrik en vorm vandag deel van die konteks van die Vroeë Ystertydperk in die Laeveld, want saam met die Silver Leavesterrein by Tzaneen is hierdie van die oudste bewoonde Ystertydperkterreine in Suid-Afrika. Dit gaan terug na 250-300 n.C.

Die hope het hoofsaaklik bestaan uit soutvervaardigingsafval, nl. 'n sand- en kleimengsel met baie as. Die hoof artefakte in die hope is potskerwe, seepsteenbakke en -stukke, gebeentes van diere, en stukke skulp van die *Unio caffer* en *Achatina*-spesie [Evers 1975:74; 1981:77].

C14-daterings en stratigrafiese ontledings van potwerk lewer volgende interessante gegewens op en verskillende kulture kan duidelik onderskei word:

Die boonste laag word geklassifiseer as die Letabapotwerktradisie van die Laat-Ystertydperk wat ook by Harmonie en Phalaborwa voorkom. Evers dui op 'n tydsdiepte van die moderne mens, want hedendaagse potte verskil weinig met dié uit opgrawings waarvan die potskerwe teruggaan tot ongeveer 1500.

Daar bestaan tot nou toe nog 'n onverklaarbare afwesigheid van enige potwerkkultuur in die periode 1200-1500.

Die volgende fase verteenwoordig 'n tydperk uit die Middel-Ystertydperk, nl. die Eilandpotwerktradisie, 350 n.C - 1000/1200 n.C.

In die onderste laag is potwerk uit die Vroeë Ystertydperk gevind, die Matolatradisie met daterings uit die jare 250 n.C. tot 350 n.C. (vgl. Fig. 4.2)

Evers wys daarop dat elke laag baie potskerwe opgelewer het, maar dat daar heelwat minder voorgekom het tydens die Letabatradisie, toe daar die eerste keer stukke van seepsteenbakke aanwesig was [Evers 1975:74-75; 1981:68-79]. Eilandpotskerwe uit die tydperk ongeveer 400 n.C. - 1000/1200

n.C. stem ooreen met materiaal gevind deur Klapwijk in 1973 te Silver Leaves, Tzaneen.

Evers se gevolgtrekking moet gesien word teen die agtergrond van die ou handelsroetes wat deur die gebied loop, met Tsonga as handelstussengangers. Potskerwe uit die Eilandtradisie word

"... associated with a date of AD 1100 ± 50. Some vessels resemble those surface-collected nineteenth-century assemblages in Gaza and Vila Pery districts of Mozambique, [Liesegang 1974] which are of Shangaan (Tsonga) origin; The Eiland assemblage may be ancestral to them.

The find indicate that the Eiland Mineral Springs and watercourse were the site of considerable saltmaking activity during the major part of the Iron Age. The latest saltmaking occurred in the earliest twentieth century [Bates 1947]. More important though is the recognition of a possibly intermediate stage between the Early and Late Stone Age cultures known from the area. The middle assemblage might indicate a westward extension of possibly ancestral Tsonga populations about A.D. 1000"

[Evers 1975:74].

Bogenoemde bevindinge het genoegsame bewyse gelewer om 'n opelugmuseum so naby as moontlik aan die oorspronklike soutwerke van die Vroeë tot Laat-Ystertydperkterrein op te rig.

Op 19 Desember 1972 is die aanbevelings van die Raad van Advies om 'n museum deur TPA-Museumdiens op te rig en "Die rekonstruering van die soutwerke en die demonstrering van die proses aan besoekers" deur die Uitvoerende Komitee van die Transvaalse Provinsiale Administrasie goedgekeur [Küsel 1987:72].

2.3.3 Ontstaan en uitleg van die Tsongakraal-Opelugmuseum

'n Deeglike uiteensetting is deur [Basson 1980] gegee oor die bestaansreg, ontstaansgeskiedenis, die uitleg, funksies en beleid van die museum, asook die beheer en bestuur sowel as die personeelstruktuur.



Küsel, die destydse direkteur van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens het in die sewentigerjare die aanvanklike navorsing gedoen vir die oprig van die Tsongakraal-Opelugmuseum. Sy navorsing het die ideaal van elke Tsongaman om agt vrouens te hê, soos deur Junod [1927, I:127] beskryf is, in die veld onderskryf. Junod stel dit soos volg:

"This is the ideal of the Black man to become the lord and master of a completed circular village."

Op grond daarvan is daar besluit om 'n voorstelling van 'n kraal op te rig van 'n hoofman met sy agt vrouens. Sodoende het die hutuitleg 'n sirkelvormige voorkoms. 'n Skematiese voorstelling van die Tsongakraal kan in Fig. 2.1 gesien word.

Küsel het op grond van sy navorsing ook die nodige ambagsmanne byeengekry en was verantwoordelik vir die beplanning en bou van die kraal. Tradisionele materiale uit die omgewing is gebruik om alle strukture op te rig. Die amptelike opening van die Tsongakraal is op 8 April 1975 deur die destydse Administrateur van Transvaal, sy edele mnr. Cruywagen behartig.

Die rol en betrokkenheid van die Tsongavrou binne die Tsongakraal - en trouens binne enige Tsongawooneenheid, hoe klein so 'n eenheid ook al mag wees - word duidelik uit twee aspekte wanneer daar bloot na die skematiese, uitleg van die Tsongakraal gekyk word:

- (1) Vrouens oorheers in die wooneenheid, want daar is elf slaaphutte waarvan agt deur vrouens bewoon word en een deur die dogters.
- (2) Die meeste ander strukture in die kraal hou ook verband met vroulike aktiwiteite, soos die twee kookhutte, agt kookskerms, soutwerkterrein, graanstore, en landerye.

Die Tsongakraal-Opelugmuseum is 'n lewende museum en die inwoners beoefen elke dag hulle onderskeie ambagte en gaan voort met hul alledaagse bedrywighede soos die Tsonga in hulle tradisionele lewe gedoen het. Aktiwiteite wat deur die vrouens beoefen word en deur die besoekers aan die museum waargeneem kan word, is die volgende: Pottebakkerij,



kralewerk, vlegwerk, soutvervaardiging, koskook en verbandhoudende aktiwiteite, skoffel en oes, hutbou en versierings, versorging en opvoeding van kinders, en bespeling van musiekinstrumente. Mans bespeel ook musiekinstrumente en demonstreer houtwerk, vervaardiging van ystervoorwerpe, vlegwerk en soms hutbou.


Sommige van hierdie aktiwiteite word op 'n formele toer deur die museum aan die besoeker getoon, ander kan informeel waargeneem word. Op versoek kan deur middel van spesiale programme verskeie aspekte in diepte waargeneem word.

2.3.4 Samevatting

Die Tsongakraal het sy oorsprong in die bestaan van prehistoriese soutwerkerterreine op die plaas Eiland wat deur natuurbewaringsamptenare onder die aandag van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens gebring is. Argeologiese opgrawings het gevolg en wat die waarde en die ouderdom van die terrein vir die geskiedenis van die gebied aangedui het. Hierdie terreine het ook binne die gebied wat oor die afgelope eeu reeds deur die Tsonga bewoon is, geval.

'n Besluit is geneem om 'n opelugmuseum oor die Tsongavolk daar te stel op grond van literatuurstudie en veldwerknavoring. Die bestaan van die Tsongakraal-Opelugmuseum het gelei na verdere navorsing, om deur middel van uitstallings, demonstrasies, deelname en ander programme, 'n ware weergawe van die Tsonga se lewenswyse aan die besoeker oor te dra.

Die Tsongavrou speel 'n belangrike rol binne die wooneenheid, die Tsongakraal, wat 'n voorstelling is van 'n woonkompleks van die hoofman met sy agt vrouens.



UITLEG VAN DIE KRAAL LAYOUT OF THE KRAAL

- | | | | |
|----------|---|-----------|--|
| A | Seunshut — Boys' hut | P | Stoorhut — Storage hut |
| B | Hut van 2de vrou — Hut of 2nd wife | Q | Hoenderhut — Chicken-pen |
| C | Dogtershut — Girls' hut | R | Graannouers — Granary |
| D | Hut van hoofvrou — Hut of head wife | S | Beeskraal — Cattle kraal |
| E | Hut van 3de vrou — Hut of 3rd wife | T | Kookskerms — Cooking screen |
| F | Hut van 4de vrou — Hut of 4th wife | U | Seremoniële boom en offerplek — ceremonial tree and place of sacrifice |
| G | Hut van 5de vrou — Hut of 5th wife | V | Mansvergaderplek — Mens' meeting place |
| H | Hut van 6de vrou — Hut of 6th wife | W | Hoofingang — Main entrance |
| I | Hut van 7de vrou — Hut of 7th wife | X | Sub-uitgang — Side exit |
| J | Hut van 8ste vrou — Hut of 8th wife | Xa | Uitgang na soutwerke — Exit to salt works |
| K | Hut van kraalhoof — Hut of Kraal head | Xb | Uitgang na ystersmeltoond — Exit to iron smelting furnace |
| L | Kookhut — Cooking hut | Y | Binneplein — Inner court |
| M | Kook- en graanhut — Grain and cooking hut | Z | Ashope — Rubbish dumps |
| N | Offerhut — Sacrificial hut | | |
| O | Bokhut — Goat hut | | |

Fig. 2.1 Uit. Tsongakraalbrosjure



2.4 LEWENSWYSE VAN DIE TSONGA

2.4.1 Die Tsonga as mens

Junod gee 'n goeie beskrywing van die lewenswyse van die Tsonga in sy "The Life of a South African Tribe" [1927:Vol I en II]. Heelwat het verander, en nuwe kultuurelemente kom voor, maar aanpassings as gevolg van 'n veranderde omgewing, is te wagte. Dit word nie nodige geag om 'n breedvoerige beskrywing van die lewenswyse van die Tsonga te gee nie. 'n Samevattende oorsig dra egter by om die posisie van die Tsongavrou in die alledaagse lewe, en die take wat sy, binne die breër konteks verrig, te verstaan.

Die Tsonga was nog altyd bekend as vriendelike, vredeliewende en arbeidsame mense. In 1938 skryf H.P. Junod, wat net soos sy vader onder die Tsonga grootgeword het, en 'n studie van hulle gemaak het, dat

"The Shangana have supplied the most consistent and reliable manual labour for the Witwatersrand Gold Mines for the last fifty years,"

[Junod 1938:45].

Selfs baie vroeër, tussen 1869 en 1875, skryf St. Vincent Erskine die volgende oor die Tsonga:

"Altogether the Tsongas are an improvable and improving race. They consider war to be an abnormal state of existence, to be avoided or terminated as soon as possible; differently from the more savage Zulu, who regards it as the only fitting state of life, and despises the arts of peace.

Whether the Tsongas are Chobis, Basiga, or whether they are under Zulu oppression or Portuguese protection, they are one and all industrious and capable of improvement; possessing great agricultural abilities and many rude attempts at manufactures"

[Erskine 1875:55-56].

Dit wil dus voorkom asof die oudste bronne die geredelikheid beklemtoon waarmee die Tsonga 'n nuwe Westerse kultuuraanbod sal aanvaar. Wanneer

mense dan 'n eeu later nog in staat is om die tradisionele lewenswyse te beskryf [vgl. Hartman 1972; Boonzaaier 1980] moet 'n mens besef dat dit miskien die laaste geleentheid daarvoor sal wees. Dit word dan belangrik om na die wyse te kyk waarop die belangrikste dele van die tradisionele lewenswyse van die Tsonga binne die verband van 'n Opelugmuseum bewaar kan word en aan geïnteresseerdes voorgestel kan word.

2.4.2 Politieke en juridiese organisasie

Die politieke en juridiese organisasie van die Tsonga is nie die belangrikste deel van hulle lewenswyse met die oog op uitstalling in 'n museum nie. Dit word hier eerste aan die orde gestel omdat die navorsing oor die onderwerp die jongste is wat oor die Tsonga gedoen is.

Die Tsonga is patrilineêr georden alhoewel Junod [1, 1927:267] tot die gevolgtrekking kom dat 'n matrilineêre orde baie lank gelede 'n rol gespeel het. Opvolging en vererwing van goedere geskied in 'n vaderlike lyn. Hartman [1972:205] vir die Shangana van Mhala en Boonzaaier [1980] vir die Nkuna, 'n Tsongastam van Ritavi, gee gedetailleerde uiteensettings van die regsposisie by hierdie stamme. Junod [1927, I:25] beskryf nog die tradisionele erfopvolgingstelsel, nl. dat 'n stamhoof of gesinshoof deur sy jonger broers opgevolg moes word en nie deur die oudste seun van sy hoofvrou nie. Slegs wanneer die broers te sterwe kom, volg die seun op. Boonzaaier [1980] het bevind dat hierdie laterale erfopvolgingspatroon in die laaste dekades verander het na opvolging deur die oudste seun van die hoofvrou.

Die regsposisies van vrouens in die genoemde stamme kan ook by Boonzaaier [1980] en Hartman [1972] nagegaan word. Die vrou bly ewigdurend minderjarig in die reg en verkry nooit volwasse regstatus nie [Hartman en Kriel 1991:46]. Sibbenam kom voor en die jong getroude paar gaan woon by die man se afkomsgroep. Die kinders neem die sibbenaam van die vader aan. Die vrou behou egter haar eie sibbenaam [Wiid en Bothma s.a.:10; vgl. ook Junod 1927 I,II; Junod 1905:231].



Min tegniese skeppinge kom voor in die judisiële organisasie. Daar is dus min sigbare dinge wat in 'n museum uitgebeeld kan word. Die doel van die judisiële organisasie hou verband met die toepassing van gewoonte- en regsreëls en die beslegting van geskille in die howe. Oor gewoontereëls skryf Hartman en Kriel:

*Gewoontereëls (**mikhawu**) behels al daardie reëls wat voorskryf hoe ordentlike mense in bepaalde situasies, onder bepaalde omstandighede en op bepaalde plekke behoort op te tree ten einde die goedkeuring van die gemeenskap (waarby die voorouergeeste ingesluit is) weg te dra. Hierdie reëls sluit die voorskrifte met betrekking tot respekbetoning (**ku xixima**), sowel as sekere vermydingsvoorskrifte of taboereëls (**ku yila**) in. Regsreëls (**milawu**) behels daardie voorskrifte wat as van soveel belang vir harmoniese samelewing beskou word dat oortreding of nie-na-koming daarvan nie alleen deur die lede van die gemeenskap en die voorouergeeste, afgekeur word nie, maar deur 'n daartoe bevoegde hof gestraf word" [1991:45].*

Dit wil dus voorkom asof een van die enigste wyses waarop gesagsuitoefening en regspraak in 'n museum verbeeld kan word, die aanbieding sal wees van die verloop van 'n hofsitting as 'n soort opvoering.

Deur middel van 'n spesiale program by die opelugmuseum kan 'n hofsak dus voorgestel word wat buitelanders kan waarneem. Wat tegniese skeppinge betref, kan daar dan gelet word op die kleredrag, versierings en bedekking van die aanwesiges, die hoofmanne en stamhoofde se wapens, ens. Ook kan gelet word op die hoofmanne en stamhoofde se woonplekke **xilavelo**, die vergaderplek, **vandla**, en die beeskraal, **xivala**. Die koedoeoring, **mhalamhala**, is geblaas as 'n belangrike vergadering aangekondig is. Die laasgenoemde reeks plekke (vergaderplek naby die beeskraal in die stamhoof se woonplek) en die apparaat wat gebruik word, sou by wyse van foto's en geskrewe verduideliking aan die besoekers aan die museum verduidelik kon word.

Wanneer die prosedure by hofsittings as 'n soort verhoogstuk opgevoer word, sal daar verduidelikende aankondigings nodig wees, anders sal die toeskouers nie verstaan wat hulle sien nie. Ook sekere handeling wat met die voorvaders verband hou, is deur die gesinshoof by die offeraltaar,

gandzelo ra swikwembu, uitgevoer. Sekere potte, die seremoniële staf en soms besondere kleredrag hou hiermee verband. In hoofstuk 3.7.4 kan ge lees word oor die rol wat keramiekware binne die regsorde speel.

2.4.3 Ekonomiese lewe

2.4.3.1 Algemeen

In teenstelling tot die politieke en judisiële organisasie word daar 'n oorfloed van tegniese skeppinge binne die ekonomiese organisasie gebruik. Dit is duidelik dat 'n mens hier sal moet konsentreer op daardie prosedures wat binne die grense van die wooneenheid en in die onmiddellike nabyheid uitgevoer word wanneer aan die voorstelling van ekonomiese bedrywighede in 'n opelugmuseum gedink word.

Die ekonomiese lewe van die Tsonga, [vgl. ook Junod 1927, II:1-152] was 'n bestaansekonomie, waarbinne akkerbou, versameling van veldkos, jag en visvang, handel en soutvervaardiging voorgekom het. Dit was 'n ongekompliseerde bestaan waarbinne werksverdeling volgens geslag wel voorgekom het. Beroepspecialisasie was egter beperk en het net tydens die beoefening van swart en wit magie, en die praktyke van die **n'anga** voorgekom.

Voor die koms van die Zulukrygsmanne in 1822, was beeste, **tihomu**, volop in Mosambiek. Die Zulu het die Tsonga van hul beeste beroof en hulle onderwerp. In Transvaal was dit weer die naganakoors wat die aanhou van beeste onmoontlik gemaak het. Vir die afgelope dekades word beeste weer al hoe meer aangetref. Dit is vir die Tsongaman baie belangrik om baie beeste te hê, want sy status word bepaal deur die aantal beeste asook vrouens in sy besit. Bokke, **timbuti**, is meestal aangehou vir voedseldoeleindes. Dit was die taak van die kleiner seuns om die bokke op te pas. Sodra hulle groter geword het, moes die seuns die beeste oppas. Hulle het hulle dae in die veld deurgebring en sodoende 'n grondige kennis van die veld opgebou. Hier het hulle ook fluite, **tinanga**, van horing of riete vervaardig waarmee hulle die beeste aangejaag het.



Beeste, **tihomu**, as trougoedere het vroeg in die negentiende eeu verval.

".....and they began to replace the oxen by iron picks, which they bartered from the Suto blacksmith of the Transvaal."

[Junod 1905, I:230].

Deesdae word daar glad nie meer van skoffelpiklemme gebruik gemaak nie en is dit meestal geld wat as **lovolo** gegee word. In die verafgeleë landelike gebiede word beeste hier en daar nog as trougoedere gebruik, maar die beeste word vandag meestal net geslag tydens groot feeste en wanneer daar 'n offerande aan die voorvaders gegee word.

Anders as die Nguni, Sotho en Venda was hoenders, **tihuku**, nog altyd en is nog steeds een van die belangrikste huisdiere vir die Tsonga. Nie net as voedsel word die vleis baie waardeer nie, maar die hoender speel ook 'n baie belangrike rol as offerande tydens religieuse seremonies. Veral wit hoenders word as offerande verkies. 'n Ander aspek van die ekonomiese lewe van die Tsonga wat hulle van alle ander Suid-Afrikaanse Bantoesprekende volke onderskei, is dat die Tsonga vis, **nhlampfi** vang en baie lief is om vis te eet. Verskeie soorte visvangapparaat is gebruik.

Ruilhandel het sedert alle tye 'n belangrike rol gespeel en word nog steeds aangetref. Die rol van die Tsonga as handelaars, wat die handelsroetes tussen die Mosambiekse ooskus en die binneland oopgetrap het, is reeds breedvoerig beskryf (2.1.3.2). Vir handelsdoeleindes het die Tsonga kanoë's gebruik waarmee hulle die Nkomati-, Limpopo- en Pafuririvier kon bevaar.

Die beoefening van landbou en die versamelaksie van veldkos word nie in die opelugmuseum as deel van die gereelde daaglikse program gesien nie. Wanneer dit egter die regte seisoen is, sou 'n spesiale program vir belangstellendes gereël kan word om te sien hoe die vrouens met hul skoffelpikke die landerye bewerk, hoe hulle plant en soms hoe geoes word. Die moderne skoffelpik het die tradisionele **xikomu** heeltemal vervang. Baie eeue gelede het die Tsonga nog van hout skoffelpiklemme gebruik gemaak. Daar word ook dikwels 'n baie onnet verskansing van latte en bas



gebou, **ntsonga**, waaragter 'n persoon wat die landerye bewerk, wegkruip om voëls en ander diere te verjaag.

'n Net, **longwe**, wat gebruik word om vrugte of veldplante huis toe te dra, en die wyse van vervaardiging kan aan die besoeker aan die opelugmuseum getoon word. Daar kan ook 'n groot verskeidenheid ander tegniese skeppinge wat met ekonomiese aktiwiteite verband hou, vertoon word. Hier word daar veral gedink aan al die huishoudelike implemente, soos potte, stampers, mandjies, houtborde en bakke, drinkbekers, klitsers en andere wat in die voorbereiding, kook en nuttiging van voedsel gebruik word.

Dit is uit die oorsig duidelik dat die dele van die ekonomiese bedrywighede van die Tsonga wat die man in besonder raak - d.w.s. handelinge met vee - en huisdiere buite die wooneenheid plaasvind en dus veral deur fotomateriaal aan toeskouers verduidelik sal kan word. Dieselfde oordeel geld die vrou se optrede op die land, alhoewel dit nader aan die huishouding geskied.

Die laasgenoemde reeks implemente in die voorafgaande paragrawe word binne die huishouding gebruik, sodat uitstalling daarvan binne die opelugmuseum redelik maklik is. 'n Mens kan met reg beweer dat die aanbiedinge in 'n opelugmuseum veral rondom die aktiwiteite van 'n vrou sal sentreer.

2.4.3.2 *Take uitgevoer deur die vrou*

Vrouens speel 'n baie belangrike rol in die ekonomiese aktiwiteitskalender van die Tsonga. Waar die mans hoofsaaklik jagters was, na die beeste omgesien het, en met hutbou behulpsaam was, verrig die Tsongavrou arbeid wat met die volgende terreine verband hou: akkerbou, visvang, die versameling van veldplante, die vervaardiging van tegniese skeppinge en soutvervaardiging.

- **Akkerbou**

Die grootste gedeelte van die vrou se dagtaak word gewy aan die verbouing, versameling en voorbereiding van kos. Die verskeidenheid geregte wat die vrou kan voorberei, is 'n hele studieterrein van sy eie. Junod beweer dat dit nie verkeerd is om van die Tsongakookkuns as "culinary art" te praat nie [1927, II:36].

As die oes baie groot is dan reël die vrou dat 'n groep mense haar kom help. Vir hierdie werkgroep, **tsima**, gee sy dan bier om te drink. Die beplante landerye word **masimu** genoem. Hartman en Kriel wys daarop dat die sosiale verkeer tydens die **tsima** net so belangrik was soos die ekonomiese aktiwiteit self [1991:57]. Die ploegseisoen word **xirimu** genoem.

Die gewasse wat verbou is, was vroeër kassawe, **ntsumbula**. Dit is later vervang met graansorghum, **n'wahuva** en **makhaha**, en mielies, **mavele**. Vandag is mieliepap, **vuswa**, die Tsonga se stapelvoedsel. Ander gewilde gewasse is verskeie boontjiesoorte, tamaties, spinasie, pampoene en veral die blare daarvan. Grondboontjies is baie gewild en uie, patats en suikerriet word ook aangeplant.

Die Tsongavrou het 'n uitgebreide kennis van alle soorte groente en veldplante.

- Sy bewerk die landerye, **masimu**, met skoffelpikke, **swikomu**, en versorg dit tydens die groeiseisoen. Landerye moet ook bewaak word, en as die gesaaides ryp is, word geoes.
- Sy bring die oeste, **ntshovelo**, in.
- Sy is verantwoordelik vir die berging van die produkte in graanstore^{2.2}, **switlati**.

Verder moet die Tsongavrou ook die produkte verwerk: mielies, **mavele**, word gestamp vir meliemeel, **mugayu**, en melierys, **majorho**, en sorghum, **makhaha**, vir bier, **byala**; blaargroente, **miroho**, en groente, **muroho**, word voorberei vir eet of vir droging, ens. Gedroogde groente vir die winter word **mukhusu**, genoem.

Die verwerkingsprosedures en kookaksies vind binne die huishouding plaas en is dus in 'n opelugmuseum vertoonbaar. Dit is ook moontlik om die besoekers die voorbereide produkte te laat proe.

- **Visvang**

Die Tsonga is vissers van formaat en die enigste Suider-Afrikaanse volk wat vis, **nhlampfi**, eet. In Mosambiek het hulle die visvangery vervolmaak tydens alle seisoene en verskeie visvangapparaat soos fuike, **swirhanga**, kanoes, **mukhumbi**, spiese, **midjungwa**, die visnette, **nkukuto**, ontwikkel [Junod 1927 II:84-89; Wilson en Thompson 1969:177].

Alhoewel dit vroeër die mans was wat vis gevang het, vang mans en vrouens deesdae vis, en alhoewel die fuike nie meer in Gazankulu aangetref word nie, benut veral die vrouens elke vrye oomblik om vis met hoek en lyn, **njovo**, te vang.

Die vis wat gevang is, word meestal dadelik voorberei en geëet. Dikwels verrig vrouens hierdie taak, maar mans doen dit ook. Die vis word oopgevelek en op 'n rooster van draad (modern) oor die vuur gaar gemaak. As daar baie vis is, word dit ook gevelek, met sout bestrooi en in die son gedroog. Dikwels word die droging op die dak gedoen. Vis word ook in potte met uie en tamaties as 'n visbredie gekook.

- **Soutvervaardiging**

Alhoewel winkelsout deesdae 'n maklike plaasvervanger is vir die selfontginde sout uit soutpanne, is hierdie sout, **munyu**, wat deur 'n lang proses verkry word, veral deur die **n'anga** baie gesog.

Oor eeue vervaardig die Tsonga hul eie sout en het die tegniek redelik verfyn. Die terrein waar sout ontgin kan word, is beperk tot sekere braklande wat rondom minerale bronne in die Laeveld voorkom. Dit is uitsluitlik 'n taak vir die vroue, en sal in hoofstuk 4 breedvoerig bespreek word. Heelwat tegniese skeppinge word gebruik tydens soutontginning. Voorwerpe word nie spesiaal vir die doel vervaardig nie en is meestal potte



en mandjies en kalbasse wat ook vir ander doeleindes gebruik word. Die soutfiltreerder is hier 'n uitsondering.

Soos mettertyd (in hoofstuk 4) sal blyk, word soutontginning ver buite die wooneenheid gedoen. Die praktyk het bewys dat die hele prosedure maklik naby die terrein van die opelugmuseum aangebied kan word omdat die tegniese proses slegs 'n klein oppervlakte vereis.

- **Versameling van Veldplante**

Die Tsonga het 'n uitgebreide kennis van die veld, want hulle het oor al die eeue heen in 'n gebied gewoon wat 'n ryke verskeidenheid aan plantegroei oplewer. Vir die versameling van veldplante of ander produkte van haar lande gebruik die vrou 'n sak van net, **longwe**, wat sy self vervaardig. Geen net is in die veld by die Tsonga gesien nie, wel by die Baphalaborwa, maar die Tsongavrouens sê dat hulle die net vroeër ook gebruik het.

Veldkosse word nie net vir kookdoeleindes gebruik nie, maar ook vir medisyne [vgl. ook Liengme 1981]. Baie Tsongavrouens leer die kruiedoktersvaardighede aan, hoofsaaklik weens ekonomiese redes: dit bied vir hulle 'n addisionele inkomste. Droogtes kom ook dikwels voor, en vrouens moet dan op ander maniere vir 'n inkomste sorg.

Ook vir kosmetiese redes word sekere plante versamel soos bv. die saad van die Rooiessenhoutboom, **nkuhlu**, *Trichilia emitica*, wat ryk is aan 'n olie of **mafurha**. Die sade word in water gekook en die olie wat aan die oppervlakte versamel, word afgeskep en gebruik om die liggaam mee te smeer.

Die vrug van die maroelaboom, **nkanyi**, *Sclerocarya birrea subsp. caffra*, is waarskynlik die mees gesogte wildevrug wat nie net as kos gebruik word nie, maar ook en veral op sosiale en religieuse terrein 'n belangrike rol vervul: Die maroelaboom is die middelpunt van elke kraal en die heilige altaar, **gandzelo**, word onder so 'n boom opgerig. Die voorvadergeeste, **swikwembu**, word hier aanbid terwyl offerandes ook hier gebring word.

Bier van die maroelavrugte, **vukanyi**, wat vroeg in die landbouseisoen gemaak word, kondig die begin van oestyd, **ntshovelo**, aan en gaan gepaard met die **xirhangana** of die "fees van die eerste vrugte" [Junod 1927, I:397; vgl. ook Terblanche 1983:13].

Maroelabier word aan die voorvadergeeste geoffer, **ku phahla**.

Wanneer die maroelas van die bome val, is hulle nog groen. Hulle word deur die vrouens versamel en in die kookhut gehou totdat hulle begin ryp word. Hierdie tyd van die ryp maroelavrugte word **n'wananyini** genoem. Met 'n spesiale gereedskap, **xirhumbulo** word die maroelavrug bewerk deurdat hierdie skerp voorwerp van been of van hout in die vrug ingestek word en die pit met een beweging uitgestek word (foto 2.10 a-d). Die vrouens sit saam om hierdie voorbereidende werk te doen op 'n spesiale plekkie wat **xiboxelo** genoem word. Die pit met die pulp en die sap word in 'n groot pot gesit en die doppe word eenkant weggegooi. Wanneer al die vrugte op die wyse verwerk is, word die pitte met pulp met die hande styf gedruk om al die sap uit te pers. Die pitte word ook op 'n hoop gegooi om droog te word. In die winter word die neut met 'n hammerklip op 'n ander plat klip uitgekap. 'n Spesiale skerppuntige klein stuk gereedskap van skerp-gemaakte been is gebruik om die neut te verwyder.

Die maroelasap word vir 'n tydtjie in die kookhut gehou om te gis (foto 2.10a). Hierdie **dzova**, of ongegiste maroelasap word soms met water verdun. Na ongeveer twee dae is die maroeladrnk, **vukanyi**, reg om gedrink te word. Vir die hele maroelaseisoen is die **vukanyi** beskikbaar en baie gesog.

Daar is nog veel meer veldvrugte en groentesoorte wat genuttig word, maar dit sal nie alles hier bespreek word nie. Baie tegniese skeppinge word gebruik of vervaardig vir die insameling van veldkosse. Onder veldkosse tel ook die pluk van mopaniwurms, die vang van termiete waarvoor potte, stokke ens. gebruik word, en die insamel van heuning.

Dit is duidelik dat daar hier 'n groot verskeidenheid tegniese apparaat is wat binne die huishouding in 'n museum uitgestal kan word, terwyl die gebruik daarvan in die veld deur fotomateriaal verduidelik kan word.

- **Tegniese skeppinge in die huishouding**

Vrouens vervaardig ook gebruiksartikels soos potte en mandjies om hulle take as akkerbouers uit te voer. Ook is hulle bedrywig om vir hulle kleredrag, versierings en kralesierade te vervaardig. Kalbasse word aangeplant en tot gebruiksartikels omgeskep. Die **xirhundzu**-mandjie word deur die vroue vervaardig. Graan moet gedors word, gewan in wanmandjies en dan in graanhutjies gestoor word. Die voorbereiding van voedsel neem ook 'n groot deel van haar tyd in beslag. Hiervoor gebruik sy onder andere stampblokke, potte en bakke, maalbakke, die papepel en die klitser, asook die biersif.

Ander aktiwiteite waarmee die vrou bedrywig is en waar tegnologie 'n rol speel, is die instandhouding en versiering van hutmure en vloere en die verkryging van die materiaal daarvoor soos klei, kleurstowwe, beesmis ens. Ook moet die vrouens sorg dat daar vuurmaakhout is en water moet aangedra word. Vir die saambondel van hout is daar basrepe van bome afgetrek. Biesies word ook gebruik om die bondel saam te bind, sodat dit op die kop gedra kan word. Water is met kleipotte aangedra. Die water is met skepkalbasse uit die waterbron geskep.

2.4.4 Skeppinge deur die Tsongavrou as produk van haar omgewing

Nadat die omvang van Tsongakultuurgoedere en meer spesifiek van die vrou reeds oorsigtelik behandel is, en enkele aspekte soos die soutontginning (hoofstuk 4), pottebakkery (hoofstuk 3) en kralewerk (hoofstuk 5) later meer in diepte nagevors en beskryf gaan word, sal daar ter wille van 'n geheelbeeld van Tsongakultuur, en meer spesifiek die rol en funksie van die vrou 'n paar tegniese skeppinge wat haar huishouding en daaglikse lewenstake aanvul, kortliks beskryf word.



- **Vlegwerk**

Onder vlegwerk ressorteer voorwerpe wat van gras, biesies, stroke hout, rankers en boombas gevleg word.

Vlegwerk word gewoonlik beskou as specialistewerk, alhoewel enigeen dit mag beoefen.

By die Tsonga vervaardig die mans alle mandjies soos dié waarin die **n'anga** sy bykomstighede hou, **mintundwani**, graanhouers, **ngula**, of **xitendza**, biersiwwe, **xihluto**, die handsak, **funeko**, en die wanmandjie, **rihlelo**.

Die vrouens vervaardig drie groottes **swirhundzu**-mandjies, die **xirhundzu**, **xinhabana** en **xintewana**. Hulle is ook verantwoordelik vir die slaapmatte waar daar van twee tegnieke gebruik gemaak word. Takke of bossies word as besems, **minkukulu**, gebruik en 'n sekere besemie word van gras vervaardig.

Die vervaardiging van 'n mandjie, **xirhundzu**, sowel as 'n slaapmat, **sangu**, sal hier kortliks beskryf word, aangesien hulle belangrike kultuurgoedere van die Tsongavrou is, maar nie elders bespreek word nie.

- **Die xirhundzu (Foto's 2.1-2.3)**

Om haar daaglikse take van voorsiening en voorbereiding van voedsel te verrig is naas haar stel kleipotte, (kookpot: **nhlambeto**, waterpot: **mbita**; eetbak: **nkambana**; drinkpotjie: **jomela**; waskottel: **xihlambelo**) die koniese mandjie, **xirhundzu**, een van die belangrikste huishoudelike gebruiksartikels.

Die **xirhundzu** word deur die vrou vervaardig en gebruik as 'n praktiese houer wat op hulle koppe gebalanseer word en waarmee alles wat benodig word, aangedra word. Dit word o.a. gebruik om veldkosse of groente van die landerye aan te dra en ook vir die sortering en voorbereiding van die groente, **muroho**, ander benodighede soos klei, beesmis, sand, miershoopklei, sand- en soutleemgrond vir soutontginning word ook in die



swirhundzu aangedra. Kleipotte word ook in 'n **xirhundzu** van een dorpie na 'n ander of na 'n ander kraal vervoer.

Selfs vloeistowwe kan in die mandjie gedra word, omdat dit so dig geweef is. As die mandjie in water geweek word, swel die weefsel uit en maak dit waterdig [vgl. in Duggan Cronin 1935:XVII]. Dat die **xirhundzu** van vandag weinig verskil van dié uit Junod se tyd en in Mosambiek kan op foto's vergelyk word in o.a. Junod [1927, II:125, 182] en Duggan Cronin [1935:I, XXXI].

Die grootste **xirhundzu** (foto 2.1a,b) is uitsluitlik 'n dramandjie en word op die kop gedra. Die twee kleiner **xirhundwana**, ook **xitshatshana** word ook gebruik om goed in te dra, maar as dit met krale versier is, word dit veral gebruik as houer vir die eetbak waarin die man se kos vir hom bedien word, en word dan **xithabana** genoem. 'n Klein wanmandjie, ook met krale versier, **xintewana**, dien as deksel [5.23 a,b]. Hierdie mandjie met sy deksel is deel van die uitrusting wat die jong getroude vrou saamneem, wanneer sy haar plek by haar man in haar nuwe tuiste inneem.

Vervaardigingstegniek

'n Variasie van die spiraaltegniek [vgl. van Schalkwyk 1985:32] word gebruik om die **xirhundzu** te vervaardig. Die rankplant, **rixotse/rixoto**, *Loculus hirsutus* wat baie algemeen in die Laeveld voorkom, word gebruik om die binnenste spiraalinslag te vorm, asook om die spiraalskering aanmekaar te werk. Met ander woorde die inslag gaan elke keer oor 'n nuwe deel van die kern, en dan terug onder die kern deur (foto 2.2). Die punt van die stingel word met 'n mes of ander voorwerp skerp gemaak, sodat dit maklik deur die gaatjies gesteeek kan word.

Sommige rankers word gekleur deur dit te week in 'n oplossing wat verkry word deur die bas van die bastermaroela, **ndivata**, *Lannea stuhlmannii*, in water te week. Motiewe kan sodoende in die mandjie ingeweef word. (foto's 2.2, 5.23). Dieselfde tipe motiewe soos bv. sterre, wat vir die mandjies gebruik word, tref ons ook by kralewerk en hutversierings aan.

Die vorm van die mandjie is konies en die onderkant, wat effens ingedui is, word oorgetrek met beesvel wat dan met tuisgemaakte sisaltou vasgewerk word (foto 2.3). Hierdie dien as afwerking, maar ook om die **xirhundzu** makliker op die vrou se kop te dra en te balanseer.

Die term "vlegwerk" is nie baie bevredigend ten opsigte van die spiraaltegniek wat vir die **xirhundzu** gebruik word nie, aangesien dit eerder as naaiwerk beskou kan word. Van Schalkwyk [1985:31-32] omskryf hierdie aspek verder.

- **Die slaapmat : sangu** (foto's 2.4-6)

Slaapmatte word nie net gebruik om op te slaap nie, maar ook word hierdie matte orals waar mense wil sit, uitgerol. Dit is byvoorbeeld as hulle eet, as besoekers kom, die **n'anga** gooi sy dolosse daarop uit, ens.

Twee tegnieke vir die weef van matte word by die Tsonga aangetref en materiale wat gebruik word, is biesies en riete wat in riviere groei, asook tou van sisal. Die volgende soorte biesies word gebruik: **jekejeke**, *Cyperus latifolius*, **nhlahlu**, **risame**, *Cyperus sexangularis*, **mixaka**, *Cyperus inclinatus*. Liengme beweer dat die matte van laasgenoemde spesie minderwaardig is in vergelyking met die eerste twee [1980:507, 511, 515].

Die biesies word gesny wanneer hulle uitgegroeï is en in die son gelê om te droog. Die tou wat gebruik word om die biesies aanmekaar te heg, kan een van die volgende wees: sisaltou is tradisioneel gebruik, en deesdae word wol, plastiek (van groentesakkies) of enigiets anders wat die vrouens in die hande kan kry, gebruik.

Die sisaltou vervaardig die vrouens self van die sisalplant, **xikwenga**, 'n *Agave sp.* se vesels. Die vlesige gedeelte word afgeskraap en die vesels in die son gelaat om te droog. Van die vesels word dan twee dun stringe geneem en op die vrou se been met haar hand, eers (die twee afsonderlike stringe) in een rigting heen gerol, en gesamentlik weer terug gerol. Hierdie proses word **ku swula** genoem. 'n Sterk tou ontstaan wat tradisioneel gebruik is. Hierdie wit tou en bruïnes, wat in die oplossing van die bas van die

bastermaroela in water gekleur is, word gebruik, eerstens om die biesies aanmekaar te heg en tweedens as versiering, want nie net vertoon die twee kleure mooi nie, maar allerhande patrone kan ook ingewef word.

Wol word gebruik, omdat dit makliker bekombaar is en veral omdat baie mooi en helder patrone en kleure in die slaapmat gewef kan word (foto 2.4). Om dieselfde rede word plastiëktou gebruik.

'n Slaapmat wat gewef word vir een persoon om op te slaap, word **xitheve** genoem.

Vervaardigingstegniek

Die vervaardiging van slaapmatte word onder vlegwerk geklassifiseer. By die Tsonga tref ons twee tegnieke aan:

- Die strengeltegniek, [Van Schalkwyk 1985:32] "bestaan daaruit dat die inslagrade alternatiewelik voor en agter om elke skering gaan, mekaar kruis en dan weer om die volgende skering gaan."

By die Tsonga se mattevervaardiging kan hier eerder van weefwerk gepraat word, nie net volgens die tegniek nie, maar ook omdat hulle 'n raamwerk bou waarop dié matte vervaardig word, en hier ook sprake is van skering en inslag. Boonop word die inslagrade met gewigte in posisie gehou. Hierdie gewigte was oorspronklik klippe waaroor die inslagrade (in hierdie geval sisaltou) gerol is en het dan terselfdertyd as tol gedien (foto 2.5). Deesdae word ou batterye, met sand gevulde bierblikke ens. as gewigte gebruik.

Die raamwerk of die weefraam bestaan uit twee pale wat in die grond geplant word en waarop 'n dwarslat geplaas word. In hierdie dwarslat word gleufies ingekeep, waarbinne die inslagrade rus.

Een, soms twee, biesies word op die raamwerk geplaas en dan word die inslagrade wat oor die raamwerk in die gleufies hang, paar vir paar oor en weer gevou. Daar word vooraf bepaal hoe breed die slaapmat moet wees. Die lengte kan bepaal word deur die lengte in die inslagrade.



As die mat klaar is, word dit van die raamwerk verwyder, die inslagrade word geknoop, die biesiepunte word netjies met 'n skerp voorwerp afgesny, en die kante word met sisaltou netjies afgewerk.

- Die tegniek vir die tweede tipe mat verskil daardeur dat dit nie op 'n raamwerk, maar op die grond vervaardig word - 'n meer eenvoudige metode.

Die biesies word met 'n naald, **ritlhavo**, deurboor en met die tou aan mekaar vasgeryg (foto 2.6). Die naald word van 'n 20 cm lange draad vervaardig deurdat daar 'n gaatjie aan die een kant ingeslaan word.

Slaapmatte is van alle skeppinge die enkele artikel, wat nog baie algemeen vervaardig en gebruik word. Mans is ook behendige mattevervaardigers. Die metode wat grotendeels gebruik word, is die eerste metode wat beskryf is en waar die mat oor die raamwerk vervaardig word. Vroeë foto's dui daarop dat die slaapmatte reeds vir eeue gebruik is. As 'n persoon op reis gaan of gaan kuier, gaan sy slaapmat saam. Dit word opgerol op sy kop gedra en dikwels is die nekstut deel van daardie bondel.

Die Tsonga is bekend vir hul pragtige nekstukke wat die mans met geduld kerf. Nie alle mans is in staat om buiten die gewone alledaagse gebruiksartikels soos borde en stampblokke, die meer kunstige houtvoorwerpe te vervaardig nie. Die houtsneewerker of **muvatli**, is 'n kunstenaar op sy gebied en maak baie mooi snuifbotteljies, nekstutte, kieries, 'n verskeidenheid lepels, tromme, ens.

- **Kalbasse: phapha**

Kalbasse vorm 'n belangrike deel van die Tsongavrou se huishouding. Ook op magiese gebied speel kalbasse 'n rol: dit dien as medisynehouers (groot en klein), as snuifbotteltjies en word soms met kralewerk oorgetrek (foto 5.6).

Kalbasse word deur vrouens in die landerye geplant en versorg, sodat hulle hul mooi vorm behou of ander vorme aanneem, en as hulle droog is, word

die kalbasse verder verwerk. Die gebruik van die kalbas bepaal hoe hy oopgesny word, sodat dit binne en buite skoongeskraap kan word. Daarna word die kalbasse gekook en verder skoon geskraap, **ku tumbisa**, en versier [vgl. Junod 1927, I:50]. Om motiewe met 'n gloeiende warm stuk yster in 'n kalbas of houtvoorwerp te brand, word **ku vavela** genoem.

Die vorm van die kalbas bepaal sy gebruik. Anders as by die Sothostamme wat die kalbasse baie veelsydig benut, speel kalbasse by die Tsonga nie meer so 'n prominente rol nie, maar tref ons onder andere nog die volgende aan, nl. die skepper of drinkkalbas (foto 2.9) **ndzheko**, die houerkalbas, **xikhudzu**, (foto 2.7) wat soos 'n pot of bak gebruik word en waarin voedsel gebêre asook bedien word. Klein kalbassies wat soos botteltjies lyk word deur die **n'anga** as medisynehouers, **tinhunguvana**, gebruik (foto 2.8). Tydens die soutontginningsbedryf word kalbasse ook baie gebruik, aangesien die kleipotte vinnig verweer in kontak met sout. Nadat die sout ontgin is, word dit in die kalbas geskep, op dié wyse word dit ook in die kookhut geberg. Die drinkkalbasse word nog baie gebruik as water gedrink word, maar vir bier gebruik die Tsonga 'n drinkpotjie, **jomela**, 'n gebruik wat die Venda [Van der Lith 1960:94], en die Lobedu [Davison 1978:308], by die Tsonga oorgeneem het.

Sommige ouer Tsongavrouens beskik nog oor die vaardigheid om kalbasse te versier deur hulle te brandskilder en Junod beskryf hoe die Tsonga vroeër pragtige versierings op hul kalbasse aangebring het. Die motiewe was eerder prente soos visse, sterre, hutte, voëls, palmbome, mensfigure ens. as slegs geometriese patrone. Kombinasies van die twee kom ook voor. Voorbeelde kan gesien word by Junod [1927 II:101; Vol I:50]. Verdere voorbeelde word in mnr. Witt se versameling aangetref (foto 2.7).

Kalbasse en die bewerking, versiering en benutting daarvan is een aspek van die Tsongakultuur wat nog glad nie by die Tsongakraal vertoon word nie. Aangesien kalbasse in elke Tsongahuishouding gebruik word, en aangesien die versiering verskil van ander etniese groepe (bv. motiewe op kalbasse by die Bantwane en die Ndebele), is dit wenslik dat hierdie faset van die tegniese skeppinge voortleef in die museum. Die versierings word **makholo** genoem en is 'n teken van admirasie. Vandag nog neem mans hul mieliepap



in kalbasse saam werk toe. Hulle beweer dat die kos langer warm bly in 'n kalbashouer.

Ander voorwerpe wat die vrou gebruik, maar nie self vervaardig nie


Al die ander gebruiksvoorwerpe in 'n Tsongavrou se huishouding soos o.a. papplepels, roerstokke, stampers en stampblokke, houtbakke en -bekers, die wanmandjie, en die houtspaan, word deur die man vir die vrou vervaardig. So ook die skoffelpikke, die handbyl en houtstoeltjies, voorwerpe van vel, soos die abbavel en klere van vel, word ook deur die man gemaak. 'n Lys van al die voorwerpe en hulle name in Tsonga word as bylaag D aangeheg.

Al hierdie voorwerpe hoort ook in 'n museum om aan die lewenswyse 'n geheelbeeld te verleen. Dit is hierdie sienbare dinge wat 'n museum interessant maak, en veral is 'n opelugmuseum die ideale konteks waar gebruiksartikels tot hul reg kom. Die Tsongakraal behoort 'n baie groter insamelingsaksie te loods, sodat daar meer van hierdie verskeidenheid van tegniese skeppinge in die opelugmuseum bewaar en uitgestal kan word. Ook die kunstigheid waarmee sovele voorwerpe vervaardig is, kom nog nie tot hul reg nie.

2.4.5 Sosiale organisasie

Om 'n beeld te skets van die Tsonga se sosiale struktuur en om te sien waar daar in die funksionering daarvan van tegniese skeppinge sprake is, sal die lewe vanaf die gesin tot die uitbreiding van 'n groter gesinne-eenheid binne stamverband geskets word.

Die sosiale struktuur kan skematies soos volg daargestel word.



Binne hierdie struktuur is daar 'n netwerk van verhoudings en tref ons ook besondere verwantskapsterminologie aan. Senioriteitsrang, status en geslag speel 'n besondere rol in die daaglikse verhoudinge. Die hoof van 'n wooneenheid word met respek benader deur alle inwoners van so 'n woonkompleks. Dit kom nog dikwels onder die Tsonga voor dat 'n man met meer as een vrou trou. Sy beeste en die hoeveelheid vrouens verleen aan hom 'n sekere status wat as sulks gerespekteer word deur die ander.

Die hele lewensiklus van 'n mens vanaf die geboorte van 'n kind tot die voltrekking van 'n huwelik, ja, tot die dood, speel homself in die woonkompleks af. Omdat so 'n wooneenheid die kern van die aanbidding in 'n opelugmuseum is, spreek dit vanself dat baie van die handeling binne die museum verbeeld kan word.

Wanneer 'n jong man en vrou mekaar die hof maak, word wedersydse geskenke gegee. Die verlowing, **ku vuta**, word met die oorhandiging van trougoedere, **ku lovola**, aan die vrou se familie bevestig.

Wanneer die man en vrou dan trou, gaan woon die jong getroude vrou, **nhlomisa**, in die man se wooneenheid en vir die eerste tyd kook sy hul kos in haar man se moeder se kookhut. Hier leer sy al die gedragsreëls wat in haar nuwe tuiste geld. Die jong vrou het 'n stel trou-toerusting, **mahlomo**, **milongo**^{2,3}, van haar tuiste saamgebring, wat bestaan uit kleipotte, (**timbita**), en **xithabana**-mandjies wat met krale versier is, 'n slaapmat, (**sangu**), papepels, 'n paar kralesierade, ens.



Die mandjiesel versier met kralewerk, het sy spesiaal by die huis vir haar man vervaardig, want daarin bedien sy haar eerste maaltyd vir hom. 'n Kleieetbak, **nkambana**, met die kos word in die mandjie, **xithabana**, geplaas en die deksel, **xintewana**, word daarvoor geplaas. Soms gebeur dit ook dat haar moeder vir haar die mandjie met krale versier. Die **xanga**, heupsieraad van krale, is ook deel van die toerusting, maar word deur die vrou op 'n geheime plekkie gehou.

Sodra daar 'n broer van die jong man trou, betrek die jongvrou haar eie kookhut en die nuwe vrou neem die jongvrou se plek by haar skoonmoeder in dié se kookhut oor. By die geboorte van die eersgetroude vrou se baba tree haar skoonmoeder of 'n ander ou vrou met status, as voedvrou, **nsungukati**, op en 'n paar ander vrouens is teenwoordig om haar te help. Vir ten minste een week moet moeder en baba in die hut bly en geen man, ook nie haar eie man nie, mag in hierdie tyd die hut betree nie. Na 'n week vind die **xirhengele-seremonie**, "seremonie van die potskerf" plaas. Die naakte kind word uit die hut aangegee en by die hutingang deur 'n vrou wat 'n **n'anga** is, geneem en oor die potskerf gehou en berook. In die potskerf is dele van veldplante en stukkies vel, horing ens. van wilde diere vermeng en aan die brand gestee sodat dit smeul. Die naakte babatjie word van alle kante berook totdat hy/sy begin hoes en proes. Hierdie rite is 'n suiweringsrite en is bedoel om die baba te beskerm teen alle bose diere en giftige plante in die veld, sterk te maak soos 'n leeu ens. (Sien hoofstuk 3 vir 'n detailbeskrywing).

Nou word die baba aan 'n ander vrou gegee wat dit neem en daarmee in die rondte dans. Elke aanwesige vrou doen dieselfde. Daarna word die baba met nuwe klere geklee en die moeder kom ook uit die hut. Die mans sit eenkant en drink bier. Hierdie is 'n geleentheid om fees te vier en daar word bier gedrink en gedans. Tromme word bespeel en almal neem deel aan hierdie blye dag. By hierdie geleentheid is daar heelwat tegniese skeppinge wat tydens hierdie seremonie gebruik word. Uit die bierbedieningspotte, **makhuwana**, word bier met 'n skepkalbas, **ndzeko**, in die drinkpotjie, **jomela**, geskep. Musiekinstrumente word bespeel en die kleredrag dui die ouer vrouens aan wat nog soos tradisionele Tsongavrouens aantrek asook die jongeres wat as moderner vrouens meer Westers geklee is. Dit gebeur ook



dat 'n vrou na 'n ou vrou, **kokwana**, kom om haar baba daar te kry. In ruil vir die hulp van die ou vrou, help die jong moeder haar vir 'n aantal maande met haar daaglikse take.

Elke lewensfase van die jong kind gaan gewoonlik gepaard met 'n seremonie waarna daar dan bier gedrink en gedans word. Soms as daar iets onverklaarbaars gebeur, word die kruiedokter of **n'anga**, se dolosse geraadpleeg. Dienooreenkomstig word offerhandelinge uitgevoer. Ook hier word van tegniese skeppinge gebruik gemaak. Die dolosse, **tinhlolo**, word op 'n vel of mat, **sangu**, uitgegooi. Die **n'anga** dra sy tradisionele kleredrag en bykomstighede en hou 'n staf in sy hand.

Jong dogtertjies speel met poppe bv. die **khudza**-pop, gemaak van mieliestronke, krale en ornamente, of die **mbvule**, gemaak van vrugtedoppe. Die seuns speel met kleiosse of maak vangstrikke, ens.

As hulle 'n sekere ouderdom bereik het, moet die seuns en dogters die inisiasieseremonie deurgaen, **ku ya ngomeni** en **ku cinela khomba**, wat veral vir die dogters gereeld elke jaar gehou word. Weer eens word sommige voorwerpe soos die vrugbaarheidspop, **madliridliri**, spesiaal vervaardig. Besondere kralesierade word vir die geleentheid gemaak en die kleredrag word ook volgens gebruik bepaal. Heelwat tegniese skeppinge word gebruik en die afsonderingstydperk word afgesluit met 'n fees wat gevier word, waar daar geëet, gedrink en gedans word.

'n Jong dogter wat nou 'n nuwe lewensfase bereik het en nou hubaar is, word ook **khomba** genoem. Tydens hierdie tydperk dra sy ook die **xanga**-kralesieraad, met klokkies wat lui as sy loop. Hierdeur trek sy die aandag van die jong manne.

Wanneer 'n jong man en meisie wil trou, speel sekere voorwerpe weer 'n rol. Die twee familiegroepes gaan 'n onderhandelingsfase binne, waartydens hulle oor die trougoedere, **lovololo** of ook **ndzovololo**, ooreenkom. Die **ndzovololo** bestaan uit beeste en/of geld en die hoeveelheid word bepaal deur die status van die dogter se familie. Die seremonies tydens huweliksluiting word deur Hartman en Kriel soos volg opgesom:



"Die seremoniële aspek van huweliksluiting behels drie opeenvolgende handeling. Daar vind eerstens 'n offerseremonie (ku phahla) in die woonkompleks van die bruid se vader plaas waartydens sy van haar eie familie en hulle voorouergeeste afskeid neem. Daarna volg die formele oordrag (ku hloma) van die bruid en uiteindelik ook die huweliksfees in die woonkompleks, van die man se mense" [1991:20].

By byna al die sosiale geleenthede, speel die vrou as moeder, as vroedvrou, as raadgewer, en as ou vrou 'n besondere rol. Alle alledaagse handeling speel binne die woonkompleks, **muti**, af en die familiegeleenthede en feeste soos troues, vind in die binneplein, **ntsendzele**, plaas. Die voorstelling van die tradisionele lewenswyse van die Tsonga in 'n tradisionele kraaluitleg van die Tsongakraal vorm 'n sirkel van slaaphutte, kookskerms en kookhutte, graanstore, offerhut, bokhut, hoenderhok en beeskraal. Hier speel die hele sosiale lewenspatroon hom af en talle tegniese skeppinge word hier gebruik. En oral is die vrou betrokke: sy is verantwoordelik vir 'n skoon erf wat sy met 'n gras- of takbesem vee; sy sorg dat die hutmure en kleivloere netjies en mooi versier is, sy versamel hout en gaan haal water en is verantwoordelik vir die voedsel en die drank vir elke dag, sowel as spesiale geleenthede. Sy moet haar man gelukkig hou en sorg vir haar eie, haar kinders en haar man se kleredrag, versierings en kralewerk vir verskillende geleenthede.

Dit is die Tsongavrou wat die miershoopklei en beesmis vir hutvloere en mure gaan haal. Ook vir kleipotte gaan haal sy haar eie klei en vir die **xirhundzu**-mandjie soek sy self dié geskikte rankplante uit. Biesies vir matte, brandhout vir pottebak, kleurstowwe vir hutmure en potversiering word deur haar versamel. En dan is daar nog die uitgebreide taak van voedselverkryging en bereiding - al hierdie ekonomiese take speel 'n rol in die sosiale ordening van die **muti**. Dit is derhalwe te verstaan, as sy later daarop aandrang by haar man om nog 'n vrou te trou wat dan kan help met al hierdie take.

- **Bevinding**

Feitlik al hierdie sosiale en sosio-ekonomiese of sosio-religieuse aktiwiteite kan gemaklik in 'n opelugmuseum uitgebeeld en uitgewys word. Feitlik die



hele reeks tegniese skeppinge van die Tsonga kan tydens een of ander aktiwiteit so in gebruik waargeneem word. Kennis van die sosiale ordening binne Tsongakultuur help om die verwantskapsnetwerk uit te lê. Die feit dat dit een man en sy vroue is wat die kraal bewoon, het 'n effek op die plasing van die hutte. In die woonkompleks, **muti**, (sien Fig. 2.1) kan gesien word wie die hoofvrou is bloot deur te let waar die ligging van haar hut is t.o.v. die ander vrouens en die hoofman se hut. Seuns- en dogtershutte is op 'n spesifieke plek, en so het alles sy regmatige plek. Die huishouding van elke vrou is altyd 'n eenheid op sigself in die **muti**, alhoewel alle gesinseenhede wat tot stand kom, met mekaar verwant is. Vergelyk die Tsongakraal se hutuitleg in Fig. 2.1 om die plasing van die hutte te sien. Die Tsongakraal is deur Kusel op grond van 'n bestaande woonkompleks te Ngove gebou. Dit uitleg verskil van die uiteensetting van Hartman en Kriel [1991:23].

Die meeste van die hutte in die Tsongakraal is vir besoekers toeganklik. Die boustrukture van slaaphutte, kookskerms, graanstore, die beeskraal, hoenderhokke ens. kan uitgewys word en seisoenaal kan die hutbouproses ook aan die besoeker vertoon word.

'n Wye verskeidenheid aspekte van die sosiale lewe van die Tsonga kan verder deur spesiale programme aan die besoeker vertoon word. Hier word daar gedink aan bv. 'n program vir volwassenes: "Een dag in die lewe van 'n Tsongaman of vrou." Besoekers sal 'n verskeidenheid aktiwiteite kan meemaak en sien waarmee die Tsonga hulle daaglik besig hou. Die belangrike sosiale rol van bier kan bv. uitgewys word: die drink van bier uit 'n kleipotjie; die aangee van die bier deur die jong vrou aan die besoeker terwyl sy kniel om haar respek te toon; die hoof van die wooneenheid wat eerste drink, **ku susa vuloyi**, om te wys dat die bier drinkbaar is; die besondere stoeltjies waarop daar gesit word. Of die verskillende wapens kan uitgewys en verduidelik word. Of die besoeker kan sien hoe die eenvoudige houtsnie-apparaat, die dissels, by die sny van 'n kerie gebruik word. Daar kan gesien word hoe kralewerk gedoen word, potte vervaardig of matte vleg word, hoe kos voorberei word. Daar kan selfs 'n musiekprogram aangebied word, waartydens al die musiekinstrumente van die Tsonga gedemonstreer word.



Dit is ook moontlik om 'n program oor tradisionele disse, en die nuttigting van veldkosse aan te bied. Die bediening van voedsel kan ook maklik in 'n opelugmuseum tot sy reg kom. Dit word aanvaar dat die museumbeampte tydens die verrigtinge die regte inligting aan die besoekers sal oordra. Anders as in 'n statiese museumuitstalling waar daar van byskrifte gebruik gemaak word, geskied die oordrag van kennis dan op lewendige, en deelnemende wyse.

Die kurator moet egter ook sensitief wees oor wat oorgedra kan word en wat liewers nie aan die gewone besoeker gewys moet word nie. Byvoorbeeld die geboorte en die "uitkom" van die baba is private aangeleenthede wat liefies nie behandel moet word nie. Dieselfde geld vir die inisiasie van jong dogters, waarby vreemdelinge nie toegelaat word nie. Hier mag 'n mens dalk foto's gebruik waarvan die deelnemers se gesigte onherkenbaar gemaak is.

2.4.6 Religieuse beskouings en rituele praktyke

Die Tsonga het 'n vae begrip van 'n opperwese, **Tilo**, wat êrens in die hemel wat ook **tilo** genoem word, gesetel is. Hierdie opperwese speel egter nie 'n belangrike rol in die lewe van die Tsonga nie. Veel eerder bestaan daar by die Tsonga die geloof in die voortbestaan van die geeste van die gestorwe voorgeslagte. Hierdie vooroueraanbidding en eerbetoon speel 'n sentrale rol in die Tsonga se religieuse lewe.

Terselfdertyd is daar ook 'n sterk geloof in towerkrag aanwesig. Twee soorte towery kom na bewering nog gereeld voor. Towerkrag wat ten kwade aangewend word, word **vuloyi** genoem. Baie beskermende voorsorgmaatreëls word deur die mense getref om **vuloyi** af te keer. Goedwillige towery word benut deur die waarsêers, **vanghoma**, en die kragdokter (kruiedokter) of **n'anga**.

Baie handeling, seremonies en rites asook beskermingsvoorwerpe kom voor om towerkrag te ontduik of om dit ten goede aan te wend.

2.4.6.1 *Die begrip godsdiens en persoonlike supernaturalisme*

Daar is gevind dat godsdiens in een of ander vorm by alle volke ter wêreld aangetref word. Godsdiens, of religie het op die mens en sy verhouding tot die bonatuurlike betrekking. Onder bonatuurlike word hier verstaan alles wat nie as natuurlik geken of verklaar kan word nie [Coertze 1965:181]. 'n Volk se godsdiens vorm 'n belangrike deel van hul daaglikse lewe. Dit is dan ook te begrype dat van die bonatuurlike verwag sal word om in alledaagse probleme soos siekte, ens., verligting te bring. Die godsdiens van 'n volk vorm 'n deel van sy kultuur en is as sodanig nou ingeweef in sy hele kultuurpatroon.

Die Tsonga glo in die bestaan van 'n menslike siel of gees wat bly voortbestaan na die afsterwe van die liggaam. Afgestorwenes staan bekend as **swikwembu**, voorouergeeste. Die idee van lewe na die dood het dan ook aanleiding gegee tot 'n verskeidenheid begrafnisrites en gebruike wat daartoe lei dat die voorvaders altyd deur hulle lewende nasate geëer word. 'n Voorbeeld hiervan is die lyk wat in 'n sittende posisie begrawe word met sy daaglikse gebruiksvoorwerpe soos sy slaapmat, eetgerei, wapens, ensovoorts, byderhand.

Manisme is egter nie net die geloof in die voortbestaan van die menslike siel of gees na die dood nie, maar sluit ook die geloof in dat hierdie geeste die lewens van hul aardse nakomelinge kan beïnvloed, hetsy ten goede of ten kwade. Vandaar dan ook dat bepaalde dienshandelinge aan die geeste gerig word ten einde hul goeie gesindheid te verseker.

Daar bestaan verskillende tipes geeste by die Tsonga bv. familiegeeste, stamgeeste en vreemde geeste. Elke familie het egter twee tipes voorouers of familiegeeste: die van die vader en van die moeder, **swikembu swa ka hina**, ons voorvadergeeste. Dan kan vreemde geeste, die Vandau en die Vangoni ook besit neem van 'n persoon se liggaam. Daarom word daar bepaalde handelinge uitgevoer om hulle tevrede te hou of om hulle goedgunstigheid te bekom. Vir hierdie vreemde geeste, **swikwembu swa van'wana** word daar ook 'n spesiale offerhutjie, die **ndhumba** of Ndau-hut, met offerplek opgerig. Hierdie hutjie vorm deel van 'n wooneenheid.



Wanneer daar meerdere vroue in die wooneenheid woon, word die **ndhumba**-hut langs die wooneenheid van die persoon wat deur die vreemde geeste beset is, gebou. Binne die hutjie word 'n spesiale altaartjie vir hierdie geeste opgerig, die **phandzi** of **ndhumba swa ndau**.

Daar is onduidelikheid oor waar die voorouergeeste presies woonagtig is. Die plekke wat genoem word, is: onder die grond waar die stat van die voorouers kan wees en waar baie beeste en landerye aanwesig is; in hul grafte waar al hul persoonlike besittings is; of in die olifantsbeen by die offerplek in die middel van die kraal, **muti**. Elke **muti** het 'n offerplek onder 'n maroelaboom, die **gandzelo ra swikwembu**, waar die voorouergeeste aangespreek word. Vooroueraanbidding en -verering word **ku phahla** genoem. Elke persoon het voorvadergeeste, waarteenoor slegs sommige individue deur vreemde geeste beset word.

Daar is vier wyses waarop voorouers hulle aan die lewendes kan bekendstel, naamlik in die vorm van diere, deur drome, deur teenspoed en deur waarsegging. Voorvadergeeste verskyn byvoorbeeld as 'n hottentotsgot of as 'n slang soos die pofadder. Hierdie diere word nooit aangeraak of gedood nie, want daar word geglo dat dit een van die voorouers is wat besoek kom aflê.

Wanneer 'n persoon van een van sy oorlede familielede droom, is hy gewoonlik bang - veral as dit nie in die droom duidelik was wat die spesifieke voorouer verlang nie. So gou as moontlik sal 'n **n'anga** genader word, sodat sy dolosse die rede vir die droom kan verklaar.

Wanneer teenspoed ervaar word, byvoorbeeld siekte, swak oeste of steriliteit by 'n vrou, word die **n'anga** ook besoek, sodat hy sy dolosse daaromtrent kan raadpleeg. Indien die rampe volgens hom nie deur towery veroorsaak is nie, is dit die werk van die voorouers. Die Tsonga glo onwrikbaar dat die dolosse, **tinhlolo**, die waarseggingsinstrument is waardeur die geeste hul wense onthul.

Daar is twee wyses waarop voorouers deur die mens gedien word, naamlik:



- **Gebed**

Dit is die woordelike aanspreek van die voorouers ten einde hul goeie guns te verseker en hulle te vereer. Ook gedurende krisistye word die voorouergeeste genader. Die familiehoof neem gewoonlik die leiding.

Gewoonlik gaan dit saam met 'n offerande. Die gebed is meestal kort en saaklik, byvoorbeeld slegs om die voorouers in te lig oor familiegebeure, soos 'n voorgenome huwelik. Dit kan ook gepaardgaan met die klap van hande, **ku phahla**.

- **Offerhandelinge**

Offerhandelinge word altyd deur die familiehoof of die oudste lewende broer van die familiehoof uitgevoer. Daar is egter offerandes wat deur 'n individu self uitgevoer kan word, byvoorbeeld wanneer 'n man 'n sekere meisie se guns wil wen, kan hy iets aan die geeste offer om hul hulp in die saak te verkry. As 'n reël word 'n offerhandeling egter nie deur 'n man uitgevoer voordat sy ouers nie oorlede is nie. Soms kan die dolosse van 'n vrou vereis dat sy byvoorbeeld die gebed tydens die offerande sê. In die hedendaagse tye waar die mans baie dikwels afwesig is, weens werksomstandighede, is dit al hoe meer die vrouens wat die voorouerverering waarneem.

Voorwerpe wat geoffer word, is byvoorbeeld 'n stukkie beesvleis of bokvleis, hoender, asook produkte, soos mielies wat van die landerye verkry is, snuif, bier, klere of materiaal. Die offerhandeling vind onder die maroelaboom by die altaar, **gandzelo**, plaas. Die voorwerpe word egter nie in hul geheel geoffer nie. So byvoorbeeld sal slegs 'n veer of die beentjies van 'n hoender by die offerplek geplaas word, terwyl die vleis deur die mense geëet word.

Wanneer 'n lewendige dier uitgesonder word vir die geeste, byvoorbeeld die wit hoender wat vir die Ndaugeeste bedoel is, mag so 'n hoender nie doodgemaak of verkoop word nie. Wanneer die hoender aan natuurlike oorsake vrek, moet dit onmiddellik met 'n lewende hoender vervang word terwyl die dooie een nie geëet mag word nie. Hierdie wit hoender word dan aan die **ndaugeeste** opgedra.

Dit is interessant om te onthou dat wanneer daar aan 'n vroulike voorouergees geoffer word, moet die offerdier van die manlike geslag wees en omgekeerd. So byvoorbeeld sal 'n haan vir 'n vroulike voorouergees en 'n hen vir 'n manlike voorouergees geoffer word.

Die offerande word in die potjie, **xijomelani**, wat ingemessel is in die offerplek, **gandzelo**, onder die maroelaboom geplaas. Die horings van beeste en bokke wat reeds geoffer is, word dan ook aan die maroelaboom se stam vasgespyker (foto 3.41).

2.4.6.2 *Onpersoonlike supernaturalisme by die Tsonga*

Daar is hier sprake van twee tipes towery, naamlik die sogenaamde "wit" of goedwillige en die "swart" of kwaadwillige towery.

- **"Wit" of goedwillige towery**

Daar word deur die Tsonga twee tipes persone onderskei wat hierdie praktyk beoefen nl. die **n'anga**, wat sy/haar praktyk aanleer, terwyl die ware waarsêer, **munghoma** 'n persoon is wat met die waarseggingseienskappe gebore word. Hierdie twee funksionaris se aktiwiteite is nie geheim nie en hulle tree openlik op. Hulle moet 'n opleidingstydperk meemaak, voordat hulle kan "praktiseer". Daar word van plante, **mirhi**, wat na bewering medisinale waarde het, gebruik gemaak. Hul werksaamhede sluit in diagnostisering van siektes, opspoor van verlore goedere, en die "uitruik" van bose towenaars. Naas die gebruik van plante, word ook dolosse as waarseggingsapparaat gebruik. **Ku hlahluva** beteken om waar te sê. Albei se dienste is gewoonlik teen vergoeding beskikbaar.

'n Baie groot aantal vrouens onder die Tsonga het die beoefening van die beroep van 'n **n'anga** aangeleer, 'n vaardigheid wat 'n ekonomiese bate is, omdat dit nie moeilik is om aan te leer nie en 'n inkomste inbring. Daar word bereken dat daar duisende vrouens in Gazankulu is wat tot die **n'anga**- gilde hoort.



- **"Swart" of kwaadwillige towery**

Hierdie praktyk staan as **vuloyi (noyi)** bekend, terwyl die mense wat "swart" towery beoefen **valoyi** genoem word. Hierdie vermoë is oorerflik en word van die moeder verkry. 'n Vrou sal dit aan al haar kinders kan oordra deurdat daar geglo word dat die kind dit verkry, terwyl hy aan sy moeder se bors gevoed word. Gewoonlik sal so 'n moeder na bewering een van haar kinders nie aan haar laat drink nie en sal so 'n kind ook nie die "krag" ontvang nie. Dit word gedoen, sodat die kind byvoorbeeld in die plek van een wat dalk van bese towery beskuldig word kan gaan, en as beskerming vir die ander kinders kan dien.

Die **valoyi** ken mekaar en vorm in 'n stam 'n soort "geheime organisasie". Hulle aktiwiteite word geheim gehou. Hul tree slegs gedurende die nag op. Hulle word deur die res van die stamlede gevrees. Hul werksaamhede draai gewoonlik om die vernietiging van lewe of die beskadiging of steel van eiendom. Die vernietiging van lewe (moord), word aangevuur deur haat en jaloesie. Daarom word die wooneenheid en 'n persoon se woonplek altyd deur die **n'anga** teen die **valoyi** se aktiwiteite behandel. Sekere beskermende plante, **mirhi**, word vandag nog gereeld onder die drumpel by die ingang van elke hut, by die hoofingang na die stat en op die paaie wat na die woonkompleks voer, geplaas.

Die aktiwiteite van **valoyi**, word as 'n ernstige "kriminele" oortreding beskou en is in die verlede gewoonlik met die dood gestraf. 'n Mindere straf (of "sagste" straf) is verbanning. Dit is egter ook 'n baie ernstige oortreding om 'n persoon van towery te beskuldig. Daarom sal niemand, al weet hulle wie die **valoyi** is, van daardie persone sê dat hulle besig is met **vuloyi** nie.

- **Taboe**

Taboereëls hou verband met die geloof dat onpersoonlike bonatuurlike krag outomaties losgelaat kan word ten nadele van 'n persoon of gemeenskap, indien voorgeskrewe gedragsreëls oortree word. Taboe word in Tsonga **yila**, genoem. Daar is verskillende soorte taboe's. Enkeles word hier genoem:



Daar is taboe's wat verband hou met die daaglikse aktiwiteite van die vrouens. Potte wat gebak word, mag nie met sout in aanraking kom nie. Vrouens wat nog vrugbaar is, mag nie in die beeskraal gaan nie. Die lande mag nie bewerk word direk na 'n haelstorm nie. Niemand mag 'n hut bou, voordat so 'n persoon nie getroud is nie. Die abbavel mag nie gemaak word voor die geboorte van die kind nie. Volksverhale mag nie voor die son gesak het, vertel word nie. Niemand mag van die oes pluk of eet voordat daar nie eers aan die voorouergeeste geoffer is nie, d.w.s. voor "die fees van die eerste vrugte" nie plaasgevind het nie.

- **Bespreking**

Die religieuse lewe van die Tsonga is een van die moeilikste fasette van hul kultuur om aan die besoeker oor te dra. Die gebruikmaking van 'n sogenaamde "toordokter" wat die toekoms voorspel, is 'n populêre en sensasionale manier om besoekers te lok, maar dit gee vir die oningeligte 'n totale verkeerde beeld van die ingewikkelde religieuse struktuur van die Tsonga.

Die museum moet versigtig wees om verkeerde inligting oor te dra en daarom moet daar goed gedink word hoe die godsdiens van die Tsonga op verstaanbare wyse uitgebeeld kan word. Dit moet saamgaan met 'n teoretiese beskrywing van die religieuse lewe en besoekers wat wil ontspan, is meestal nie lus om na praatjies te luister nie.

In die Tsongakraal-Opelugmuseum word die offeraltaar vir voorouergeeste, **gandzelo ra swikwembu**, aan besoekers gewys, maar net langsaan staan die **ndhumba** hut vir vreemde Ndaugeeste. In die werklike lewe staan die twee offerplekke nooit bymekaar nie.

Die **ndhumba**-hut of ndauhut sal by die persoon, wat deur die Ndaugeeste beset is, se hut opgerig word en binne in die hut is die offerplekkie wat bestaan uit 'n gevurkte tak wat in die hutvloer gemessel is. Onder hierdie offerplek vir Ndaugeeste, **ndhumba ra Ndau**, of **gandzelo ra van'wana**, (die altaar vir vreemde geeste) lê die persoon wat ndaugeeste het, se kleredrag, kopbedekking en ander artikels. Hierdie items sluit in:



kralesierade, snuifbotteltjie, **mfuku**, amulet, **xitshungulo**, gordels, **xifunga**, ens. Krale wat gebruik word, is hoofsaaklik wit en rooi gekleur. Vyf soorte lap word gewoonlik in 'n spesiale mandjie, **ntundzwani**, ook onder die tak geplaas. Die lappe wat hierdie persoon, volgens voorskrifte van die ndaugeeste, gewoonlik moet hê is een spierwitte, **rigidawa**, een swarte **lopa**, een blou/wit geblokte **mpalu**, een rooie, **siyandhani**, asook 'n rooipers-en-wit lap, **njeti** genoem. Laasgenoemde tref 'n mens orals in die winkels in en naby Gazankulu aan (foto's 5.82, 5.83).

Onder hierdie boomtak, **ndhumba ra ndau** of **phandzi**, vind 'n mens ook baie medisynebotteltjies. Klein kalbassies word ook as medisynehouers gebruik (foto 2.8). Hierdie medisynehouertjies van kalbas word **xinhunguvani** genoem. Medisyne, **mirhi**, word ook in 'n velsakkie, **nthevele**, of in 'n mandjie gevleg van **milala**-palmblare, gehou. 'n Handrattel, **njele**, meestal gemaak van kalbasse met 'n stok daarin gesteeek, word gebruik tydens seremonies en tref 'n mens ook op die **ndhumba ra ndau** aan, sowel as 'n klein handsakkie, **funeko**, waarin die persoon se dolosse gehou word. In die hutjie hang daar gewoonlik ook 'n slaapmat, **sangu**. Verskeie gekerfde houtbakke en borde staan ook gewoonlik daar waarin kruiemengsels bewaar word. Daar sal meestal ook 'n stel van drie tromme wees, wat gebruik word tydens danse wanneer die persoon haarself in beswyming dans. 'n Rooi doek met wit krale daarop geborduur, sodat die resultaat soos wit kant lyk, (foto 5.22), is ook dikwels deel van die uitrusting. Soms het die persoon ook 'n soortgelyke groen/blouerige doek. Hierdie doek word om die onderlyf gewikkel (sien foto 5.16). Tydens seremonies en danse hou die geesbesette persoon 'n waaierbesempie, **xiphunga**, van 'n hienastert in sy hand. Hierdie **xiphunga** is ook deel van die bykomstighede (foto 5.83).

'n Besondere amulet wat met die voorvadergeeste verband hou en wat 'n persoon as spesiale beskerming teen bose invloed dra, word **mhamba** genoem (foto 5.5). Hierdie **mhamba ya xikwembu** word in hoofstuk 5.1 oor kralewerk bespreek.

By die offerplek vir die voorouergeeste, **gandzelo ra swikwembu**, tref 'n mens ook 'n paar voorwerpe aan wat oorspronklik in die ekonomiese lewe



gebruik is, maar waarvan die funksie nou verander het na voorwerpe wat binne die religieuse konteks gebruik word. As voorbeeld kan die skoffelpiklem, **xikomu**, genoem word. Die lem is oorspronklik in die akkerbou gebruik. Later is skoffelpiklemme ook as trougoedere oorhandig. Nou vorm die **xikomu** deel van die voorwerpe wat op die altaar, **gandzelo**, gevind word. Dit word nou in religieuse konteks gebruik om die vrouens van die woonkompleks, wat die akkerbou beoefen, te simboliseer. Vlakvarktande word ook aangetref as simbool vir die jag wat deur die mans beoefen word. Die olifant tand by die **gandzelo** is een van die moontlike woonplekke van die voorouergeeste, soos ons reeds genoem het. Die kleipotjie kry ook hier 'n religieuse funksie. Hierin word die offerandes soos bier of 'n stukkie vleis geplaas. Verskeie tegniese skeppinge word tydens godsdienstige handeling en rites gebruik. Ten opsigte van godsdiens is dit egter nie so maklik om te besluit wat 'n mens wil uitstal of demonstreer en watter aspekte liever nie aan die algemene publiek vertoon behoort te word nie. Daar bestaan 'n probleem rondom die propagering van die geloof in voorouergeeste en towery en daarom kan daar nie voorgestel word om offerseremonies vir toeskouers uit te voer nie. Die uitwys van die **gandzelo ra swikwembu** en die hutjie van die Ndaugeeste by die Tsongakraal met bygaande verduidelikings is voldoende om vir die besoeker die verskil in godsdiens uit te wys. Daar kan genoem word dat hierdie twee struktuurtjies nog baie algemeen in Gazankulu voorkom.

Taboereëls beheers die Tsonga se daaglikse lewe. Dit sluit in take wat óf gedoen moet word of vermy moet word om onheil vir die lewendes te voorkom. Bv. sout mag nie tydens die pottebakproses met die kleipotte in aanraking gebring word nie. Die kleipotte sal na bewering tydens die bakproses bars. Tydens die bou van 'n nuwe woonkompleks is dit 'n taboe om sekere bome met 'n hol stam te laat staan. Hierdie boom word altyd verwyder, want die hol stam sal die bloukopkoggelmander aanlok wat weer die weerlig aanlok [Küsel s.a]. Hierdie inligting is deur Küsel in sy navorsing in die vroeë sewentigerjare bekom. Hy wou graag so 'n boom in die kraal behou, maar sy segspersoon en raadgewer tydens die bou van die Tsongakraal het botweg geweier. Nadat Küsel vir hom verduidelik het, dat hy graag hierdie boom aan museumbesoekers wou uitwys, het die informant

ingestem op voorwaarde dat die boom deur die **n'anga** teen die bose invloed soos weerlig behandel sou word.

2.4.7 Volkseie kultuurgoedere

2.4.7.1 Taal en folklore

Die taal van die Tsonga, **Xitsonga**, word nie eenvormig gepraat nie. Aangesien die mense uit verskillende groeperinge bestaan, vind ons 'n verskeidenheid dialekte. Taalstudie is spesialiswerk wat deur linguïste onderneem moet word en val buite die bestek van hierdie geskrif. 'n Mens moet egter onthou dat:

"A careful study of their Swivongo (familie praise names) shows that they are not an original specific tribal entity, but a fusion of various elements the one and only element in the formation of the tribe was language"

[Potgieter(ed) 1973:600].

Die baie dialekte wat meebring dat 'n voorwerp verskeie benamings het of verskillend geskryf word, het die taak van navorsing baie bemoeilik.

Naas suiwer taal en dialekstudie is die studie van die raaisels, stories, volkverhale, legendes, kuns en liedjies van die Tsonga van besondere belang. Hierdie gedeelte van taalstudie laat 'n mens begryp hoe die Tsonga oor die wêreld en die lewe dink [vgl. ook Junod 1938:25-83]. Die Tsonga is bekend vir hul rykdom aan volksverhale en legendes [vgl. ook Junod 1897; Junod 1927, II:227-237]. 'n Hele aantal raaisels is deur hierdie skrywers versamel, en aan spreekwoorde ontbreek dit die Tsonga hoegenaamd nie. Junod [1973] het altesame 1671 versamel en gepubliseer in "The Wisdom of the Tsonga-Shangana people". Ook die byname wat Tsonga aan ander, ook blankes gee, dui op hul skerp waarnemingsvermoë en sin vir humor.

Deur kennis op te doen van die Tsonga se idiome, volksverhale, raaisel ens. kry 'n mens



".....a true picture of the wisdom of the Africans, they are the best indication of their rules of conduct, they are the proof that the Umntu has a soul, and that under his black skin beats a genuine human heart, a heart.....full of interest".

[Junod 1938:57].

Hierdie materiaal behoort in 'n opelugmuseum bruikbaar te wees.

Die Tsonga se geskiedenis is ook vir eeue van een geslag na die volgende oorgedra. Stories van die verlede, **matimu**, en die algemene geskiedenis van die Tsonga, **matimu ya swa khale**, is deur uitgesoekte persone gememoriseer wat dit dan weer in sy of haar leeftyd aan die volgende persoon geleer het. Sodoende het die oorlewering van hierdie volksverhale gesorg dat die geskiedenis nie verlore geraak het nie.

In die aand om die vuur is dit storietyd. Hier word al die "letterkunde" voorgedra en oorgedra na die volgende geslag. Hierdie geleentheid gee ook aan die storieverteller, **garingani**, kans om sy teatrale aanleg uit te leef. Dit is 'n taboe om voor die aand met die vertel van stories en legendes te begin [Junod 1927, II:210-212]. Storievertellers kan van beide geslagte wees en beide oud en jonk neem daaraan deel. Die beste akteurs en geheues word egter aan ouer vrouens toegeken. Elke storieverteller begin sy storie altyd met die woord **garingani-wa-garingani**. Daar word geëindig met **choyoyo**.

Uitbeelding en voordrag van stories, liedjies, raaisels ens. kan tydens spesiale programme of kampvuuraande in 'n museum voorgedra word. Dit dra daartoe by om die Tsonga beter te leer ken, of vir ander Tsonga om hulle eie volksverhale te hoor. Raaisels, spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkings van die Tsonga kan op kaarte geskryf word en aan die besoeker gegee of verkoop word. Liedjies en stories kan tydens 'n kinderprogram vir die kinders geleer word. Dit is alles wyses waarop hierdie deel van die Tsonga se kultuur in 'n museum van betekenis gemaak kan word.



2.4.7.2 *Musiek en musiekinstrumente*

Musiek vorm 'n integrale deel van 'n volk se bestaan. So hang die Tsonga se musiek ten nouste saam met klanke, ritme, dans, sang, handeklap, en die bespeling van musiekinstrumente. Dit vertel vir die toehoorder iets van hul geaardheid en volkskarakter. 'n Vergelyking tussen bv. Tsongadansers en Zuludansers wys vir die toeskouer dadelik dat die Tsonga 'n rustige, vreedsame en vredeliewende geaardheid het, terwyl die stryd lustigheid van die Zulu in hul danse waargeneem kan word.

Musiekinstrumente - hul bespeling sowel as hul vervaardiging - het nie net 'n sosiale of vermaaklikheidsrol nie. Die instrumente word ook bv. bespeel tydens die fees van die eerste vrugte, tydens seremoniële offerhandelinge en ander feeste en hang dus ten nouste saam met al die ander fasette van 'n kultuur.

Die volgende musiekinstrumente kan by die Tsonga onderskei word:

- **Skudinstrumente:** bv. ratel, **njele** - 'n tipe handratel. 'n Verskeidenheid van ratels kom voor, bv. ratels gemaak van **milala**-palmblare, van sade van sekere bome en van koekonne. Dit word om die bene gedra tydens danse. Ook ratels van 'n kalbasspesie, die snuifkalbassie, **marhonge**, word vervaardig.
- **Slaginstrumente:** bv. tromme. 'n Verskeidenheid tromme kom voor soos die **ndzumba**, 'n langwerpige trom, of die **ngoma** en **ngomani** wat veral tydens die inisiasierites gebruik word. 'n Besondere groot trom word **munchinchi**, genoem en 'n kleiner een, die **xikolombane**. 'n Mens tref ook by die Tsonga tamboeryne, **macomani**, aan wat hoofsaaklik geslaan word tydens die danse vir die uitdrying van geeste.
- **Blaasinstrumente soos die blaashoring en fluite:** Die blaashoring, **mhalamhala**, word van koedoehoring gemaak. Die **mhalamhala** is die instrument wat mense bymekaar roep want dit kan ver gehoor



word. Dit word veral geblaas om mense vir 'n vergadering te roep. Ook tydens danse blaas vrouens die **mhalamhala**.

Fluite wat by die Tsonga voorkom, is die **nanga**, duikerhoringfluitjie, die **xiwaya** wat van die vrugtedoppe van die snuifkalbassie, *Oncoba spinosa* gemaak word, waarin drie gaatjies geboor word, en die fluit gemaak van bamboesriet **muqangala**, wat baie kunstig met inbrandwerk versier word. Die **nanga** word tydens danse gefluit en bees- en bokwagtertjies gebruik die fluitjie as hulle in die veld die diere oppas. Die **xiwaya** en **muqangala** word nie tydens spesiale geleenthede maar eerder vir die genot daarvan bespeel. Twee persone blaas die **xiwaya** in afwisseling sodat die 'n roep- en antwoord speletjie word.

- **Snaarinstrumente:** Die volgende snaarinstrumente kan by die Tsonga onderskei word. Onder die musiekboë kry ons die **xitende** - 'n houtboog met kalbasresonator en 'n styfgespande kopersnaar wat met 'n stokkie getik word. In die middel word die snaar met 'n toutjie styfgespan om die instrument te stel. Die **xipendana** is 'n musiekboog met 'n kopersnaar waar die mond as resonator gebruik word. Die **ximbvekembveke** is 'n tipe viool. 'n kalabas dien weer eens as resonator en 'n stokkie word gebruik om die styfgespande kopersnaar te stryk. Die **xizambi** is 'n baie eenvoudige musiekbogie met 'n snaar van die milalapalm. Die boogstok word met 'n handratel gestryk en die mond dien as resonator. Die **mbila** is 'n vingerklavier waar ysterklawers op 'n stuk hout aangebring en binne in 'n kalbas gespeel word wat as resonator gebruik word. Die **xitiringo** is 'n versierde riet met 'n snaar wat ook deur beeswagters bespeel word.

Al hierdie musiekboë word individueel, en vir die genot van die musikant gespeel. Dit is solo-instrumente en word nie tydens danse gespeel nie, maar die speler speel dit terwyl hy voor sy hut sit of as hy op reis gaan.

Alle musiekinstrumente word nie deur almal bespeel nie. Ouderdom, rang, status, en geslag bepaal wie wat mag bespeel. So bv. word snaarinstrumente net deur mans bespeel en slaginstrumente meestal deur ouer vrouens.



Seuns mag dit nie bespeel nie. Dromme word meestal deur vrouens of dogters bespeel, maar nie deur seuns nie.

Vir hierdie studie is van belang dat vrouens ook sekere musiekinstrumente mag bespeel. Uitstallings van musiekinstrumente en spesiale programaanbiedings van Tsongamusiek, is altyd interessant en esteties prikkelend. Die opelugmuseum is 'n geskikte plek waar alles rondom die Tsongamusiek uitgebeeld, verduidelik, en prakties gedemonstreer kan word. Ook die kulturele samehang moet verduidelik word. Musiek en ritme verleen 'n kleur- en klankvolle karakter aan enige dooie museumuitstalling. By die Tsongakraal word reeds 'n paar instrumente gedemonstreer tydens die daaglikse rondleidings. Wanneer kampvuuraande gehou word, word baie instrumente gedemonstreer en die kleredrag en bykomstighede wat gedra word, kom tot hul reg. Spesiale programme oor die vervaardiging, kategorisering, bespeling ens. is een van die aangenaamste ondervindings van die besoeker aan die museum, waartydens ook die interafhanklikheid van die kultuurfasette op 'n eenvoudige manier uitgebeeld kan word.

2.4.7.3 Gebruiksartikels

Bruwer verdeel alledaagse gebruiksartikels in die volgende kategorieë: kleredrag, ornamente, huisartikels, bedryfsgereedskap, en wapens [1963:116]. Hierdie kategorisering sal hier gebruik word. Die afdeling oor wapens word egter weggelaat, omdat die vreedsame verlede van die afgelope meer as honderd jaar kennis oor wapens by informante laat vervaag het.

Die feit dat die Tsonga altyd in tsetsevlieg-besmette gebiede gewoon het, het waarskynlik daartoe bygedra dat die bees, anders as by die Nguni, Sotho en Venda, 'n minder belangrike rol t.o.v. die religieuse en sosiale seremonies speel. Dat hulle wel beeste aanhou, is reeds bespreek.

Die Tsonga word veel eerder as 'n landbouvolk in teenstelling tot 'n herdersvolk beskou.

"Hulle openbaar 'n fyn kunsgevoel in hulle houtsniewerk, vlegkuns, musiek en toneelkuns" [Bruwer 1963:24].

Die nekstutte, **swiqamelo**, en snuifbotteltjies, **minfuku**, in museums en privaatversamelings is besonder kunstig gesny. So ook kieries, houtbakke en mandjies, wat mans vervaardig. Dié mandjies wat vrouens maak, **xirhundzu**, is besonder fyn en netjies afgerond.

- **Kleredrag, ornamente en versierings**

Soos alle mense het ook die Tsonga vroeër hul kleredrag van velle vervaardig, maar weens hul vroeë kontak met handelsvolke uit die ooste, en later met Portugal, het die Tsonga gou kennis gemaak met geweefde materiaal en ook klere daarvan gedra, meestal deur die stukke materiaal om die liggaam te drapeer. Soms word dit oor een skouer geknoop en soms net bokant die borste. Mans het slegs hul lende omgord.

Junod [Duggan-Cronin 1935:13], wat die Tsonga in Mosambiek asook die Transvaal-Tsonga bestudeer het, skryf dat merkbare uiterlike veranderinge plaasgevind het.

".....there is little in common now between the Nkuna or Spelonken woman arrayed in a beautifully beaded skirt (the N'wandindana), and the Thonga woman of the past who wears merely a strip of cloth (Kapulana) fastened above the breast"

(sien ook Junod 1927, II:91-92).

Baie verwysing na die "Capelana" asook krale as handelsruilmiddels kan in Das Neves gelees word [1987:227-228].

Die Transvaalse Tsongavrouens is nog steeds lief om ".....pieces of unshaped material, which they call Kapulana....." te dra. [Duggan-Cronin 1935:13] Hier in Gazankulu word dit **nceka** genoem.

Die Tsonga in Mosambiek was bekend daarvoor dat hulle materiaal vervaardig het van boombas. Verwysings na die basmateriaal kan nagegaan word in Earthy [1968:43, 60, 123-125]; en Junod [1938:105].

Ook wilde katoen, *Gossypium herbaceum var. Africanum*, kom oral in Suid-oos-Afrika tot in Transvaal voor. Dit is bekend dat die Tsonga van



Mosambiek hul eie materiaal hiervan gespin en geweef het. Dit blyk duidelik uit geskrewe en mondelinge historiese gegewens, asook linguistiese bewyse:

So haal Davison and Harris o.a. Vasco da Gama aan wat in 1498 suid van Sofala, Mosambiek, die volgende waarneming gemaak het:

"People go naked, mainly wearing a piece of cotton stuff around their loins, that worn by the women being larger than that of men"

[1980:178]

en verder:

"In the eighteenth century Dutch and British seafarers commented on the handwoven cotton cloth worn by women in Delagoa Bay area, and there is reference to this type of cloth there being worn as late as 1823. In the Mabudu chieftdom to the south of Delagoa Bay wild cotton is known to have been spun and woven into cloth. Oral tradition confirms that Tsonga speaking people living in the Limpopo and Sabi Rivers wore similar cotton cloths and archival records refer to the manufacture of cloth in parts of the Gaza Empire"

en verder:

"It seems likely that cotton weaving technology was taken across the Limpopo into die Venda areas of northern Transvaal and into the Tsonga areas of southern Mozambique and northern Natal by Shona migrants moving southwards in the seventeenth century"

[Davison and Harris 1980:178].

Taalkundige bewyse kry ons van voor die Portugese invloed: **Wilde katoen** (Shona: **dorye**; Chewa; **thorye**; Venda: **mudale**; Tsonga: **busale**); **handgeweefde materiaal** (Shona: **machira**. Venda: **masila**; Tsonga: **isila**; Noord-Sotho: **masela**). Geen terme vir bg. word onder die Nguni aangetref nie, [Davison 1980:178]. Die tegniek word nie meer toegepas nie en het vermoedelik vir altyd verlore geraak.

Vandag het die Tsonga 'n baie kenmerkende kleredrag. Hedendaagse kralewerk en versiering sal meer in detail in hoofstuk 5 bespreek word. Junod meld dat die Tsonga eers in die Transvaal en moontlik onder Transvaal-Ndebele invloed



".....acquired a most picturesque original mode of dress"
[Duggan-Cronin 1935:13].

Earthy beskryf pragtige kralewerk-bykomstighede vir versiering asook magiese gebruike onder die Lenge vrouens [1968:59-60]. Alhoewel heel verskillend van die Transvaal-Tsonga-kralewerk is daar tog ook ooreenkomste in tipes, vervaardigingswyse, tegniek en motiewe.

Wat van belang is, is dat die Tsonga vandat hulle hulle in Transvaal gevestig het, hul eie kenmerkende styl in kleredrag, bykomstighede en versierings ontwikkel het, dat die vrouens baie tyd, moeite en aandag hieraan bestee, asook dat sekere stukke tot vandag toe nog vervaardig en gedra word, ten spyte daarvan dat krale deesdae byna onbekostigbaar is.

Die kleurvolle en mooi kleredrag en versiering van die Tsongavrouens en die uitstalling en vertoon daarvan hoort by uitstek in 'n museum tuis. Naas direkte uitstalling moet die samevoeging van kleredrag ook aan die personeel in die opelugmuseum sigbaar wees. Daar moet onderskeid gemaak word tussen alledaagse drag en versiering en geleentheidsdrag en versierings. Laasgenoemde sal in 'n museum alleen tot sy reg kan kom as daar iets soos 'n modeparade georganiseer kan word. Ook tydens kampvuuraande waar danse en musiek gedemonstreer word, kom die uithang-kleredrag tot hul reg. Hierdie aspek word reeds suksesvol by die Tsongakraal aangewend.

Die kleurvolle doeke wat die vrouens dra, strek ook oor 'n wye spektrum. Eerstens is daar die doeke, **minceka**, wat in winkels gekoop kan word, wat voldoen aan die Tsongavrouens se liefde vir helder kleure en verskeidenheid. 'n Ander verskynsel is dat die vrouens swart materiaal koop en dan met enige soort helderkleurige wol of garing, asook krale verskillende motiewe daarop borduur. In die jongste tyd is wit lappe baie gewild. Daar word self gebruik gemaak van mieliemeelsakke, waarop die handelsnaam en motiewe dan deur die vrouens bestik word. Al hierdie ontwikkelinge t.o.v. kleredrag behoort in 'n museumversameling opgeneem te word vir bewaring, omdat dit die heersende gees van ons tyd weerspieël (foto's 5.65 - 72).



- **Huishoudelike artikels en bedryfsgereedskap**

Die belangrikste huishoudelike artikels en gereedskap wat met voedselverwerking te doen het, is reeds genoem. Samevattend kan genoem word dat die belangrikste huisartikels van die Tsonga bestaan uit erdewerk, houtwerk, vlegwerk en kalbasse. Die Tsongavrou vervaardig en benut erdewerk, behartig die aanplant, verwerking en benutting van kalbasse, en sy doen ook vlegwerk. Die mans vul die vrou se huishouding aan met voorwerpe uit hout gekerf, soos houtborde, lepels, roerspane, stampblokke en die klein vysel en stamper, asook sekere soorte vlegwerk soos mandjies, handsakke, biersiwwe, ens. Al hierdie artikels word met hul eiehandig-vervaardigde gereedskap bewerk.

Alle ander gebruiksartikels, wapens, religieuse bykomstighede uit velle, soos velklere en medisynesakkies, en voorwerpe van horing, been, yster, koper en ivoor word deur die mans voorsien. Sommige voorwerpe uit die natuur word in hul natuurlike toestand aangewend soos bv. verskeie soorte klippe, skulpe, sade en saaddoppe. Klippe is bv. gebruik as hamerklippe, kapgereedskap (maroelaneute), as ambeeld, om kleivloere mee glad en blink te vryf en as polysklippe in die potvervaardigingproses. Skulpe is gebruik as skep- en skraapgereedskap tydens soutontginning, of as versierings ens. Sade soos bv. die **thamula**, kameelspoorboom, word ook tydens pottebakkerij gebruik. Saaddoppe word gebruik as houers, vir musiekinstrumente ens.

2.4.8 Samevatting

'n Beskrywing van die materiële en geestelike kultuur van die Tsonga laat 'n mens duidelik sien hoe die spesifieke volk leef, dink, handel en voel. Die Tsonga besit beslis nog 'n eiesoortige kultuurkarakter en vrouens speel 'n groot rol as kultuurdraers.

Uit die bogaande kort oorsig van die materiële kultuur van die Tsonga, veral in die meer historiese konteks, blyk dit duidelik dat daar op feitlik alle terreine van die lewenswyse iets is wat in die opelugmuseum aan die besoeker getoon kan word. Wat betref die take en verantwoordelikhede van



die vrou, het haar dae egter nie net bestaan uit die versamel en vervaardiging van praktiese gebruiksgoedere nie, maar ook menige ander pligte het op haar skouers gerus soos koskook, klerewas, kinders versorg, leer, grootmaak en oppas, ens.

In die landerye was die pligte menigvuldig en die insameling van veldkos het ook sy tyd geverg. Vir spesiale geleenthede moes bier gebrou word en die hutte moes ook gereeld oorgepleister en versier word. Sy moes ook haar rol speel tydens danse, feeste en verskillende seremonies soos geboortes, inisiasie, huwelike ens.

'n Opsomming van die verskillende rolle wat mans en vrouens in die sosio-ekonomiese en religieuse lewe verrig, dra by tot 'n samehangende begrip van hierdie volk se kultuur.

2.4.8.1 *Die rol van die man*

Die man het as hoof van sy gesin(ne) sekere verantwoordelikhede, regte en voorregte, maar sy belangrikste taak is om die gesinne-eenheid bymekaar te hou, te beskerm teen alle gevare, en toe te sien dat hulle genoeg voedsel het, alhoewel hy nie self daardie voedsel verbou of voorberei nie.

Om sy gesinne te kan beskerm teen alle gevare, is die man se rol ook polities van aard: in tye van oorlog is die mans soldate, hulle hou krygsraad en veg. In nie-oorlogstye sit die mans vir ure in hulle **vandla** en gesels en reël die politieke sake.

Die man speel hy ook op ekonomiese gebied 'n rol. Alhoewel die vrouens eintlik die akkerbouers is, help die man op menige gebied: hy bou die graanstore en help om die oeste daar te stoor, hy berei die stellasioe voor wat in die veld opgerig word waarop gewasse in die son gedroog word. Hy bou ook die rak in die hut waarop die mandjie staan met die saad vir die volgende jaar, en natuurlik is hy ook die jagter.

Ook op religieuse gebied vervul die man 'n besondere rol: hy is as die senior persoon die skakel tussen sy gesinne en hul voorouergeeste. Sy status word ook om dié rede gerespekteer.

Ander pligte en bedrywighede van die mans omvat die volgende:

- Hulle bou en herstel al die hutte
- Hulle is verantwoordelik vir die beeste; dit is 'n taboe dat vrouens enigiets met die beeste te doen het.
- Mans vervaardig die meeste huishoudelike benodighede soos die stamper en stampblok, alle houtvoorwerpe, verskillende mandjies, ystervoorwerpe soos skoffelpikke wat in die klein ystersmee-oond vervaardig word, velle wat tot velklere gebrei en voorberei moet word.
- Visvang en jag het ook 'n groot deel van die man se tyd opgeneem. Vroeër het hulle ook baie tyd spandeer om oor en weer by vriende te kuier en het soms lang afstande gereis.

Die mans word nie deur hulle vrouens as lui beskou nie, intendeel as die oeste klaar ingebring is, berei sy spesiaal bier vir haar man as dankbetuiging dat hy haar gehelp het.

Aangesien die grootste deel van die man se aktiwiteite buite die wooneenheid is, moes daar spesiale reëlings getref word om bv. houtsneewerk, die smidsbedryf e.a. binne in die Tsongakraal te bring sodat 'n beter geheel uitgestal kan word.

2.4.8.2 *Die rol van die vrou*

Die dag van die vrou is altyd vol pligte.

Buiten haar gewone huishoudelike pligte soos houtsoek, water aandra, koskook, klerewas, kinders versorg, grootmaak en oppas, het sy nog menige ander pligte:

Waar die Tsongaman verantwoordelik is vir die beeste en bokke, is die Tsongavrouens weer uitsluitlik die akkerbouers : sy moet die grond bewerk



(omskoffel, saai, oppas en die voëls verjaag en oes). Verder moet sy veldkos versamel, en alle voedsel voorberei en kook. Dit sluit byvoorbeeld in:

- om die mielies met die stampblok en stamper fyn te stamp
- om mopaniewurms te versamel, uit te druk, te droog of te braai
- om groente te versamel, voor te berei en te droog
- om grondbone aan te plant en te oes, te droog en fyn te stamp
- om maroelaneute te kap, en om die neute uit te haal.

Verder is die vrouens ook verantwoordelik vir die brou van bier - vir hul mans en vir al die feeste en seremonies wat gereeld voorkom. Bier word in die somermaande van maroelas (foto's 2.10 a-d), graansorghum, mieliemeel en mout gemaak. Ook milalapalmwyn word verkry waar daar palms voorkom.

Die vrouens was ook die soutkooksters. Die Tsonga het nog al die jare hulle eie sout ontgin.

Een taak wat uitsluitlik deur vrouens uitgevoer word, is die pottebakkerskuns en alles wat daarmee verband hou. By sommige stamme sal al die vrouens potte maak vir hulle eie gebruik; by ander soos by die Tsonga is net sekere vrouens pottebaksters.

Ten opsigte van hutbou is dit die mans wat die hutte bou, maar dit is die taak van die vrouens om die vloere te maak en te smeer, die mure te pleister en die versiering van die hut uit te voer.

Alhoewel die mans die mandjies vleg, is daar een soort mandjie wat deur die vrouens gemaak word, die **xirhundzu**. Matteweef en sisaltou maak is ook hulle taak. In hulle vryetyd vervaardig vrouens ook kralesierade. Verder speel elkeen natuurlik ook haar rol tydens danse, feeste en die verskillende seremonies soos geboorte, inisiasie, huwelike, ens.

Die dag van 'n Tsongahuishouding word rondom die vuur afgesluit. Nadat die vrouens die kos voorberei het en elke vrou 'n bordjie pap vir die man

gebring het, self geëet het en die kinders versorg het, gaan sit almal om die vuur en dan word volksverhale vertel, raaisels gevra en speletjies gespeel.

2.4.9 Samevatting en gevolgtrekking

Geologiese verskynsels het meer as 'n duisend jaar gelede reeds mense na die southoudende warmwaterbronne in die Laeveld gelok. Die aanwesigheid van menslike bedrywighede is deur argeologiese opgrawings bewys. Geen bewyse bestaan, wie die vroegste bewoners was wat in die Vroeë Ystertydperk die sout ontgin het nie. Dat die Sotho en die Venda wat vroeër as die Tsonga met die navorsingsgebied geassosieer word, moontlik vir 'n tydperk by die soutwerkterrein bedrywig was, word uit die Tsongagebiede aan die voorvadergeeste duidelik (Hoofstuk 4). Vanaf die jonger historiese periode het die Tsonga die gebied op hulle handelstogte van die ooskus na die Soutpansberg en tot in Zimbabwe deurkruis. Pre-histories moes die mense wat in daardie tyd Mosambiek bewoon het reeds deur die huidige Laeveld op hul handelstogte beweeg het.

Vir ongeveer een honderd jaar voor die koms van die blankes na die Laeveld in 1920 kan die Tsonga met die soutwerkterrein verbind word. Die historiese, argeologiese, geologiese en etnologiese waarde van die Eiland-soutwerkterrein, het tot die besluit gelei om 'n Tsongakraal-Opelugmuseum langs die ou Mamatsapispruit op te rig.

Die fisiese strukture in die Opelugmuseum en die aktiwiteite wat in hierdie hoofstuk beskryf is, dui op die omvangryke teenwoordigheid van die vrou tydens die alledaagse lewensproses. Baie aktiwiteite in die Tsongakraal hou verband met die Tsongavrou se daaglikse lewe.

'n Mate van kunsmatigheid sal egter altyd teenwoordig wees in enige gerekonstrueerde museumopset. In die formele museumuitstallings lê die kunsmatigheid veral daarin dat dit 'n lewelose uitstalling is, waarby die voorwerpe uit hul natuurlike konteks geruk is, en daar selde daarin geslaag word om vir die besoeker 'n outentieke prentjie van die lewe te skilder. 'n Opelugmuseum slaag beter in die doel om 'n lewenswyse uit te stal, omdat die volle aksie binne die konteks waarin dit uitgeleef word, waargeneem kan



word. Die kunsmatigheid wat hier, en meer spesifiek by die Tsongakraal voorkom, is geleë in praktiese aspekte soos:

- **Finansiële oorwegings:** Die mense wat in die kraal woon en werk is betaalde werknemers. Daar kan nie werklik een man met sy agt vrouens, getroude seuns met hul vrouens, kinders ens. onderhou word nie. Daar is derhalwe net soveel persone as wat bekostig kan word by die Tsongakraal werkzaam. Die personeel is so gekies om die uitbeeldbare ambagte te verteenwoordig. Gevolglik is daar meer mans as vrouens, en hulle is nie eens aan mekaar verwant nie.
- **Menslike faktore:** Die mense wat daar woon en wie se werk dit is om die tradisionele lewenswyse uit te beeld, leef nie in werklikheid meer so tradisioneel nie en het in die agtergrond moderne hulpmiddele soos horlosies, radios, fietse, aluminium kookpotte, asook Westerse kleredrag. Hulle is in kontak met die buitewêreld en het almal 'n eie tuiste "by die huis", elders in Gazankulu.
- **Kunsmatigheid** kom ook voor in die sin, dat die geykte tradisionele kultuur kunsmatig aan die gang gehou word. Die ambagsmanne word nie werklik toegelaat om innoverend te werk te gaan nie, maar moet net die kultuur van die Noordsentraal-Tsonga uitbeeld soos dit die afgelope ongeveer 150 jaar voorgekom het. Die ou tradisies in vorm, versiering en voorkoms kry nie geleentheid om deur nuwe idees te verander nie. Die beperkinge wat sodoende op die menslike geheue afgedwing word, lei tot 'n stagnerende of dan passiewe idee-ontwikkeling.
- Die ligging van die Tsongakraal binne 'n natuurresewaat, het sy voordeel, maar ook nadele. Die uitbeelding van die materiële skeppinge van die Tsonga kan nog lank aanhou, omdat die natuurlike beskikbaarheid van materiale redelik verseker is. Geen oorbeweiing, oorbevolking en ander menslike vernietingsaspekte is teenwoordig nie en die museum binne die resewaat kan as eiland-eenheid binne 'n groter veranderende makrokosmos as gevolg van bewaring voortleef. Die beperkinge wat die omringende resewaat aan die uitlewing van die

mens se totale lewenswyse oplê, is dat die inwoners nie werklik kan jag, versamel, beeste en bokke hê, vuurmaakhout kap ens. nie. Sodoende kan nie 'n totale ware beeld van die Tsongakultuur weergegee word nie.

- **Vertoonaspek.** Deur die feit dat die inwoners alles wat hulle doen aan besoekers, nuuskieriges, studente, ens. moet toon, kan so 'n museum met 'n sirkus vergelyk word.

Meer professioneel uitgedruk, toon dit die karakter van 'n laboratorium. Byvoorbeeld, as 'n groep studente kom en hulle wil met die werksaamhede van die **n'anga** kennis maak, word alles gereël om hierdie aspek aan die toeskouer te vertoon. Potte word vervaardig om aan die mense getoon te word; so ook mandjies, houtwerk ens., maar in hulle alledaagse lewe gebruik die Tsonga by die Tsongakraal dit nie meer nie.

- Die Tsongakraal kan ook nie op 'n natuurlike wyse uitbrei nie, byvoorbeeld, as 'n seun trou, sou die bruid in die vader se kraal kom inwoon en 'n nuwe wooneenheid laat ontstaan. Kinders sou ook oral teenwoordig wees. Sulke handeling is nie moontlik as deel van die lewe in die Opelugmuseum nie.

Al hierdie bogenoemde aspekte wat op kunsmatigheid dui, het egter nie 'n negatiewe uitwerking op die bestaansreg van die Tsongakraal-Opelugmuseum nie. Die bewaring van 'n lewenswyse wat baie vinnig besig is om te verdwyn, sowel as die daarmee gepaardgaande museumfunksies van versameling, navorsing, en opvoeding oorheers alle moontlike negatiewe en kunsmatige aspekte. Nie net oorheers die opvoedkundige karakter alle negatiewe punte nie, maar vir die volkekundige wat in tegniese skeppinge belang stel is die museum 'n nuttige en belangrike navorsingsentrum.



2.1 **Magwamba:**

Hierdie is een van die vele benamings wat in die ouer literatuur vir die Tsonga gebruik is. Ander name is: MaGamba, MaKwapa, Landin, Landeen, Blengellas, Thonga, Tonga en Knopneusen, Tsangane, Shangaan. Daar moet onderskei word tussen hierdie name en die verskillende Tsonga-groeperinge (2.1.2), want al hierdie benamings en groeperinge dra by tot verwarring wanneer daar navorsing gedoen word. Daar kan derhalwe verstaan word hoekom daar dan ook so baie verskillende name en skryfwyses vir een voorwerp in Gazankulu aangetref word.

2.2


Graanstoer: **xitlati**. Binne 'n Tsongawooneenheid het elke vrou haar eie graanstoer of graanhutjie. Daar word 'n verskeidenheid graanstore **switlati** by die Tsonga aangetref, soos **ngula**, **xitendza**, **nturhuka**. Sommige graanstore het 'n dak op en lyk dan soos 'n hutjie, ander het geen bedekking oor nie. Almal staan op pale sodat hulle 'n endjie van die grond af is ter voorkoming van vloeiende water, verrotting weens muf, ens. 'n Klein hutjie, die **gabela**, staan op die grond en is 'n stoorhut. Dit moet nie met die graanhutjies verwar word nie.


2.3

Milongo/mahlomo

Die bruid neem 'n hele stel huishoudelike ware saam na haar nuwe tuiste by haar man. Dit sluit onder andere in 'n stel keramiekware, kookgereedskap (papepel en klitser) mandjies, ens. Die mandjiestel wat spesiaal vervaardig word om haar man se etes aan hom in voor te sit, word met besondere sorg met krale versier. **Mahlomo** beteken dan ook enigiets wat spesiaal gemaak word om as geskenk te gee. Versierings word op verskillende voorwerpe aangebring waar dit spesiaal vir die man se gebruik bedoel is. Die kleipotte waaruit die man bier drink word daarom met moeite versier; hutmure word mooi gemaak; en die slaapmatte wat met hom gedeel word, word met mooi patrone geweef. Die skepkalbas en veral die kalbas waarin mieliepap vir die man as padkos gegee word, word mooi versier. Alles word gedoen om eer aan die man te betoon.

Kaart 2.1 Uit: Krige 1980, The Realm of a Rain Queen







Die pottebakkersbedryf, as een van die bedrywe wat nog dikwels deur Tsongavrouens in Gazankulu beoefen word en ook by die Tsongakraal-Opelugmuseum as deel van die Tsongalewenswyse voortleef, word hierna beskryf. Hierdie vaardigheid word deur vrouens aan besoekers gedemonstreer en potte word ook tydens die alledaagse bedrywighede by die Tsongakraal benut.

Die hele proses is by die terrein van die museum gedokumenteer. Pottebaksters in Gazankulu is ook ondervra en waargeneem, om die vervaardigingsproses te kan vergelyk met dit wat by die museum aangebied word, sodat die voortbestaan van die tegniese vaardigheid verseker kan word. Daar is ook in die literatuur nagegaan in watter mate plaaslike pottebakkerie en die vervaardigingsproses ooreenstem met dit wat nog in Mosambiek, die oorspronklike tuiste van die Tsonga, aangetref word, in watter mate daar kultuurbeïnvloeding onder die Tsonga, Venda, [Van der Lith 1960], en Noord-Sotho [Davison 1978] plaasgevind het en of daar 'n eiesoortige stel keramiekware wat tipies Tsonga is, onderskei kan word. Ook moes daar gekyk word na die vraag of pottebakkerie altyd deel uitgemaak het van die Tsongavrouens se daaglikse lewe.

Die beskikbaarheid van materiaal, die vervaardigingsmetode en verskillende tegnieke, verskillende potte en hul gebruike, sowel as die aanwending van potte binne die breër kultuurverband van die Tsonga word hier gedokumenteer. Dan sal daar gekyk word of die hele pottebakkersbedryf in die museum tot sy volle reg kom en hoe dit nog uitgebrei kan word d.m.v. die vervaardiging van meer potte, 'n groter verskeidenheid potte, omvangryker benutting deur die inwoners self, asook hoe programme aangebied kan word om vir die besoeker of student die betekenis van potte binne kultuurverband uit te wys. Daar is ook gekyk na nuwe ontwikkelinge soos verandering in vorm, funksie en versiering en hoe dit in die museum uitgebeeld kan word.

3.1 DIE POTTEBAKKERS

By die Tsonga, soos by die meeste ander Suidoos-Bantoesprekendes, is die vrouens verantwoordelik vir die vervaardiging van kleipotte. Enige vrou wat die bedryf wil aanleer, kan dit doen en dit is nie beperk tot sekere families nie. Junod [1927, II:112] bevestig dit ook van die Ronga in Mozambiek, en 'n segsvrou het verduidelik dat haar hart vir haar voorskryf om potte te



maak. Dit word nog dikwels onder die Tsonga aangetref dat die kuns om potte te vervaardig en alles wat tot die sukses daarvan bydra, deur 'n moeder aan haar dogter oorgedra word. Die beroep is egter nie só gespesialiseerd dat net sekere families daarby betrokke is nie. Voordat Westers-vervaardigde huishoudelike gebruiksartikels op die toneel gekom het en ruilhandel nog aan die orde was, was hierdie bedryf egter meer gespesialiseerd.

Professionele pottebaksters, **vavumbi**, was vroeër aan die orde van die dag. Hulle het nie met die vervaardiging van potte opgehou om byvoorbeeld in die landerye te gaan werk as dit plant- en oestyd word nie, of hulle met ander werk besig gehou nie. Intendeel, hulle het aangehou met die belangrike werk om almal in die omgewing van die noodsaaklike potte te voorsien, terwyl ander vrouens in ruil vir potte in die pottebaksters se landerye gewerk het asook ander dienste vir hulle gelewer het. Hier en daar het pottebaksters tog ook gedeeltelik self in hulle landerye gewerk.

Ongelukkig het die tradisionele pottebakkersberoep 'n groot terugslag gekry namate goedkoper en makliker bekombare Westerse artikels beskikbaar geword het. Blikke, dromme, plastiekhouders, driepootpotte en ander het die kunstig vervaardigde kleivoorwerpe vervang. Gevolglik het die beroepsottebakkers baie min afsetgebied vir hulle ware gehad.

Sommige pottebaksters vervaardig vandag nog potte vir eie gebruik. Soos dit met die swartes in die algemeen die geval is, is die woorde van Lawton ook van toepassing op die Tsonga:

"It would seem that the status of the Bantu potter has been gradually changing. It was found in the past that the knowledge of pottery techniques was guarded within certain families and that pottery was a hereditary craft" [1967:6].

Nogtans bly die vervaardigingswyse van potte steeds gespesialiseerd. Sekere basiese aspekte moet nagekom word en die tegniek volg 'n spesifieke patroon.



3.2 TYD EN PLEK VAN VERVAARDIGING

Die pottebakkersbedryf is nie seisoensgebonde nie. Uit die aard van die saak sal die werkzaamhede in die wintermaande toeneem, wanneer al die ander noodsaaklike werkverrigtinge ten opsigte van die landerye afgeneem het. Die professionele pottebakster sal dwarsdeur die jaar haar potte vervaardig en deesdae sal 'n vrou net wanneer sy lus is haar tyd daaraan spandeer, of wanneer sy skielik agterkom dat sy potte nodig het. Gewoonlik handel die vrouens eers al hul dagtakies af en daarna het hulle dan tyd om hulle bedryf te beoefen.

Die weer is die enigste bepalende faktor. Gewoonlik sit die vrou in 'n koelteplekkie voor haar hut, maar as weersomstandighede dit vereis, sit sy binne in die hut. Son en wind word vermy, want dit droog die klei te vinnig uit. Sommige pottebaksters werk altyd binne-in 'n hut. Op die vraag aan 'n segspersoon of die wind nie pla terwyl sy besig was met 'n pot nie, het sy geantwoord dat sy potwerk nie normaalweg buitenshuis doen nie, maar vandag demonstreer sy net.

Groot potte word altyd binnenshuts vervaardig, aangesien hulle nie maklik verskuif kan word nie, en ook omdat die klei sodoende langer aan die lug blootgestel sal wees. Dit beïnvloed die vormbaarheid van die klei nadelig. Koel, klam omstandighede is wenslik. Reën beïnvloed nie die maak van potte nie, behalwe dat die pottebakster dan onderdak sal werk. Dit beïnvloed wel die bakproses (sien 3.5.4).

3.3 DIE VERKRYGING VAN DIE KLEI

3.3.1 Die klei "vumba"

Voordat die hele vervaardigingsproses en die gereedskap wat daarvoor gebruik word, beskryf kan word, moet daar eers kortliks na 'n tegniese aspek verwys word. Van der Lith gaan in diepte in op die samestelling van die klei en wat klei is. Ook die redes hoekom klei vormbaar is, hoekom dit sy vormbaarheid verloor as dit droog word en wat die invloed van hitte op klei is, word bespreek. Dit is derhalwe nie hier nodig om dit te herhaal nie



[1960:105-100]. Die gegewens strook ten opsigte van klei in Gazankulu en kan in Lawton se woorde saamgevat word:

"The term 'clay' here applies to the material used in the manufacture of pottery and has no mineralogical significance. The conditions which the material has to satisfy are:

- *that it is plastic and malleable when wet;*
- *that it retains the shape into which it is formed when it dries;*
- *that it undergoes metamorphosis at a low temperature"*
[Lawton 1967:7].

3.3.2 Die kleibron

Klei is 'n baie waardevolle natuurlike hulpbron en word met baie eerbied benader. Gevolglik is daar aan die verkryging van klei baie seremonies verbonde.

Die Tsongavrouens in Gazankulu kry hulle klei in slote naby groter riviere, maar dit kom nie orals in Gazankulu voor nie. Hulle gebruik nooit termiethoopklei of enige ander plaasvervanger nie. In die gebied van navorsing in Gazankulu kon vier verskillende plekke opgespoor word waar klei versamel word. Sommige plekke was bekend aan die vrouens, omdat hulle vroeër daar klei versamel het en ook omdat hulle daar groot geword het. Elke vrou soek die klei uit wat vir haar doeleindes die geskikste is. Dit wil sê klei wat goed hanteerbaar en vormbaar is en veral klei wat nie haar potte laat bars nie. Hierdie kennis word deur die museum personeel benut, omdat die grondstowwe nie op die Hans Merensky-Natuurreservaat voorkom nie.

Dikwels moet die vrouens baie kilometers ver loop om die klei te kry. Daar is nie oral klei in die navorsingsgebied beskikbaar nie en derhalwe word daar in sommige dorpieë geen pottebaksters aangetref nie, terwyl daar byvoorbeeld in Nkomo A nie minder as agt pottebaksters werksaam is nie. Hierdie dorpie lê nie ver van die Klein-Letabarivier nie.

Een van die belangrikste rites wat nog dikwels uitgevoer word, vind plaas as die pottebakster haar klei gaan haal. Op pad na die kleigat pluk die vrou



takkies en stokkies. By die lokaliteit waar die klei verkry word, word die bondeltjie takkies eers op 'n besondere manier aan die kleigeeste geoffer. Die geeste van die Ndaumense word aangespreek. Ook ander stamme soos die Lemba, word genoem in die bede, omdat daar beweer word dat hulle vroeër daar gewerk het. Gewoonlik lê daar altyd bondeltjies hout by die kleigate rond - 'n teken dat die ander vrouens ook nog die rite handhaaf. Dit bewys ook dat meer vrouens by dieselfde kleigat klei mag haal. (foto's 3.1a en b). (Videomateriaal oor hierdie aspek is in die navorser se besit.)

Die pottebakster van die Tsongakraal het altyd die bondeltjie takkies op haar kop gesit, 'n paar danspassies uitgevoer, en dit dan op 'n spesifieke plek waar almal offer, neergegooi. Dan het sy neergekniel en met die geeste gepraat, haar hande geklap en snuif aan hulle geoffer. By een geleentheid het sy die volgende geprewel:

*"Eka n'wina swikwembu. Hi te ku ta cela vumba.
Ku tani fole hi leri.*

*Mi dza hisana hinkwenu. Mi nga tsoni mi byela na mindzawu
loyi leswaku anga kwati a hi fayela swivumbiwa swa hina".*

*"Aan U O geeste. Ons het gekom om (pottebakkers) klei te grawe.
Neem dus hierdie snuif.*

*Snuif almal daarvan. Moet nie nalaat om vir die Ndaugeeste te
sê nie, sodat hulle nie kwaad word en ons pottebakkerie breek nie.*

Sy sluit af met die skril tril-geluid, **ku nkulungwane**, en begin dan met haar werk. Hierdie rite word nie elke keer herhaal nie, slegs as die vrou vir 'n lang tyd nie klei kom haal het nie. Nadat 'n belangrike gebeurtenis, soos die geboorte van 'n baba plaasgevind het, word dit egter weer uitgevoer.

Alle segspersone is dit eens dat daar aan die beskermgeeste geoffer moet word, sodat die potte tydens vervaardiging nie kraak nie. Die feit dat meerdere vrouens klei uit dieselfde gat verkry, en ook bogenoemde rite uitvoer, wys dat die pottebakster nooit voel dat sy alleenreg op die klei op 'n bepaalde punt het nie. By een geleentheid het drie vrouens (almal segspersone) saam gaan klei haal en by 'n ander was daar vier van hulle.



Daar heers altyd 'n gemoedelike stemming onder hulle. Ek het nêrens die indruk van enige geheimhouding teëgekóm, soos Junod dit beskryf ten opsigte van die Ronga nie:

"She starts out for the marshes, picks up in a well-known hollow several clods of clay and returns to the village carrying them on her head. No one salutes her; everyone pretends not to see her, doubtless to avoid bringing any ill luck to the venture" [1927, II:112-113].

En verder:

"The process of firing being often unsuccessful, taboos are plentiful in the manufacture. When women collect clay, only one of them digs and gives it to the others, should each make haste to dig for herself, this would bring mishap. The pots would break. If no accident happens and the firing is successful, these women will say: 'She who dug the other day has a lucky hand. Let her dig again another time'" [1927, II:115].

Daar is egter by Junod geen verwysing na die rite soos bo beskryf nie, en sover dit uit die literatuur vasgestel kon word, is daar behalwe die Venda en die Lemba geen ander groep of stam wat 'n soortgelyke rite volg nie. Volgens Van der Lith het die Venda die gebruik van die Lemba oorgeneem. Elke groep doen dit egter met 'n ander uitgangspunt of doel. Die Lemba prewel die volgende woorde as hulle die bondeltjie op die grond gooi:

Geeste van die klei
van die Lemba,
ek neem die klei
ek bak die pot.

Hulle smee daarmee die geeste se goedgesindheid af sodat hul kleivoorwerpe goed sal bak. Die Venda het altyd geglo dat die klei aan die Lembapottebaksters behoort, en dat dit "beskermgeeste" was wat die klei vir die Lemba bewaar het. Van der Lith sluit af: "Uit die bogaande sien ons dus die twee gedagterigtings: die Lemba aan die een kant, wat deur middel van bogenoemde gebruik, die begeerte teenoor die "kleigeeste" van 'n besondere plek uitspreek dat die klei wat hulle daar neem goed sal bak en die Venda, aan die ander kant, wat deur middel van hierdie gebruik, die Lemba se klei van laasgenoemde se "beskermgeeste" afsmeek" [Van der Lith 1960:114].



Aangesien dit wil voorkom asof die Venda, maar eintlik die Lemba, as die meesters van die pottebakkerskuns beskou word, wat ook erdewerk oor die algemeen in die omliggende stamme beïnvloed het [Davison 1978; Van der Lith 1950; Witt pers. med.], kan ons aanneem dat die Tsonga hierdie gebruik by die Lemba via die Venda oorgeneem het.

3.3.3 Die verkryging van die klei

Nadat die geeste gunstig gestem is, kap die pottebakster die klei met 'n skoffelpik los. Baie handig vir hierdie doel is 'n ou kortsteel skoffelpik, **xisukana**. Nat of droë klei word verkry, maar meestal is die klei droog en taamlik hard. Dit word met moeite losgekap. (foto's 3.1a en b).

Die klei word nie so naby die oppervlakte van die slote of gate aangetref nie, maar vanaf 'n diepte van ongeveer 30 cm tot 75 cm. Die klei is vroeër in 'n **xirhundzu**-mandjie huis toe vervoer. Deesdae word egter enige blik - of plastiekhouer of sak vir hierdie doel gebruik.

Die voorraad klei hang af van die hoeveelheid potte wat die vrou wil vervaardig, hoeveel sy kan dra en ook die afstand na die kleibron. Meestal word genoeg geneem vir 'n hele aantal potte. By die Tsongakraal word altyd 'n bakkievrag verkry, genoeg voorraad om vir 'n aantal maande potte te kan vervaardig.

3.3.4 Die voorbereiding van die klei

By die huis aangekom, word die klei, as dit nat of klam is in die son gesit om uit te droog, sodat die pottebakster dit na 'n tydjie kan fynstamp. Soms word dit dadelik nat verwerk, maar die pottebakster verkies om die klei eers te laat droog word. Die agterkant van 'n ou stamper of 'n geskikte klip word gebruik om die klei op te breek en fyn te maal (foto 3.2a, b). Alle onsuiverhede soos stokkies en klippies word verwyder en die kleipoeier word eenkant op 'n hoop gegooi. (foto's 3.3a - c). Die Lobedu gebruik dieselfde tegniek, [Davison 1978:295].



Anders as by die Venda, [Van der Lith 1960:115] meng nie een van die informante enige ander materiaal by die klei om dit meer geskik vir die doel te maak, en om inkrimping teë te werk nie. Veral Leah die eerste pottebakster by die Tsongakraal was baie beslis oor hierdie aspek. Die klei word egter noukeurig gekies en dit kan wees dat 'n soort sanderige klei gekies word eerder as lemerige klei, wat dan enige byvoegsel uitskakel. Pottebaksters gebruik definitief klei met 'n growwe tekstuur vir alle groot potte en fyner klei vir alle gewone potte. Schofield noem 3 redes hoekom sommige pottebaksters 'n growwe materiaal byvoeg:

- "1. To reduce the shrinkage in very plastic clays during the process of drying;*
- 2. During drying they aid the escape of the moisture due to the presence of 'free water' and of steam during burning;*
- 3. They may serve to hold together, during drying, vessels made with a refractory clay, thus serving as a binder, as well as an 'opener'.*

The commonest 'opener' used is clean sand, which reduces the risk of the pot developing cracks while it is being dried. Pounded earthenware has the same effect, and as it increases the porosity of the clay it also assists in the escape of steam when the pot is being fired" [Schofield 1947:16-17; Van der Lith 1960:116-117].

Nadat die klei verpoeier en van alle onsuiverhede gereinig is, word 'n houër met water nader geskuif, water word uitgeskep en oor die klei gespreinkel wat dan gemeng en geknie word. Uit ondervinding weet elkeen net hoeveel water bygevoeg moet word om klei van 'n geskikte vormbaarheid te verkry. Die klei word goed gemeng en geknie en ook met die ou stamper bewerk en dan gebêre (foto's 3.4a-e). Tradisioneel het die Tsongavrouens 'n gat in die grond gegrawe en dit met miershoopklei, **xirhuva**, uitgemessel (foto 3.5a-b). Hierin is die klei dan geberg. Die opening van die gat word bedek sodat die klei klam kan bly. As die vrou 'n pot wil maak haal sy net die regte hoeveelheid klei uit. Uit ondervinding skat elke vrou die regte hoeveelheid vir die grootte van die pot (foto 3.6).

Deesdae word die klei meestal in enige houers soos blikke, dromme en ook sakke gebêre. Ou potte is ook geskik en een segsvrou hou haar klei in 'n groot ou pot wat halfpad in die grond gebou is.



By die Tsongakraal is die tradisionele gat om klei te bêre, **xivumbelo**, spesiaal gebou. Dit word met 'n groot bak, **nkamba**, bedek.

3.4 GEREEDSKAP EN TOERUSTING

Al die pottebaksters het sekere basiese gereedskap waarmee potte vervaardig word. Alhoewel die wiel by die swartes heeltemal onbekend is, is hulle kleipotte tog besonders simmetries en akkuraat afgewerk. Die gereedskap en toerusting stem baie ooreen met dié van die Venda, [Van der Lith 1960:120-122].

Op foto no. 3.7b kan gesien word waaruit die pottebaksters, by Tsongakraal, se gereedskap bestaan het:

3.4.1 Houtbord

'n Basis word benodig waarop die pot vervaardig kan word. Hierdie basis word in plaas van die wiel gebruik en moet beweeglik wees, dit wil sê dit moet kan draai. Tradisioneel is potskerwe, **xivumbelo**, vir hierdie doel gebruik en sommige vroue gebruik dit nou nog. Deesdae word blikborde baie algemeen gebruik. Een informant het haar pot op 'n stukkie plastiek gevorm (foto 3.7a). Elke vrou gebruik maar die item wat na haar oordeel geskik is. Lawton noem die volgende voorwerpe wat hy al by die swartes in gebruik gesien het:

"... a flat stone, a grass ring, the lid of an iron cooking pot, in a basket, on an enamel dish, or on a potsherd" [1967:8].

By die Tsongakraal waar daar baie houtborde deur die houtsneewerkers vervaardig word, het hierdie borde by die pottebaksters byval gevind.

3.4.2 Kleipotjie met water

'n Ou kleipotjie of soms kalbassie, gevul met water staan altyd gereed naby die plek van potvervaardiging. Die water is noodsaaklik aangesien die klei dikwels natgesprinkel moet word sodat dit sy vormbaarheid behou. Die



pottebakster se hande word ook kort-kort nat gemaak. In hierdie waterpotjie hou die pottebakster ook al haar ander implemente wat kort-kort afgespoel moet word. Laasgenoemde bestaan uit die volgende (foto 3.7):

Varswaterskulpe, **rikatla**, wat langs die groter riviere in die omgewing versamel word, word benodig om die klei mee glad te skraap en te vorm en dit dien ook as snyding. Die rande word netjies afgesny (foto 3.11a, 3.12d,f, 3.15b). Die Lobedu en die Venda gebruik peule. Die peule, **thamula**, van die kameelspoor *Piliostigma thonningii*, word ook soos skulpe gebruik. Die Lobedu gebruik peule, **thema**, van die *Bauhinia kirkii* [Davison 1978:295] Die Venda gebruik **thamu** van die *mutama*-struik [Van der Lith 1960:121].

'n Sagte nat lappie word altyd byderhand gehou in die potjie met water. Dit word gebruik om die rand netjies mee af te werk (foto 3.12e).

3.4.3 Ander implemente

Die houtspaan, **xibo**, **xichayo**, (foto 3.16b,c) wat gewoonlik van die Appelblaarboom, *Lonchocarpus capassa*, gemaak word, of 'n papepel, word gewoonlik gebruik tydens die vervaardiging van die onderkant van die pot. Die pot word geslaan om die klei daar saam te pers.

'n Baie gladde rivierklip (foto 3.7c en 17a,c,d) word gebruik om die kleurstowwe wat as versiering aangebring word, in te vryf en te polys, **ku themendzela**. Die nat klei word op 'n kombers of sak gehou en daarmee toegemaak. Die potte word egter binne 'n hut, waarin hulle stadig moet uitdroog, met komberse of sakke bedek.

Die tradisionele kleurstowwe waarmee potte versier is, is rooi-okker en grafiet. Rooi-okker kom baie in die omgewing van Tzaneen voor en Leah het altyd haar kleurstof daar gaan haal. Grafiet, **xikope**, wat by die museum gebruik word, word deur die TPA-Museumdiens in Pretoria aangekoop. Dit is ook in sommige plaaslike winkels beskikbaar. In sommige dele van Gazankulu kom 'n tipe grafietklip voor wat ook gebruik word. Verf is 'n meer moderne middel. Die kleurstowwe word in klein potjies of 'n potskerf tot 'n pasta aangemaak en daarin geberg (foto 3.7b).



Die versieringsmateriaal waarmee motiewe op die potte aangebring word, bestaan uit 'n doring, 'n draad of 'n stokkie (vgl. foto's 3.13a,b; 3.17b,d,e).

3.5 METODE VAN VERVAARDIGING

Van der Lith [1960:49] se terminologie ten opsigte van die verskillende potte asook dele daarvan is as nuttig aanvaar en ook in die teks gebruik. Dit is nodig geag om dit hier te herhaal.

Bak	-	Dit omvat voorwerpe waarvan die diepte nie groter is as die deursnee nie.
Bodem	-	Die onderste binnevlak van 'n voorwerp.
Diepte	-	Dit is die loodregte hoogte tussen die bodem en 'n sentrale punt op 'n denkbeeldige horisontale lyn tussen twee punte op die rand wat regoor mekaar lê.
Deursnee	-	Die deursnee van die opening.
Onversierde vlak	-	Dit is die oppervlakte tussen die staanvlak en die skouer van die voorwerp en word so genoem omdat hierdie oppervlakte gewoonlik nie versier word nie.
Opening	-	Die opening of bek van 'n voorwerp.
Pot	-	Dit is 'n voorwerp waarvan die deursnee kleiner is as die diepte en omtrek en wat ongeveer bolvormig is.
Rand	-	In Engels "rim" genoem. Dit is die rand of lip wat om die opening loop.
Skouer	-	Die wydste omtrek van die voorwerp op 'n horisontale vlak.
Staanvlak	-	Dit is die vlak waarop die voorwerp staan.
Versieringsvlak	-	Dit is die oppervlakte tussen die skouer en die rand en word aldus genoem omdat dit gewoonlik hierdie oppervlakte is wat versier word" [Van der Lith 1960:49].



Nadat die klei voorberei en geknie is, ondergaan enige pot, soos ook by die Venda en die Lobedu, gewoonlik vier fases van vervaardiging. Sommige potte ondergaan 'n vyfde proses van versterking, nl. **khangula**.

- Modelleer - die opbou en vorming van die pot
- Versiering
- Uitdroging
- Bak
- Khangula

3.5.1 Verskillende tegnieke

Daar word verskillende tegnieke by die vervaardiging van erdewerk aangetref. Normaalweg volg die vrouens van een bevolkingsgroep dieselfde tegniek. Daar kom ook geringe variasies voor volgens die werkster se eie vaardigheid. Om iets van klei te maak is **ku vumba**.

Onder die Suidoos-Bantoesprekendes kry 'n mens volgens Lawton die volgende tegnieke:

(1) *Modelleer uit 'n klont klei*

Tegnies gesproke is dit die primitiefste metode om 'n pot te vorm. 'n Vormlose stuk klei word, nadat dit goed deurgeknie is, tot 'n bal gevorm en daarna met die vingers uitgebol en tot 'n potjie gevorm. Die Tsonga van Mosambiek het van hierdie metode gebruik gemaak [Lawton 1967:80-91].

(2) *Spiraalm metode*

Klei wat tussen die hande tot rolle verwerk word, word spiraalvormig op mekaar gedraai en nie by elke laag afgeknyp nie. Die wande word glad afgewerk, sodat die kleiringe nie meer sigbaar is nie. Die Tsonga maak van hierdie metode gebruik. Ook by die Tsongakraal word van die spiraaltegniek gebruikgemaak (foto 3.8;3.9).



(3) *Ringmetode*

'n Aantal kleirolle word soos ringe op mekaar gepak en dan verder afgewerk. As die rol nie lank genoeg is nie, word dit gelas, maar dit gaan nie oor na die volgende laag, soos by die spiraalmetode nie. Die rolle word óf tussen die hande gevorm óf op die werksoppervlakte, wat gewoonlik die sak of vel is, waarop die vrou sit.

(4) *Klontmetode*

'n Pot word gevorm deurdat stukke klei stukkie vir stukkie aanmekaar vasgebrei word om sodoende vorm aan te neem.

Die Tsonga maak gebruik van die ringmetode en al die informante het baie beslis geantwoord dat dit die enigste metode is wat hulle ken.

Die huidige pottebakster by die Tsongakraal, Nannies, is 'n uitsondering. Sy maak gebruik van 'n kombinasietegniek. Sy begin met die ringmetode en eindig dan met tegniek nommer 4, die klontmetode, naamlik om stukkie of "lappies" klei aan die pot vas te brei.

Aangesien die tegniek van al die pottebaksters basies ooreenstem word die vervaardigingsproses soos dit deur die pottebakster in die Tsongakraal beoefen is, stap vir stap beskryf. Die beskrywing geld vir die vervaardiging van potte van alle gewone gemiddelde groottes. Variasies wat voorkom, sal daarna beskryf word.

3.5.2 Vervaardigingsproses

METODE: Aan hand van die fotoreeks 3.8-3.17

Nadat die klei, **vumba**, wat die vorige dag voorberei is, gerus het, neem Leah 'n hoeveelheid klei uit haar kleibergplek, **xivumbelo**, (foto 3.5a-b) en gaan sit gerieflik op 'n sak of vel in 'n koelteplekkie langs haar hut. Gewoonlik het sy die grootte van die pot reeds in gedagte en uit ondervinding weet sy hoeveel klei sy gaan benodig. Die klei word weer 'n



slag deurgewerk en 'n gedeelte word afgebreek. Die res word met 'n kombors of sak toegegooi om oormatige uitdroging te voorkom. Die klei word met die hande rofweg tot 'n rol, **nkanyangwa**, of wors gevorm en verder op die werksoppervlakte tot 'n dik wors gerol. Die deursnee daarvan wissel en hang af van die grootte van die pot wat sy van plan is om te maak. Sy plaas die eerste rol op die houtbord neer en sit dan nog drie rolle wat sy eers nog 'n keer tussen haar palms rol, op mekaar (foto's 3.9a-c). Sy druk die rolle almal ietwat vas opmekaar, terwyl sy die bord roteer. Eers dan begin die eintlike verwerking/modellering. Met die linkerhand word die pot van binne gestut en roteer, terwyl die regterhand van buite die klei met 'n smeerbeweging na bo optrek. Die buitenste oppervlakte word dan effens afgewerk met die peul, **thamula**, of skulp, **rikatla** (foto's 3.10-3.11).

Nou word die binnekant op dieselfde wyse afgewerk. Die linkerhand stut van buite en die regterhand doen die werk. Terwyl sy vryf sal sy nog harde stukkie soos klippies in die klei voel en dit verwyder. Die handpalm en vingers word baie gebruik om vorm aan die pot te gee (vgl foto's 3.10a en b).

Die pot het nog geen bodem nie, maar die grootste gedeelte van die onderste rol word gelos sodat die pot op hierdie stadium op 'n dik basis staan - genoeg klei om die basis later te vorm. Leah het verduidelik dat die pot sou kraak weens inkrimping as die bodem en wande aaneen gevorm word.

Die pot het van die begin die regte vorm en word al hoe verder opgewerk sodat die wande so dun as moontlik is. Kort-kort word met 'n nat lap oor die pot gevee sodat die klei nie te veel uitdroog nie. As die pot die gewenste vorm en dikte het, word eers die buitekant en dan die binnekant met die varswaterskulp of die peul van die kameelspoorboom gladgeskraap. Eers word die pot van buite gladder geskraap en dan weer van binne. Druk word van binne op die wand uitgeoefen om die pot nog meer uit te bol (foto's 10-12).

As die pot klaar gevorm is, maak Leah nog 'n laaste rolletjie wat as rand aan die pot vasgebrei word. Dit dien ook as afwerking (foto's 3.12). Die pot is perfek rond, simmetries en die wande ewe dik. Geen meetinstrumente word

gebruik nie maar jare se ondervinding en 'n presiese oog lewer die gewenste eindresultaat. As laaste afronding word die klei weer met die punte van die vingers met 'n drukbeweging ingevryf en daarna weer met 'n skulp of peul. Die proses hou aan totdat die pottebakster tevrede is. Tydens die proses word die hande gereeld natgemaak en alle implemente word in die potjie met water gehou. Alle klei wat aan die skulp of peul vassit nadat dit afgeskraap is, word gebruik om hier en daar te las.

'n Pottebakster se hande moet 'n gevoel hê vir die kuns. Leah sê self dat haar hande reg voel, dit is waarom 'n pot nie inmekaar val nie. Hierna word die rand afgesny met die peul, **thamula** of 'n skulp, **rikatla**, wat 'n skerp kant het (foto 3.12f). Die linkerhand word weer gebruik om die basisskyf te roteer, terwyl die regterhand vryhandig die klei netjies afsny met 'n ligte skuins-na-binne snit. Dan gebruik die werkster haar vingers om die rand netjies en glad te vryf. As die afwerking na haar sin is, en die potjie 'n klein randjie het, vat sy 'n nat lappie, sit dit oor die rand en roteer die pot terwyl sy met haar ander hand die lap weer liggies oor die rand trek (foto 3.12e). Lawton se beskrywings van die randafwerking is ook by die Tsonga waargeneem:

"Three basic methods of shaping the rim of a vessel have been observed by the writer.

- *The simplest method of shaping the rim is to round it off with the thumb and first two fingers of the right hand, which are held in position around the termination of the wall in such a way as to remove all irregularities at the edge. This hand is held still while the pot is turned with the left hand. This process may be followed by holding a very wet soft piece of cloth or skin over the rim while again turning the vessel.*
- *A cut rim is made with either a strip of metal or a knife. The clay may be cut straight across or with an inward or outward bevel.*
- *The third technique is used in the shaping of a thickened edge. A narrow ring of clay is smoothed on to the previously rounded termination of the vessel wall. A little clay is then gently scraped away below the rim formed in this way, making a slight horizontal groove. The edge is then smoothed with a piece of very wet soft skin" [1967:12-13].*



Voordat die pot gebêre word, word hy eers versier soos beskryf onder 3.5.2. Die pot is nou gereed om in die werkster se hut gebêre te word. Sy gooi komberse bo-oor sodat uitdroging stadig plaasvind. Die volgende dag is die pot genoegsaam uitgedroog sodat die bodem gevorm kan word (foto's 3.15-16). Hierdie stadium van uitdroging word in pottebakkersterme "leerdroog" genoem, dit wil sê:

"The condition of a clay body or paste when it has become firm but not dry. It is not a state that is strictly defined, but clay workers judge it confidently from experience. A vessel in the leather-hard state can be handled without risk of disformation, because the clay is no longer plastic and it can be carved or incised without chipping because it still retains considerable moisture" [Sheppard 1968:372].

Voordat die pot egter omgedraai word vir die proses beskryf deur Sheppard word hy eers versier (foto 3.13-14). Kookpote word glad nie versier nie. Net soms word 'n eenvoudige lynversiering met 'n draad, doring of skerp-gemaakte hout al in die rondte ingesny. Baie moeite word egter aan die versiering van water- en bierpote spandeer.

Die pot wat nog steeds op die houtbord rus, word versigtig met 'n draaibeweging verwyder en onderstebo neergesit (foto 3.15a). Heelwat klei het oorgebly, waarvan die bodem gevorm kan word. Met 'n skulp sny die pottebakster oortollige klei af om sodoende ook vorm te gee aan die bodem (foto 3.15c). Terselfdertyd word die pot gevorm met die inslaanproses (foto 3.16a-c). As dit min of meer afgerond is, word die binnekant netjies en glad afgewerk. Tsongakookpote hou 'n bolvormige bodem maar sommige vrouens gee hul bier- en waterpote 'n effense plat staanvlak. Dit word verkry deur die pot met die bek na bo met die twee hande vas te hou en 'n paar keer met 'n bietjie druk na onder heen-en-weer te draai.

Een informant het die afplatting ingewerk deurdat sy die klei netjies met 'n skulp afgesny het.

Die pot word nou weer in die hut gebêre om finaal uit te droog.



3.5.3 Versiering van potte

Nadat 'n pot klaar gemodelleer is, die klei nog klam is, en voordat hy gebêre word om uit te droog sodat die bodem aangebring kan word, word die pot eers versier.

Versierings, **makholo**, wat op potte aangebring word, is 'n belangrike element van die pottebakster se vaardighede. Baie spreek uit die versierings soos byvoorbeeld of 'n pottebakster die vaardigheid by haar moeder oorgeneem het en die tradisionele versieringsmotiewe volg, en of sy die pottebakkersvaardigheid self aangeleer het en nie veel weet van sekere motiewe en hoe perfekte simmetrie verkry kan word nie. Daar is nie in diepte ingegaan op 'n ontleding van die motiewe en om dit te vergelyk met versierings op ander kultuurvoorwerpe nie. 'n Oppervlakkige vergelyking met kralewerkmotiewe is gedoen, asook gekyk na versierings op hutte en hout- of kalbashouers.

Om werklik in te gaan op die simboliek van motiewe, die doel van versiering, en in hoeverre dit eie is aan die Tsonga verg 'n veel diepere studie. Ouer informante sê egter dat versierings wat aangebring word op potte, kalbasse of mure is 'n teken van bewondering. Potte en bakke waarin kos, bier of water vir die man bedien word, is versier.

Daar kan onderskei word tussen potte wat versier word, en potte wat nie versier word nie. Gewoonlik word alle kookpotte en bakke wat tydens die kookproses gebruik word, nie versier nie. Alle potte wat nie gebruik word om in te kook nie, word versier. Hierdie potte word tydens sosiale geleenthede gebruik en moet sodoende "mooi gemaak word". Ook ten opsigte van vorm is daar 'n verskil tussen kookpotte en bier- of waterpotte. Laasgenoemde het 'n nouer opening as kookpotte.

Die versieringstoerusting is baie elementêr en bestaan uit 'n doring of stokkie (waarmee die eerste-fase-versiering aangebring word), en uit kleurstowwe. Die doring word baie keer vervang met 'n draad en hiermee word alle lyne op die nat klei ingegrafeer, **ku nhlanga**. Al hierdie lyne,



horisontaal sowel as vertikaal, en die lyne wat die motiewe vorm, vorm die basis van versiering.

Die versieringsvlak verskil baie en daar kan breedweg gesê word dat die dele wat die oog vang in 'n meerdere of mindere mate versier word. Dit wil sê dat aan die onderste derde van die bolvormige pot gewoonlik geen versierings aangebring word nie. Die meeste versierings kom voor op die skouer van die pot en op die vlak tussen skouer en rand.

Nadat die eerste lyne in die klei ingetrek is, word motiewe ook aangebring sowel as enige ander lyne waarvoor die doring nodig is (foto's 3.13a-b, 3.17b). Gewoonlik besluit die pottebakster wanneer sy die pot maak, hoe sy hom wil versier en die behendige pottebakster het haar eie manier om die motiewe baie simmetries aan te bring: Sy meet met haar oë en gebruik haar hande.

Nadat alle lyne in die klei ingetrek is, word sekere dele met kleurstowwe verder versier (foto's 3.14a-b). Die kleurstowwe, rooi-oker en grafiet, word met die vinger op die gewenste vlakke ingevryf.

Die metode wat gebruik word tydens die aanbring van die versiering, is soos volg: Die pot rus nog steeds op sy basis, die houtbord of potskerf, wat as skyf dien. Die linkerhand word gebruik om die pot kloksgewys te roteer, terwyl die versierings met die regterhand aangebring word.

Deurdat die regterhand, wat die doring vashou, op die knie of op die elmboog rus, na gelang van die grootte van die pot, kan 'n mate van eweredigheid van motiewe verkry word. Die eerste lyne wat aangebring word, is alle horisontale lyne op die skouer van die pot. Die versiering wat die vrou wil aanbring, bepaal hoeveel lyne of bande (dubbele lyne) op die pot moet verskyn. Die kleurstof, wat in poeiervorm is, word met water in 'n klein potjie of potskerf gemeng en aan die pot gevryf. Nadat die kleurstowwe droog is - gewoonlik die volgende dag, word dit verder met 'n gladde klip in die klei gevryf. Die hele pot word ook met die klip gepolys, **ku themenzela**, sodat hy baie glad afgewerk is. Dit gebeur soms dat die kleurstowwe na die bakproses afskilfer, 'n teken dat dit nie genoegsaam in die klei met die klip ingewerk is nie.

'n Kort bespreking sal hier van die versieringsmotiewe gegee word:





Fig 3.1 Basiese versieringselemente

Die heel basiese versieringselement is die enkele horisontale lyn wat meestal op die skouer van kookpote aangebring word. Soms bestaan dit ook uit 'n dubbellyn of band, wat twee tot drie millimeter uitmekaar lê, soos in Fig 3.1 gesien kan word (vgl. ook foto 3.25a).

Hierdie lyn of band bepaal ook waar grafiet aan 'n kookpot aangebring word, want soms word die hele pot onderkant die lyn op die onversierde vlak met grafiet bedek en soms net die gedeelte bokant die lyn.




Fig 3.2 Bakke word ook op hierdie manier versier

Horisontale lyne en ook bandversierings kom op byna alle versierde potte voor; soms net as 'n enkele band, soms as 'n dubbele band, en ook in kombinasie met ander motiewe. Baie variasies kom voor soos in Fig. 3.3 gesien kan word.




Fig 3.3 Variasies




Fig 3.4 Vertikale lyne

Vertikale lyne word gebruik om die pot in verskillende vlakke te verdeel (foto 3.13a, 3.14a). Dit is 'n minder algemene versieringsmotief, maar kom tog soms voor soos op die foto's gesien kan word.




Fig 3.4 Vertikale lyne

Hierdie vertikale lyne as potversiering kom voor by sekere potte wat die Tsongavrouens vervaardig wat nie by die Venda of Lobedu aangetref is nie. Dit is derhalwe een dekorasie-element wat eie is aan die Tsonga en lyk grafies met variasies soos op Fig. 3.4. Onlangs het die Venda hierdie versieringselement by die Tsonga oorgeneem.





Fig 3.5 Horisontale lynversiering

'n Verdere versieringselement wat met bandmotiewe verband hou en met die doring of draad aangebring is, is langsmekaarliggende horisontale lyntjies en soms skuinsliggende lyne (chevron) binne 'n band. Vergelyk ook Fig. 3.6a, 3.9c.

Fig 3.5 (c)



Hierdie versiering word ook binne ander motiewe soos driehoeke aangebring. In hierdie geval is dit vertikale lyntjies (Fig. 3.5b). Hulle kan ook horisontaal aangebring word (Fig. 3.5c).




Fig 3.6 Afbakening van vlakke

Horisontale, vertikale en skuins lyne word ook gebruik om vlakke af te baken soos in Fig. 3.6




Fig 3.7 (a) en (b) Driehoeke

Naas die lynmotiewe is die driehoek die mees algemene motief wat in kombinasie met die lyn of bandmotiewe aangebring word. Baie variasies kom hier voor. As dit op die skouer aangetref word, vertoon dit 'n duidelike driehoek (Fig. 3.7a+b). Wanneer dit op die versieringsvlak tussen die rand en die skouer en nader aan die rand aangebring word het dit 'n ster-effek (Fig. 3.7c).

Met die gebruik van oker en grafiet kan verdere effekte verkry word, sodat dieselfde driehoek wanneer dit met oker versier word 'n omgekeerde driehoek vorm (Fig. 3.7b). 'n Verdere effek van 'n driehoek word verkry wanneer boogversierings oor mekaar sny soos op Fig. 3.7d gesien kan word.

Fig 3.7 (c) en (d)





Fig 3.8 Boogversiering

Boogversierings kom minder algemeen voor, maar dit is ook aangetref by 'n pottebakster waar Sotho-invloede te bespeur was (vgl Davison [1978:3,7]; Fig. 17a).

Die moderne Tsongapotte vertoon weinig verskille met Noord-Sotho- en Vendapotte. Baie variasies kom voor maar vir die doel van hierdie geskrif is daar nie op hierdie hedendaagse versieringselemente ingegaan nie.

'n Paar ander variasie en kombinasies van lyn-, band-, en driehoekmotiewe met ingesnyde lyne en lyntjie kan op fig 3.9 en 3.10 gesien word.




Fig 3.9

Soos reeds genoem is, kan 'n verskeidenheid van effekte met die gebruik van kleurstowwe verkry word. Ook die gebruik van 'n grafeerlyn wat horisontaal, vertikaal, skuins en stippellyne kan wees, gee verskillende effekte.




Fig 3.10

By die voorbeelde wat vanaf Fig. 3.10 bespreek word, moet daar nie slegs gelet word op die versieringselemente nie, maar veral ook op die vorm van die potte.




Fig. 3.10 toon 'n paar voorbeelde van meer tradisionele Tsongapotte. Fig. 3.10 a, c en d is in die veld gesien. As dit vergelyk word met voorbeelde uit die literatuur dui dit op 'n Tsongakarakter, wat veral in die museumkonteks nagestreef behoort te word; veral in die lig van die resente verandering t.o.v. vorm en versiering. Voorbeelde van 3.10b kom ook in die literatuur voor veral met verwysings na potte uit Mosambiek. Hierdie voorbeeld sowel as alle voorbeelde op Fig. 3.11 is die soort Tsongapotte wat deur aanbevelings weer by die Tsongakraal-Opelugmuseum vervaardig behoort te word. Dit sal nie slegs die kultuur-historiese en museologiese waarde van die potwerk verhoog nie, maar ook uit 'n kommersiële oogpunt sal hierdie eiesoortige, en in die konteks van Venda- en Noordsotho-erdeware, andersoortige potte beter verkoop.




Fig 3.11

Tipiese Tsongapotte soos hulle veral in Mosambiek en onder die Tsonga in Transvaal voorgekom het.




Fig 3.12 Uit Lawton 1960: 22-23

'n Ander aspek van erdeware wat saamgaan met die vorm van potte en die versiering, is die afronding van die rand en die lip.

Die algemene voorbeelde van die randafwerking (fig 3.12) is geneem uit [Lawton 1960: 22-23]. Daar sal na hierdie voorbeelde verwys word wanneer die verskillende potte bespreek word.

Bespreking: Die Tsonga het tradisioneel nie kommersiële verf gebruik om hulle potte mee te versier nie. Die gebruik het egter onlangs posgevat noudat potte ook kommersiël vir die toeristemark vervaardig word. In hierdie geval word daar baie afgevik van tradisionele versieringsmotiewe



en gebruik die vervaardiger net wat vir haar mooi is. Die pot word met olieverf bedek en 'n motief word met 'n ander kleur daarop aangebring (foto 3.30b).

Tydens navorsing is in 1984 'n bierpot aangetref wat eerder die uitsondering as die reël was (foto 3.24a). Die stermotief was die opvallende aspek, want hierdie motief word dikwels as versieringselement met variasies onder die Tsonga op hulle muurversierings, asook borduurwerk op doeke, **minceka** (foto 5.54) wat die vrouens dra, aangetref. Ook is dit 'n motief wat baie vrouens op hulle bene tatoeër. Dit stem ooreen met 'n tatoeëermerk op die wange van sommige vrouens. Tatoeëermerke word **makandzwa** genoem.

Die stermotief, wat saamgestel word uit driehoeke, is ook 'n baie gewilde motief wat by kralesierade aangetref word (vgl. foto's 5.15, 5.18b, 5.40). Die ander motief op dieselfde pot, wat met 'n pyl vergelyk kan word, is ook 'n kenmerkende motief by kralewerk en word **nseve** genoem (vgl Fig. 5.6h).

Hierdie elemente is nuwe elemente wat ontwikkel, 'n aspek wat baie goed in 'n museum ondersoek, uitgebrei en uitgestal kan word. Variasies t.o.v. versiering kan gesien word op foto's 3.29a-c, 3.30b.

Die afwerkings van die rand by Tsongapotte kan op Fig. 3.12 gesien word.

3.5.4 Drogingsproses

Die drogingsproses geskied altyd stadig in die koelte van 'n hut. Direkte son of wind droog die potte te vinnig uit. Dit sal kraking tot gevolg hê. Hierdie drogingfase duur van twee tot ses weke. Gedurende hierdie drogingsperiode kan daar nog weer aandag aan die versiering gegee word. Dikwels polys die pottebakster haar potte weer oor. Dit beteken dat die grafiet- en die okerversierings met 'n klein ronde rivierklippie ingevryf word sodat die pot 'n blink gladde oppervlakte vertoon. Kort-kort toets die pottebakster haar potte deur daaraan met die vinger te tik om te hoor of hulle genoegsaam uitgedroog het.



Wanneer die potte na die pottebakster se sin reg "klink" en sy glo dat hulle genoeg uitgedroog het, is hulle gereed om gebak te word.

3.5.5 Bakproses

Om potte te bak word genoem, **ku hisa timbita** (foto's 3.18 - 3.20).

Al die pottebaksters bak enige tyd van die maand, solank dit nie reën nie en die grond nie nat is nie. Hulle bevestig egter almal dat die mense vroeër net hul potte gebak het, wanneer die maangety reg was.

Die dae rondom donkermaan asook wanneer dit nuwe maan is, is baie geskik vir die bakproses. By die Tsongakraal word die potte nog steeds tydens die regte maanfase gebak, maar al die informante in Gazankulu steur hulle nie aan die maan nie. Hulle beweer dat die Sotho wel potte bak as dit die eerste kwartier is. Die pottebaksters beweer dat wanneer die maan helder skyn tydens die bakproses dan is die kleure van die potte vaal. As dit egter baie donker is, dan sal die kleur, dit wil sê die rooi, baie mooi wees. Hierdie aanvaarding dat dit donker moet wees as potte gebak word, word ook in die veldaanekening [1976] deur volkekundiges van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad aangehaal. By pot 10849 wat van die Lobedu verkry is, staan die volgende:

"The pots are only fired at sunset. If done during the day, the pots fired black instead of red" (SAM 10849).

Die rede hoekom potte nog deur 'n bakproses moet gaan alhoewel hulle reeds hard en uitgedroog is, word soos volg verklaar:

"Firing or burning has the effect of driving off the combined water in the clay and robbing it of its plasticity, after which the shape of the pot cannot be altered. To fire a pot a temperature of between 350° and 400°F must be maintained" [Schofield 1947:19].

Die dag wanneer die pottebakster besluit om haar potte te bak, - die natuurelemente moet volgens haar sin geskik wees - haal sy in die oggend al die potte uit die hut en sit hulle in die son. Die rede wat hiervoor



aangegee word, is dat die potte eers 'n bietjie moet opwarm. As hulle uit die koel hut direk met die warm vuur in kontak sou kom, sal hulle bars.

Die bakproses vind gewoonlik teen die laat namiddag plaas, net so teen sonsondergang. Die pottebakster sorg dat sy geskikte brandmateriaal het. Onder die brandmateriaal wat die Tsonga gebruik, tel daar bobbejaanstert, mopanie- of maroelabas, dun stukkies mopaniehout, ou dekgras, en koeimis. Bobbejaanstert word verkies, maar hulle gebruik net wat beskikbaar is (sien Bylaag 1). Die bakproses vind altyd net buitekant 'n kraal (wooneenheid) plaas waar die pottebakster haar oond, **murundzhu**, het. Die Tsonga maak 'n holte in die grond met ongeveer 'n deursnee van 1½ - 2 meter en 'n halwe meter diep. Sommige **murundzhu** is vlakker. Vergelyk in hierdie verband 'n **murundzhu** by Nkomo A (foto 3.21).

Onderin die holte word eers stukkies bas of bobbejaanstert gepak en dan word die potte daarop gepak. Die heel grootstes kom eerste en al die ander word op 'n bepaalde manier op mekaar gestapel met droë gras of bas of bobbejaanstert tussenin. Die potte rus met die bodem of die sykante teen mekaar op so 'n manier dat die openinge nie versper word nie. Bo-op die hoop potte word baie bobbejaanstert of gras gepak, sodat al die potte goed bedek is. Die hele bakproses neem omtrent 35 minute om te voltooi (foto's 18a-b).

Hierna word eers 'n offerande van snuif aan die voorvadergeeste gebring om haar by te staan tydens die pakproses. By 'n sekere plek kniel sy neer, gooi snuif op die grond en prewel 'n paar woorde, dan word die vuur aangesteek (foto's 3.19).

Die vraag waarom sommige potte tydens die bakproses bars, verklaar die Tsonga deur dit toe te skryf aan 'n swak gehalte klei, te min uitdroging vooraf en veral 'n vuur wat te warm is. Die brandmateriaal wat gebruik word soos bobbejaanstert of beesmis bepaal die hitte. Houtvure is normaalweg te warm.

Die ouer garde is egter oortuig van die invloed van die geeste. As potte bars tydens die bakproses, **ku fayeka**, dan beteken dit dat die geeste weens een



of ander rede kwaad is en nou eers weer gekalmeer moet word. Die bakster, **vumbi**, het in hierdie geval 'n amulet, **xitshungulu**, wat sy nog van haar moeder gekry het, gedra. Dit verseker dat haar potte altyd 'n sukses sal wees. Leah het dit pal gedra.

'n Ander informant het vertel dat sy wel 'n amulet gehad het, maar dat sy nou nie meer weet waar dit is nie. Sy vertel dat sy skielik siek geword het toe sy jonk was. Hulle het die dolosse geraadpleeg en die dolosse het vir haar gesê dat sy baie mooi potte sal maak as sy groot is. Haar vader moes vir haar 'n amulet maak wat sy pal gedra het. Dit het egter verlore geraak en sy steur haar nie meer aan die invloed van 'n amulet nie.

Nadat die vuur so teen sonsondergang aan die brand gestee is met 'n grasbondel wat vlam, volg 'n periode van intense afwagting; enige skietgeluid in die oond is 'n teken van potte wat bars. Die vuur brand aanvanklik baie intensief en af en toe word nog brandmateriaal opgesit. Nadat die vuur vir die eerste vyf tot agt minute sterk gebrand het, neem die groot vlamme af, totdat dit vir die volgende vyftien tot twintig minute aanhou smeul (foto's 3.19a-c). Hier en daar kan 'n pot waargeneem word wat gloei van die hitte (foto 3.19d).

Die smeulende hoop word nou net so gelaat tot die volgende oggend. Die potte is klaar gebak en moet nou net afkoel. (Ter wille van die foto's het Leah die potte dieselfde aand uitgehaal). Vroeg die volgende oggend gaan kyk die pottebakster hoe suksesvol haar potte gekom het (foto's 3.20). Sy lig die potte versigtig uit die "oond" en net 'n hokie as bly oor. Sy inspekteer die potte deur met 'n stok of die vinger aan 'n pot te tik en na die klank te luister. 'n Helder klank dui 'n perfekte pot aan. 'n Dowwe klank verrai 'n kraak of ander imperfeksie. Sommige potte is soms nie heeltemal egalig gebrand nie. Dan is daar 'n swart kol aan die pot. Die bakster plaas hierdie potte in haar eie kookskerm, **xitiko**, op kole neer om hulle sodoende finaal te bak.

Soms sal die pottebakster nog 'n keer oor die versiering van sekere potte gaan, nadat hulle gebak is en hier en daar nog rooi-oker of grafiet aansmeer, maar gewoonlik is die potte nou gereed om gebruik te word, behalwe vir 'n



laaste handeling, **ku khangula**. Dit word nie meer deur alle pottebaksters nagekom nie.

3.5.6 Khangula

Khangula beteken "om die pot te versterk", of die ingebruikneming van die pot. Sommige informante gebruik nog hierdie manier van verseëling, ander voel dat die vrou wat die pot koop dit self kan doen. Die kleiner potjies word ook selde ge-khangula. Op 'n vraag wat gebeur as 'n vrou 'n potjie koop en dit nie dig is nie, het een informant geantwoord, dat sy dit maar kan kom omruil.

Potte word ge-khangula deur baie slap mieliepap in die pot te kook. Sommige vrouens gebruik dun bierpap om die potte dig te maak. Die pap word dan weggegooi, nadat dit vir ongeveer 'n halfuur gekook is. Die potte word met water uitgespoel. Enige smaak of reuk na nuwe klei is ook hiermee verwyder.

3.5.7 Variasies in die vervaardigingswyse

Die tweede pottebakster by die Tsongakraal gebruik vir haar potte 'n ander metode as die eersgenoemde.

Sy begin met 'n dik rol ongeveer 8 cm in deursnee, en sit dit op 'n houtbord neer, heg die punte aan mekaar vas en werk die klei dan na bo op.

Die dik rol is genoeg om die pot tot 'n hoogte van ongeveer 12 cm te bou. Verder gebruik sy kluite of "lappies" klei wat sy al in die rondte aan die onderste stuk vasbrei. Die linkerhand ondersteun die pot van binne en gee liggies druk en met die regterhand word die lasklont gesmeer en in die korrekte vorm met heen-en-weer bewegings gedruk. Van die begin af het die pot-in-wording dus al vorm en is netjies en eweredig. Na elke sirkellaag word die pot eers weer met 'n skulp of 'n peul gladgetrek en gesmeer.

Die pot se vorm is na elke laag lappies aanvanklik meer regop terwyl sy die klei vasbrei. Nadat sy dit dan met die skulp of peul bewerk het, is die vorm op die korrekte wyse uitgebol.

Die uiteindelijke hoogte van die pot, 'n bierbedieningspot, **khuwana**, was ongeveer 35 cm en 30 cm in deursnee, dit is die buitemaat op die wydste ronding of skouer. Die pottebakster het my verseker dat ek die pot die volgende dag nie sal herken nie, omdat sy die wande van die pot nog verder sal bewerk en met 'n klip sal uitbol, sodat die pot nog meer bolvormig sou word en die wande nog dunner sal wees. Die klei was direk na die eerste afwerking nog te nat en kon nie verder bewerk word nie. Die dikte van die wand was op daardie stadium ongeveer 1 cm. Sy wou dit nog dunner maak. "Potte met 'n dun wand is baie mooier as potte wat dik lyk" het sy gesê.

Sover dit die rand betref, word die pot egter heeltemal afgewerk. Laasgenoemde word bewerk soos voorheen beskryf, (3.5.2), en baie tyd word afgestaan aan 'n netjiese rand. Nou is die pot gereed om tot die volgende dag gebêre te word.

3.5.8 Taboe's tydens potvervaardiging

Op die vraag of 'n vrou ter eniger tyd potte mag vervaardig, het segspersone geantwoord dat daar geleenthede is wanneer 'n vrou nie mag aangaan met haar pottebakkerie nie. Sekere taboereëls, **yila**, word nagekom:

As haar man of kind sterf, mag 'n pottebakster vir 'n tydperk van ongeveer een jaar nie potte vervaardig nie. Op die vraag aan die pottebakster by die Tsongakraal hoekom sy aangaan om potte te maak, alhoewel haar man agt maande gelede oorlede is, het sy gesê dat dit 'n ander geval is. Haar werk is om potte te maak, (sy is aangestel as pottebakster by Tsongakraal) en daarom het sy haar swart doek wat aandui dat sy in rou is, afgehaal.

'n Paar pottebaksters het beweer dat 'n vrou vir die hele tydperk wat haar baba nog nie tande het nie, nie mag potte maak nie.

Moontlike kontak met sout bepaal 'n ander taboe. Geen sout mag in aanraking kom met die klei tydens die pottebakkersproses nie (sien 4.6.3; Van der Lith [1960:144]). Die potte sal kraak. 'n Soutkookster mag byvoorbeeld daarom nie potte vervaardig, terwyl sy wag vir haar sout om in te damp nie. Alhoewel die Tsonga dit nie wetenskaplik kan verklaar nie, is dit 'n feit dat sout die vormbaarheid van klei verlaag [Van der Lith 1960:144].

Die uitwerking van sout op die gebakte kleipotte kan ook goed tydens die soutmaakproses waargeneem word. Die klei word poreus na 'n paar dae as dit met die sout in aanraking was en verweer mettertyd geheel en al. Potskerwe by ou soutwerkerterreine is dikwels poreus.

Sout word ook nooit in kleipotte gebêre nie, maar wel in kalbasse en geen soutbakke mag ooit langs, of by die kookpotte gebêre word nie.

3.5.9 Reparasië van gekraakte potte

Alhoewel Lawton [1967:81] van die Ronga in Mosambiek meld dat hulle definitief nie potte herstel nie, kom reparasies by die Tsonga wel voor. Verskillende maniere is in die veld aangetref:

- (1) 'n Nat riemstrook word stewig om die gekraakte pot vasgemaak. As die riem droog word, trek dit saam en hou die pot stewig aan mekaar. Hierdie pot sal nie waterdig wees nie.
- (2) Gate sal op 'n paar punte aan weeskante van die kraak met 'n skerp voorwerp (soos draad) geboor word. Stukkies draad word dan deur hierdie opening bevestig om die pot aan mekaar te hou (foto 3.43a)
- (3) Daar is ook potte in die veld aangetref waar die gebreekte plek met sement toegesmeer is. Dit was gewoonlik groot potte wat op hierdie wyse herstel is. Hierdie potte sal nie weer vir kookdoeleindes gebruik word nie, maar is bv. geskik as saadstoorpot, om droë bestanddele in te stoor en selfs om water in te hou.



- (4) Sommige potte waarvan 'n deel afgebreek het, word weer met klei herstel. Sodra die klei droog is, sal die pot op die vuur geplaas word, sodat die rou kleigedeelte hard gebak kan word.
- (5) Die mees tradisionele wyse om potte te herstel is om 'n mengsel te maak van die melksap van 'n sekere klimplant, **mhanga**, en verpoeierde houtskool. Hierdie mengsel word dan om die gebreekte pot of kalbas gesmeer.

3.6 VERSKILLENDE Tipes ERDEWERK

3.6.1 Inleiding

By die Tsonga kan 'n onderskeid gemaak word tussen die onversierde potte wat vir kookdoeleindes gebruik word en die versierde potte wat vir water en vir bier gebruik word. Bakke kom ook voor en sommige van die Tsonga se erdewerk word vir ander gebruike aangewend. Hier volg 'n lys van die erdewerk soos dit by die Tsonga aangetref word; daarna word elkeen kortliks bespreek. 'n Verskeidenheid potte en bakke word op foto 3.23 getoon.

POTTE

Kookpotte - Timbita (ekv. mbita)

Kookpotte word nie versier nie

Mbita

Xihlambeto (Tinhlambeto) - Papkookpot

Xinhlambetwana)

Ximbitana) Groentekookpot

Mbita ya ku sweka byala - Bierkookpot

Xitswori - Medisyne-kookpotjie.



Bier- of Waterpote - Makhuwana (khuwana)

Hierdie pote word altyd versier

Yimiso/Yinkho - Biergispot

Khuwana - Bierbedieningspot, waterberg en -bedieningspot (groter tipe)

Xikhuwani - Bierbedieningspotjies (kleiner tipe)

Jomela - Bierdrinkpotjie

Xijomelo - Hoofman se bierdrinkpotjie

Xijomelani/Xijomedyani - Kleinste potjie.

BAKKE - Minkamba (nkamba)

Eetbakke

Xikambani - kleinste tipe eetbak vir "maroho" (versierd)

Nkambana - groter tipe eetbak - veral vir dikmelk (versierd)

Nkambana - deksel vir kookpot (onversierd).

Maalbakke

Xihiso - groot maalbak vir mielies

Xisilafole - kleiner as xihiso - vir die maal van snuif, **fole**

Xihiswana - kleinste maalbak vir snuif en maroelaneute.

Mielieweebakke

Xilovekelo - mielieweebakke

Xitseka) hierdie twee benamings word ook vir weekbakke gebruik,

Xibikelo) alhoewel **xibikelo** van Venda oorgeneem is

Waskomme

Nkambana - wasskottel

Xihlambelo - groot waskom.

ANDER GEBRUIKE

Potte word ook vir die volgende doeleindes gebruik:



POTTE		VORM	VERSIERING	Opening	Diepte	Skouer	GEBRUIKE/OPMERKINGS	
KOOKPOTTE: TIMBITA								
ONVERSIERD	Mbita ya ku sweka byala			29	50	61		Bier word in hierdie pot gekook
	Mbita			28	30	39,5		Papkookpot vir 'n groot aantal mense
	Xihlambeto			22,5	22	31		Papkookpot vir 'n normale groot huishouding (ongeveer 8 mense)
	Xinhlambetwana			14,5	14	19,5		Papkookpot vir 'n normale huishouding (3-7 mense). Ook vir groentekook
	Ximbitana			10	8,5	12,5		Papkookpot vir 1 of 2 mense. Ook vir groentekook
	Xitswori			8	6	10,5		Medisyne-kookpotjie; ook soms vir baba se slappap
BIER EN WATER POTTE: MAKHUWANA								
VERSIERD	Yimiso/yinkho (onversierd)			26	55,5	68,5		Nadat bier gekook is, word dit hierin laat gis
	Khuwana			17	31,5	36,5		Stoorpot vir bier en/of water. Ook bierbedieningspot
	Xikhuwani			12	18	23,5		Bedieningspot (Verskeidenheid groottes)
	Jomela			9,5	12,5	16,5		Bierdrinkpotjie
	Xijomelo			8,5	10,5	13,5		Bierdrinkpotjie
	Xijomelani			7,5	8,5	10,5		Bierdrinkpotjie
	Xijomedyani			5,5	7	9,5		Kleinste potjie ingemessel in Tsonga altaar. Offerandes vir voorvadergeeste word hierin geplaas
BAKKE: MINKAMBA								
EETBAKKE	Xikambani			13	6,5	14,2		Eetbak vir vrouens en kinders
	Nkambana			16,5	7	17,2		Eetbak vir vrouens en kinders
	Nkambana (deksel)			23,5	8	24,5		Hierdie bak word as deksel vir kookpote gebruik
MAALBAKKE	Xihiso			28	16	28,5		Maalbak waarin geweekte of groenmelies vir gebruik gemaak word
	Xisilafole			17	18,5	17		Maalbak waarin snuif fyngehaal word
	Xihiswana			12	11,5	12		Maalbak wat vir die maal en voorbereiding van medisyne gebruik word
WASKOMME	Xihlambelo			33	18,5	33		Waskom vir gebruik deur vrouens
	Xihlambelwana			28,5	15	29,5		Waskom vir gebruik deur man
MIELIE WEEKBASSE	Xilovekelo	Enige pot kan gebruik word						Gewone mielieweebak
	Xitseka							Groot pot waarin mielies geweek word voor dat dit in die maalbaak gemaal word
	Xibikelo							
ANDER GEBRUIKE								
	Xilemu	Enige pot/potskerwe						Gedroogte saad word hierin gestoor vir 1 of 2 jaar
	Xirhengele							Potskerwe word gebruik tydens soutmaak; ook veral vir voorbereiding en toediening van medisyne deur n'anga
	Xijomelani							Spesiale potjie op Tsonga-altaar vir offerandes
	Broeikas, Begrafniskis							Geskikte potte word gebruik as broeikas vir babatjies, asook om babas in te begrawe

TABEL 3.1

Xilemu - toegesmeerde saadstoorpot

Xirhengele - potskerf

Xijomelani - potjie by offerboom

Sommige groot potte word gebruik as : broeikas vir premature babas of om lykies in te begrawe.

3.6.2 Kookpotte - timbita

(1) *Xihlambeto* (foto 3.25)

Beskrywing en gebruike

Papkookpotte word **tinhlambeto** genoem (foto's 3.25a en b). Gewoonlik is daar vier verskillende groottes en die keuse van watter pot gebruik word, hang af van die hoeveelheid mense wat kos moet kry. Dit wil egter nie sê dat elke huishouding wel vier **tinhlambeto** het nie. Dit wissel van geval na geval. Sommiges het net een - ander het 'n hele aantal potte. Die heel grootse pot, **mbita** kom in huishoudings voor waar die man 'n hele aantal vrouens het en baie pap op 'n keer gekook moet word. Ook tydens feestelikhede word **timbita** gebruik. Die kleiner papkookpotte, **xinhlambetwana**, en **ximbitana**, word vervolgens bespreek.

Pappotte word net vir die kook van pap gebruik, maar groente soos pampoene, boontjies en stampmielies word ook in die **nhlambeto** gekook. As vleis gaar gemaak word, word dit ook in hierdie pot gekook.

Die driepootysterpot, wat nie so maklik breek nie, het die **nhlambeto** begin vervang toe dit in die winkels verskyn het en nog nie so duur was nie. Dit was in die tye toe Westerse gebruiksgoedere al hoe meer verkies is en die eie as minderwaardig beskou is. Die neiging is egter nou weer terug na die **nhlambeto** en wel weens die volgende redes:

- Ekonomiese redes dwing die mense om soms weer terug te gryp na die ou pottipes. Die ysterpot het baie duur geword. Die vrouens wat self potte vervaardig, doen dit sonder dat daar vir hulle koste aan verbonde



is en verkoop dit selfs teen tussen R2,00 tot R10,00 teenoor die huidige ongeveer R40,00 vir die ysterpot.

- Die Tsonga beweer dat die pap wat in 'n kleipot - **nhlambeto** - gekook word, baie lekkerder smaak as in enige ander tipe pot (vgl 3.7.1 vir 'n beskrywing oor hoe mieliepap, die Tsonga se "stapelvoedsel", gekook word).

As die kookpotte nie benut word nie, word hulle, nadat hul skoongemaak is, onderstebo in die kookhut, kookskerm of onder of langs die graanhut gebêre. 'n Ideale bêreplek is ook die afdakkie rondom die slaaphut, **xivumbi**. Dikwels word die pappotte eers net voor die volgende maaltyd skoongemaak. Potte word skoongemaak deur die oorblywende pap te week. Die reste word vir die hoenders en honde gegooi en die pot word met sand of 'n tipe bros klip wat stukkend gekap word, skoongeskuur en afgespoel.

Vorm, afmetings en versiering

Al die kookpotte is bolvormig met 'n ronde staanvlak. Die openingsdeursnee van die kookpotte is uit praktiese oorweging wyer as dié van die vloeistofhouders en al die kookpotte het 'n afgeronde rand (vgl foto 3.23).

Alle kookpotte is onversier. Aangesien die potte tydens die kookproses swart brand, sou versierings nutteloos wees. Soms word egter wel 'n eenvoudige horisontale lyn ± 3 cm vanaf die rand op die skouer met 'n doringdraad of stok in die pot gegraveer. Soms kom 'n bandversiering voor (vgl Fig. 3.1a-b).

Gemiddelde afmetings

	nhlambeto		mbita
Opening:	25 cm	20 cm	28 cm
Diepte:	23 cm	21,5 cm	30 cm
Skouer:	35 cm	27,5 cm	39,5 cm

Afwykings

Enkele sfeervormige kookpotte met 'n prominente uitwaarts-gevormde nek is in die veld raakgeloop (foto 3.22a). Hierdie tipe kookpot tref ons in

Mosambiek aan soos gesien kan word in Junod se beskrywing van die Ronga [1927 II:113-117] en die versameling van die Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad (foto's 3.22b). Oor die algemeen is hierdie tipe pot se wande ongeveer 4 mm dun, ru en onafgewerk. As daar enige versiering op voorkom, is dit gewoonlik enkele grafeerwerklyne of driehoeke, of chevron tussen die skouer en die rand of op die skouer.

(2) *Xinhlambetwana en ximbitana* (foto 3.25)

Beskrywing en gebruike

Die twee benamings **xinhlambetwana** en **ximbitana** is die verkleiningsvorm van **nhlambeto** en **mbita** en is dan ook die name vir die kleiner tipe kookpotte. Hierdie potte word gebruik vir die kook van groente **miroho** en die bydis **xixevo** wat met pap geëet word. Dit is die groentedisse waarby dan gemaalde grondbone of maroelaneute gevoeg word en wat as die "sous" by die mieliepap geëet word. Aangesien die Tsonga nog steeds 'n bydis by hul pap eet, is hierdie één van die potjies wat nog baie algemeen en wyd verspreid aangetref word. Anders as by die Venda word daar geen onderskeid in benaming vir die papkookpot en die groentekookpot gemaak nie [Van der Lith 1960: Bylaag 2].

Wanneer daar vir slegs enkele persone pap gekook word, word die **xinhlambetwana** en **ximbitana** gebruik. Die **xinhlambetwana** word ook soms gebruik om pap te kook wanneer dit net vir een persoon bedoel is.

Vorm, afmetings en versierings

Die vorm is identies aan die **nhlambeto** maar slegs 'n kleiner weergawe. Sommige kookpotte het 'n klein randjie deurdat die lip netjies gevorm word en effens na die buitekant van die pot omhoog. Nie alle pottebaksters gee hulle kookpotte 'n lip nie.

Versierings wat voorkom is lynversierings, bandversierings, band met chevron (Sien Fig. 3.1a, b; 3.5 a,c). Soms word die versieringsvlak met oker bedek (foto 3.25a).



Gemiddelde afmetings

	xinhlambetwana	ximbitana
Opening:	16 cm	11 cm
Diepte:	12,5 cm	9 cm
Skouer:	21 cm	14,5 cm

Die versierings stem ooreen met die beskrywing van die **nhlambeto**.

(3) *Mbita ya ku sweka byala - Bierkookpot*

Beskrywing en gebruike

Eintlik is hierdie pot ook 'n **nhlambeto**, maar word met 'n beskrywende naam aangedui om hom van die papkookpot te onderskei, naamlik: die pot om in te kook bier. Hierdie pot is ook groter as laasgenoemde - hoe groter hoe beter. Die grootte word bepaal deur die behendigheid van die pottebakster en heel dikwels word 'n pot genoem na die vrou wat die pot vervaardig het.

Bier wat van sorghum en mieliemeel gemaak word, word in hierdie pot gekook. Water en mieliemeel word gekook tot 'n dun pap en die sorghum wat ontkiem het, word dan bygevoeg. Daarna word die bier in die **yimiso** - 'n pot waarin bier gis - geskep en in die kookhut of kookskerm gehou. Hierdie potte word deesdae meestal deur petroldromme vervang. Die dromme het 'n groter inhoudsmaat en die groot kleipotte is ook nie so maklik bekombaar nie, aangesien nie eers alle pottebaksters sulke groot potte kan vervaardig nie.

Waar 'n vrou vandag nog bier in kleipotte brou, het sy dikwels meer as een, en wel ongeveer ses van die potte. Daar kon nie soos in die geval van papkookpotte, uitgevind word of die bier uit hierdie potte beter smaak of wat die voorkeur, indien enige, vir die gebruike van erdepotte is nie.



Vorm, afmetings en versiering

Die **mbita ya ku sweka byala** is meestal bolvormig en soms sfeervormig en het 'n ronde staanvlak soos alle kookpotte. Hierdie bierkookpot word soms verwar met die **yimiso** omdat albei baie groot is en vir die maak van bier gebruik word. Laasgenoemde, word in enkele gevalle versier. Hulle kan egter onderskei word daardeur dat die bierkookpot se opening groter is as die biergispot. Die rand is na buite gerol en vorm 'n stewige randjie. Die staanvlak is meestal rond, maar kan ook effens afgeplat word. Die kapasiteit van hierdie pot is 50 ℓ en meer.

Gemiddelde afmetings

Opening:	29 cm
Diepte:	50 cm
Skouer:	61 cm

Soos alle kookpotte word die **mbita ya ku sweka byala** baie min versier nóg met lyne, nóg met kleurstof. Soms word egter 'n horisontale lyn 10 tot 20 cm vanaf die opening in die skouergedeelte ingesny, wat horisontaal om die pot loop. Nou en dan word 'n verdere lyn ongeveer een en 'n halwe cm onder die vorige lyn ingesny om sodoende 'n bandversiering te vorm (Fig. 3.1, 3.5 a,c).

(4) *Xitswori* (foto 3.26)

Beskrywing en gebruike

Die kleinste tipe kookpot wat 'n mens by die Tsonga aantref is die **xitswori**, en word veral vir die voorbereiding van medisyne gebruik. Die potjie is te klein om enigiets anders in te kook, behalwe dat dit ook soms gebruik word vir die kook van die baba se slappap.

Vorm, afmetings en versiering

Die **xitswori** is bolvormig en het geen lip nie. Die rand is afgerond en loop op die wande dood (Fig. 3.12 ii a). Oor die algemeen is dit nie baie netjies



afgewerk nie. Geen versierings kom op hierdie potjie voor nie. Die kapasiteit van die **xitswori** is ± 500 ml en die afmetings is by benadering soos volg:

Gemiddelde afmeting

Opening: 7 cm
Diepte: 6,5 cm
Skouer: 10,5 cm

3.6.3 Bier- en waterpote - makhuwana

Onder hierdie afdeling val eintlik al die potte wat as vloeistofhouers gebruik word. Water word in **makhuwana** aangedra en in die kookhut gehou. Wanneer bier gebrou word, word die mooiste van die **makhuwana** gebruik as potte waarin bier tydens drinkpartye gehou word. Die kleiner tipes word gebruik om uit te drink.

(1) *Yimiso - Biergispot (foto 3.27)*

Beskrywing en gebruike

Die naam **yinkho** word ook vir hierdie pot gebruik. Al twee benamings is reg, alhoewel dit wil voorkom asof **yinkho** oorgeneem is van die Venda se **nnkhó**. Segspersone beweer egter dat dit 'n tradisionele Tsonganaam is.

Hierdie is die grootste tipe pot waarin bier geskep word nadat dit gekook is en waarin die bier vir 'n dag of drie gelaat word om te gis. 'n Gevlegte mandjie, **rihlelo**, bedek die opening. As die bier bedien word, word dit uit hierdie pot met 'n skepkalbas, **ndzheko**, in kleiner potte deur die biersif, **xihluto** geskep. Die **yimiso** word soms versier maar in die meeste gevalle nie. Dit hang af van persoonlike smaak en ook van die behendigheid van die pottebakster of sy die pot wil versier al dan nie.

Die opening van hierdie pot is kleiner as van sy maat, die bierkookpot of **mbita ya ku sweka byala**. As die vrou kleipotte gebruik vir die kook van bier dan het sy gewoonlik 'n paar **yimiso** in haar huishouding. Hierdie

grootste tipe pot word gewoonlik in die kookhut, **xigurumbana**, gebêre, aangesien hulle te groot is om gedra te word. Dikwels word 'n holte in die klei vloer gepleister, **xikhato**, sodat die **yimiso** stewig kan staan.

Vorm, afmetings en versiering

Die **yimiso** kan bolvormig wees of sfeervormig. Dit hang af van die pottebakster se vernuf. Die opening van hierdie potte is nouer as dié van die kookpotte, en dit het 'n duidelik afgewerkte rand (Fig. 3.12 iv b).

Gemiddelde afmetings

	groot	middelslag	klein
Opening:	30 cm	24,5 cm	22 cm
Diepte:	65 cm	50 cm	46 cm
Skouer:	87 cm	61 cm	57 cm

Dikwels word die **yimiso** versier, maar dit word nooit so mooi soos die kleiner potte waarmee bier aan mense bedien word, versier nie. Die versieringselemente is hoofsaaklik bandversierings in kombinasie met driehoeke, of die stermotief rondom die opening (vgl Fig. 3.5, 3.6, 3.7). Grafiet en oker word ook gebruik om die potte nog mooier te laat vertoon.

(2) *Khuwana en xikhuwani - Groter en kleiner tipe bierbedieningspot (foto 3.28, 3.29).*

Beskrywing en gebruike

Hierdie potte is die bierbedieningspotte. Die bier wat in die kookhut, **xigurumbana**, gegis en gebêre word, word met 'n skepkalbas in die **khuwana** geskep en na buite, waar die gaste sit, gedra. Eersgenoemde is die groter tipe wat vir 'n groot hoeveelheid mense voorgesit word terwyl laasgenoemde 'n kleiner weergawe is wat vir 'n paar mense gebruik word (foto's 3.28 a-d). Die grootste tipe **khuwana** kan nie gedra word nie en staan gewoonlik in die kookhut gevul met water of bier. Die water of bier word koud in die koelte van die kookhut, waarskynlik weens die verdamping wat plaasvind omdat die kleiwande in 'n mate poreus is. Kleiner **xikhuwani**



word ook soms vir hierdie doel gebruik. Dit is nie 'n vereiste dat dit net 'n groot pot moet wees nie. Anders as die Tsonga, maak die Venda 'n onderskeid tussen die bierpot en die waterpot en noem dit **khali ya madi**, die pot vir water [Van der Lith 1960:71].

Die kleiner **khuwana** en **xikhuwani** kan gedra word en water word hiermee gaan haal by die naaste waterbron en dan in die groot **khuwana** geskep. As daar feeste is, of enige ander geselligheid plaasvind, word die water of bier in die kleiner **khuwana** of die **xikhuwani** voorgesit. Hieruit word dit weer met 'n skepkalbassie in die drinkbeker, **jomela**, geskep.

Plastiekhouders en dromme en blikke het vandag oor die algemeen die plek van die waterkleipot ingeneem. Vandag is dit 'n algemene gesig om 'n hele aantal vrouens met plastiekhouders van enige kleur te sien wat van of na 'n waterpunt stap. Die mooi gesig van vrouens met mooi versierde kleipotte op hul koppe op pad om water te skep, of om bier aan te dra, het verdwyn (foto 3.28 e). Die bedieningspotte waarin die bier of water voorgesit word, word egter nog heel dikwels aangetref.

Vorm, afmetings en versiering

Die **makhuwana** is almal bolvormig en het 'n duidelik waarneembare rand. Sommige staanvlakke is rond terwyl ander afgeplat is. Dit is weer eens 'n saak van smaak en geen vaste norme geld nie.

Die **xikhuwani** se afmetings is by benadering soos volg:

Gemiddelde afmetings:

Opening:	11 cm tot 13,5 cm
Diepte:	13 cm tot 27 cm
Skouer:	19 cm tot 31 cm

Kapasiteit: \pm 3 liter tot \pm 12 liter.



Die **khuwana**:

Diepte: 15 cm tot 20 cm

Opening: 28 cm tot 37 cm

Skouer: 34 cm tot 41,5

Kapasiteit: \pm 25 liter.

Die versieringsmotiewe en kleure van die **makhuwana** is met uitsondering van die **jomela**, drinkbeker, van die mooistes onder die Tsonga, en laat vir die pottebakster ruimte tot uitlewing. Al die **makhuwana** word altyd versier en elke pottebakster doen baie moeite om hierdie potte mooi te maak. Al die verskillende versieringselemente soos onder 3.5.2 (vgl ook foto 3.28) bespreek, kom voor. Deesdae sal 'n vrou haar verbeelding laat gaan en soms nuwe en ander versierings aanbring. Geen norme geld deesdae meer met betrekking tot vorm en versiering nie (foto's 3.29). Sommige van hierdie potte word ook aan die onderkant versier. As die pot staan, sien 'n mens dit nie, maar as die pot onderstebo gebêre word, kan die pragtige versierings duidelik gesien word (foto 3.35). Die rand is in alle gevalle verdik en afgerond (Fig. 3.12 iv b).

Versierings, **makholo**, word aangebring op hierdie erdeware as teken van bewondering en verering. Alle keramiek wat direk met die man in verbinding gebring word, word versier. Dit is derhalwe veral die **makhuwana** wat met mooi versieringselemente afgewerk word.

(3) *Jomela - bierdrinkbeker (foto 3.29(c))*

Beskrywing en gebruike

Die **jomela** word ook onder die versierde potte geklassifiseer, aangesien dit dieselfde vorm en versieringselemente handhaaf. Hierdie drinkpotjies is slegs heelwat kleiner as die vorige **makhuwana** (foto 3.30). Omdat klassifikasie volgens gebruik geskied, vorm die drinkbekers van die Tsonga 'n afsonderlike kategorie. Die **jomela** is 'n miniatuurweergawe van die **khuwana** en **xikhuwani** en word gebruik om bier uit te drink. 'n

Verskeidenheid groottes word aangetref en die kleiner en kleinste tipe word **xijomelo** en **xijomelani** genoem.

Pottebakkery by die Tsonga is oor die algemeen baie deur die Venda beïnvloed. Hier kry ons egter 'n voorbeeld waar kultuurbeïnvloeding na die ander kant voorgekom het. Die Venda het by die Tsonga oorgeneem. In die verlede het die Venda drinkkalbassies gebruik om bier te drink, maar Van der Lith meld dat 'n mens nou onder die Venda ook die drinkpotjie **dzhomela** of beker van klei, aantref en dat hulle dit beslis by die Tsonga oorgeneem het [Van der Lith 1960:94-96]. Ook die Lobedu het, volgens Krige, die gebruik om bier uit 'n kleipotjie te drink in plaas van die drinkkalbassie, by die Tsonga oorgeneem. Ook hulle het die Tsonga benaming oorgeneem, nl. dzomela [Krige in Lawton 1967:177].

Vorm, afmetings en versiering

Al die bierpotjies is bolvormig en die staanvlak is in alle gevalle effens afgeplat. Almal het 'n effens verdikte rand (Fig. 3.12 iv b). Variasies in vorm kom wel voor, soos bv. dat 'n spesifieke pottebakster 'n handvat sel aan die beker gesit het. Die rand word ook soms meer prominent na buite gevorm (foto 3.31) (Fig. 3.12 ii c). Sommige segspersone het beweer dat hierdie drinkbeker vir die hoofman is en hulle noem dit dan **xijomelo** of ook **xidzuvulo**. 'n Verdere gemoderniseerde variasie kan op foto 3.31 b gesien word.

Gemiddelde afmetings

	xijomelani	xijomelo	jomela
Opening:	7 tot 8 cm	8 tot 9 cm	9 tot 9,5 cm
Diepte:	7 tot 10 cm	10,5 tot 11 cm	12,5 tot 13,5 cm
Skouer:	10,5 tot 11,5 cm	13,5 tot 14,5 cm	15 tot 17 cm

Al die versieringselemente en kleure wat by die Tsonga voorkom (soos reeds onder afdeling 3.5.2 bespreek), word ook op hierdie **majomela** aangebring. 'n Mens tref die mooiste en netjiese voorbeelde van Tsonga-keramiekware onder die **majomela** aan. In enkele gevalle was versiering ook heel eenvoudig.



3.6.4 Bakke - minkamba

(1) *Eetbakke (foto's 3.33 - 3.35)*

XIKAMBANI - KLEINSTE EETBAKKIE

Beskrywing en gebruike

Dit is die kleinste tipe eetbak hoofsaaklik vir die bediening van **miroho**, die tradisionele groente bydis. Dit word gewoonlik gebruik as eetbak vir die kinders en ook die vrouens se bydisse by pap word hierin opgeskep. Die man se groente of vleis word vir hom in 'n houtbak bedien, terwyl sy pap in 'n houtbord geskep word. Nooit sal 'n man sy bykosse uit die **xikambani** of **nkambana** eet nie.

Vorm, afmetings en versiering

Die algemeenste **xikambani** is die vlak kleibakkie met 'n ronde staanvlak. Die wydste omtrek is om die rand en die opening van die bakkie is groter as sy diepte (foto 3.33a en b). Die rand is in alle gevalle afgerond (Fig. 3.12 ii, e).

Hierdie bakke is altyd versier met enige van die versieringselemente wat voorkom. Bandversierings, driehoeke in kombinasie met bande en lyne kom meestal voor. Die binnekant is met grafiet ingevryf, en aan die buitekant kom oker- en grafietversierings voor (foto 33 c).

Gemiddelde afmetings

Opening:	13 cm
Diepte:	6,5 cm
Skouer:	14,2 cm

NKAMBANA - EETBAK

Beskrywing en gebruike

Hierdie eetbak lyk net soos die vorige kleibakkie, behalwe dat dit groter is. Sekere kosse soos dikmelk wat nie baie algemeen genuttig word nie, asook



termiete, mopaniewurms, en ander word uit hierdie bakke geëet. As daar meer kinders is wat saam eet, word hulle groente of ander bydisse vir hulle in die **nkambana** geskep.

Vorm, afmetings en versiering

Die vorm is ook soos die **xikambani**, maar daar is in Gazankulu **minkamba** aangetref wat meer bolvormig is met 'n ronde staanvlak. Die rand is hier nie die wydste omtrek nie, maar wel die skouer wat 2½ cm vanaf die rand gevorm is. Hierdie kleibak is ook dieper en lyk soos 'n kleinerige bierbedieningspot wat een derde van bo afgesny is. 'n Duidelik afgewerkte lip wat na buite 'n rol vorm word waargeneem (foto 3.34).

Baie moeite word aan die versiering van die **nkamba** bestee. Dit wissel van 'n band direk onder die lip met lyntjies binne-in wat oormekaar kruis tot twee of drie bande tussen lip en skouer of op die skouer (Fig. 3.1, 3.2, 3.3, 3.5). Driehoekversiering kom ook in variasies voor en die bande of driehoek word met oker gekleur, terwyl die res van die bak met grafiet geverf word. 'n Kenmerkende eienskap van die klei-eetbakke is dat die binnekant ook aanvanklik met grafiet gekleur is. 'n Ander versieringselement is die eenvoudige ingesnyde lyn op die skouer. Tot vier lyne onder mekaar kom voor. Die rand is afgerond (Fig. 3.12 a, d, e). In die volksmond word daar dikwels na die groter eetbak ook as **nkamba** verwys, maar die regte benaming is **nkambana**.

Gemiddelde afmetings

Opening:	16,5 cm
Diepte:	7 cm
Skouer:	17,2 cm

NKAMBANA - DEKSEL

'n Ander manier waarop die **nkamba** gebruik word, is as deksel. Kenmerkend van hierdie vlak kleibak is dat dit glad nie versier word nie, en gou met gebruik swart brand en sy eie kenmerkende voorkoms van swartgebrande roet en kosaanpaksels vertoon.



Beskrywing en gebruike

Hierdie vlak kleibak waarvan die opening ook groter is as die diepte, se wydste omtrek is om die rand. Die rand is na buite gerol, afgerond en eindig op die wand. Geen duidelike lip word waargeneem nie (Fig. 3.12 (iv) b).

Die **nkambana** word op twee maniere as deksel op kookpote gebruik. Die gewone manier is om dit met die opening na onder oor die pot te plaas (foto 3.38) waarteenoor die ander manier is om dit met die opening na bo op die kookpot te plaas. Die onderkant van die bak pas presies in die kookpot se opening (foto 3.39).

Die **nkambana** word ook soms gebruik om termiete of mopaniewurms in te rooster of om mopaniewurms in gaar te maak en dien dan as 'n kookbak.

Vorm, afmetings en versiering

Die vorm en afmetings is soos bo beskryf vir die eetbakke. Die enigste onderskeid is dat hierdie **minkambana** nie versier word nie. 'n Enkele ingesnyde lyn op die skouer kom soms voor. Omdat hierdie bak vir kookdoeleindes gebruik word, brand dit ook gou swart.

Die afmetings stem ooreen met die groter eetbak. 'n Groot **nkambana** word ook gebruik as 'n waskom, waarin hande gewas word. Dit sal onder 3.6.5 bespreek word, aangesien dit 'n ander funksie as die eetbak verrig.

(2) *Maalbakke - (foto 3.36)*

Beskrywing en gebruike

Die maalbakke het min of meer dieselfde vorm as die wasbakke en die eetbakke, maar word onderskei daardeur dat hulle aan die binnekant grof afgewerk is, met ingesnyde lyne wat 'n ruitpatroon vorm, sodat die maalproses makliker uitgevoer kan word. Hulle is ook dikwels dieper en het die voorkoms van 'n halwe eier. Die growwe oppervlakte aan die binnekant



word verkry deur insnydings met 'n skerp voorwerp kruis en dwars aan te bring, voordat die pot gebak word.

'n Stuk bobbejaanstert - spesie is gebruik om die binnekant voor gebruik skoon te borsel. Die maalbakke word nooit vir die maal van medisyne of medisinale plante gebruik nie. Een **n'anga** het dit as 'n streng taboe beskou.

XIHISO - MAALBAK VIR MIELIES - OOK GENOEM MUGURUTO

Hierdie is die grootste tipe maalbak en word gebruik om geweekte mielies in fyn te maal. As maler word 'n kort houtstamper gebruik. Die **xihiso** word tussen die bene van 'n vrou wat plat op die grond sit, vasgehou terwyl die geweekte mielies met 'n sirkelvormige beweging van die stamper fyn gemaal word.

Van der Lith [1960:99] bespreek 'n maler waarna verkeerdelik as 'n Venda maalbak verwys word en **mugurudo** genoem word. Hy sê dat die Venda nie so 'n mieliemaler gebruik nie en dat dit aan die Tsonga behoort wat wel die **mugurudo** gebruik om geweekte mielies daarin fyn te maal. Van der Lith spel die woord verkeerd. Dit moet **muguruto** wees en is dieselfde voorwerp as die wat by die Tsonga van Sentraalnoord-Gazankulu **xihiso** genoem word. Die woord **muguruto** is egter aan die vrouens bekend.

Vorm, afmetings en versiering

Soos al die bakke is hierdie maalbak ook vlak met 'n wye opening. Soms word maalbakke aangetref wat dieper is as die ander bakke van die Tsonga, maar hulle is nie so diep soos dié van die Venda en die Lobedu nie. By laasgenoemde groepe kan 'n mens 'n definitiewe verskil tussen die maal- en die ander bakke onderskei.

Die mieliemaler is die grootste van die malers en word nie meer so dikwels aangetref nie. Trouens, daar is net twee in Gazankulu aangetref en geen foto's of mate is geneem nie. Een **xihiso** is spesiaal by die Tsongakraal



vervaardig en dié mate is geneem. Die vrouens ken egter wel hierdie maalbak.

Benaderde afmetings:

Opening: 28 cm
Diepte: 16 cm
Skouer: 28,5 cm

Geen versiering word gewoonlik aan die **xihiso** aangetref nie. Die rand is afgerond (Fig. 3.12 ii b).

XISILAFOLE - SNUIFMAALBAK

Hierdie bak is aansienlik kleiner as die **xihiso** en word gebruik vir die fynmaal van snuif. Die oppervlakte van die binnekant is ook grof. Die Tsonga het vroeër altyd hulle eie snuif gemaal en die ouer mense doen dit vandag nog, alhoewel baie snuif in die winkels gekoop word.

Die blare van twee soorte veldplante is in die Hans Merensky-Natuurreservaat geïdentifiseer wat die Tsonga gebruik om snuif van te maak. *Amarantus cruentus* en *Aloe davyana* word gedroog en dan in die **xisilafole** fyngemaal. Op 'n vraag of 'n groot hoeveelheid snuif ook in potte wat lugdig verseël is gehou word, het hulle ontkennend geantwoord. Snuif is vroeër in 'n kalbas of in 'n beeshoring gebêre. Die ou tradisionele snuifbotteltjie van driedoring hout wat baie mooi gekerf is en aan 'n tou of riem of kralestring om die nek gedra word, is een van die mooiste voorbeelde van die Tsonga se tegniese skeppinge. 'n Fyn lang lepeltjie word saam met die snuifhouer vervaardig en gedra, om die snuif mee uit die botteltjie te haal en dan te snuif. Deesdae word gekoopte snuif in blikhouertjies wat gewoonlik aan 'n kraalstring of as kralesieraad om die nek gedra word, gebruik.

Vorm, afmetings en versierings

Die vorm verskil nie veel van die **xihiso** nie, behalwe dat dit in baie gevalle 'n bietjie dieper is, om die maalproses te vergemaklik. Geen versierings kom



voor nie, behalwe op sommige snuifmalers waarop die pottebakster 'n enkele lyn of band aanbring (Fig. 3.1). Die rand is afgerond (Fig. 3.12 ii b).

Gemiddelde afmetings

Opening: 12 cm
Diepte: 11,5 cm
Skouer: 12 cm

XIHISWANA - KLEINSTE MAALBAK VIR SNUIF EN MAROELANEUTE

Beskrywing en gebruike

Soos die naam aandui is hierdie 'n klein **xihiso** (foto 3.36). Dit word ook soms wanneer die hoeveelhede dit bepaal vir die fynmaal van snuif gebruik. Die eintlike funksie van hierdie maalbak is egter om maroelaneute fyn te maal. Die gemaalde maroelaneute is 'n gesogte byvoeging tot die groente bydis of **miroho** en word byna altyd, of soos beskikbaar, bygevoeg

Vorm, afmetings en versiering

Die vorm is weer eens soos die van die bogenoemde twee groottes maalbakke en is soms ook net ietwat dieper as die eetbakke. Die binnekant is grof gemaak deurdat daar met 'n skerp voorwerp kruis en dwars insnydings deur die klei getrek is. Geen versierings kom voor nie. Die rand is afgerond (Fig. 3.12 ii b).

Gemiddelde afmetings

Opening: 12 cm
Diepte: 11,5 cm
Skouer: 12 cm

(3) Weekbakke vir Mielies of Mieliemeel

Beskrywing en gebruike

xilovekelo, xitseka en xibikelo



Hierdie drie benamings word aangegee vir die bak waarin mieliemeel geweek word voordat dit gekook word. Daar was nie heeltemal duidelikheid oor die regte benaming nie, maar segspersone beweer dat die eerste twee eintlik reg is en dat die derde naam ook soms gebruik word.

Gedroogte mielies word in hierdie bakke in water geweek, totdat dit sag genoeg is en in die maler, **xihiso**, met a klein stamper, **xitshudyana**, gemaal kan word. Hierdie gemaalde mielies word dan in geregte soos **tihove**, 'n geregt van mielie's, boontjie en grondbone, gebruik.

Vorm, afmetings en versierings

Enige pot kan vir die doel, om mielies of mieliemeel te week, gebruik word. Dit hang af van die hoeveelheid wat geweek word. In die meeste gevalle word egter die **xihlambeto** gebruik en geen spesiale pot sal vervaardig word nie. Dieselfde beskrywing wat vir **xihlambeto** geld, geld dan ook hier (vgl. 3.6.2(1)).

3.6.5 Waskom

Beskrywing en gebruike

'n Wasskottel word ook **nkambana** genoem en twee tipes of groottes word onderskei, naamlik, die **nkambana** vir die man en **nkambana** vir die vrou en kinders. Laasgenoemde is 'n bietjie kleiner as die man se wasbak. 'n Man sal nooit in 'n vrou se wasbak was nie.

'n Ander benaming is **xihlambelo** wat afgelei word van **nkambana wo hlambela** - die bak om in te was (foto 3.37). Elke oggend sal die vrou die waskomme met water vul, sodat almal kan was. Hierdie wasskottels word ook voor maaltye met water gevul, sodat almal hulle hande kan was.

Vorm, afmetings en versierings

Soos reeds bespreek is aan die einde van 3.6.4.1 het hierdie bak dieselfde vorm as die eetbak en stem sodoende in vorm daarmee ooreen. Die



onderskeid wat gemaak word, is dat die waskom nooit vir enigiets anders gebruik word nie.

Sommige **minkambana** word versier en ander nie. Dit hang af van persoonlike smaak. Versierings wat aangebring word, is dieselfde as by die eetbakke, **minkamba**, en kan wissel tussen eenvoudige lyn- en bandversierings asook die byvoeging van driehoeke (Fig. 3.1, 3.3 a, b, 3.5). Die rand is effens verdik en afgerond (Fig. 3.12 iv b).

Gemiddelde afmetings

	Man se wasbak	Vrou se wasbak
Opening:	33 cm	30 cm
Diepte:	18,5 cm	12 cm
Skouer:	38 cm	29 cm

3.6.6 Ander gebruike van potte

XILEMU

Beskrywing en gebruik

Enige soort pot wat gebruik word om sade of gedroogde groente in te berg word **xilemu** genoem. Die hoeveelheid saad wat vir 'n jaar of meer weggebêre word, bepaal die grootte van die pot. Saad wat meestal op hierdie wyse teen siektes en insekte beskerm word, is mieliesaad, pampoensaad asook grondboontjies, sorghum en boontjies, maar gedroogde **miroho** word ook dikwels op hierdie manier geberg. Die pot word gevul met grondbone, sorghum, bone of **miroho**. Gewoonlik word 'n potskerf wat netjies op die opening pas gebruik om dit toe te maak, maar ander plaasvervangers soos 'n wioldop, of stuk blik, of blikbord word ook in moderne tye gebruik. Die pot word dan lugdig verseël deur die opening tussen die deksel en die pot met beesmis toe te smeer. Die beesmis word droog en hard en die inhoud is dan heeltemal beskut teen enige insekte en peste (foto 3.40). Enige saad of gedehidreerde groente word voordat dit in die **xilemu** verseël word, eers goed in die son uitgedroog en moet heeltemal vry van insekte wees, anders sal die saad nie hou nie.



Die saad wat op hierdie wyse bewaar word, is hoofsaaklik vir plantdoeleindes en word nie vir eetdoeleindes gebêre nie. Die pot se inhoud kan vir 'n paar jaar op hierdie wyse gebêre word. As die reën wegbly word die pot met sy inhoud eenvoudig tot die volgende groeiseisoen gelaat. Hierdie potte word gewoonlik buite die hut, op die stoepie wat rondom die slaaphut voorkom, in 'n sonnige plek gehou.

XIJOMELANI - KLEIN JOMELA

Die klein potjie, **xijomelani**, wat net soos die kleinste bierdrinkpotjie, **jomela**, lyk, is die enigste van al die potjies wat nie 'n rand het nie, want "dit is nie nodig vir hierdie potjie om die drup op te vang nie," het 'n segsvrou verduidelik.

Versiering: Geen versiering kom voor nie, maar die potjie kan aan die buitekant met grafiet bedek en blink gevryf word.

Rand: Baie effens verdik en gesny (Fig. 3.12 iv c).

Gemiddelde afmetings:

Opening: 5,5 cm
Diepte: 7 cm
Skouer: 9,5 cm

Die **xijomelani** of ook **xijomedyani** word op die Tsonga se offeraltaar, **gandzelo**, ingebou en offerandes soos bier en kos word daarin geplaas (foto 3.41). Die Tsonga het 'n baie prominente offerplek wat altyd in die middel van elke kraaleenheid onder 'n maroelaboom aangetref word. As daar nie 'n maroelaboom groei nie, word een geplant. Dit bestaan uit 'n altaartjie wat om die boom gebou word en buite die potjie word daar o.a. nog die volgende voorwerpe aangetref: 'n skoffelpiklem of gedeelte daarvan, of 'n ander stuk yster, vlakvarktande, houtlepels, olifantbeen, sekere plante, ens. Hierdie offerplek word die **gandzelo xa Xitsonga** genoem - dit is die heilige plek van die familiegeeste, **swikwembu swa ka hina**, van die Tsonga. Dikwels tref 'n mens net 'n potjie en 'n piklem aan; nie al die bogenoemde voorwerpe word op alle **gandzelo** aangetref nie, dit wissel van



geval tot geval en soms word 'n plant daar geplant. Horings van 'n bees of beeste wat geoffer is, word aan die boom vasgemaak. So ook soms horings van bokke.

As daar geoffer word, **ku phahla**, of **ku gandzela** sit die kraalhoof en 'n paar ander familieledede om die altaar en klap hulle hande ritmies op die woorde wat die kraalhoof prewel. Hy spoeg dan bier in die potjie. Hierdie spoeghandeling wat met 'n tsoe-geluid ge-uit word, is 'n heilige handeling wat tydens alle gewone aanbiddinge uitgevoer word.

XIRHENGELE - POTSKERWE

Beskrywing en gebruike

As 'n pot gebreek het, word dit nie net weggegooi nie. Potskerwe word op baie verskillende maniere gebruik. Die **n'anga** is seker die persoon wat die meeste gebruik maak van potskerwe. Medisyne word daarin gemeng, en kan ook in die **xirhengele** aan die brand gesteek word om te rook vir sommige van die berokingspraktyke.

Tydens die ontginning van sout, speel gebreekte potte en potskerwe ook 'n belangrike rol. Die sout word in ou potte of potskerwe **swirhengele**, ingedamp (sien 4.20). Potte of skerwe word ook tydens die smelt proses van metale asook tydens die aktiwiteite by die smidsoondjie as houters aangetref. Water word hier bv. gebruik om die stukkie boombas wat gebruik word om die rooiwarm voorwerp te hanteer, nat te hou, deurdat dit in 'n potjie met water gehou word. Spesiale smeltkroese word van klei vervaardig en in die proses gebruik; ertse word in potte geberg.

3.6.7 Potte as broeikaste en begrafniskis

Potte is ook soms as broeikaste gebruik. Sommige vrouens beweer dat 'n **mbita** vir hierdie doel gebruik is. Die te-vroeg-gebore baba word in blare van die **nhlampfurha**, kasterolie plant of die **nkuhlu**, rooiessenhout-boom, toegedraai. Segspersone beweer dat die medisinale waarde van die bome genesend op die baba inwerk en ook terselfdertyd 'n eweredige warmte



veroorzaak. Nadat die baba toegedraai is, word dit in die pot gelê. Sommige vrouens sê dat die opening so gelaat word, terwyl ander vertel dat daar rondom die nek van die pot gate geboor word vir lug, en die opening dan met 'n potskerf bedek word. Kort-kort is die baba dan uitgehaal om te drink. Die pot is binne in die hut gehou. Baie babatjies het volgens die vrouens al so oorleef. Hulle was dit eens dat hierdie broeikas beslis nie in 'n sonnige plek gehou is nie, maar dit moes op 'n warm plek wees. Volgens Junod [I 1927: 40] is die pot in die son geplaas.

Potte word ook gebruik om doodgebore babas in te begrawe. So 'n pot het nie 'n spesifieke naam nie. Enige pot, oud of nuut, of gebreek kan hiervoor gebruik word. Die moeder van die dooie kind word deur ander ou vrouens begelei. Die kind word in die pot geplaas en word op 'n koel of nat plek langs die rivier begrawe. Die pot word onderstebo gedraai en in die graf geplaas. Daarna slaan die vrouens met 'n klip op die pot se bodem sodat dit breek en gooi dan sand daaroor om dit in die graf te bedek. Junod [I 1927: 165-166] beskryf ook die begrafenis van babatjies in gebreekte potte. Dit is 'n taboe om enige baba wat nog nie deur die rite "om aan die maan geoffer te word", gegaan het nie anders as in 'n gebreekte pot te begrawe. Ook onder die Valenge in Mosambiek het hierdie potbegraving plaasgevind, [Earthy 1968: 153-154].

3.7 BENUTTING VAN POTTE

Soos dit met enige materiële kultuurvoorwerp die geval is, moet ook potte by die Tsonga in die konteks van die Tsongakultuur gesien word. Alhoewel alle potte by alle bevolkingsgroepe primêr 'n ekonomiese of praktiese funksie verrig, word potte by die Tsonga ook op ander terreine gebruik as slegs vir die voorbereiding, nuttiging en berging van voedsel. Dit is die rol wat potte op die ander kultuurterreine speel, wat dit dan 'n stam-eie karakter verleen.

Dit is derhalwe belangrik om materiële kultuurvoorwerpe in hulle breër kulturele verband te bespreek en nie slegs as geïsoleerde voorwerpe nie. In hierdie afdeling sal die verskillende tipes potte asook potskerwe, bespreek word soos hulle nie net op ekonomiese terrein gebruik word nie, maar ook



volgens die behoefte wat potte op 'n bepaalde wyse vervul in die sosiale, godsdienstige, politieke en ander lewensterreine van die Tsonga.

Aangesien die kultuurfasette van 'n volk uit die aard van die saak so inmekaar gevleg is, is dit ook in die geval van potte nie altyd moontlik om hulle gebruik in waterdigte kompartemente te behandel nie. As die manne bv. bier drink as hulle politieke sake bespreek, vervul die **jomela**, bierbeker, 'n sosiale sowel as 'n politieke funksie, of as 'n potskerf gebruik word tydens die rite na geboorte, **ku cibelega xirhengele**, het dit 'n sosiale sowel as 'n godsdienstige betekenis.

3.7.1 Die ekonomiese rol

Potte is primêr geskep om te voorsien in behoeftes wat daar in die ekonomiese lewe en meer spesifiek daaglikse behoeftes t.o.v. voedselbereiding ontstaan het.

(1) *Voorsiening in die daaglikse behoeftes*

Potte word daaglik by die voorbereiding van voedsel gebruik. Groenteblere of ander veldkosse word in potte of bakke gesit nadat dit skoongemaak is. Soms word sulke groente ook in 'n pot met water gewas voordat dit gekook word.

Termiete en ook grondbone word in die **nkambana** gerooster.

Mielies en boontjies word geweek, **ku loveka** in die **xilovekelo** of die **xitseka**.

Grondbone of maroelaneute wat dwarsdeur die jaar beskikbaar is en benut word, is 'n belangrike toevoeging tot die Tsonga se **miroho** of groenteblydis. Dit word altyd eers fyn gemaal, **ku tshimbela**, in 'n klein maalbak, **xihiswana**, en dan soms in klein bakkies, **xikambani**, geskep voordat dit in die gekookte groente ingeroer word. Fyngemaalde grondboontjies as smaaklike bydis word **xiridza** of **xipungo** genoem.



Mopaniewurms word, nadat dit van die mopaniebome geoes is, skoongemaak deurdat die ingewande verwyder word. Die een hand hou die wurm vas en met die ander hand word die ingewande uit die wurm gedruk. Hierna word dit in 'n pot gesit en met water afgespoel, en dan verder verwerk (vgl. later).

As suurpap gemaak word, word die mieliemeel eers in 'n weekbak, **xilovekelo**, met water dun aangemaak en dan oornag laat staan om ietwat suur te word, voordat dit gekook word. Ook tydens die bereiding van gewone mieliepap word die mieliemeel soms met water aangemaak voordat dit in die pot met kookwater, **nhlambeto**, oorgeskep word.

Mieliepap, **vuswa**, is die stapelvoedsel van die Tsonga. Dit word op 'n heel besondere wyse voorberei en altyd met 'n groentebidis bedien. Die kookprosedure word kortliks aan die hand van 'n reeks foto's beskryf (foto's 3.41, 1-7).

In die **xitsumba**, kookskerm sonder dak, word die **nhlambeto** met water gevul en op die oop vuur, gewoonlik op 3 klippe, **masweko**, geplaas. Die Tsonga gebruik 'n paproerder om die pap mee te klits. Die roerder word verkry van die Mingerhout, **muthuma/muhlome/nhlume/ Breondia salicina**. Die wyse waarop die jong takke groei, maak dat die vorm 'n natuurlike klitser is (foto 2.11).

Foto 1: Die mieliemeel wat met water aangemaak is, is in die pot op die voorgrond van die foto. Dit is reeds in die papkookpot geskep en word nou op die vuur gelaat om te prut. Geen sout word by die Tsonga se mieliepap gevoeg nie.

Foto 2: Die mieliemeel wat nie gebruik is nie, word in 'n **nthabana**-mandjie gehou. (vgl. links op die foto). Die **nkambana** in die voorgrond dien as deksel (vgl. ook foto 3) en in die agtergrond kan nog 'n keer die pot gesien word waarin die mielimeel met die water aangemaak is.

Foto 4: As die pap te slap is, word nog droë mieliemeel by die pap in die pot gevoeg en dan



Foto 5: driftig met 'n houtlepel geroer, **ku gurumbela**. Die roerproses vind op 'n spesifieke manier plaas, nl. met sterk draaibewegings soos duidelik op die foto gesien kan word. Pappotte het 'n groter opening as die houerpotte sodat die inhoud makliker geroer kan word.

Foto 6: Die pap het nou sy regte stewigheid: dit kan nie meer as slappap beskryf word nie, maar is ook nog nie 'n baie stywe pap nie. Dit het nog 'n hoë mate van vormbaarheid.

Die Tsonga kook hulle pap nie baie lank nie: \pm 10 minute in hierdie geval. Volgens Westerse mense sal dit nog as rou beskou word. Kort-kort word dit geroer en as dit klaar is, word die pot skuins gehou sodat die pap aan die een kant van die pot versamel. Dit is nou gereed om op 'n bepaalde manier uitgeskep te word.

Foto 7: Hierdie foto toon duidelik hoe die pap nou bietjie-vir-bietjie op 'n houtbord uitgeskep word. Die vorige laag mieliepap het alreeds 'n droë lagie gevorm as die volgende hoeveelheid daarop geskep word. Die afsonderlike lae kan duidelik gesien word. Die bord met hierdie "mieliepapkoeke" word nou bedek en meestal binne in 'n hut gebêre. Die **nhlambeto** word met water gevul en eenkant laat staan totdat daar weer pap gekook word. Dan word dit eers gewas. Gewoonlik word die hoofmaaltyd in die middag genuttig. Die mieliepap word al in die oggend of voormiddag voorberei en dan meestal koud geëet.

Saam met hierdie mieliepapkoeke word altyd 'n groentebydis, **miroho**, voorberei. Enige blaargroente wat beskikbaar is, word gekook, bv. wilde spinasie of ander eetbare veldgewasse, jong pampoenblare en -blomme of ander aangeplante eetbare gewasse. Gemaalde grondbone of maroelaneute word by hierdie dis gemeng asook 'n bietjie sout.

As dit etenstyd is, neem die vrou altyd eerste vir haar man sy kos en 'n wasskottel, **nkambana** om sy hande in te was. Hy eet by sy hut. Hy het sy eie houtbord met mieliepapkoeke en sy eie bakkie met bykos, **xixivo** of



miroho. Die kinders deel hulle pap en groente eenkant. Die vrou sit gewoonlik alleen of soms saam met die kinders, altyd naby haar **xitsumba**, kookskerm.

Die kos word soos volg genuttig: Ter aanvang word die hande in 'n **nkambana** gewas. Stukke van die mieliepapkoek word afgebreek, die droë velletjie afgetrek en vir die hoenders gegooi. Daarna word die stukkies pap in die groentesous gedoop en geëet. Almal eet soveel pap as hulle kan inkry, want hierdie is hulle hoofmaaltyd. As daar pap oorbly, word dit toegedek en in die **xitsumba** gelaat. Die kinders sal daarna enige tyd as hulle honger is ingaan en 'n stukkies pap afbreek en eet. Voor die volgende kooktyd word alle reste vir die hoenders gegooi.

Vleis word baie selde geëet. Dit word eintlik veral tydens feestelikhede genuttig. Hoenderdisse word meer gereeld as beesvleis geëet.

Groente

Die voorbereiding van groente geskied soos volg:

Die kookpotte **ximbitana** en **xinhlambetwana** wat kleiner is as die papkookpotte, **nhlambeto**, word gewoonlik gebruik vir die kook van die groentehydis **miroho**. Pampoenblare en blomme is 'n gewilde hydis. Die stingels en blaarare word van die pampoenblare en blomme verwyder. Die blare en blomme word in 'n bak met water afgespoel en word dan in die kookwater wat in die **ximbitana** kook, geplaas en gekook totdat dit sag is. Sout word bygevoeg sowel as fyngemaalde maroelaneute of grondboontjies.

Soos alreeds genoem is, lewer die veld verskeie eetbare blaargroente wat dan soos spinasie voorberei word. Onder andere word **miroho** van die volgende plante gekook:

guxe - *Cochorus confusus* en *Corchorus tridens* L

muxiji - *Bidens pilosa* L (uitheems)

thyeke - *Amaranthus thunbergii*.



Die blare van aangeplante gewasse word ook benut vir die bereiding van die bydis, o.a.:

pampoene - *Cucurbita pepo*

boontjies - *Phaseolus sp.* [Liengme 1981:506].

As daar 'n oorfloed van een of ander blare of groente is, word dit in 'n pot wat groter as die normale groentepotjies is gekook - d.w.s. 'n pappot. As dit gaar is, word dit in klein balletjies gevorm, platgedruk en gedroog om later gebruik te word. Die koekies of balletjies word teen 'n boom vasgeplak om te droog. Soms sit die vrou ook die koekies op haar dak of net op 'n sak, wanmandjie of iets soortgelyks. As dit droog is, word dit binne in die kookhut in 'n pot wat bedek word, bewaar, of vir langer periodes in die **xilemu** verseël (3.6.6).

Vleis en Vis

As vleis, **nyama**, genuttig word, word dit natuurlik ook in kookpotte gekook. Enige grootte kookpot word gebruik. Daar word nie spesiaal potte uitsluitlik vir vleisdisse gemaak nie. Die houtsneewerker vervaardig besondere vleisborde wat versier word deur brandskildering. Tradisioneel het hierdie vleisborde vier pote en weerskante handvatsels. Die man se vleis word gewoonlik in hierdie vleisbord vir hom bedien.

Die Tsonga is bekend daarvoor dat hulle vis, **nhlampfi**, eet. Die gebruik het sy oorsprong in Mosambiek waar vis volop is en waarvandaan die Tsonga kom. Vis word soms gedroog, of word vars gebruik. Dit kan oor die kole gerooster word. Dit word meestal in kookpotte gekook. Een segsvrou wat nog gereeld visvang beweer dat die Tsonga vroeër hulle vis in potskerwe en buite die kraal voorberei het, omdat baie mense nie van vis gehou het nie. Die Tsonga is die enigste van die Suidoos-Bantoesprekendes wat vis tradisioneel geëet het. Die vrouens vang self die vis met visfuike.



Mopaniewurm

Verder word mopaniewurms ook in potte voorberei. Die wurms word versamel in Januarie wanneer die mopaniebome, *Colophospermum mopane*, oortrek is met die wurms. Die voorbereiding is reeds beskryf. 'n Lekkerny is om die mopaniewurms net in 'n **nkambana** in vet te braai en dit dan te eet. Meestal word die wurms in 'n bietjie water gekook en as bydis genuttig.

Soveel mopaniewurms as wat gekry kan word, word versamel en gedroog vir die maer maande. Die wurms word soos beskryf is, voorberei, in 'n bietjie water gekook, en dan in die son uitgesprei om te droog. Die wurms word in enige pot van geskikte grootte gebêre. Hulle word daarna voorberei deur hulle weer in kookwater in 'n kookpot op te kook en daarna gewoonlik in olie te braai.

Geroosterde termiete, majenjhe of **muhlwa**, is 'n verdere lekkerny waarvoor die Tsonga baie lief is. Enige ou gebruikte pot word gebruik om die termiete mee te vang. 'n Gat word in 'n termiethoop waarin termiete voorkom, gegrawe en 'n pot, gewoonlik 'n tipe pappot van enige grootte word in die holte gesit. Die gat word dan dig met pale en takke bedek - soms word vandag 'n stuk plastiek daaroor geplaas en weer van die miershoopgrond daaroor gestrooi sodat 'n mens nie kan agterkom dat daar iets in die miershoop verberg is nie. Dit is 'n bekende feit dat die termiete 'n versteurde termiethoop vinnig herstel. So is dit ook in hierdie geval. Al die gangetjies wat versteur is, word gou weer deur die termiete herstel. Die pot word in hierdie proses in die termiete se boustruktuur opgeneem. Hulle maak dan nes in die pot. Die dag wanneer die Tsongavrou besluit om termiete uit te haal, word daar met pale op die termiethoop gestamp. 'n Groot klomp termiete versamel op die wyse in die pot. Die pot word uitgehaal en die termiete word dan in 'n **nkambana** gebraai en sout daaroor gestrooi. Dit word soos gesoute grondboontjies by Westerlinge as lekkerny genuttig.

As die vrouens haastig 'n paar termiete wil braai dan kap hulle 'n miershoopgangetjie oop, steek 'n stok in die gang af en wag 'n oomblik. Daar versamel byna onmiddellik 'n hele aantal termiete aan die stok. Hulle



stroop dit af in 'n houer en hou so aan totdat hulle genoeg termiete het om in 'n pot te braai.

Bier

Bier, **byala**, word dikwels gebrou, want dit word by elke moontlike geleentheid gedrink. Dit vervul nie net 'n belangrike rol tydens sosiale en religieuse geleenthede nie, maar vervul ook 'n ekonomiese funksie. Baie vrouens brou bier by hulle huise en verkoop dit dan vir 'n inkomste. Veral tydens die moeilike droogtejare wanneer daar geen oeste is nie, wend die vrouens hulle tot die brou van bier en verkoop dit om sodoende geld vir kos in die hande te kry.

Potte word spesiaal vir die brou van bier vervaardig. Dit alleen dui al op die belangrike status van bier in die Tsonga se lewenswyse. Bier word nie slegs as 'n verfrissende drank gebruik nie, maar word ook as voedsel beskou.

Vir die maak van bier word spesiaal groot potte vervaardig soos reeds beskryf. Die volgende potte word gebruik:

Die bierkookpot - **mbita ya ku sweka byala**

Bierstoorpot - **yimiso** - bier word nadat dit gekook is in die **yimiso** geskep om te gis

Potte waarin bier bedien word - **makhuwana**

Drinkbekers - **xijomelo**.

(2) Potte as handelsartikel

Potte speel as handelsartikels net so 'n belangrike rol as wat dit as gebruiksgoedere vervul. In die tradisionele bestaanseconomie waarvan ruilhandel 'n primêre hoeksteen gevorm het, was keramiekware baie meer gesog as in die huidige tye waar die Westerse huishoudelike gebruiksartikels maklik bekombaar is. Dit wil egter nie sê dat daar gladnie meer handel met potte gedryf word nie. Intendeel die vervaardiging van potte neem weer toe in hierdie dae van stygende koste in die Westerse ekonomie, met die gevolg dat ruilhandel weer 'n toenemende styging toon.



Soos reeds aangetoon is, was pottebakkerie in die tradisionele samelewing 'n baie meer gespesialiseerde beroep as vandag waarin die pottebakster potte uitsluitlik vervaardig het met die doel om 'n bestaan daarvan te maak deur al die ander huishoudings in die omgewing van erdepotte te voorsien.

Voordat geld as betaalmiddel in die tradisionele samelewings ingevoer is, het die pottebakster haar ware verruil vir ander goedere wat sy nodig gehad het en wat veral bestaan het uit wat ander vrouens uit hulle landerye geoes het. Hulle het ook in ruil vir potte die pottebakster se landerye vir haar bewerk. Grondbone, sorghum, en mielies was gewilde ruilmiddels en die persoon wat die potte wou hê het die pot van haar keuse een keer gevul met haar aanbod en dit vir die pottebakster uitgeskep (foto 3.42). Sodoende is die waarde bepaal en dan was dit haar eiendom. Gewoonlik word die grondbone of koring of ander ruilmiddel in 'n mandjie, **xirhundzu**, deur die koopster aangedra na die woonplek van die pottebakster en die potte word ook weer daarin gepak en op haar kop huis toe gedra. Junod verwys ook na hierdie manier van handeldryf waarvan hyself dikwels ooggetuie was [Junod 1927, II:140]. Hierdie handelstransaksie het terselfdertyd 'n sosiale rol vervul, want daar is tydens die transaksie oor en weer gesels. Nuus is uitgeruil en as dit plaasgevind het, terwyl 'n etery of drinkery aan die gang was, is die koopster ook genooi om deel daaraan te hê. Die pottebakster het soms deur ruilhandel genoeg kosvoorrade verkry. Dit was vir haar dan nie meer nodig om in die landerye te werk nie.

Sommige vrouens het die pottebakster gehelp om haar landerye te bewerk, want daar was altyd sekere gewasse wat sy vir haarself wou aanplant, soos kalbasse, pampoene of bone. In ruil vir potte het die vrouens dan 'n diens gelewer wat ook daaruit kon bestaan dat die vrouens die pottebakster behulpsaam is met die bou of herstelwerk van haar hutte, **tindlu**. 'n Verdere ruilmiddel wat dikwels onder die Tsonga voorgekom het, is sout wat hulle self ontgin het (4.7).

Nadat geld as betaalmiddel ingevoer is, het die ruilhandel feitlik verdwyn. Deesdae vind ruilhandel nie meer plaas nie en is geld die enigste betaalmiddel. Die waarde van die pottebakster se ware het baie gedaal, nie



slegs omdat dit nou in kontant bepaal word nie, maar ook omdat dit moes kompeteer met die Westerse gebruiksvoorwerpe.

Tydens die navorsing is daar geen geval teëgekomp waar die vrouens met hulle ware handeldryf deurdat hulle daarmee rond gaan of selfs na 'n ander dorp gaan nie. Enigeen wat potte wou koop, gaan na die pottebakster toe. 'n Interessante aspek wat na vore gekom het op die vraag waar hulle hulle potte vandaan kry, is, dat die segspersone antwoord dat hulle dit by die Venda koop. Elke jaar in die wintermaande kom Vendamense met hulle ware na Gazankulu waar hulle dan van dorp tot dorp hulle potte verkoop. Dit verklaar ook deels die rede waarom Tsongapotte 'n groot ooreenkoms toon met die van die Venda, nie alleen wat vorm betref nie, maar ook na versiering en benuttingswyse.

Alhoewel Tsongapotte ook oor die algemeen van 'n hoë gehalte is, is Vendapotte altyd baie gesog weens hulle goeie kwaliteit wat afwerking, versiering en die dikte van die wande betref.

Ons het hier dus nie net te doen met ruilhandel en al die daarmee gepaardgaande houdings en verhoudings binne een stam self nie, maar ook tussen verskillende stamme wat 'n hele nuwe stel houdings en verhoudings tot stand laat kom wat weer op sy beurt wedersydse beïnvloeding, dus kultuuroorname tot gevolg het - 'n aspek wat hier nie in diepte bespreek sal word nie, aangesien dit 'n studieterrein in sy eie reg behels.

Bogenoemde twee aspekte van die rol van pottebakkery, nl. by die voorbereiding van voedsel, en by handeldrywe, kan as die primêre funksie gesien word. Vir sommige ander ekonomiese bedrywighede word potte ook benut.

(3) *Ander gebruike van erdewerk*

Sout. Die wyse waarop potte gebruik word tydens die soutontginningsproses word in hoofstuk 4 bespreek. Nie net heel potte word gebruik nie, maar ook die potskerwe van groot gebreekte potte. Wanneer sout van gedroogte plante soos die plant **munywani** verkry word, word daar van twee potte



bo-oor mekaar 'n filtreerapparaat gemaak. Die plant word gedroog en veras en in die boonste pot geplaas. Hierdie pot het gate in die boom. Water word daarin geskep en die soutoplossing filtreer dan na die onderste pot. Hierdie oplossing word ingedamp.

Snuif en die wyse waarop dit in 'n maler fyngemaal word, is ook reeds bespreek.

Tydens die **hutbouproses** gebruik die vrouens potte wat al oud is, of groot potskerwe, vir verskeie doeleindes. So bv. word die klei of termiethoopgrond waarmee die hutte gepleister word in 'n groot ou pot gehou. Dieselfde geld vir die kleurmiddel waarmee die mure versier word en ook die beesmis waarmee vloere versier word.

Die **mandjievlegter** gebruik houers om die dun houtrepe of gras of palmblare wat hy gebruik in water te week. Hiervoor is groot potte en veral bakke ideaal. Vir die kleur van mandjies word die bas van die **ndzivata**, bastermaroela, *Lannea stuhlmannii*, in water geweek om 'n bruin kleursel te gee. Hierin word die houtrepe geweek wat dan bruin word. Ligte en bruin repe word dan afwisselend gebruik tydens die weefproses. Verskillende patrone word op die wyse verkry.

In die Tsongakraal word potte vandag ook tydens die **smeeproses** gebruik. 'n Pot met water staan byderhand om die stuk bas wat gebruik word om die warm yster mee vas te hou, nat en klam te hou. Stukkies ystererts word in 'n kleipotjie gehou, en tydens die smeltproses dien 'n potjie as die smeltkroes waarin die yster, wanneer die erts smelt, opgevang word. Waterpotte staan ook gereed vir die manne wat vir baie ure die blaasbalke moet pomp en daarvan baie moeg en dors word.

3.7.2 Die sosiale rol

Soos op verskillende terreine van die ekonomiese lewenswyse van die Tsonga, kan daar ook op die verhouding van erdewerk tot die politieke, sosiale, religieuse en regsaspekte van die kultuur gedui word. Die benutting van potte as een aspek van die tegniese skeppinge is met alle lewensterreine



van die Tsonga geïntegreerd. Dit kan aangedui word tydens die kind se geboorte en seremonies wat daarmee verband hou dwarsdeur die verskillende ontwikkelingsfases tot by die dood en begrafnisrites wat volg. Sommige van die tersaaklike optredes sal hierna bespreek word.

Wanneer die babatjie die eerste lewenslig aanskou, speel potte en potskerwe reeds 'n belangrike rol. Die tradisionele vroedvrou hou in 'n potskerf, **xirhengele**, sekere medisyne vir geval sy dit nodig kry. Water vir die was van hande ens. word ook in 'n **nkambana wo hlambela**, die bak om in te was, gehou. Die kos wat die moeder die eerste week eet, mag ook net uit 'n spesiale potjie geëet word.

Die eerste rite wat die baba beleef, is wanneer sy of hy vir die eerstemaal na 'n week deur die moeder uit die hut gedra mag word. Hierdie oorgangsrite, wat 'n suiweringsrite is, vind plaas sodra die naelstring afval. Die rite van die potskerf, **ku cibelesa xirhengele** word deur die **n'anga** onderneem. In 'n potskerf word daar 'n stukkie vel van die belangrikste wilde, sterk en gevaarlike diere geplaas, sowel as gedroogde plante van giftige of versterkende spesies. Die inhoud van die **xirhengele** word aan die brand gestee sodat dit rook. Die baba word deur die moeder uit die hut aan die **n'anga** aangegee. Die **n'anga** neem die kaal babatjie en berook dit van alle kante en van bo en onder. Hierna maal die **n'anga** al die orige stukkies vel tot 'n poeier, meng dit met 'n soort vet en smeer dit aan die baba se liggaam en gee die baba dan aan een van die teenwoordige ouer vrouens, **kokwana**, meestal die pa se moeder, wat 'n vreugdedans uitvoer. Sy gee dit aan een van die ander vrouens wat dieselfde doen. Hierdie rite van die gebreekte pot waardeur die baba in die gemeenskap ontvang word, hou terselfdertyd verband met die sosiale, religieuse en mediese aspekte van die Tsongakultuur. Die simboliek agter die rite van die gebreekte potskerf is om die kind te beskerm en te versterk teen alle gevare in die wêreld, hom sterk te maak soos 'n leeu, flink soos 'n duiker, beskerm teen giftige slange en plante, ens.

Wanneer die babatjie die eersgeborene, **mativula**, is, sal die **kokwana** 'n paar vrouens en mans bymekaar roep en na die hut gaan waarin die baba gebore is en 'n vreugdedans uitvoer, **ku khana**. Hulle sing woorde wat dui



op die rite van die rokende potskerf waarmee die baba berook is en hulle vergelyk die baba met 'n pot wat deur die vuurproses gegaan het. Na 'n maand word daar weer 'n dans uitgevoer, **xidzwele**, om die eerste maand van die baba te vier. Bier word vir al hierdie geleenthede gebrou. Terwyl die vrouens besig is om die baba in die gemeenskap in te lei, sit die mans eenkant en drink bier.

Vandag word baie babas in die hospitaal of 'n kliniek gebore wat die tradisionele gebruike laat verander, maar dikwels word gebruike op 'n aangepaste vorm steeds deurgevoer. Baie babas word egter nog in hutte en op die tradisionele wyse gebore en die vrouens kom nog die verskillende seremonies na.

So kan daar baie seremonies beskryf word waardeur 'n kind, 'n dogter en seun tydens hul inisiasie (die oorgangsrite van kind na jongvrou en jongman) en tydens die huwelik gaan, waartydens potte, potskerwe of ander erdewerkhouders 'n rol speel. Dogters sal van jongs af kleibakke en potjies maak, terwyl seuns kleiosse vervaardig. Die dogter leer ook vroeg om die kleipotjies op hulle koppe te balanseer en gaan van jongs af saam met die vrouens om water te skep.

Wanneer die dogters tydens hul inisiasietydperk in die dogtershut, **nhanga**, is, word hulle onder andere alles oor die gebruike, maniere, tradisies, **xinhanga**, geleer. Spesiale potte en potskerwe wat tydens hierdie oorgangsrite gebruik word, word agterna nie weer gebruik nie en saam met al die ander dinge in die afsonderingshut verbrand. Dieselfde geld vir enige erdewerk tydens die seuns se inisiasie. Die reinigingsrites word **ku hlamba ndzhaka** genoem.

Potte vorm ook altyd deel van die bruidskat wat die dogter saambring na haar nuwe tuiste, dié van haar man se wooneenheid. Wanneer die jong bruid, **nhlomisa**, na haar man se kraal gaan, **ku hlomisa**, neem sy gewoonlik 'n hele stel huishoudelike gebruiksartikels, **mahlomo**, saam. Dit word deur haar eie mense aan haar gegee.



Tydens baie sosiale geleenthede soos danse, verwelkomingsfeeste en andere word bier genuttig en 'n verskeidenheid potte word hiervoor gebruik. Vir die hele proses word daar potte benodig - vanaf die eerste kookproses in 'n **mbita ya ku sweka byala**, tot die biergisting in **yimiso**, en die oortap in bedieningspotte, **makhuwana**, tot die drinkpotjie, **jomela**. Wanneer die fees sekere religieuse of politieke verrigtinge opvolg, is dit nog steeds 'n sosiale aangeleentheid, maar die potte speel dan ook 'n religieuse of politieke rol.

Onderskeid tussen die verskillende geslagte kan bv. ook tydens die vervaardigingsproses van potte waargeneem word. Slegs vrouens vervaardig potte en boonop is dit ook nog 'n spesialiswerk. So kan sosiale aansien en senioriteit ook waargeneem word wanneer bier of kos bedien word. Die vrou sal altyd heel eerste vir haar man kos bring of bier bedien. **Xiwidzo/xiwiko** is die gebruik om die eerste bier van 'n drinkparty deur die vrou aan die hoof van die wooneenheid, **nkulukumba wa muti**, aan te bied. Dit dui ook op 'n respekverhouding en wys aan die besoekers dat die bier veilig is. As die man alleen is, sal die vrou wat die bier gebrou het dit vir haar man bring en self die eerste sluk drink om te wys dat die bier veilig is en daar geen gif in die beker is nie.

Ander geleenthede wat daarop dui dat die man die hoof van die gesin of wooneenheid is, kom voor wanneer die vrou eers vir haar man sy kos bring in 'n houtbord en eetbakkie, **nkambana**, voordat die ander gesinslede bedien word. Die jong getroude bruid bring 'n spesiaal vervaardigde en met krale versierde mandjie, **nthabana**. In hierdie mandjie word die man se kos wat in 'n eetbak is, vir hom bedien. Sy wasskottel, **nkamba**, verskil ook in grootte van dié van die vrou en kinders, om aan te toon dat hy nie op gelyke vlak met hulle is nie. Die man se sosiale aansien word op dié wyse erken en respekteer.

Slegs potte of bakke wat deur die man benut word, word versier. Die aanbring van versierings is 'n aanduiding van verering en respektoon.



3.7.3 Die religieuse rol

Die verering van die voorouergeeste, staan sentraal in die Tsonga se religieuse lewe. So ook bestaan daar die geloof in 'n onpersoonlike krag wat ten goede of kwade aangewend of beïnvloed kan word. Op beide terreine speel kleipotte en bakke 'n rol tydens menige seremonies en rites. Erdewerk wat direk met die religieuse lewe van die Tsonga verband hou is die potjie, **xijomelani**, by die offeraltaar, **gandzelo ra swikwembu**, in die Tsongawooneenheid. Hierdie plek dien as skakel tussen die lewendes en hulle voorouergeeste, **swikwembu swa ka hina**. Tydens offerhandelinge, **ku phahla**, word daar deur die kraalhoof bier in die potjie gespoeg, terwyl hy woorde prewel en die ander teenwoordiges ritmies hande klap. Daar bestaan nog baie offerplekke binne woonkomplekse in Gazankulu wat daarop dui dat voorouerverering sentraal staan in die Tsonga se alledaagse lewe.

Ook die fees van die eerste vrugte, **luma**, is 'n baie belangrike gebruik wat by die Tsonga nagekom word. Reeds met die begin van die ploeg en planttyd word voorbidding by die familiegeeste, **swikwembu swa ka hina**, gedoen, sodat die oeste 'n goeie opbrengs sal lewer. Die voorouergeeste beïnvloed die lewe van die lewendes voor- of nadelig en moet derhalwe altyd in ag geneem word. Misoeste of enige ander onheil word aan ontevredenheid van die voorouergeeste toegeskryf. Offerhandelinge volg om hulle goedgunstigheids te vra.

Wanneer die oeste ryp is en voordat enigiemand mag begin om te oes en te eet, moet daar eers die **luma**-rite uitgevoer word. **Ku luma** beteken eintlik om te byt, en die rituele betekenis is:

"to remove the injurious character of a given food by a certain ceremony" [Junod 1927, I:394].

Die eerste maroelavrugte, **makanyi**, wat ryp is, word versamel en by 'n hoofsetel tot maroelabier, **vukanyi**, voorberei. Dié drankie word by 'n graf van 'n gestorwe stamhoof uitgestort en van die geeste word 'n voorspoedige jaar afgebid. In Gazankulu, in die gebied van navorsing, is so 'n plek van



stamgeeste aan die navorser uitgewys. Dit lê tussen Giyani en Dzumeri (sien kaart 1.1) by 'n koppie. Dit is 'n heilige plek en word nie sommer deur gewone mense betree nie.

Die hele proses van die maak van maroelabier kan in 3.7.1 nagelees word. Alhoewel die voorbereiding en nuttiging van die bier in kleipotte 'n ekonomiese rol vervul, het dit weens die belangrike funksie tydens die **ku luma**-rite 'n baie sterk religieuse karakter.

Die seremonie wat in vier fases vervul word, word deur Junod [1927, I:397-404] deeglik beskryf. Sien ook Terblanche [1983:13-15]. Die voorouergeeste word genooi om aan die feestelikhede deel te neem, hulle word gevra om te help dat die mense nie met mekaar baklei nie, want as hulle eers begin drink het, word die meeste van hulle vir 'n hele tyd bedwelm van die alkohol. Niemand mag ook drink voordat die ouer en gerespekteerde familielede nie begin het nie. 'n Vaste orde word gehandhaaf.

Ook taboe's, **ku yila**, speel 'n religieuse rol. Sekere taboe's word tydens die **ku luma**-seremonie nagekom en ander taboe's hou verband met die vervaardigingsproses van die potte (ekonomies), maar kry nou religieuse betekenis weens die aard van die handeling. Daar bestaan geen selfstandige naamwoord vir taboe nie en word slegs in die infinitiefvorm gegee.

'n Paar landboukundige taboe's kom ook voor, soos bv. 'n jong meisie wat nie tussen die pampoensplante mag deurloop nie. As sy dit doen sal sy 'n slegte liggaamsreuk ontwikkel, en geen seun sal van haar hou nie. Vrouens mag nie in hulle landerye fluit, nadat hulle gesaai het nie, anders lok hulle die **noyi**, of towenaar, wat die oeste in gevaar sal bring. Ook tydens die vervaardigingsproses van erdewerk is daar sekere taboe's wat nagekom moet word (3.5.7). As taboe's nie in ag geneem word nie, kan dit slegte gevolge vir die betrokke persoon meebring. Die noue verband van materiële skeppinge met die ekonomiese sowel as die religieuse lewe van die Tsonga spreek, soos hier bo beskryf, byna vanself.



3.7.4 Die politieke rol en verband met regsreëls

Die **vandla** is die hof, of vergaderplek van mans in of buite 'n woonkompleks, **muti**. Hier kom die mans byeen vir formele en informele sake. Dit gebeur dan dikwels dat hulle hier bier drink. Wanneer dit tydens, of ná 'n hofsitting is, en die vrou bring vir die mans bier in **xikhuwani**, en hulle drink die bier uit 'n **jomela**, word hierdie erdeware binne politieke konteks geplaas.

Ook wanneer 'n jongman en meisie trou, en die meisie gaan woon by haar nuwe eggenoot in dié se kraal, bring sy van haar eie potte saam. Sy bring egter die eerste tyd in haar man se moeder se kookplek, **ndyangu**, deur om sodoende in die nuwe gesinseenheid voorgelig te word. Sy leer nuwe gedragsreëls (gewoontereëls en regsreëls), **milawu**, soos dit by haar nuwe tuiste nagekom word en betoon groot respek teenoor haar man se vader as hoof van die woonkompleks, **nkulukumba wa muti**. Sy help haar skoonmoeder ten opsigte van voedselversameling, voedselvoorbereiding en bediening, deurdat sy vir hulle kook. Sy sal haar man en haar vader se kos bedien.

Die verhouding tussen haar en haar nuwe eggenoot word ook deur besondere regsreëls bepaal. Die eerste drie weke sal haar man by haar eet, maar daarna sluit hy hom by die manne aan. Hy sal by haar eet wanneer sy haar eie pot, **nhlambeto**, kry. Dit gebeur gewoonlik wanneer die man se jonger broers trou en die nuwe bruid die woonkompleks, **muti**, betrek. Dan neem sy dié rol oor.

Daarna sal die man soms by sy vrou in die **ndyangu**, haar eie kookskerm, kom sit. Sy eerste vrou, **nsati lonkulu**, beklee 'n sekere status en wanneer hy 'n tweede vrou trou, geniet sy steeds aansien as die hoofvrou en word met respek behandel. Daar geld egter taboe's wat nagekom moet word. Wanneer sy byvoorbeeld menstrueer is dit taboe vir die man om by sy vrou te kom. Sy mag nie mieliemeel met haar hande aanraak nie. 'n Man met meer vrouens sal nie uit 'n pot van 'n vrou tydens hierdie tyd eet nie. Sy slaap ook tydens hierdie tyd op 'n slaapmat wat sy net tydens hierdie



periode gebruik. Wanneer die tyd verby is, sal sy haar hut se vloer nuut smeer en met gewone klere uitkom as teken dat sy weer rein is.

Wanneer die egpaar skei, sal sy van haar eie erdeware saam met haar neem omdat dit haar regmatige eiendom is.

3.8 SAMEVATTING

Keramiekware speel nog steeds 'n belangrike rol in die alledaagse lewe van die Tsonga en word dikwels in die tradisionele en landelike gebiede verkies bo Westerse houers vir kosbereiding en bediening. Ook by die Tsongakraal-Opelugmuseum is pottebakkerie een van die sleutelbedrywe wat beoefen en aan die besoekers gedemonstreer word. Omdat die ekonomiese lewe van die Tsonga hoofsaaklik wentel om akkerbou en versamelaktiwiteite, het hulle 'n meer gevestigde woonwyse beoefen wat meestal deur meer permanente gebruiksartikels soos kleipotte gekenmerk word.

Pottebakkerie het reeds in die Tsonga se vaderland in Mosambiek voorgekom en kom steeds op groot skaal in Gazankulu voor. Die onmiddellike bure van die Tsonga, nl die Venda, Lemba en die Lobedu en Pedi het almal keramiekware vervaardig. Alhoewel elkeen van dié stamme 'n eiesoortige stel erdeware volgens vorm en versiering vervaardig en benut, is 'n mate van beïnvloeding en ooreenstemming tog waarneembaar. Die Venda-pottebaksters was die bekendstes wat ook in die Tsonga- en Noord-Sothogebied handel met hul potware gedryf het. Ten spyte daarvan het die Tsongaprodukte tot vandag in 'n mate hulle eiesoortige vorm- en versieringselemente behou. Dit het wel heelwat verander van die erdeware in Mosambiek, veral wat vorm en in 'n mindere mate wat versiering betref. Na 'n vergelyking van verskillende Tsonga- en Tsongaverwante potte in museums sowel as uit die literatuur, word daar tot die gevolgtrekking gekom dat die Tsongapotte van Mosambiek heelwat verskil van die van Gazankulu, dat daar wel tot nie so lank gelede nie heelwat oorspronklike Tsongapotte in Gazankulu voorgekom het, en dat die verandering eers in die laaste 15 jaar voorgekom het. Daar is gepoog om potte te vervaardig wat so lyk soos die van die meesters in die pottebakkersbedryf, die Venda. Die wyse van vervaardiging word in afdeling 3.5 beskryf. Die verskillende tipes



keramiekware wat by die Tsonga voorgekom het en grootendeels nog steeds voorkom, word in tabel 3.1 aangedui. Veranderinge wat as gevolg van kultuurbeïnvloeding voorkom, is ook beskryf om aan te dui hoe die tradisionele keramiekware van die Tsonga in Mosambiek sowel as in die Transvaal gelyk het, hoe dit verander het en aanbevelings sal gemaak word om die oorspronklike vorm en versiering weer na die museum terug te bring.

Pottebakkery is gespesialiseerde arbeid en word van die moeder na die dogter oorgedra. Daar kom geen groot geheimhouding tydens vervaardiging voor nie. Dit is ook nie 'n taboe dat ander vrouens die maak van potte mag aanleer nie. Dit verklaar hoekom sekere seremonies en rites nie meer so dikwels nagekom word nie.

Tradisioneel het die pottebaksters sekere offerhandelinge tydens die proses nagekom en sekere taboereëls het gegeld. Ouer pottebaksters doen dit vandag nog. Dit kan byvoorbeeld gesien word aan die baie klein bondeltjies takkies wat by die kleigate aangetref word, of wanneer sy 'n amulet dra. Daar bestaan dus 'n rituele komponent wat 'n dieper insig in Tsongakultuur gee en dui op die rol van potte as tegniese skeppings met 'n waarde tydens die religieuse organisasie van die Tsonga. Die verhouding van potte met die ekonomiese, sosiale en regsaspekte van die Tsongalewenswyse spreek byna vanself.

In die verlede was kleipotte 'n belangrike handelsartikel. Alhoewel potte deesdae met geld betaal word, kom dit vandag nog voor dat kleiware geruil word vir ander items, soos kos (bv. grondbone), asook vir dienste.

3.9 WAARDE VIR DIE MUSEUM

Aangesien opvoeding vandag een van die museum se hoof funksies is, kan daar in 'n volkekundige museum baie kennis van 'n volk se lewenswyse aan die besoeker oorgedra word. Opvoeding kan op verskillende wyses gedoen word soos deur uitstallings, lesings, demonstrasies, deelname, videovertonings, mobiele uitstallings ens. Daar moet egter altyd gepoog word dat 'n voorwerp of voorwerpe nie losstaande of in isolasie van die kultuur



uitgestal word nie. Voorwerpe moet funksioneel uitgestal word, dit wil sê, binne die konteks waarin dit voorkom of benut word.

'n Opelugmuseum bied die beste moontlikheid waar alle voorwerpe soos kleipotte binne die konteks van die totale lewenswyse van 'n volk aan die besoeker vertoon kan word. Aanvullende programme tot die blote demonstrasie van potvervaardiging, soos observasie van die bakproses, of bereiding van voedsel, kan gereël word. Die Tsongakraal-Opelugmuseum bied die moontlikheid om aan hierdie funksie te voldoen.

Daar moet by die Tsongakraal weer eens oorweeg word of die demonstrasie van die vervaardigingstegniek van 'n pot werklik vir die besoeker meer vertel van die volk se hele lewenspatroon, en óf die erdeware nie moontlik in isolasie vertoon word nie? Watter opvoedkundige waarde het hierdie demonstrasie vir die besoeker? Verstaan hy dat alle kultuurfasette as 'n eenheid funksioneer? Kom die funksionele benadering hier tot sy reg?

By die beantwoording van hierdie vrae moet daar egter ook in gedagte gehou word dat die besoeker baie min sal waarneem en verstaan. Die aspek "binne kultuurverband" moet op die eenvoudigste manier moontlik oorgedra word.

Voorstelle, wat in hierdie verband gedoen kan word, is die volgende:

Die toergids

Uit ondervinding word daar aanvaar dat die besoekers baie min onthou wanneer die toergids vir hulle tydens 'n toer soveel as moontlik van die pottebakkerbedryf probeer vertel. Dit is egter belangrik dat hy/sy oor al die inligting beskik, sodat hy tog soveel as moontlik kan oordra. Hy moet ook sy eie oordeel gebruik en wanneer die geleentheid hom voordoen, kan hy uitbrei, veral as visuele voorwerpe byderhand is, soos bv. die hele reeks erdeware wat die Tsongavrou benut, uitgestal op die stoepie wat om die huis is.



Uitstillings

Om die taak van die toergids te vergemaklik moet die pottebakster, soos reeds genoem, 'n hele reeks of die hele stel erdeware langs die hut uitstal. Daar kan ook 'n "uitstalling" in die kookskerm wees waar sy besig is om kos voor te berei en te kook en die besoeker kan die potte in hul natuurlike konteks waarneem.

Die besoeker kan ook in die hut, waar die potte besig is om stadig droog te word, toegelaat word, om te sien dat die ongebakte versierde potte baie mooier lyk as dié wat die bakproses deurgaans het - die kleure is meer helder en die potte blink. Hulle kan ook sien hoe die potte geberg word en dat hulle met 'n nat sak of komberse bedek word, sodat die droogproses stadig plaasvind.

In 'n ander uitstalling kan potte van die omliggende stamme langs mekaar vertoon word, sodat die besoeker kan sien dat elke volk se potte van die ander verskil.

Oudio-visuele hulpmiddels

Binne in die hut kan daar 'n fotouitstalling wees van prosesse wat die besoeker selde sien soos die bakproses, die versiering, die verkryging van die klei, ens. Hierdie inligting kan ook met 'n videovertoning oorgedra word.

Programme

'n Spesiale pottemaakprogram kan aangebied word. Hier kan die hele proses meer in detail behandel word. Daar kan gepoog word om aan die besoeker te verduidelik hoekom die potte van verskillende volke verskil. Die verskillende vervaardigingstegnieke kan ook uitgewys word.

Die funksie van alle potte en bakke kan bespreek word en die rol van die potte tydens die onderskeie sosiale, religieuse of politieke verrigtinge kan verduidelik word. 'n Spesiale program kan ook oor die hele aspek van bier maak en bierdrinkery saamgestel word om aan te dui dat bier bv. gebrou



word as dank vir dienste, as eerbetoon aan die bruidegom, as wyse van gasvryheid of eerbetoon aan vriende ens.

Een van die belangrikste programme wat aan besoekers aangebied kan word, is oor die voorbereiding en nuttiging van tradisionele spys en drank. Die omgewing waarin die Tsongakraal voorkom, bied 'n ryke verskeidenheid van produkte om hierdie aspek, as 'n onvergeetlike ervaring aan die besoeker aan te bied.

Vervaardiging

Die blote feit dat kleipotte nog steeds wyd in Gazankulu voorkom dui nie op stagnasie nie, maar eerder op die vermoë van tegniese skeppinge om aan te pas aan nuwe omstandighede [Davison en Hosford 1978:318]. Die bespreking van nuwe potvorme en versierings wat onder die Tsonga voorkom, dui op die dinamiese karakter van kleipotte. Hierdie aspek van kultuuroorname en kultuurbeïnvloeding leen hom uitstekend tot uitstallings en behoort in die museum opgeneem te word.

Wat dus bepleit word is dat nie net een reeks van geykte kleipotte vervaardig en uitgestal sal word nie. Daar moet vanaf die potte wat vandag vervaardig word na die verlede gekyk word. Die nuwe tipes potte behoort ten minste versamel te word, om sodoende die kontinuïteit en veranderinge van erdeware by die Tsonga uit te beeld. Die hedendaagse mode om potte met helderkleurige olieversiering te versier, moet uitgebeeld word. Die museum moet lewendig bly en gedurig sulke nuwe voorwerpe, inligting en materiaal versamel om aan die publiek te kan oordra.

'n Uitstalling van potte vanaf Mosambiek om die oorspronklike vorm te wys en hoe kultuurbeïnvloeding tot op die huidige plaasgevind het, is ook noodsaaklik. Daar word ten sterkste aanbeveel dat daar by die Tsongakraal weer teruggegaan word na die maak van potte met die oorspronklike vorm soos dit veral in Mosambiek aangetref is en hier en daar nog in Gazankulu aangetref word. Die hedendaagse potte wat by die Tsongakraal gemaak word verskil weinig van Venda- en Lobedupotte en vertoon sodoende nie die eiesoortige karakter wat dit as Tsongapotte kan hê nie.



Hierdie aanbeveling word gedoen met 'n verkoopsaksie in gedagte wat die museum sal moet volg om in die toekoms te kan oorleef. Geen oorspronklikheid word deur die potte wat op die oomblik vervaardig word geopenbaar nie. Hierdie studie het bevind dat die tradisionele Tsongapot verskil het van die Venda- en Noord-Sothotradisie. Hierdie bevindinge behoort as 'n nuwe stimulus uitgevoer te word, sodat die ou andersoortige potvorm weer ten opsigte van die kultuurhistoriese, en kommersiële aspekte in die museum tot sy reg kom. Die aanbevole ware Tsonga-keramiekware kan op Fig. 3.10 en 3.11 gesien word.

So sal dit moontlik word om die tradisionele potwerk, die wat verband het met die Venda en Lobedu, en die moderne variasies as drie fases in die ontwikkeling van die Tsongakeramiek in die museum te verbeeld.



HOOFSUK 4
SOUTVERVAARDIGING

4.1 VROEGSTE VERWYSINGS NA SOUTGEBRUIKE

Daar kan nie 'n tyd in die geskiedenis of die voorgeskiedenis onthou word waarin die mens sonder sout geleef het nie. Die mens het baie gou agtergekom dat sout goeie preserveereienskappe het, sodoende het sout as een van die oudste en belangrikste handelsartikels ontwikkel, en is ook as betaalmiddel gebruik.

Fox and Young [1982:44] deel ons mee dat die woord salt (sout) afgelei is van 'salarium' of 'salaris', wat 'soutgeld' beteken, waarmee die Romeinse soldate betaal is. In die Middeleeue het die Venesiërs alles in hulle vermoë gedoen om beheer oor die soutwerke en die handel in sout te verkry.

"Venice even waged 'Salt wars' to control the market, shrewdly noting that men could live without gold and silver, but not without salt" [Grosvenor ed. 1977:222].

Hierdie belangrike rol van sout dwarsdeur die handelsgeskiedenis, word nie allerweë besef nie. Ook in Afrika meld Witt dat sout veral gesog was vir menslike gebruik en dat menige handelsroete sy ontstaan aan hierdie feit te danke het. Hy haal Heinrich Barth aan

"... one of the chief staples in Timbuktu, and in some respects even more so than gold, is salt, which together with gold formed articles of exchange all along the Niger from the most ancient times" [Witt m.s.:1].

Ook Lipps verwys daarna, dat sommige stamme

"... who count salt among the most valuable possessions of man, go long distances to get it by trading, if it is not otherwise obtainable, get it from the swamp plants by an exceedingly complicated process" [1949:155]

En verder

"Salt is a recognised currency in most parts of Africa" [Lipps 1949:205].

Sout word ook genoem as handelsware tydens die uitgebreide handel wat vir eeue reeds tussen Delagoabaai en die binneland bestaan het en waar die Tsonga as handelstussenganger opgetree het [De Vaal 1985:8-14].

Een van die heel vroegste verwysings na die soutfiltreerproses deur die Tsonga in Noord-Transvaal is 'n foto in Junod se beskrywing van die Tsongalewenswyse. Ongelukkig word die plek nie duidelik aangetoon nie, [Junod 1927, II:36]. In 1963 beskryf Velcich ook die proses van soutverkryging soos hy dit by die Shangana in Noord-Transvaal waargeneem het [Fox and Young 1982:44]. Dit stem ooreen met Witt se meer volledige beskrywing van soutontginning deur die Tsonga by Soutini [1966:21-24].

Met verwysing na vuur en sout meld Junod dat

"... Tsonga do not remember a time when they did not possess these two most important elements of the culinary art" [Junod 1927, II:33]

Hy noem drie maniere van soutverkryging wat aan die Tsonga bekend was:

- Om dit langs die Ooskus of in die soutpanne in die Soutpansberg te versamel;
- Om met 'n eie soutfiltreerproses sout by minerale soutbronne te ontgin; en
- As geen sout op dié wyses verkry kon word nie, om dit van sekere plante te verkry [Junod 1927, II:35; Fox and Young 1982:46; Witt m.s.:3].

Die twee laasgenoemde maniere tref ons nog in die studiegebied aan. Inligting oor Eiland en Soutini wat onder die aandag gekom het, het gelei tot opgrawings deur die Universiteit van die Witwatersrand. Mike Evers, die argeoloog, het met bevindinge gekom wat daarop dui dat soutontginning al vir eeue by Eiland plaasgevind het [Evers 1975:74]. Die bedryf het eers opgehou met die koms van die eerste blankes tussen die jare 1920 en 1930 [Pers. med. Mindavazi Zitha; Bates 1947:365; 1955:1].



By Soutini, 'n plek langs die Klein-Letabarivier in Gazankulu, waar soutontginning in 1966 deur Witt beskryf is, is die Tsongavrouens nog steeds elke winter besig om sout uit die southoudende grond langs 'n minerale soutbron te ontgin. Dit is die enigste plek in die Republiek van Suid-Afrika waar tradisionele soutverkryging nog steeds voorkom.

Op grond van die navorsing wat reeds gedoen is, kon die hele proses van soutverkryging by die Tsongakraal-Opelugmuseum herkonstrueer word. Niemand het nog gepoog om werklik bewyse te kry oor wie die mense was wat vir eeue reeds sout in die Transvaalse Laeveld ontgin het nie. Die verband tussen die Tsonga as handelaars, die feit dat hulle al vir meer as 'n eeu in die Laeveld woonagtig is en soutontginning ken, en die vraag wie die vroeë ontginners was, moet nog nagevors word.

4.2 DIE VOORKOMS EN VERSPREIDING VAN SOUTNEERSLAE IN DIE NOORD-TRANSVAALSE LAEVELD

Argeoloë werp belangrike lig op die soutwerkterreine in die Laeveld. Daar is verskeie plekke oos van Tzaneen, wat tradisioneel deur die Tsonga bewoon was, waar soutneerslae rondom warmwaterbronne voorkom, en waar soutontginning deur die mens reeds baie lank plaasgevind het. Nie een van hierdie plekke is verder as 100 km vanaf Eiland geleë nie. Dit was veral Evers [1979, 1975] wat twee terreine argeologies ondersoek het as deel van die ystertydperkterreine in Transvaal.

Die liggingskaart Fig. 4.1 dui die verspreiding aan van die vier termiese bronne in die Noordoostelike Transvaal.




Fig 4.1 Volgens Kent 1986:144. Die vier soutwerkterreine in Noordoos-Transvaal

Alhoewel twee van die soutterreine nie in die navorsingsgebied val nie, is tog gepoog om uit literatuurbronne die vier terreine in Tsongakonteks te sien. Die Rhodaterrein by Phalaborwa is op een van die erkende handelsroetes geleë [De Vaal 1985:5-14; Monteiro 1987:89], en Makutsi Spa in die Harmoniegebied ten suide van Eiland is nie baie ver daarvandaan nie, en dus ook in 'n gebied waar Tsonga gewoon het. Op grond van Evers se navorsing gaan soutontginning moontlik terug tot die Vroeë Ystertydperk [vgl. Evers 1975, 1979, 1981]. 'n Kort beskrywing sal van die terreine gegee word, sodat die moontlike verband tussen die vier soutwerkterreine bepaal kan word.

4.2.1 Rhodasoutwerkerrein te Phalaborwa

Ten ooste van die warmwaterbron by Eiland, net suid van Phalaborwa is 'n minerale bron aan die suidoewer van die Selatirivier op die plaas Rhoda. Reeds in 1937 maak Schwellnuss melding van seepsteenbakke by 'n uitgedroogte fontein.

"One of these pots contained a little salt, suggesting that this was a site where salt was once collected by solar evaporation"
[1937:912]

Tekens van primitiewe soutwerke asook seepsteenbakke en oorblyfsels van bakke is daar gevind. Seepsteenbakke kom by al die soutwerkerreine voor.

Die terrein is totaal deur Eskombedrywighede vernietig, maar in die vroeë sestigerjare kon Witt nog die soutvervaardigingsproses daar waarneem en kortliks in sy ongepubliseerde manuskrip beskryf. Die metode verskil van dié by ander soutwerke deurdat die soutoplossing in vlak seepsteenbakke, wat deur mans vervaardig is, deur sonverhitting ingedamp is.

4.2.2 Soutini

Ongeveer 80 km noord van Eiland, in Gazankulu langs die Klein-Letabarivier lê Soutini. By Soutini, ook 'n minerale warmwaterbron, word ook 'n ou soutwerkerrein aangetref. Geen opgrawings of navorsing het nog hier plaasgevind nie. Die minerale bronwaters is egter deur Kent ontleed [pers. med. 1982]. Hy het gevind dat van die vier soutbronne in die gebied, die soutinhoud by Soutini die hoogste is. Soutini is die enigste plek waarheen die Tsongavrouens nog jaarliks in die wintermaande kom om hul soutvoorrade vir die jaar te verkry. Waardevolle etnologiese gegewens kon hier versamel word. Witt [1966] was die eerste persoon wat die hele soutontginningsproses op grond van sy waarnemings by Soutini beskryf het. Ook Küsel [per. med.] het sy kennis vir die oprigting van die Opelugmuseum hier verkry.

Oppervlakteverkenning deur Evers dui daarop dat daar ooreenkomste ten opsigte van die afvalhope asook potskerwe by Eiland en Soutini aangetref word [Voigt 1981:79; Evers 1975:74].

4.2.3 Harmoniesout- en seepsteenwerke

Evers [1979:94-107] het in die sewentigerjare op een van die plase in die Harmonieblok, vandag die Makutsi Spa, 'n vakansie-oord, navorsing en opgrawings onderneem. Soos by al die ander soutontginningsterreine is die oorsprong ook hier 'n minerale warmwaterbron. Evers bewys dat daar geen noemenswaardige verskille is ten opsigte van die hele ontginningsproses, die mense wat dit bedryf het en ander verskynsels tussen Harmonie en Soutini nie. Waarskynlik sal die Rhodaterrein by Phalaborwa ook ooreenkomste toon.

Opgrawings deur Evers by Eiland, [Voigt 1981:66-79] sowel as Harmonie, [Evers 1979:94-107] dui daarop dat hierdie soutwerkterreine op grond van potwerkdaterings reeds so vroeg as 300 n.C. bewoon was.

4.2.4 Eilandsoutwerke

Kent [1942] 'n geoloog, is die eerste persoon wat die warmwaterbron besoek en na die hope en hope uitgeloogde grond verwys het.

Die Eiland-soutwerkterrein se argeologiese materiaal is vir die eerste keer deur Bates genoem [Bates 1947]. Baie dekades daarna doen Evers opgrawings op die terrein omliggend aan die minerale bron wat op 'n ekstensiewe teenwoordigheid van primitiewe soutontginners dui [Evers 1975:74-75; Voigt 1981:71-79]. Die aanwesigheid van baie potskerwe sowel as stukke van seepsteenbakke, dui daarop dat van twee tegnieke gebruik gemaak is, nl. indamping van sout in kleipotte oor vuur, en indamping in seepsteenbakke deur sonverhitting. Tekens is egter gevind dat seepsteenbakke ook oor 'n vuur geplaas is [Evers 1979:107].



4.3 SOUTWERKE IN ARGEOLOGIESE KONTEKS

Op grond van die bevindinge deur Evers by Harmonie kan argeologiese gegewens van die soutbedryf kortliks verduidelik word. Die Harmonieterrein wat op die oewers van die Makutsirivier aangetref word, is interessant in dié sin, dat daar op 'n tydstip, 'n paar honderd jaar gelede, 'n interafhanklike netwerk van bedrywighede plaasgevind het. Daar was binne 8 km² 'n dorpie, 'n seepsteenbakfabriek, kopermyne en -oonde en die soutwerke. In die ashope is ook tekens van 'n meegaande bestaanseconomie aanwesig [Evers 1979:94; 1975:72]. Oorblyfsels van metaalvoorwerpe, slak en glaskrale wat handelsvoorwerpe was [Evers 1979:106] is in die ashope aangetref. 'n Baie belangrike en vir hierdie studie relevante gevolgtrekking word deur Evers gekonstateer, nl.

"The finds of copper ore, slag and soapstone bowls at the village indicate that the three industrial concerns were all projects undertaken by the villagers themselves. The presence of glass beads at the salt factory indicates some form of contact with the east coast and as salt and copper appear to have been important trade items in Iron Age time, we may assume that trade took place" [Evers 1975:74]

Die stratigrafiese ontleding van die southoopneerslae dui daarop dat die ontginningsmetode, naamlik indamping d.m.v. die kookproses in kleipotte oor die eeue dieselfde gebly het, ongeag wie die soutontginners was. Potskerwe vorm deel van die reste op argeologiese soutwerkterreine. Daar sal hierna beskryf word watter rol potte in die proses vervul het (4.5.1). Ontledings van erdewerk dui egter op twee definitiewe groeperinge waarvan die oudste teruggaan na die Vroeë Ystertydperk en ooreenkomste toon met potskerwe uit die onderste lae by Eiland.

Die tweede fase of potskerftradisie toon duidelike ooreenkomste wat vorm, motiewe en dekorasie-plasing betref, met Eiland en die Phalaborwakultuur se boonste laag, d.w.s. 1500/1600 n.C. tot vandag toe, en word beskou as behorende tot die Letabatradsie [Evers 1979:106; 1975:71].

Omdat baie geskiedkundige gegewens oor die twee terreine a.g.v. argeologiese opgrawings afkomstig is, en om argeologiese terminologie en

daterings te verstaan, volg hier 'n kort uiteensetting van die Vroeë Ystertydperkfasies.

Die Vroeë Ystertydperk begin in Suid-Afrika ongeveer 250 n.C. en strek tot 900 n.C. wanneer die Middel-Ystertydperk begin. Die Laat-Ystertydperk begin ongeveer 1350 en eindig 1820. Alle kulture wat saamval met die verskillende periodes van metaalbewerking, toon dieselfde volgende eienskappe nl.:

- Metaalontginning en bewerking
- Pottebakkerie
- Klei- en paalhutte
- Aanhou van beeste en kleinvee
- Beoefening van landbou

Die Laeveld is een van die gebiede waar baie ystertydperkterreine voorkom. Heelwat opgrawings is al deur die volgende persone gedoen: [Evers 1973, 1974, 1975, 1977, 1979, 1980; Evers & van den Berg 1974; Mason 1962; Van der Merwe & Scully 1971; Van der Merwe & Killick 1979; Klapwijk 1973, 1974]. Baie terreine lê egter nog onaangeraak. Potwerk is 'n belangrike indikator by die vasstelling van tydperke. Relatiewe tydperke kan vasgestel word op grond van vorm, dekorasies en motiewe, asook die datering van organiese materiaal wat saam met die potskerwe gevind is. Volgens die C14 - metode is die volgende daterings gemaak:

TYDPERKE	POTWERKTRADISIES		
Vroeë-Ystertydperk 250-900	Matola:	100 n.c.: 250-350:	Matola Silver Leaves, Eiland en vroegste Harmonie
	Matakoma	250-700:	(hierdie tradisie afwesig in Laeveld; enkele skerwe by Eiland en in Krugerpark
Middel-Ystertydperk 900-1300	Eiland	350-1000/1200:	Eiland; Silver Leaves
		1200-1500:	Tydperk waar geen potwerktradisies nog gevind is nie
Laat-Ystertydperk 1300-1850	Letaba	1500-vandag:	Eiland, Phalaborwa, Harmonie

Fig. 4.2 : Volgens Evers in Voigt 1981: 68-74. Potwerktradisies in die Ystertydperk

4.4 DIE KONTEKS VAN SEEPSTEENBAKKE BINNE SOUTWERKTERREINE

Seepsteenbakke kom, soos reeds genoem is, by al die soutwerkterreine (Harmonie, Eiland, Rhoda) voor en is na alle waarskynlikheid vir die indamingproses tydens soutontginning gebruik. Evers het benewens die seepsteenbakfabriek 'n groot aantal bakke en stukke bakke by die soutwerke by Harmonie versamel. So ook het Bates [1947:369-370] baie seepsteenbakke van 'n verskeidenheid vorms by Eiland opgetel. Hy het ou inboorlinge in diepte ondervra oor hierdie bedryf, maar niemand het enigiets daarvan geweet nie en die ou segspersone was dit almal eens, dat die benutting van seepsteenbakke baie ver terug moet gaan. Tot vandag kan daar nog stukke van bakke by Eiland tot self sover as die huidige karavaanpark, gevind word. Navorser het daar 'n stuk bak met 'n pootgedeelte in 1991 opgetel.

Die bakke was meestal rond of ovaalvormig en die vervaardigingstechniek word deur Evers [1979:106] beskryf.

Seepsteenbakke en -stukke word veral geassosieer met die Letabapotwerktradisie en kom nie voor in die Vroeë Ystertydperkneerslae by Harmonie, Eiland, Soutini en Rhoda nie. By Eiland het Evers 'n merkwaardige afname van potskerwe in die boonste laag (Letabatradsie) waargeneem, terwyl seepsteenstukke vir die eerste keer aangetref word [Evers en Voigt 1981:77]. Dit stem nie ooreen met Bates se inligting wat hy van ou inboorlinge gekry het nie, wat beweer dat die gebruik van seepsteenbakke baie ver terug moet gaan. Die benutting van seepsteenbakke vir die indamping van die soutoplossing het dus by Eiland vermoedelik tussen 1500 en 1800 voorgekom. Hierdie aanname, tesame met die feit dat Tsonga-informante geen kennis van verdamping van die soutoplossing in seepsteenbakke het nie, laat die vermoede ontstaan dat dit moontlik die Sotho of 'n ander stam was wat die tegniek hier gebruik het.

Kleipotte wat vir die indampingsproses gebruik is, is vinnig deur die sout verweer en seepsteenbakke is moontlik as plaasvervangers gebruik. Roet is

aan die onderkant van sommige bakke aangetref [Evers 1979:107], wat daarop dui dat vuur onder die bakke gemaak is.

Witt het in die vroeë sestigerjare gesien hoe die soutkooksters van beide Noord-Sotho en Tsonga by Rhoda seepsteenbakke gebruik vir die indampingsproses deur sonverhitting. Waar die soutontginning normaalweg in alle gevalle werk was wat alleen deur vrouens verrig is/word, het die mans by Rhoda ook 'n aandeel gehad, deurdad hulle die seepsteenbakke vervaardig het. Lede van die mense van Sekororo, 'n Noord-Sothostam wat by Harmonie hul soutvoorraad verkry het, meld dat hulle ook hul sout in vlak seepsteenbakke ingedamp het, maar die proses is verhaas deur die gebruikmaking van vuur [Witt pers. med.], vandaar die aanwesigheid van roet aan sekere stukke [Evers 1979:107].

By Eiland het Bates in die vroeë veertigerjare reeds heelwat stukke van seepsteenbakke tydens oppervlakte-insamelings vergaar [1947:369, 375]. Bates se beskrywing en sketse, waar hy die fragmente probeer rekonstrueer, word hier weergegee, omdat sy geskrif nie so maklik bekombaar is nie. (Fig. 4.3).

"Soapstone is found in association with pottery in and around most of the mounds, but is most abundant in Mound Area 1. To date I have taken fragments of over 100 soapstone vessels and this is only a fraction of what still awaits the investigator. Most of the soapstone has been taken from the drift sand in the bed of the Mazabo watercourse, where it has been carried by flood waters. No talc deposits occur on this farm or on any of the farms in this area, the nearest being in the Harmony Block near Leydsdorp; others exist at Haenertsburg and in the Klein Letaba area. In the past a talc deposit has been worked on the farm Islington near Mica siding. The soapstone varies in colour from near white to reddish brown. All the specimens resemble each other more or less closely, but can be classified as follows:

1. *Talc-chlorite schists with a little actinolite*
2. *Talc rocks containing chlorite and iron oxide*
3. *Talc rocks containing actinolite*
4. *Similar to No. 1 but with smaller percentage of chlorite.*

Pure talc does not occur; all specimens contain actinolite, chlorite, or iron oxide in varying amounts.




Fig 4.3 Volgens Bates 1947:375

Some specimens are more highly weathered than others. It is doubtful whether this can be used as a means of establishing the relative age of the carvings, as some have undoubtedly been more exposed to weathering agencies, and others may have been relatively weathered before they were carved. The fragments vary in weight from a few ounces to 25 lbs. Four types of carved vessels occur:



1. *Large oval platters, with rounded bases, up to 24 ins. in length. Fig. II(2).*
2. *Three-legged pots with vertical sides. Fig. II(1).*
3. *Shallow boat-shaped vessels with an unpierced horizontal lug at either end. Fig. II(3).*
4. *Shallow, flat-bottomed bowls, roughly circular or oval, without lugs. Fig. II(4).*

The lugged vessels are, for the most part, heavy, coarse and roughly carved. The three-legged pots are equally rough, the legs - vide Fig. II(5) - being very similar to the lugs of the Class 3, but smaller. The platters, however, show a much higher standard of craftsmanship, being finely carved and finished to a smooth white surface. Rims are generally rounded on all types of vessels, but, unlike the Zimbabwe soapstone, there is no trace of decoration on any of the material taken. With the exception of the platters, the workmanship is coarse, even crude.

Exhaustive interrogation of local elderly natives has yielded no information whatever regarding the talc carvings. No traditions exist in connection with the Eiland sites. All the natives questioned have emphasised that a great period of time has elapsed since the industry was abandoned" [Bates 1947:369].

By Harmonie (Makutsi Spa) kan vandag nog talle seepsteenbakke gesien word, waar hulle in mure en muurtjies ingemessel is (foto 4.1).

Seepsteeneerslae kom by Rhoda voor by die samevloeiing van die Selati- en die Olifantsrivier, [Witt m.s.; Witt 1966:23-24], by Harmonie naby die minerale bron, en by Eiland 17 km oos daarvan op die plaas Kondowe.

4.5 VERVAARDIGINGSPROSES

Slegs gedeeltes van die vervaardigingsproses van sout word hedendaags by die Tsongakraal-Opelugmuseum rekonstrueer. Die soutbron, die verkryging van die southoudende leemgrond, vermenging met riviersand ens. word nie aan die besoeker getoon nie.

Om die hele vervaardigingsproses in die fynste detail te verstaan, word dit derhalwe hier beskryf soos dit vandag nog jaarliks by Soutini in Gazankulu langs die Klein-Letabarivier voorkom. Die ligging van Soutini in verhouding tot Eiland kan op Fig. 4.4 gesien word.




Fig 4.4 Volgens Kent 1986:144. Soutini- en Eilandsoutwerkeerine

4.5.1 Soutvervaardiging by Soutini^{4.1}

Alhoewel geen argeologiese opgrawings nog by Soutini onderneem is nie, het Evers van die afvalhope van die soutvervaardigingsproses ondersoek en bevind dat die inhoud dieselfde as die by Eiland asook Harmonie is [Evers 1981:79; 1975:74]. Witt is die eerste persoon wat melding maak van die soutwerkeerine by Soutini en beskryf die proses in 1966 toe daar nog van tradisionele gebruiksartikels soos die Tsongamandjie, **xirhundzu**, kleipotte, **timbita**, skepkalbasse, **mindzheko**, kalbashouers, **swiphapha**, en tradisionele kleredrag gebruik gemaak is. Sy fotografiese en observasierekord is vandag van besondere belang vir die museum by die rekonstruering van die soutvervaardigingsproses. Die metode, soos deur Witt beskryf, is vandag nog dieselfde, maar die gebruiksartikels het verwesters. So word daar deesdae van plastiekhouders, blikke, dromme en

enige ander houers soos oorblyfsels van motors, sinkplate ens. gebruik gemaak.

Met goedgunstige inwilliging van mnr. Jürgen Witt van Tzaneen word die tradisionele gebruikartikels aan die hand van die foto's wat hy in die vroeë sestigerjare geneem het, ter illustrasie gebruik (foto's 4:2-5).

Soutini (sien Fig. 4.4 en 4.5) lê in die gebied van die hoofmanskap Nkomo. Hierdie natuurlike bate bring mee dat die hoofman van Nkomo elke jaar geregtig is op 'n heffing van 'n gedeelte van die opbrengs van die vrouens wat die sout ontgin. Vandag het hierdie gebruik ook in onbruik geraak.

Gedurende die droë wintermaande, wanneer die vlei rondom die minerale bron opgedroog het, sodat net 'n southoudende kors oorbly, kom die vrouens van die naburige dorpe om hul soutvoorrade aan te vul. Soutvervaardiging word uitsluitlik deur vrouens behartig alhoewel mans deesdae nie by die terrein verbied word nie. Vroeër was die teenwoordigheid van mans 'n taboe.




Fig 4.5 Die Soutini - mineralebron op die suidoewer van die Klein-Letabarivier

Die minerale bron by Soutini is ongeveer 'n halwe km vanaf die suidoewer van die Klein-Letabarivier geleë. In die vroeë sewentigerjare het Kusel 'n foto geneem van die minerale bronnoog. Dit was dig begroei met uitsonderlike hoë riete (foto 4.6).

In September 1982 het Kent die fontein besoek en merk 'n sterk gasborreling op. Die gasse wat ontsnap het, het sterk na swawel geruik [pers. med.]. 'n Besoek in 1991 het getoon dat die riete besig is om die hele vlei oor te neem. Die bron borrel steeds sterk en ruik na swawel. Geologiese gegewens oor Soutini uit 'n brief van Kent [6.12.86] wys duidelik dat gewone sout (NaCl) die hoofbestanddeel is (Bylaag 4.1).

Die fontein en omliggende moerasse word omhul deur 'n mistieke atmosfeer van verlatenheid tesame met die swawelreuk en die geborrel, en word daarom ook as heilig of bonatuurlik deur die Tsonga beskou. Hulle beskryf dit deur te sê, dat die dinge wat daar gebeur te wonderlik is. Daar styg soms 'n mistigheid tussen die riete op en dikwels word 'n dreuning of gromgeluid gehoor. Informante hoor ook soms die gebrul van 'n leeu, of 'n baba wat huil - alles bewyse van bonatuurlike wesens, volgens die Tsonga. Omdat dit beskou word as die tuiste van menige geeste, gaan die hele proses van soutontginning gepaard met baie rites en gebruike wat streng nagekom moet word. Voordat werksaamhede begin, word sekere offerhandelinge uitgevoer om die goedgesindheid van die beskermers van die soutbron te bekom.

Meimaand is gewoonlik die tyd wanneer die soutoestyd begin. Die presiese dag word deur die dolosse bepaal. Enige **n'anga**, kan vir hierdie doel geraadpleeg word.

Daar word gesorg dat die geselskap die werkterrein op die dag wanneer hulle begin, vroeg voor sonsopkoms vanuit 'n noordelike rigting bereik want 'n voorbiddingsseremonie word deur die groep vrouens wat op die dag gaan, nagekom, om te sorg dat die soutoes suksesvol sal verloop. Enige vrou uit die groep, meestal die oues wat jaar na jaar gaan, neem die leiding. Die offerplek is onder 'n ou hardekoolboom.



Die aanbidding van die voorvadergeeste, word deur Witt [1966:21] soos volg beskryf:

"Use of snuff and nursing of babies is forbidden within a few hundred yards of the pan, and to this rule the women adhere strictly as they approach their destination. About a hundred yards before they leave the Mopani thickets surrounding the pan, they pause. Only the eldest in the group proceeds to the pan, carrying a basket of offerings, xica. On arrival, she looks towards the rising sun, kneels, takes a goatskin from the basket and spreads the offerings on it. The offerings consist of vegetables, such as maize, beans and millet. Snuff and dagga are included, for they will be specially welcomed by the gods.

The supplicant claps her hands close to her forehead and says: 'N'wina swikwembu hi vana va n'wina - hi tele ku ta kombela munyu n'wina vanyati ni valoveru, va vekile hansi fole ni timbewu ta tinxakanxaka ni mbandi'. (Gods, we are your children, we have come to ask you for salt). Then she calls the ancestors of the Balobedu (Modjadji's tribe); Kalanga or Banyayi; Bandawu and Balemba. She mentions the other women in her prayers and if one of the companions is menstruating, she reports this to the gods. (Menstruating women must chew the roots of a plant called nzdaw and spit some of it into the cooking pots of the other women. This root has a strong aromatic smell).

*Acceptance of the offerings by the gods may be deduced from the rising of large bubbles in the spring. The signs are even more propitious if there is an indication of smoke above the water and there will be no doubt about success attending the work if there is a clap of thunder, making the ground tremble. Success is measured by the quality, quantity and colour of the salt produced. The cleanest salt, **munyu**, is said to be produced when the moon is full."*

Die **nzdawu** plant se wortel is waarskynlik dieselfde as die een wat deur Junod tydens die oordeurboringsrite ^{4.2} beskryf is.

'n Dooie ou hardekoolboom (foto 4.7) is nog steeds een van die offerplekke. Ander vrouens van ander dorpies kan enige tyd by die eerste groep aansluit, maar volg dieselfde prosedure. Sels individue kan op hul eie gaan en voorbidding doen en dan aangaan met die werk. Vleis of enige ander kos, en bier en snuif word in die offerhandeling gebruik.



Witt se gegewens is met informante gekontroleer en hulle bevestig die besonderhede. Op die vraag, hoekom hulle al die verskillende voorvadergeeste aanroep, was die antwoord, omdat dit die geeste is van die mense wat voor hulle by Soutini sout ontgin het. Hulle het dit bevestig dat die Sotho daar gewerk het en was baie positief daaroor dat die Venda en Lemba vroeër baie bedrywig daar was. Verwysings na die Kalanga en Banyani dui op die voorvaders van die stamme wat vanuit die Noorde na Mosambiek gekom het en nooit onder Zulu oorheersing gestaan het nie. Vergelyk Junod [1905:226; 1927, I:22] waar hy sê:

"... the Baloyi came from the Banyani country along with the Nwanati, who also belong to the Nyai or Kalanga race."

Die segspersone het saamgestem dat die Kalanga en die Banyani baie lank gelede ook by Soutini sout kom haal het. Die vrouens het beweer dat die Sotho in hulle tyd nog sout by Soutini kom haal het, maar vir die afgelope ongeveer 50 jaar kom die Sotho nie meer soontoe nie.

Dit is dus al die voorouergeeste van vreemde oorsprong, **swikwembu swa vanwhana**, by wie daar voorbidding gedoen word en nie by die eie voorouergeeste, **swikwembu swa ka hina** nie.

By Soutini is dit deesdae ouer vrouens wat kom sout ontgin, alhoewel een informant gesê het dat sy as jong dogter al saamgegaan het. Alhoewel Witt waargeneem het dat die vrouens slaapmatte saambring en tydelike hutte oprig, kon in 1983 geen bewyse gekry word van oornagplekke nie. Die vrouens het gesê dat hulle elke aand huis toe gaan - 'n paar kilometers daarvandaan. Informante beweer wel dat die mense vroeër daar naby gewoon het. Die vrouens bring sodoende elke dag net die noodsaaklikste benodighede en hul kos saam.

Nadat die proses aan die gang gesit is, is daar tyd vir ander dinge. Groen blare en ander kos word versamel, maroelaneute word gekap en mieliepap sonder sout, word voorberei. Die Tsonga eet altyd hulle pap sonder sout. Die res van die tyd word gebruik om soutgrond bymekaar te skraap en aan te dra. Riviersand en water uit die rivierpoele sowel as hout moet ook aangedra



word. Verder het die vrouens ook genoeg tyd om met mekaar te klets - 'n gewilde tydverdryf.

Metode

Al tekens van die vorige jaar se bedrywighede is die hope en hope afval, met hier en daar oorblyfsels van filtreerders^{4.3} en stukke sinkplaat^{4.4} wat ander houers bedek. Die heel eerste taak is derhalwe om die nuwe filter, **xinjhava**, op te rig. Hiervoor word pale, latte en bas van die mopanieboom, *Colophospermum mopane*, gebruik. Hierdie taak word deur die vrouens self behartig.

Die soutfiltreerders wissel in grootte. Daar moet net onder die filtreerder genoeg spasie wees, sodat 'n houer vir die opvang van die soutoplossing daaronder geplaas kan word (foto 4.8 en 4.9). Vier pale waarvan die bokant 'n mik vorm, word ongeveer 40 tot 60 cm van mekaar in die grond geplant om 'n vierkantige raamwerk te vorm. Die hoogte wissel tussen 65 en 90 cm. Nog vier dwarspale word nou bo-op die staande vier in die mikke gelê en met mopaniebas vasgebind.

Aan hierdie vierkantige raamwerk (foto 4.8) word daar nou met mopaniebas en dun latte 'n hangende konstruksie geweef wat vergelyk kan word met 'n baie growwe sif. Hierdie sif word met die buigbare mopanielatte in posisie gehou en dan aan die binnekant met droë gras uitgelê. Wanneer gras nie beskikbaar is nie, word droë blare gebruik. Die konstruksie is nie noodwendig vierkantig nie en die vorm wissel na die wil en wens van elke vrou.

Met miershoopklei word die hele tregetragtige konstruksie dan aan die binnekant uitgesmeer, sodat daar net 'n klein opening aan die onderpunt oogelaat word, waardeur die mengsel kan filtreer (foto 4.10). Hierdie opening bevat gewoonlik gras of droë blare. Soms word hier ook klippies gebruik om die ergste onreinighede uit te hou. Tradisioneel is 'n kleipot of kalbas onder die filter geplaas. Deesdae word enige houer gebruik. Die apparaat is nou reg om gebruik te word.

Met 'n varswatermosselskulp, **rikatla**, (foto 4.11) word die soutkorslaag wat op die grond in die vlei rondom die fontein vorm (foto 4.12) versigtig bymekaargeskraap en in 'n koniese mandjie, **xirhundzu**, geskep. Hierdie mengsel bestaan dan uit sout- en leemgrond en word na die filtreerder gebring waar dit met 'n gelyke deel riviersand gemeng word (foto 4.13). Die riviersand gee 'n los tekstuur aan die mengsel wat andersins sou toeslaan en nie water deurlaat nie. 'n Geskikte hoeveelheid van die mengsel word in die filter geplaas en vars water vanaf die rivier word oor die mengsel geskep. Hierdie proses (foto's 4.12-16) word herhaal totdat die opvanghouer vol is met die gefiltreerde soutoplossing, **mutshobe**. Evers meld dat die soutoplossing herhaaldelik filtreer word totdat dit helderskoon is [Voigt 1981:79]. Informante stel dit baie duidelik dat hulle nooit die oplossing twee of meermale filtreer nie. Die sout-grondmengsel word, nadat twee of drie keer water daar oor geskep is, uitgekrap en langs die filter weggegooi. Vandaar die hope en hope grond by enige soutwerkterrein (foto 4.17a-c).

Intussen brand 'n vuur daarnaas met 'n groot potskerf^{4,5} (tradisioneel) of enige metaalhouer daarop, waarin die soutoplossing oorgeskep en dan stadig gekook word, sodat die vloeistof verdamp en die klam sout oorbly (foto's 4.18-22).

Die klam sout word uit die kookhouer in 'n kalbashouer of pot of potskerf geskep. Hier kom weer eens die varswatermosselskulp handig te pas (foto 4.21-22). Op 'n vraag hoekom hulle skulpe gebruik, is geantwoord dat dit altyd die gebruik was. Enige metaalvoorwerpe sou deur die aanraking met sout roes. Dieselfde rede geld vir die gebruik van 'n kalbas vir die berging van sout: metaalhouers roes en kleipotte verweer by aanraking met sout.

Berging van sout

As daar genoeg sout bymekaar gemaak is, word die klam sout gekompakteer, om 'n kegelagtige klont te vorm (foto's 4.23-25).

Witt, Küsel, asook Evers, [Voigt 1981:79] het hierdie gebruik nog onderskeidelik in die sestiger- en sewentigerjare by Soutini waargeneem. In die tagtigerjare is dit nie meer aangetref nie, alhoewel informante daarvan



kennis gedra het. By die Tsongakraal kan hierdie gebruik ook nog waargeneem word, en in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum kan daar ook so 'n soutklont, toegedraai in piesangblare, besigtig word.

By Soutini word vandag verskeie plastiekhouders gebruik waarin die sout geberg word. Dit word dan ook in hierdie houders huis toe gedra.

Daar is twee maniere waarop die sout in die kookhut, **dladla** of **nturuka**,^{4,6} geberg word. Die uitgedroogte los sout word gewoonweg in 'n kalbashouer gehou en is gereed vir gebruik (foto 4.24).

Die tradisionele manier van soutberging by die Tsonga, naamlik om die sout in 'n kegelvormige klont te kompakteer, kom uit 'n tydperk toe daar nog vryelik met sout handel gedryf is. Quin meld van die Pedi dat hulle ook sout vervaardig het, alhoewel soutbronne skaars was. Die metode was baie soos bo geskryf is vir die Tsonga, maar die filtreerproses het verskil. Die soutoplossing is ook ingedamp.

*"The resultant muddy residue is then balled and dried in the sun.
The amount of salt used each time is scraped off as required"
[Quin 1959:236]*

Witt bevestig die aanname dat soutklonte vir handel gebruik is:

*"For trading purposes balls of salt the size of a man's fist were intensely heated in pots. Such balls of salt were considered as valid exchange among the Bantu of the north-eastern Transvaal"
[Witt s.a.:10]*

Informante dra kennis van twee groottes soutkegels wat gemaak is. Die groot klont word **xunga xa munyu** (hoop van sout) genoem, met 'n hoogte van ongeveer 20 cm en 'n basisdeursnee van ongeveer 15 cm. Die klein klont **mankhubani** het 'n hoogte van 8 cm tot 10 cm. Dit word vergelyk met 'n vuigrootte. Hierdie kleiner soutklont word glad nie by die museum gemaak of verduidelik nie en toon 'n leemte in die proses.

Die redes waarom die sout gekompakteer word, is uiteenlopend. Die informante het gesê: die ou mense het dit altyd so gedoen, "want sout was



altyd 'n handelsartikel; hulle het nie houers gehad waarin dit huis toe gedra kon word nie; dit is makliker vervoerbaar; vermorsing kom nie so maklik voor nie; die kinders kan die sout nie mors nie". As die sout gebruik word, word net die regte hoeveelheid afgeskraap.

Sommige informante beweer dat een **xunga** vroeër geruil is vir een bees. In vergelyking kan genoem word dat by die Pedi twee sakke sout geruil is vir 25 sakke sorghum [Quin 1959:236].

Die soutkegel word gevorm

Nadat feitlik alle vloeistof verdamp het tydens die kookproses, moet die soutkookster groot sorg dra dat die sout nie brand nie. Sy roer die sout met 'n skulp, totdat dit feitlik droog is en verwyder dit dan van die vuur om 'n kegel uit die klam sout te vorm (foto 4.26).

Foto's 4.23-25 toon die manier waarop die soutklonte gevorm en gedroog word. Weer eens is die varswaterskulp, **rikatla**, die hoofgereedskap. Die soutkookster vorm die klont op 'n plat klip, en stukkies kole word om die klont geplaas, sodat daar 'n harde kors vorm - reg vir berging.

Soms word die klont ook op droë gras gevorm. Die gras word dan aan die brand gesteeek om die uitdroging te verhaas (foto 4.25). Hierdie metodes verskil van die wat Witt in die sestigerjare waargeneem het [Witt 1966:21]. Hy het waargeneem dat die los sout op 'n stuk lap in die son uitgedroog word en die klonte dan in 'n kleipot oor vuur "drooggebak" word.

Tydens observasie is die volgende mate geneem: 6 liter gefiltreerde soutoplossing word vir ongeveer twee uur vinnig gekook en gee 1 kg los sout. Van een tot twee kooksels word een klont gevorm, waarvan die gewig enigiets tussen een tot twee kilogram kan wees. Die kleinste klont weeg 500g (vgl. foto 4.26).

4.5.2 Rekonstruering van die proses by die Tsongakraal-Opelugmuseum

Die Eiland-soutwerkterrein is deur Tsonga-informante geken as Munyuani. Alhoewel daar nog jaarliks in die wintermaande soutneerslae voorkom, word geen sout meer by Eiland ontgin nie. Die soutkookster by die Tsongakraal versamel slegs 'n voorraad vir demonstrasiedoeleindes. Een informant, wat ongeveer in 1889 gebore is, kon nog opgespoor word wat vroeër altyd by Munyuani sout ontgin het. Sy is Mindavazi Zitha van Xitlakati in Gazankulu, 'n dorp ongeveer 20 km oos vanaf Eiland, oorkant die Letabarivier.

Gavaza is die ou soutkookster, werksaam by die Tsongakraal-Opelugmuseum. In die wintermaande droog die soutlaag rondom die minerale bron by Eiland genoegsaam uit, sodat 'n goeie voorraad soutgrond bymekaar gemaak kan word vir demonstrasies by die museum. (Foto's 4.27, 4.32, toon duidelik die soutkors). Ongelukkig is die soutwerkterrein by Eiland taamlik deur grondverskuiwing vernietig. Dit word ook as stortingsterrein gebruik. Gevolglik sou 'n rekonstruksie by die hoof-soutneerslag nie meer moontlik wees nie. Ander plekke langs die Mamatsapispruit is egter nog ongeskonde en sou aan besoekers gewys kon word.

Die soutkookster van Xitlakati wys op foto's 4.28-30 vir ons die plekke waar sy vroeër langs die Mamatsapispruit (foto 4.28) sout ontgin het. Tydens die ondersoek is daar ook oorblyfsels van kleipotte (foto 4.29) in die grondhope langs die soutwerke gekry. 'n Paar kilometer verder suid langs die spruit af (suidoos van die Tsongakraal) het sy vir ons die boom gewys waar die soutkooksters vroeër altyd offerandes aan die voorvadergeeste gebring het. In hierdie geval was dit 'n ou mopaniboom wat 'n mens laat twyfel of dit werklik die offerplek in die verlede was. Nog steeds word elke jaar deur Gavaza en haar metgeselle offerandes in die vorm van snuif by 'n hardekoolboom naby die soutpan gebring, voordat die leem/soutmengsel gehaal word. Sout word meer as een keer gedurende die seisoen versamel.



Op foto's 4.31-32 kan 'n verdere soort skulp, die slakskulp, gesien word, wat ook net soos die varswatermossel gebruik word om die soutkors bymekaar te skraap. Let ook op die soutkors wat op die oppervlakte gevorm het.

'n Alternatiewe verkryging van sout was om die soutbossie, **munywani**, te droog, fyn te maal, in water te laat trek, en die oplossing dan te filtreer. Die oplossing word dan ook ingedamp. Dié proses is aan die skryfster gedemonstreer. 'n Foto van die plant en die filtreerapparaat is aangeheg (foto 4.34 en 4.35). Die plant is deur die Navorsingsinstituut vir Plantkunde in Pretoria geïdentifiseer as *Sphaeranthus incicus robyns*.

4.6 TABOE'S EN ANDER GEBRUIKE

In 'n tyd van vinnige verandering verander of verval ou tradisionele taboes en gebruike ook mettertyd. Dit is ook by Soutini waargeneem. Alhoewel die soutkooksters nog van sommige gebruike bewus is, kom hulle dit nie meer in alle opsigte na nie.

4.6.1 Pseudonieme

Witt het in 1961 nog waargeneem hoe sekere voorwerpe nie by hulle alledaagse name genoem mag word nie, maar dat pseudonieme vir die gebruike- en ander voorwerpe op die werksterrein gebruik word. Alhoewel sommige informante nog kennis dra van die gebruik, word dit nie meer streng toegepas nie. Na klippe, **maribye**, is verwys as, **tindluwa**, grondboontjies, riete, **rihlanga**, word **tlhari** of **nseve**, spies of pyl; die skulpe, **rikatla**, word beeste, **tihomu** ens. Dit was as taboe beskou om die voorwerp op sy regte name te noem, omdat onheil andersins sal voorkom. Die sout sal bv. nie spierwit wees nie en dit kan dalk reën. Reën is as onheil beskou, want as dit reën, kan die soutkors nie vorm nie.

Ander taboe's wat verband hou met die vervaardigingsproses en -terrein is dat vrouens met suigeling nie naby die soutwerke toegelaat word nie. As 'n vrou 'n baba gekry het sedert sy die laaste keer by die soutterrein was, en sy kom weer, dan moet sy eers weer snuif aan die voorvadergeeste offer.



Ook mag geen geslagsomgang tydens die soutkookproses plaasvind nie, want 'n onrein vrou sal die proses nadelig beïnvloed.

Die borrelgeluide en die geluide wat by die fontein gehoor is wat geïnterpreteer is as die gebrul van 'n leeu, die geweën van 'n baba, die bespeling van tromme en donderweer, is altyd geassosieer met die gehalte van die sout. Die resultaat moes spierwit wees. Dit het ook gedui op die goedgesindheid al dan nie van die voorvadergeeste. Segsvrouens beweer dat hulle soms 'n leeugebrul hoor wat vanuit die riete kom. Hulle het dan geskrik, want hierdie geluid asook soms 'n tromgeluid wat gehoor word, is alles voorbodes t.o.v. die soutbedryf. Dit sou maak dat die sout nie spierwit sou wees nie. Sommige segspersone beweer ook dat die bron die tuiste van 'n groot slang is en niemand het dit vroeër naby die bron gewaag nie. Die ou soutkookster van Xitlakati het vertel dat die groot slang soms uit die water gekom het, homself aan sy stert beetgepak en soos 'n vuurring al langs die Black Hills verbygerol het^{4.7}. Hulle noem hierdie slang Nwamilambu.

4.6.2 Sout as geurmiddel

Witt meld tereg [s.a.:3] dat

"Just as one cannot imagine the primitive farmer without the products of the smith or vice versa - neither of them can do without salt".

Sout word by die Tsonga, as 'n belangrike geurmiddel gebruik. Enigeen wat al te doen gekry het met tradisionele Tsongageregte sal saamstem dat dit baie geurig is. Sout is 'n noodsaaklike bestanddeel in die kombuis, en alhoewel pap sonder sout gekook word, is die bydisse altyd sterk met sout geur.

Die Tsonga gebruik nie sout vir die preservering van hul voedsel nie. Ook is pekellegging aan hulle onbekend.

4.6.3 Medisinale taboes en ander gebruike

Op medisinale gebied speel sout 'n belangrike rol:

Iemand met 'n oop wond mag nie sout gebruik nie. 'n Paar voorbeelde wat genoem kan word is die inisiasie van seuns, die tatoeëer van vrouens, die oordeurboring^{4,8} by albei geslagte en enige persoon met 'n wond as gevolg van 'n insnyding. Informante het dit bevestig dat bogenoemde tot vandag nog die gebruik is, dat persone met 'n oop wond nie met sout in aanraking mag kom nie.

Daar is egter op 'n teenstrydigheid by informante afgekom, want soms was sout juis 'n bymiddel by medisyne. So byvoorbeeld is 'n slangbyt behandel met 'n poeier gemaak van 'n verbrande slang plus ander bestanddele en sout. Insnydings is in alle gewrigte, elmboë en enkels gemaak en die poeiermengsel daarin gevryf [Junod 1927, II:459]. Hierdie inligting is deur informante bevestig en hulle kon nie die teenstrydigheid wat bo beskryf is verklaar nie. Dit is toegeskryf aan die verskillende gebiede waar navorsing onderneem is.

'n Bruinerige mengsel waarby sout gevoeg is, word gebruik vir beenbreuke. Dit word op die breukgedeelte ingevryf [Pienaar 1991:per. med.]. Uit bogenoemde kan gesien word, hoekom die sout wat vrouens by Eiland en Soutini ontgin, vandag nog baie gesog is onder die **tin'anga**.

Sout is ook deur die **tin'anga** gebruik as deel van 'n medisynemengsel waarmee kliënte gelok kan word. Een segsman moes altyd as seuntjie die volgende mengsel voorberei: sout, die bas van 'n doringboom, die vet van 'n bokram en 'n bietjie gras wat groei by die naaste kruispad moes tot 'n bol gevorm word. Dit is dan in 'n potskerf geplaas. Vroeg voor sonsopkoms moes hy altyd die potskerf by die ingang van die wooneenheid plaas, die mengsel aan die brand steek totdat 'n rokie optrek. Met 'n dun takkie van die doringboom waarvan die doring aan die potskerf vasgehaak is, moes dit stadig vanaf die ingang tot by die **n'anga** se hut getrek word. Hy mag geensins omgekyk het nie. In die aand is dit herhaal. **Tin'anga** gebruik hierdie seremonie om soveel as moontlik pasiënte te lok. Die krag wat uit



die rook gaan, help hulle om gewild te bly. Navorsers het ook 'n geval gesien waar 'n vroulike praktisyn ook 'n mengsel in 'n potskerf laat rook voor die ingang van haar **ndau** of **ndhumba** hut waarin sy praktiseer en al haar medisyne en bykomstighede hou. Hierdie gebruik is bevestig deur Pienaar wat nagevors het dat die **n'anga** pasiënte lok, wanneer dit nie so goed met sy besigheid gaan nie, deur die wortels, **timitsu/timintsu**, van 'n sekere plant met mediese eienskappe, fyn te stamp, en dit met skaapvet en sout tot 'n bol te meng. 'n Stukkie word dan voor sy hut in 'n potjie aan die brand gestee, sodat daar 'n rokie opgaan. "Dit roep die mense" [Pienaar 1991:pers.med].

Die sout wat vanaf Soutini of vroeër vanaf Eiland kom, is baie gesog en **tin'anga** heg baie meer waarde aan hierdie sout as aan die winkelsout. In die lig van die talle gebruike, taboes, gelowe en legendes wat met die hele soutontginningsproses gepaard gaan, is dit verstaanbaar dat sout van die soutbronne magiese waarde vir die **tin'anga** sal besit. Ook die aangrensende Lobedu verkies hierdie sout bo winkelsout [Davison 1980:181].

4.7 SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

Soutontginning in die studiegebied kom slegs nog op 'n baie beperkte skaal voor. Van die vier historiese soutwerkterreine word daar jaarliks nog net by Soutini, langs die Klein-Letaba, naby Nkomo, wat ongeveer 17 km suidoos van Giyani lê, sout op die tradisionele manier ontgin. Hierdie tradisionele proses het, te oordeel na die hope en hope uitgeloopte soutgrondmengsel, waarin baie potskerwe voorkom en wat 'n redelike tydsdiepte vertoon, vir eeue weinig verander. Te oordeel aan die vae herinneringe en kennis wat segsvrouens het, oor hoe lank die Tsonga by Soutini asook by Eiland besig is met die ontginningsbedryf, kan die afleiding gemaak word, dat daar nie 'n wydverspreide en eeue-lange tradisie by die Tsonga ten opsigte van soutontginning teenwoordig is nie. Handelsaksie het vermoedelik ten opsigte van hierdie sout voorgekom, maar wie die vroegste soutontginners was, kon nie vasgestel word nie.



Daar is veral twee gebruike wat vandag onder die Tsonga voorkom, wat daarop dui, dat die bedryf by ander omliggende stamme, wat 'n langer verbintenis met die gebied het, oorgeneem is:

Tydens die rite wat nagekom word ten aanvang van die soutesseisoen, vroeg in die winter, wanneer offerandes aan die geeste gebring word, word die name van die Venda, Lemba, Kalanga, en Lobedu, sowel as dié van die Tsonga se eie **Ndau-** en **Ngonigeeste**, genoem. By verdere navraag is daar gesê dat dit al die persone was wat vroeër by die plek sout kom haal het.

Tweedens kom die gebruikmaking van pseudonieme nie eintlik by die Tsonga voor nie, wel by die Venda asook die Nguni-sprekendes. Moontlik is dit 'n gebruik wat van die Venda of die Zulu oorgeneem is - derhalwe ook die noem van die Ngonigeeste.

Die metode soos by informante waargeneem, het min verander en kon by die Tsongakraal gerekonstrueer word. Daar moet egter aan die besoeker verduidelik word, dat die soutmaakbedryf nooit naby die woonplek nie, maar altyd by die brakgrond rondom sekere fonteine, voorgekom het.

Die totale proses kan egter nie in sy geheel by die museum uitgebeeld word nie. Alhoewel die kerngedeelte van die ou argeologiese terrein by Eiland vernietig is, is daar nog plekke verder weg waar 'n gedeelte van die ou terrein beskerm kan word, sodat die aspek van die verkryging van die brakgrond uitgewys kan word. 'n Deel van die geskiedkundige aspek van die soutontginningsproses kan hier behandel word. 'n Toer deur die museum kon by die vakansieoord Eiland begin, deurdat die besoekers daar opgelaaai word, eers na die ou historiese-argeologiese terrein geneem word, en daar aan hulle dan verduidelik word hoekom die museum juis in hierdie omgewing gebou is. In samewerking met die oord se personeel kan ook die ou bronnoog aan die besoeker getoon word voordat die soutneerslag en die ou omliggende grondhope besoek word. Daarna kan direk na die soutfiltreerder gegaan word en die hele proses en die tegniek in perspektief aan die besoeker uitgewys word. Dit sou geen afbreuk doen aan die verdere verloop van die toer deur die museum nie om ná die verduidelikking van die soutbedryf by die ingang van die opeluguitstalling en met geskiedkundige



oorsig te begin. Daar is ook ander dele langs die Mamatsapi-spruit waar soutontginning plaasgevind het. 'n Staproete vir besoekers kan uitgewerk word.

Die bestaande praktyk sou verder verander en uitgebrei kon word, as daar klein klontjies sout gemaak kan word vir verkoop aan besoekers. Die deelnemers sou ook self hul eie klontjies kon maak en toegelaat word om dit saam te neem. Deur 'n bietjie bemerking kan die **tin'anga** aangemoedig word om hulle soutvoorrade by die opelugmuseum te koop en sodoende meehelp om 'n ou gebruik weer te laat floreer. Geen praktiese probleme word met die uitvoerbaarheid van hierdie voorstel geantisipeer nie. Die statiese uitstalling verveel uiteindelik tog ook die vrou wat daarby betrokke is, sowel as die ander inwoners by die opelugmuseum.

'n Hele aantal bestaande Tsongaspreekwoorde waarin daar van sout sprake is, kom nie slegs voor nie, maar kan ook aan die besoeker in een of ander wyse oorgedra word. Byvoorbeeld 'n klein kaartjie met sulke spreekwoorde en met die Tsongakraal-Opelugmuseum se embleem daarop, kan aan besoekers saam met die soutklont verkoop, of uitgedeel word. Daar is baie maniere om die besoek aan die museum vir die besoeker opwindend en stimulerend te maak. Deur so iets soos sout en spreekwoorde wat oor sout handel kan daar 'n dieper kykie in die volkskarakter van die Tsonga gegee word.

- 4.1 Die Tsonga verwys ook na Soutini as 'Bileni'. Daar is 'n Bileni in Mosambiek, maar daar kon nie vasgestel word of daar enige verband tussen die twee plekke is nie. Die Tsonga-English Dictionary sê die volgende: "bila, plain, wide treeless space. Bileni, plains area in Mozambique, valley of the Limpopo" [Cuenod 1976:17].
- 4.2 Sien voetnota 4.8.
- 4.3 Variasies op die filtreerproses kom by omliggende stamme voor en word deur Van Schalkwyk [1985:74-75] vir die Molepo en deur Van der Lith [1960:204] vir die Venda beskryf. By beide volke is daar southoudende grond in die stamgebied aanwesig. Die filtreerders wat die Tsonga bou, is by geen ander stam aangetref nie.
- Die Molepo meng die grond met water en hou dit in 'n kalbas sodat die slijk afsak. Die water word dan in 'n ander kalbas, waarvan die opening met 'n laag groen gras bedek is, gegooi. Die gras dien as filter om die slijk uit te hou. Die Molepo laat die water nie afdamp nie, maar gebruik dit in vloeistofvorm direk in hul kos [Van Schalkwyk 1985:74-75].
- Die filtrering word ook gedoen met twee potte wat opmekaar geplaas word [sien foto 4.34]. Van der Lith het hierdie metode ook by die Venda gesien. Die verdampingsproses by die Venda vind plaas, deurdadig die gefiltreerde soutoplossing in 'n plat houtbak gegooi en in die son gelaat word om te verdamp [1960:204].
- 4.4 Die yster en sink waarin die sout ingedamp word, word egter deur die sout opgeneem en kan op die lange duur nadelig vir die gesondheid wees.
- Navorsers het soutoplossing uit die soutvlei in 'n vleklose staalpot gekook en sodoende spierwit sout gekry. Hierdie gebruik word by die museum aanbeveel. Die pot wat tans gebruik word is 'n ysterpot wat taamlik gereeld vervang moet word, omdat die soutoplossing die yster verweer en laat roes.
- 4.5 Oor die algemeen is gebreekte kleipotte of groot kleipotskerwe vir die indampingsproses gebruik. Kleipotte raak deesdae nie net skaars nie, dit word ook vinnig deur die sout verweer en moet gedurig vervang word. Moderne blikhouers asook plastiekhouders hou langer en word deesdae algemeen gebruik.
- 4.6 Kookhut: **Dladla of Nturuka**.
- Twee tipes kookhutte kom onder die Tsonga voor: Die **dladla** lyk baie soos die tradisionele Tsongahut met die verskil dat in plaas van die binne ring pale wat as pilare dien met leem op te vul word die buite ring opgevul om die muur te vorm. Dit het 'n dak op. Die **dladla** word gebruik om in te kook as die weer buite sleg is. Die **Nturuka** is basies 'n kombinasie van die **dladla** en die **xitlati**, een van die graanstore. Waar die dak by die **dladla** op die buite ring pale rus, word by die **nturuka** baie langer paal gebruik sodat 'n stoorplek vir graan bo-op hierdie pale gebou word, en rus die dak op die stoorplek. Die vloer van die stoorplek is so hoog dat 'n mens regop daaronder binne in die **nturuka** kan staan [Basson 1980:37]. Die **xitsumba** is die gewone kookskerm van elke vrou by haar hut.
- 4.7 In 1984 het die navorser mev. Devenish [foto 4.35] van Few Acres, Agatha, Tzaneen opgesoek om moontlik meer inligting rondom die legendes, gebruike en andere uit te vind, aangesien sy een van die weinig lewende blankes is wat Eiland in die jare 1920 besoek het.
- Aangesien haar vertelling aangeteken is en dit van historiese en daardeur museumkundige waarde vir Eiland en die omgewing is, word dit hier kortliks weergegee.
- Sy is gebore Wilson en haar broer Hugh Wilson het in Januarie 1992 eenhonderd jaar oud geword. Die Wilsons het op die plaas "Black Hills", ongeveer 30 kilometer suid van Eiland, gewoon en word beskou as die pioniers in hierdie omgewing.



In die vroeë jare (1920) het die Wilsons altyd met hulle vee na die Letabarivier getrek en alhoewel dit net ongeveer 22 km is wat hulle moes trek, was dit baie ver in daardie dae, aangesien daar nog geen paaie was nie en hulle ook met 'n donkiekar of ossewa moes trek. Sy vertel dat hulle oos van die warmwaterbronne verbygetrek het en dat daar in daardie jare baie wilde diere en veral leeus was. In 1924 het sy ook saamgetrek en moes toe om een of ander rede by die beeste bly in die omgewing van die bron, wat toe baie moerasagtig was. Sy sien toe rook opstyg tussen die riete, maar dit het eerder vir haar na mis gelyk, maar sy kon dit in elk geval ook nie verklaar nie. Alles was vir haar ook taamlik vreesaanjaend en misterieus: die mistigheid, die moerasse en die gedagte aan 'n leeu agter elke bos. Sy het ook gehoor dat die swartes praat van 'n groot slang wat daar tussen die riete woon en wat soms uitkom. Die swartes was bang vir die plek en het vertel dat hulle ander geluide hoor en soms 'n leeugetrul.

Na die terugkoms van haar broer het sy hom oor die plek uitgevra. Hy was bewus van die warmwaterbron. Hulle het 'n volgende keer tesame met die broers Devenish wat op besoek was, die omgewing van die bron skoongekap om die oog te vind, wat hulle dan ook gekry het asook 'n tweede swakker bron. Helderskoon warm water het daar uitgeborrel.

Mej. Wilson het mettertyd met een van die Devenishbroers getrou. Hulle was kort daarna een van die eerste eienaars van Eiland en het die area rondom die bron skoongemaak en dit in 'n mate "ontwikkel" sodat mense daar kon swem en speel. Hulle het mettertyd 'n rondawel daar naby opgerig en besoekers aan die bron, wat toe vir sy genesende eienskappe bekend geword het, kon vir 2 sjelings per nag, daar oornag.

Mev. Devenish is vandag 97 jaar oud.

- 4.8 Interessantheide in verband met die rite. "The piercing of the ears" soos deur Junod [1927 I:95-96] beskryf word hier bygevoeg. Twee maniere is gebruik om die gaatjie in die oor te maak, eerstens gewoonweg met 'n doring en tweedens deur die oorlob met 'n mes te sny. Die eerste verwysing is 'n tradisionele Tsongagebruik wat die vrou toepas en laat nie so 'n groot opening soos die tweede nie, wat "... was practised by the Zulu-Ngonis, and was adopted by the Tsongamen in order to resemble their conquerors. The result is an ugly hole." 'n Seun wat nie 'n deurboorde oor het nie, word gespot as lafaard.

Voordat die kundige die gat in die seun se oor boor, moet die seun eers "die wortel van 'n rankplant (**ndjao**) byt "... which is considered the best means of strengthening the virile force." [Junod 1927, I:96]. Witt [1966:21] wat, waarskynlik na dieselfde wortel verwys tydens die soutmaakproses, spel dit ietwat anders, nl. **nzdaw**. 'n Menstruerende vrou moes die wortel kou en dan in die kokende soutpote van die ander vrouens spoeg. (Daar kon nie nagespoor word of die gebruik enige samehang het nie.) Witt se spelling is foutief. Die Tsonga-English Dictionary [Cuenod 1976:124] spel dit **ndzawu**.

Nadat die oor deur die dokter deurboor is, is 'n stuk riet daarin geplaas. Elke dag is die wond gewas totdat dit genees het. Eers dan mag die seun weer kos met sout eet.

Hierdie beskrywing word hier weergegee as verduideliking waarom daar in Gazankulu baie vrouens en mans met groot gate in hul oorlobbe teëgekome word. Dit was juis een van die kenmerke van die Tsongavrouens, dat hulle 'n lang kralestring, keer op keer deur die opening ryg as 'n oorsierraad [foto 5.6] van krale.

Junod verwys spesifiek daarna dat vrouens die eerste metode gebruik waar die gaatjie verkry is deur dit met 'n doring te deurboor Dit sou interessant wees om na te vors wanneer, waar en hoekom hierdie gebruik verander het.



HOOFSTUK 5
KRALEWERK EN VERSIERINGS

5.1 INLEIDING

'n Beskrywing van kralewerk sonder verwysing na die daarmee gepaard gaande kleredrag, sou kralesierade nie tot hulle reg laat kom nie. Derhalwe sal daar hier en daar na bykomstighede verwys word. Met kralewerk word bedoel enige artikel wat van glaskrale vervaardig en aan die liggaam gedra word, of wat met krale as versiering bedek word. Vir hierdie studie is gebruik gemaak van foto's uit die Duggan-Cronin-versameling om dit te vergelyk met wat vandag nog voorkom (Foto's 5.1, 5.2).

In Suid-Afrika is Zulu- en Ndebelekralewerk baie bekend en gevolglik word daar algemeen aangeneem dat die Tsonga nie eintlik enige noemenswaardige eiesoortige kralewerk besit nie. Ondersoek in die veld en uit literatuurstudie bewys egter dat die Tsonga heelwat kenmerkende krale-artikels met 'n eiesoortige karakter vervaardig het en nog steeds vervaardig. Foto's uit die Duggan-Cronin-versameling [1935] dui daarop dat die Tsongavrouens se kralewerk soos dit vandag nog aangetref word, volgens tipe en motiewe reeds vir ten minste die afgelope sestig jaar vervaardig word. HP Junod maak, in sy voorwoord tot Duggan-Cronin se fotografiese beeldmateriaal [1935], die aanname, dat die Transvaal-Tsonga se kralewerk ontwikkel het, omdat hulle met die nabygeleë Ndebele in kontak was [1935:13]. Verder word gesê dat dit baie verskil van die kralewerk wat onder die Tsonga in Mosambiek aangetref word. Vergelyk 'n mens egter verwysings na krale as handelsartikels, as trougoedere, vir mediese, religieuse of magiese gebruike, tydens inisiasie e.a. seremonies of as alledaagse versierings, kan die afleiding gemaak word, dat krale en kraleverwerking vir eeue reeds baie algemeen voorkom [vgl. Earthy 1968: 59-60, 124-125, 167, 212-213 e.a.; Junod 1927 I:51, 275; Junod 1927 II:102-103, 146, 148-149, 480].

Daar moet in gedagte gehou word, dat die Portugese reeds in die sewentiende eeu krale as handelsitems na die Ooskus saamgebring het, en dat die Tsonga die handelaars tussen die kus en die binneland was. Glaskrale is dus 'n artikel wat vir eeue reeds aan hulle bekend is.

Die kleure wat die Transvaal-Tsonga tans in hulle kralewerk gebruik, verskil van die van die Tsonga van Mosambiek. Die verskillende sierade wat die Tsonga in Transvaal dra, dui op 'n baie sterker versieringselement as wat in Mosambiek die geval was. Sekere voorwerpe soos hoofversierings, **mugangu**, en die beursie van krale, **xipachi**, is vroeër, sowel as vandag onder die Tsonga in Transvaal aangetref.

Voordat krale deur die handelaars aan die inboorlinge bekend gestel is, het die Tsonga in Mosambiek reeds hulle liggame versier met dit wat tot hulle beskikking was. Liggaamstatoeëring, die aanbring van patrone deur insnydings wat lidtekens op hulle liggame veroorsaak, het baie algemeen onder hierdie ooskusvolkere voorgekom [vgl. Duggan-Cronin 1935, plaat XXXII; Earthy 1968, plaat IX].

Koperarmringe, **masindza** (foto 5.3), en nekringe, **ritlatla** of **ritlama** (foto 5.6), van soliede koper of brons, sowel as gedraaide koper of ander arm- en enkelringe van metaaldraad, **vusenga** (foto 5.17), kom nog steeds voor. Hierdie draadwerk word hoofsaaklik deur mans vervaardig. Die materiaal kan vandag nog in die winkels gekoop word. Junod [1927 II:102] beweer dat die metaalringe voorgekom het nog voordat glaskrale hul verskyning gemaak het. Enkele voorbeelde kom in die Duggan-Cronin-versameling voor. Versierings van sade, kokons of van stukkie gekerfde hout word ook reeds vir eeue gebruik en kom vandag nog voor. Hier kan veral die beenratels, gemaak van aanmekaargerygte kokons, genoem word (foto 5.4). In meer resente tye word wol ook dikwels gebruik. Dit word verwerk en word ook in kombinasie met krale gebruik (foto 5.5).

Terwyl alle glaskrale vir eeue deur handelaars die land ingebring is, kom daar een soort kraal voor waarvan die oorsprong nie baie duidelik is nie. Daar word algemeen vermoed, dat hierdie krale van noord van die Limpopo kom en selfs op Fenisiese oorsprong dui. Dit is 'n groot heksagonale, helderblou glaskraal en word as 'n familie-erfstuk en as heilig beskou. Daar word dikwels aangetref dat 'n groot blou kraal saam met 'n stukkie olifant tand, 'n maroelapit en selfvervaardigde koperkrale geryg word en dan as nekversiering gedra word. Hierdie **mhamba ya xikwembu** (foto 5.5), of amulet van die voorvadergeeste, word met



voorvaderverering in verband gebring en 'n persoon word daarmee begrawe. As 'n verstorwe ouer se kind of kleinkind siek word, word die **n'anga** geraadpleeg. As die oorsaak van die siekte na die voorouers terug gevoer kan word, word 'n nuwe nekversiering, die **mhamba ya xikwembu**, vir die kind vervaardig.

'n Interessante verwysing na die gewildheid van handelskrale kry ons by Burman waar hy die handelsekspedisie van De Capelle na Delogoabaai in 1723 beskryf. Ene Jan Stefler was lid van die Here XVII se geselskap wat vanaf Delagoabaai die binneland ingevaar het om die ysterberg te soek. Op 9 Augustus 1723, by hulle eerste kamp skryf hy -

"The natives from the nearby kraals brought goats which Stefler tried to buy at a reasonable price. The tribesman demanded not less than four large bundles of beads for each goat ... Stefler considered the price too high"
(1969:129)

By 'n latere geleentheid kon hy hulle prys afbring tot drie bondels vir een bok. Hy gee daarna vir die stamhoof twee bondels krale as geskenk met die gedagte dat die inboorlinge hulle sal help by the oortog oor die rivier. Die stamhoof wou dit nie aanvaar nie. Uiteindelik gee Stefler hom vier bondels krale as geskenk. Hy wys daarop 'n tolk en gids aan wat nog twee bondels elk ontvang (1969:130). By 'n ander kraal is ses bondels krale vir een bees geruil. Die stamhoof het hier 'n honderd bondels krale vir een olifant tand ge-eis (Burman 1969:133). Stefler is op hierdie binnelandse ekspedisie waar hy die Lebomboberge oorgesteek het, vermoor.

Die inboorlinge waarvan hier sprake is, is vermoedelik die voorsate van die Tsonga van vandag wat al vir eeue hierdie gebied bewoon en as handelaars deurkruis het.

'n Verdere ligaamsversiering wat reeds in die verlede bekend was en waaraan Tsongamans en vrouens vandag nog uitgeken kan word, is die groot insnyding in die oorlobbe. Vroeër was dit tydens die inisiasieskool aangebring maar deesdae kom dit nie meer so algemeen voor nie, wel by die ouer Tsongamans en -vrouens. [Duggan-Cronin 1935:15]. Oorbelle word in die opening gedra. 'n Aanduiding van hoe groot die gat kan wees, is dat

daar soms 'n snuifbottel daarin gedra word [vgl. Duggan-Cronin 1935:Plaat XXX]. Meestal ryg die ouer vrouens 'n lang string krale weer en weer deur die gat in die oorlob as 'n tipe oorbel (foto 5.6). Mans wat die inisiasieskool bygewoon het, kan deesdae nog aan twee of drie insnydings in die wange uitgeken word. Vrouens het tatoeëermotiewe op hul wange en/of bene.

Geen verdere beskrywing van alle metaalsierade sal hier gedoen word nie. Slegs die benutting van glaskrale as versieringselement sal beskryf word. Buiten dat die **n'anga** wel heelwat kralewerk dra, sowel as twee kralewerkstukke wat met die inisiasie in verband gebring word, het krale nie werklik magies-rituele waarde nie. In sommige gevalle waar 'n persoon die wit en ook rooi krale dra, dui dit daarop dat die persoon deur die vreemde geeste, **swikwembu swa van'wana**, beset is.

5.2 VERVAARDIGINGSMETODE

5.2.1 Materiaal en gereedskap

'n Verskeidenheid glaskrale, **rihlalo**, kom voor en daar is geen aanduidings, dat die silindervormige krale (snap beads) (fig. 5.1a) deur die Transvaalse Tsonga gebruik is nie. Dit is die bolvormige kraletjie (seed beads) (fig. 5.1b), wat hoofsaaklik in 'n verskeidenheid groottes gebruik, word.




Fig 5.1 (a)




Fig 5.1 (b)

Die krale word in 'n verskeidenheid groottes gebruik. Vroeër was die kleiner krale meer gewild as die groteres, maar die kleintjies is moeilik bekombaar. 'n Nommer 11 is ongeveer een millimeter in deursnee en word vir 'n verskeidenheid voorwerpe, soos onder beskryf word, gebruik. No. 9 is twee millimeter in deursnee en word ook nog gebruik, maar die artikels vertoon na die smaak van Tsongavrouens nie so mooi soos die met die klein kraletjies nie. Groter wit krale, No. 6 en 7, word gebruik om die **ndhindana** (vgl. foto's 5.1, 5.2) te omsoom. Dit gee 'n estetiese effek tydens danse, (foto 5.7) want dit laat die romppunte hoog wip. Die kuns om die rompe soveel as moontlik te laat wip en swaai, word baie geapploudeer. Hoe meer materiaal gebruik word, wat weer meer krale vereis, hoe beter die effektiwiteit van die dansrok.

Die vyf basiese kleure wat die Tsonga in hulle kralewerk gebruik is wit, blou, rooi, groen en geel. Dit is eers gedurende die laaste ongeveer vyftien jaar dat sekere ander kleure en kleurvariasies soos ligblou, liggroen, pers en oranje gewild geword het. Dit het ook baie afgehang van die bekombaarheid van krale.

Die krale word genoem na die naam van die kleur: wit - **basa**, blou en ligblou - **juva**, donkerblou - **wasi**, rooi - **mungazi**, wynrooi - **tsuka**, geel - **muwapfuka** of **xitshopana**, oranje - **muzanine**, pers - **khuwaza** of **holonyi** en groen - **xidawuzeni**. Die spesifieke kleure wat die Tsonga gebruik, onderskei hulle kralewerk van Zulu, Ndebele of Sothokralewerk. Swart krale word net gebruik as 'n persoon rou. 'n String swart krale word dan byvoorbeeld deur die oorlobbe geryg as teken van rou. 'n Vrou wat rou sal ook 'n lang string swart krale as nekversiering dra. Die rooi krale, **mungazi**, is vroeër vir lobolo-doeleindes gebruik.

Deurskynende glaskrale, **xitsukelani**, is baie tradisioneel en is tot dertig jaar gelede nog baie gedra. Hierdie deurskynende krale is vir die Tsongavrou baie mooi, maar is vandag baie moeilik bekombaar. Vandag word dit as outyds beskou. Die regte kleure, naamlik blou, rooi, groen saam met wit, wat ook nie altyd so maklik verkrygbaar is nie, kan op foto 5.33 gesien word. Geel word ook dikwels bygevoeg. Deesdae is krale buitendien nie altyd beskikbaar nie en ook baie duur, aangesien dit van

Tjeggoslowakye ingevoer word. Plaasvervangers soos plastiekkrale word dan gebruik. Groot plastiekkrale word ook al hoe meer gebruik en word **tikhwini** genoem.

Die romp wat die Tsongavrouens dra, **ndhindana**, **dovani** of **nguvu**, word gemaak van 'n spesifieke soort materiaal wat al vir baie jare ingevoer word en onder die handelsnaam "salempore" verkoop word. Dit is 'n donkerblou materiaal met rooi, groen, wit en ligblou vertikale strepe (foto 5.2). Tradisionele krale het dieselfde kleure as die kleure in die tradisionele rok materiaal, en alhoewel die kleurstrepe in die materiaal almal dieselfde lyk, kom variasies voor. Die onderskeie sibbes het vroeër elk hul eie kleur en streepkode gehad. Deesdae word dit egter nie meer nagekom nie. Net soos die krale volgens hul kleure genoem word, word die motiewe in die kralesieraad ook vernoem na dit wat die motief voorstel. Bv. as daar in die kralestuk 'n ster motief ingewerk is, word die stuk **nyeleti** (ster) genoem.

Die ryg materiaal was tradisioneel sening, of soms beessterthare, deesdae word altyd katoengaring gebruik. Daar word beweer dat die Tsonga in die verlede soms ook vesels van 'n sekere boombas gebruik het. 'n Naald is die enigste gereedskap wat gebruik word om die krale op die garing te ryg. Die punt van die garing of sening kan ook natgelek word om 'n skerp punt te vorm. In so 'n geval is 'n naald onnodig. Vroeër toe klein kraletjies by voorkeur gebruik is, was baie dun naalde ook moeilik bekombaar.

Vir sekere kralesierade, soos getoon op foto's 5.8, 5.9, 5.10 word juis sterthare gebruik, omdat dit deel uitmaak van die voorkoms van die voorwerp. Die Tsongavrouens van vandag is baie lief daarvoor om hierdie halssieraad te dra. Dit kom reeds die afgelope ongeveer twintig jaar voor. Drie variasies is in die veld aangetref, naamlik die **maqalaka**, **matsunyetsunye** en **khunara** (foto 5.8).

Behalwe los kralesierade, word krale ook op ander materiale soos lap, mandjies, kalbasse, en horing vasgewerk. 'n Meer moderne gebruik is om bottels en stokke met krale te versier. Hierdie praktyk sal later bespreek word.

5.2.2 Vervaardigers

Alle kralewerk word deur vrouens gemaak. Dit word van 'n ma, suster of tannie aangeleer, en alhoewel kralewerk hoofsaaklik deur vrouens en dogters gedra word, dra mans ook soms eenvoudige stukke soos nekversierings of armbande. As dit verband het met medies-religieuse gebruike, bv. wanneer hy 'n **n'anga** geraadpleeg het en dié skryf 'n amulet voor, word sulke stukke ook gedra. Wanneer die **ndau**-geeste hom besoek het, dra hy 'n polsband van rooi en wit krale. Sekere kralewerkstukke soos halssieraad en armsieraad maak ook deel uit van die **n'anga** se toebehore. Die vrouens vervaardig kralewerk vir hulle mans, ma's vir hulle dogters of babatjies, en oumas vir hulle kleinkinders (foto's 5.11, 5.12, 5.13).

Die enigste kralewerk wat deur mans vervaardig word, is dié wat van metaal gemaak word, soos die koperkraletjies, **tikhota**. Hierdie kraletjies word dan deur vrouens aanmekaar geryg en verwerk (foto 5.5). Ook die gesmeede koper arm- of beenringe, of dié wat van dun koperdraad gemaak word, word deur mans vervaardig. Die dun draad word as 'n spiraal om 'n kernring van sterthare, sening of vesel, gedraai om 'n beenring te vorm (foto 5.17).

Kralewerk word deur vrouens gemaak wanneer hulle tyd kry tussen al hulle ander take en verpligtinge deur. 'n Mens kry selde 'n vrou wat in die somermaande wanneer die plantseisoen in volle swang is, besig is met hierdie vryetydswerk. Anders as wat ons dit by die pottebakster aantref, word kralesierade nie in ruil vir oesprodukte of dienste gelewer nie. Dit dui dan ook daarop dat dit geen spesialisbedryf is nie.

5.2.3 Tegnieke

As 'n mens met die eerste oogopslag na die onderskeie kralesierade kyk, lyk dit of almal uit een basiese tegniek, naamlik die inryg van kralestringe en vashegting aan mekaar, gemaak word. Dit herinner aan weefwerk. By nadere ondersoek sien ons egter dat feitlik elke stuk volgens 'n ander metode vervaardig word en dat weefwerktegnieke en terme nie eintlik gebruik kan word nie.



Anders as by die Ndebele kom daar geen vashegting van krale op leerartikels by die Tsonga voor nie. Lap word egter wel met kralewerk versier en daarna om die liggaam gedrapeer. Hierdie lappe wat Tsongavrouens om hul liggaam dra, word **nceka** genoem. Hiervoor word meestal swart materiaal gebruik (foto's 5.14, 5.15, 5.53, 5.65 e.a.). 'n Deel van die **n'anga** se kleredrag bestaan uit helderkleurige katoenmateriaal ryklik met wit krale versier. Rooi, swart en turkoois materiaal word vir hierdie doel gebruik. Met wit krale word allerhande motiewe op die **xiyandhana** vasgeheg (foto's 5.16, 5.22a). Wit krale word geassosieer met die voorvadergeeste. Die **n'anga** is baie dikwels die tussenganger tussen die lewendes en gesterwenes.

Die **nceka** maak deel uit van die tradisionele Tsongavrou se kleredrag. Helderkleurige en bont **minceka** word nie met krale versier nie.

Sommige tegnieke wat die Tsonga in hulle kralewerk gebruik, word ook deur Van Schalkwyk [1985:50] beskryf. Voorbeelde hiervan is die tegnieke vir die bedekking van groot oppervlaktes met krale, soos die materiaal waarna hierbo verwys is. Van Schalkwyk noem dit volgens Orchard kanthegting (lazy stitch).

"Hiervolgens word krale aangewend in 'n aantal digte, parallelle rye wat slegs op die punte vas is aan die basismateriaal"

[1985:50]

'n Variasie op dié tegniek, middelhegting (spot stitching), kom ook voor. Volgens hierdie manier word motiewe soos sirkels, boë en driehoeke op materiaal vasgeheg. 'n Verdere metode van die benutting van krale op materiaal is die omsoming van die dansrok, **ndhindana**, met wit krale (foto 5.17). Simmetriese motiewe word dan met die middelhegtingstegniek op die dansrok gewerk (foto's 5.27c, 5.63). Deur die benutting van gekleurde krale en afwisseling van die rigtings waarin die kralestringe gewerk word, word motiewe in geometriese patrone en lynversierings op 'n artikel aangebring. Die Tsongamotiewe het 'n eiesoortige karakter en elke motief het 'n naam. Hierdie aspek word in afdeling 5.2.4 behandel. In die huidige tyd word gereeld wolgaring vir versiering gebruik in stede van

krale wat te duur geword het of onbekombaar is. Die kleurskakerings in wol verskaf dieselfde effek op doeke, **minceka**. Dit word ook vir die Tsongapoppie, **madliridliri/nwana**, gebruik^{5.1}. Wol dien ook as plaasvervanger van lap om die dansrok, **ndhindana** te vervaardig. Veral jonger vrouens en dogters dra **ndhindana** wat van wol gemaak is, maar dit word nie as tradisioneel aanvaar nie.

By die bespreking van die verskillende kralewerktegnieke word ter aanvang 'n lys van die kralesierade gegee met die vermelding van die besondere tegniek (volgens Tsongabenaming) wat gebruik word. Daar moet op gelet word dat sommige sierade die naam van 'n bepaalde tegniek dra. In enkele gevalle kon geen Tsonganaam vir die tegniek verkry word nie en moes daar op beskrywende Afrikaanse tegniekname teruggeval word. Die Afrikaanse benaming word aan die einde van die lys gegee.

Lys van Tsonga kralesierade^{5.2}

Halssierade

Rintoto	enkele kralestring, tegnieknaam.
Xisontana	twee enkelvoudige stringe om mekaar gedraai, tegnieknaam.
Xizambana	buisvormige kralesieraad, tegnieknaam.
Thumbu	buisvormige halssieraad volgens verskeie tegnieke.
Ntomani	buisvormige halssieraad met die voorkoms van 'n mopaniewurm (tomana), tegnieknaam.
Mhaninkulu	sieraad waarin verskeie tegnieke saam gebruik word: rintoto , xizambana , qonto ; tegnieknaam.
Xifhune	soos xisontana , net ander aanwending.
Xidlatana	nekband uit rintoto om 'n basis gedraai.
Maranga	skouerlappe van krale volgens xiqovochela , geweeftde voorkoms-tegniek.
Matsunyetsunye	sieraad van perdestert ^{5.3} en krale in geel, turkoois of pienk-pers alleenlik volgens hierdie vlegtegniek, tegnieknaam.
Maqalaka	sieraad van perdestert en krale in geel, turkoois of pienk-pers volgens sy eie rygtegniek, tegnieknaam.



- Mihlalanyoni** sieraad van perdestert en krale, slegs in geel, turkoois of pienk-pers volgens die vlegtegniek, tegnieknaam.
- Khunara** **khunara** is benaming vir groot plastiekkrale. Omdat hierdie krale met perdestert vervleg word, word die voorwerp **khunara** genoem.
- Chayeni** tegniek gee voorkoms van ketting (chain). Soos onder hoofsierade, tegnieknaam.

Hoofsierade

- Chayeni** tegniek wat gebruik word gee voorkoms van ketting (chain). Tegnieknaam.
- Mugangu** kettingtegniek. Deur verskeie aanwendingsmetodes van verskillende kleure word wisselende effekte verkry.
- Xifezane** 'n **mugangu**, maar weens 'n besondere patroon, word die voorwerp ook **xifezane** genoem.
- Khazi/Khayisa/Xikasani** eie rygtegniek: perdestert en krale, tegnieknaam.
- Rindzhela** eie rygtegniek: perdestert en krale, tegnieknaam.
- Nwamatatana** eiesoortige vlegwerktegniek: perdestert en krale, tegnieknaam.
- Vuhlalu bya tindleve** oorbelle gemaak van kralestringe, **rintoto**-tegniek.

Armbande

- Xifejani** armsieraad van kralestringe om mekaar gedraai volgens die **xisontana**-tegniek. Kyk ook beenringe.
- Xikhurumudzu** armringe van kralestringe (**rintoto**-tegniek) wat oor 'n stywe basis (gras of lap) gewerk word.
- Xiphodzo** bo-armsieraad van krale gemaak volgens die maas - of ruittegniek (sien onder). Geen Tsonganaam vir tegniek.

Beenringe

- Xikhurumudzu** beenringe van krale stringe (**rintoto**-tegniek) wat oor 'n stywe basis gewerk word soos armringe en nekringe.
- Xifejani** beensieraad van kralestringe wat om mekaar gedraai word volgens die **xisontana**-tegniek.



Heupversiering

- Xifunga** lyfgordel van kralestringe (**rintoto**-tegniek), word om 'n basismateriaal (gras of lap) gedraai.
- Xiqovochela/xipereta** kralelappe volgens die geweeftde voorkoms-tegniek, tegnieknaam.
- Ndlhama** lang kralelap volgens die maas- of ruittegniek (sien onder) wat op **xigejo** gedra word. Geen Tsonganaam vir tegniek.
- Tikhwini** enkelvoudige lang kralestringe (**rintoto**-tegniek) van groot plastiekkrale. In vele kleure saam as heupsieraad gedra.
- Xanga** heupsieraad volgens die **xiqovochela**-tegniek (geweeftde kralewerk).

Verdere Kralesierade

- Nceka** doek met krale versier volgens oppervlaktebedekking.
- Xiyandhana** doek met krale versier volgens oppervlaktebedekking.
- Qonto** 'n soort knoop wat van krale gewerk word om punte aan mekaar vas te werk of te heg.
- Xithabana** en **xintewana** mandjiesel (basis en deksel). Tegnieke wat gebruik word, is hoofsaaklik maas- of ruittegniek en oppervlaktebedekking (sien onder).
- Xipachi** beursie volgens die **xiqovochela**-tegniek (geweeftde kralewerk).
- Mfuku** snuifhouers met krale versier/oortrek volgens maas- of ruittegniek, asook **xiqovochela**-tegniek.
- Xipfukwani** 'n buisvormige heupsieraad (**thumbu**) volgens **xizambana** asook maas- of ruittegniek vervaardig om 'n snuifhouer te hou.
- Madliridliri** Tsongapoppie of **n'wana** vervaardig van kralestringe om basis gedraai.

Moderne voorwerpe: bottels, kalbasse, stokke e.a. word met kralewerk bedek volgens maas- of ruittegniek of oppervlaktebedekking.

Sambrele - word ook versier met motiewe volgens die oppervlaktebedekkingstegniek.

Bloes van kralewerk word vervaardig volgens die tegniek vir **xiqovochela** of geweefde kralewerk.

Afrikaanse Tegniekbenamings

Geweefde kralewerk - die tegniek, wat die effek van weefwerk gee, word hoofsaaklik vir kralelappe of **xiqovochela** gebruik. Daarom word hierdie tegniek ook **xiqovochela** genoem. Krale word dig aan mekaar geryg en gee die weefvoorkoms.

Maas- of ruittegniek - anders as by die weeffeffek, gee hierdie tegniek 'n los voorkoms; krale word so geryg dat daar openinge ontstaan tussen die ingerygde kraletjies. Word vir **thumbu**, **ndlhama**, **xithabana** en **xintewana** gebruik, asook vir die bedekking van voorwerpe soos bottels, kalbasse ens.

Oppervlaktebedekking - word hoofsaaklik op materiaal en op die mandjiesel aangebring. Twee tegnieke, naamlik middelhegting en kanthegting kom voor.

5.2.3.1 *Rintoto*

Die eenvoudigste metode om kralesierade te vervaardig is die inryging van krale op katoengaring om 'n enkele string, **rintoto**, te vorm (fig. 5.2a).




Fig 5.2a en b

Die **rintoto** kan net so as 'n enkele string gedra word. Dit word ook meermale om die pols gedraai en so gedra. Babas dra dikwels kralestringe om die pols of enkel. Die **n'anga** dra dit ook om sy pols.

Kralestringe word op verskeie maniere as enkelstringe of in kombinasie met ander tegnieke op voorwerpe aangewend.

Wanneer twee **rintoto** om mekaar gedraai word, gee dit 'n spiraaleffek soos op foto's 5.18, 5.20 gesien kan word (fig. 5.2b). Stringe van dieselfde kleur of van verskillende kleure kan gekombineer word. So 'n sieraad word **xisontana** genoem. Die **xisontana** word dikwels in kombinasie met die **xizambana** verwerk soos foto 5.18 duidelik toon. Die **xizambana** sal hier onder bespreek word.

Enkelvoudige kralestringe word ook gebruik om om 'n basis te draai. Voorbeelde is die Tsongapop, **madliridliri** (foto 5.57), die heupgordel, **xifunga** (foto 5.45), en die neksieraad vir babas, **xidlalatana** (foto 5.36). Sommige arm- en beenringe, **swifejani** en **swikurumudzu** word ook volgens hierdie tegniek vervaardig.

Vir die oorbelle, **vuhlalo bya tindleve** word ook enkelvoudige kralestringe gebruik.

Sommige kralewerkartikels word omsoom of afgewerk met **rintoto**, met **xizambana** of met **xisontana** (foto's 5.34, 5.48, 5.49, 5.50, 5.51). Enkelvoudige stringe wat los afhang om tassels te vorm, **khaca**, kom ook by verskeie artikels voor. Die heupversiering, **xanga**, (foto 5.52), halssieraad (foto's 5.32 - 34), kralelappe, **xiqovochela** (foto 5.26), en die **ndlhama**, heupversiering (foto 5.25) is almal met tassels afgewerk.

5.2.3.2 *Xisontana*

Hierdie sieraad wat uit enkelvoudige stringe wat om mekaar gedraai is bestaan, is reeds hierbo beskryf (fig. 5.2b).

5.2.3.3 *Xizambana/Xizambani*

Die sieraad wat **xizambana** genoem word, word volgens 'n eie tegniek vervaardig.

Xizambana is die benaming vir die tegniek wat gebruik word om 'n besondere buisvormige sieraad te vervaardig. Kyk na foto 5.19a en 5.29 - 34 om die verskillende buisvormige halssierade te sien. Elke voorwerp het 'n ander naam, omdat die tegniek en veral kleuraanwending verskil. Alhoewel almal buisvormig is, word net een tipe **thumbu** genoem (**thumbu** beteken derm, en dus buis). **Xizambana** is no. 5,6,7 op foto 5.19 en 5.18a. Met hierdie tegniek kan smal or breë halssierade vervaardig word. Die tegniek laat 'n keuse van hoe breed die sieraad sal wees. Dit wil voorkom asof die smaller tipe buisvormige halssierade **xizambana** genoem word en die breër tipe **thumbu**.

Stap (1):

'n Stuk wol, tou of garing wat meermale heen en weer gevou word, word as basis te neem. Neem 'n nuwe stuk garing, steek deur naald en vou dubbel, maak knoop. Ryg 12 (16, 20, 24, ens.) wit krale in, vou die naald met garing om die basis en ryg weer terug deur 6 van die 12 kraletjies. Ryg nog 6 krale in vou weer om basis en gaan 'n tweede keer deur die 6 krale. Herhaal totdat daar 8 (of meer, na gelang van breedte van voorwerp) stringetjies van 6 krale elk is.

Stap (2):

Neem die garing nou deur die eerste 6 krale (stringetje no. 1) wat nog los hang, vou om basis en gaan terug deur stringetje no. 8. Die plat strook is nou omgevou en vorm 'n buis.

Stap (3):

Ryg nou weer 12 rooi (of blou, geel, groen) krale in, steek naald met garing om die vorige ry se garinglus wat gevorm het tussen stringetje no. 1 en 2, steek garing weer terug deur 6 van die vorige rooi krale van tweede ry. Ryg weer 6 rooi krale in, vou om vorige ry se basislus en terug deur die 6 rooi krale. Herhaal totdat daar weer 8 stringe is wat die buis voltooi. Gaan

deur stringetjie No. 1 van rooi ry en terug deur no. 8 en begin die volgende ry, weer met wit krale. Herhaal totdat die gewenste lengte verkry is. Wanneer garing klaar is, moet 'n nuwe stuk geneem word en die punt in die sieraad verwerk word.




Fig. 5.3

Rooi, blou of groen krale word met wit afgewissel (foto 5.18a en b). Die **xizambana** word ook in kombinasie met **xisontana** verwerk. Foto 5.29-5.34, 5.60 wys die verskillende breedtes en ander variasiewyses waarop hierdie tegniek gebruik word. Foto's 5.37 en 5.49a toon hoe die **xizambana**-string vir afwerking van ander sierade aangewend word.

5.2.3.4 *Thumbu*

Vir die **thumbu** word die volgende tegnieke gebruik: **xizambana**, **ntomani**, maas- of ruittegniek, geweefde voorkomstegniek.

5.2.3.5 *Ntomani*

Hierdie sieraad het sy eie tegniek, alhoewel dit met die **xizambana** ooreenstem. Die tegniek wat gebruik word, gee aan hierdie voorwerp 'n gestreepte voorkoms en herinner die Tsonga aan die mopaniewurm, **ntomani**. Daarom word aan hierdie halssieraad dieselfde naam gegee (foto 5.19a, 2,3,4). Die tegniek wat hier gebruik word, is ietwat anders as die voriges en deur die spesifieke manier waarop die krale aangewend word, word die streep-effek verkry. Fig. 5.5 illustreer die tegniek.




Fig. 5.5

Stap (1):

Eintlik is die tegniek dieselfde as vir die **xizambana** behalwe dat daar in hierdie geval net 3 krale in plaas van 6 of meer op 'n stringetjie geryg



word. Skep weer eens 'n basis van wol, tou of garingstringe. Die lengte van die basis word bepaal deur die gewenste breedte van die sieraad. Neem 'n nuwe stuk garing en knoop die punt. Werk hierdie deel in die basis vas en ryg 1 groen (of ander kleur) 1 wit, 2 groen, 1 wit, 1 groen kraletjies in, vou die garing om die basis en steek die naald weer deur die laaste 3 kraletjies. Ryg weer 3 krale in (1 groen, 1 wit, 1 groen), vou om basislus en gaan terug deur die 3 krale, ryg weer 3 krale by en herhaal totdat die gewenste breedte verkry is.

Stap (2):

Begin die nuwe ry, weer met ses krale in omgekeerde volgorde, d.w.s. 1 wit, 1 groen, 2 wit, 1 groen, 1 wit, en herhaal die hele proses totdat die gewenste lengte van die kralesieraad verkry is.

Om 'n buis te vorm, kan die kralestuk wanneer dit klaar is, omgevou word. Die twee kante kan dan aan mekaar vasgewerk word. 'n Tweede metode is om na die eerste ry geryg is die stuk om te vou, die garing deur stringetjie no. 1 te ryg en weer terug deur die laaste stringetjie. Vervolg dan met die tweede ry.

5.2.3.6 *Mhaninkulu*

Hierdie halssieraad word volgens sy eie tegniek vervaardig, alhoewel dit hoofsaaklik uit kralestringe bestaan.




Fig. 5.6

Stap (1):

Neem 20 of meer of minder stukke garing wat ongeveer 80 cm lang is en dubbel gevou word. Ryg op elke dubbele garing ongeveer 60 wit kraletjies, sodat 20 kralestringe, **rintoto**, gevorm word. Verdeel die dubbele garing en voeg dit met die enkele een wat daarnaas lê om weer 'n dubbele garing te vorm. Ryg nou weer 60 rooi kraletjies op die nuutgevormde dubbelgaring. Die dubbelgaring word weer verdeel en 60 wit kralestring word dan ingeryg. Herhaal met blou krale, wit krale, rooi krale, wit krale, groen krale. Die kleurkombinasies kan gevarieer word (vergelyk foto 5.21a en b). Verbindingsstroke kan op hierdie manier vervaardig word. Dit gee dieselfde effek as wanneer die **xizambana**-tegniek gebruik word.

Stap (2):

Die loshangende garingpunte word nou netjies om mekaar gedraai om 'n knop te vorm wat dan met kraletjies oorgetrek word sodat 'n netjiese verbindingsknoop, **qonto**, die twee punte aan mekaar bevestig.

5.2.3.7 *Xifhune*

Die **xifhune** is dieselfde as die **xisontana** en word volgens die **xisontana**-tegniek vervaardig deurdat twee stringe krale om mekaar gedraai word.




Fig. 5.7

5.2.3.8 *Xidlatana*

Vir hierdie neksieraad vir babas word kralestringe, **rintoto**, om 'n stywe kern gedraai. Die punte word verdik en met krale oortrek om **qonto** te vorm.




Fig. 5.8

Gras of 'n stuk lap word gevou om 'n rol te vorm. Die lengte word bepaal deur die dikte van die baba se nek. Om hierdie kern word kralestringe gedraai. Die twee punte van die kern vorm 'n verdikking wat dan netjies met krale oortrek word. Om hierdie **qonto** word 'n kralelus en 'n knoop aangewerk, sodat die voorwerp om die baba se nek bevestig kan word. 'n Loshangende kralestringetjie hang van die punte af (foto 5.36).

5.2.3.9 *Maranga*

Die **xiqovochela**, geweeftde voorkoms-tegniek, word vir hierdie sieraad gebruik. Besondere effekte word verkry deur kleuraanwending. Afronding word gedoen met **xisontana**, **xizambana**, **rintoto** en **qonto** (foto 5.21a - 28d).

Die tegniek sal onder afdeling 5.2.3.20 beskryf word. Twee lang, smal kralelappe van ongeveer 8 cm x 30 cm word vervaardig en met enige gewenste patroon ingewerk. Die patrone op die twee stukke verskil. Die twee basiskante (beginpunte) word aan die punte met **xizambana** of **xisontana** wat 10 cm tot 12 cm lank is met mekaar verbind. In baie gevalle word die voorkant van hierdie sieraad daaraan uitgeken dat 'n knoop in die verbindingstuk gewerk word. **Qonto** of die kraleknop word ook gebruik om die verskillende dele aan mekaar te heg. Die afrondingswerk kan op foto 5.37 gesien word.


5.2.3.10 *Matsunyetsunye*

Fig. 5.10

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek wat hoofsaaklik uit vlegwerk bestaan gemaak. Perdesterthare word in plaas van garing as rygmedium gebruik. Kraletjies word soos op fig. 5.10 aangetoon word hier en daar in die gevlegte perdesterthare ingewerk.

Slegs geel, pienk-pers of turkoois-blou kraletjies word vir hierdie sieraad saam met perdesterthare, **vudoga** (vgl. voetnota 5.3), aangewend. Drie stringe perdesterthare word saamgeveg. 'n Aantal kraletjies word op een perdesterthaar geryg. Een kraletjie word dan in die voorwerp ingevleg (vgl. fig 5.10) voordat vlegwerk weer voortgaan. Daarna word 'n verdere kraletjie aan die teenoorgestelde kant van die sieraad (vgl. foto 5.8) ingevleg.

'n Hele aantal van hierdie verwerkte stringetjies word dan saamgebondel. Die los punte word op verskeie maniere verwerk soos bv. deur 'n stuk tou stewig om die punte te draai. Kraletjies kan gebruik word om hierdie knoop te bedek.




Fig 5.11

5.2.3.11 *Maqalaka*

Hierdie sieraad het sy eie tegniek. Ook hier word perdesterthare, **vudoga**, slegs saam met geel, pienk-pers of turkoois-blou krale gebruik.

Neem 6 perdesterthare. Maak 'n knoop of vleg die beginpunt van die hare saam en verdeel in drie dele. Op een van die twee middelste hare word 'n aantal krale geryg. Neem nou twee van die kraletjies en plaas tussen die buitekantse twee dubbele hare soos op fig. 5.11. Die los middelste sterthaar word regs oor die basishaar gevou, deur die twee kraletjies geryg en weer onder die linker basishaar gevou. Die punt van die haar met die kraal aan word oor die linker basishaar, terug deur die twee kraletjies en

onder die regter basishaar gevou. Voeg twee nuwe kraletjies by en herhaal die proses.

'n Hele aantal van hierdie kralestroke word ingeryg en dan saamgebondel gedra. Die punte word dan weer op verskeie maniere met mekaar verbind. Daar is geen vaste voorskrifte vir die afronding van die punte nie, solank hulle net stewig met mekaar verbind word. Dikwels word 'n kraleknoop, **qonto**, gevorm. Tou wat stewig om die punte gedraai word, dien ook as afronding.

5.2.3.12 Mhlahanyoni




Fig. 5.12



Hierdie sieraad het sy eie tegniek, maar bestaan hoofsaaklik uit vlegwerk soos vir **nwamatatana** (fig. 5.17) gebruik word.

Drie perdestertbare, **vudoga**, word gebruik (enkel of dubbel) waarop geel, pienk-pers, of turkoois-blou krale geryg word. Die stringe word gewoonweg gevleg. Met elke oorslaan word een kraletjie in die stuk gevleg soos fig. 5.12 duidelik toon.

'n Hele aantal gevlegte stringe word dan saamgebondel gedra. Die punte word op verskeie maniere aan mekaar geheg. Tou kan stewig om die punte gedraai word, of 'n stewige knoop word gevorm en met kraletjies oorgetrek om **qonto** te vorm.

5.2.3.13 *Khunara*

Khunara is die Tsonganaam vir groot plastiekkrale van 'n verskeidenheid kleure. Hierdie krale word soos vir die **matsunyetsunye** met perdestertbare ingevleg. Hierdie voorwerp wat uit 'n klomp van dieselfde stringe bestaan of in kombinasie met stringe **maqalaka** vervaardig word, word **khunara** genoem.

Hierdie sieraad is dus 'n variasie op voorgenoemde **matsunyetsunye** en **maqalaka**. Die tegnieke word dus nie weer beskryf nie. (vgl. foto 5.8).

5.2.3.14 *Chayeni, Mugangu en Xifezane*

Twee tegnieke word vir hierdie drie hoofsierade gebruik. **Chayeni** (afgelei van "chain" of ketting) het sy eie tegniek en verskil van die **mugangu** wat die effek van geweefde kralewerk gee. Deur die aanwending van kleurkrale kan 'n verskeidenheid patrone bewerkstellig word (vgl. foto 5.28). Die benamings wat voorkom, is verwarrend, omdat dieselfde sieraad wat volgens dieselfde tegniek gemaak word, maar slegs 'n ander patroon vertoon, met 'n ander naam genoem word.




Fig. 5.14(a)

Neem 'n lang dubbelgevoude garing en ryg 'n hele aantal kraletjies in (na gelang van die gewenste lengte van die voorwerp). Wit en kleurkrale word gebruik deur afwisselend 1 wit 3 rooi, 1 wit 3 rooi ens. te ryg.

Die laaste kraletjie is wit en die sieraad word begin deurdat alle ingerygte kraletjies in die middel van die lang garingbasis geskuif word. Begin deur die eerste drie rooi kraletjies oor te slaan en ryg die garing deur rooi kraletjie no. 6,5,4 in hierdie volgorde. Slaan weer 'n wit kraletjie oor en ryg deur 9,8,7, slaan wit oor en dan deur 12,11,10. Herhaal. Bevestig punte.

Die **mugangu** en **xifezane** word volgens dieselfde tegniek vervaardig.

Ryg ongeveer 10 kraletjies in. Slaan een oor en neem garing terug deur die volgende kraletjie van vorige ry, no. 8. Ryg 1 in no. 12, en gaan terug deur no. 7. Ryg een in, no. 14, en gaan terug deur no. 5.

Na kraletjie no. 18, gaan terug deur kraletjie no. 1 en ryg een by, no. 19. Neem nou garing terug deur no. 18, ryg een by, no. 20, en gaan deur vorige ry se no. 17. Herhaal dieselfde proses. Deur die inwerking van kleurkrale word patrone verkry soos op fig. 5.14b gesien kan word.




Fig. 5.14 (b)

Aangesien hierdie 'n hoofsieraad is, moet dit om die hoof pas. Hierdeur word die lengte van die voorwerp bepaal. Die punte word bevestig deur die garing aan die einde deur die eerste ry te verwerk.

5.2.3.15 *Khazi/Xikasani/Khayisa*

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek vervaardig. Ook in hierdie geval word perdestertbare deur krale geryg. Die tegniek kan duidelik op fig. 5.15 gesien word.




Fig. 5.15

5.2.3.16 *Rindzhela/Landzela/Xilandzelani*

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek gemaak, alhoewel dit ooreenstemminge vertoon met die **maqalaka**.

Perdestertbare, **vudoga**, word gebruik saam met geel krale. Blou en rooi kraletjies word gebruik om patrone in te werk.

Begin deur 4 of 5 dubbele perdestertbare wat die basis vorm, as skering uit te lê. Ryg 3 of 4 kraletjies in op aparte inslaghaar, neem inslag onder om basis no. 2, ryg 3 krale in, gaan terug oor basis no. 3, ryg 3 krale in gaan onder om basis no. 4, ryg 3 krale in gaan oor basis no. 3, ryg 3 krale in en gaan onder om basis 2, ryg 3 krale in en gaan bo-oor basis no. 1, en terug na no. 2, ryg 3 krale in en gaan bo-oor basis no. 1.




Fig. 5.16

Herhaal totdat gewenste lengte verkry is. Dit moet om die hoof pas. Bevestig die punte.

5.2.3.17 *Nwamatatana*

Hierdie sieraad word volgens 'n eie tegniek gemaak. Dit bestaan hoofsaaklik uit vlegwerk. Die tegniek is dieselfde as vir **mihlalanyoni** (fig. 5.12) maar word weer in fig. 5.17 verduidelik.

Anders as by **mihlalanyoni** word vir hierdie sieraad blou, geel, rooi en groen krale gebruik en is dit volgens die vlegtegniek saamgestel. Drie stringe perdestertbare word 'n paar keer saam gevleg as begin. Dan word 'n aantal krale op al drie haarstringe ingeryg. Die vlegwerk gaan voort, maar by elke omvou word 'n kraletjie in die perdestertvlegwerk ingewerk. Na ongeveer vier of vyf sentimeter word die perdestertbare weer sonder krale gevleg. Daarna word 'n ander kleur kraletjie ingewerk.




Fig. 5.17

Ongeveer vyf van hierdie gevlegte stringe word dan saamgebondel, die punte word bevestig. 'n **Qonto** verbind die onderskeie stringe tussen al die krale-ingevegte dele (vgl. foto 5.28d).



5.2.3.18 *Xifejani*

Dieselfde tegniek soos vir **xisontana** word gebruik, dit wil sê twee stringe krale van dieselfde kleur word om mekaar gedraai en aan die punte bevestig om 'n arm- of beenring te vorm.

5.2.3.19 *Xikhurumudzu*

Twee tegnieke word vir hierdie voorwerp gebruik, 'n string krale, **rintoto**, word om 'n kern of harde basis van lap, wat 'n rol vorm, of gebondelde gras, gedraai en die punte aan mekaar bevestig om 'n arm- of beenring te vorm. Die verskillende patrone wat kenmerkend is vir hierdie Tsonga-arm- of beenring, **xikhurumudzu**, word verkry deur gekleurde krale in te ryg. Die kuns lê daarin om die stringe so om die kern te draai dat eweredige, geometriese patrone ontstaan. Soos met alle kralewerk, verg die maak van hierdie voorwerp baie geduld.

Die tweede tegniek gebruik die geweeftde voorkoms-tegniek (5.2.3.20) of tegniek vir **xiqovochela** wat in hierdie geval ook oor 'n basis of kern van 'n grasbondel of gerolde stuk lap, gewerk word.

5.2.3.20 *Xiqovochela*

Kralewerk volgens hierdie tegniek gee die voorkoms van geweeftde kralewerk. 'n Ander naam vir die **xiqovochela** is **xipereta** (afgelei van speld of haakspeld). Hierdie kralelappe word met haakspelde aan die dansrok vasgesteek. Dit is een van die min sierade waarin motiewe gewerk word en elke stuk kry sy naam volgens die motief wat daarin voorkom. Die **maranga**, soos reeds genoem is, word ook volgens hierdie tegniek vervaardig en sommige artikels soos bottels, stokke, kalbasse en die arm-, nek- of beenringe, **swikhurumudzu**, word volgens hierdie tegniek vervaardig.




Fig. 5.20

Begin om 'n basistou of meermale gevoude stuk garing te neem. Knoop 'n verdere stuk dubbelgevoude garing aan sy punt en bevestig in die basis. Ryg een wit kraletjie in, vou garing om basis en ryg garing weer terug deur kraletjie no. 1. Ryg een in, vou om basis en gaan weer terug deur kraletjie no. 2. Ryg nog een kraletjie in, vou om basis en gaan terug deur no. 3. Wanneer die volgende ry begin word, word een ekstra kraletjie ingeryg, liefs van 'n ander kleur, want dit gee dan dadelik 'n mooi randjie aan die sieraad. Ryg nog een wit kraletjie in, vou om basis, in hierdie geval die lus wat gevorm het tussen twee kraletjies van die vorige ry, ryg een in, vou om vorige basis en herhaal. Motiewe word in alle **xiqovochela** gewerk en sal onder 5.2.4 bespreek word. Wit krale dien altyd as basis en die motiewe word met krale van 'n ander kleur ingewerk. Foto 5.27 toon 'n verskeidenheid **xiqovochela**.

Die onderpunt word afgewerk deur twee rye kralestringetjies of fraaiings, **makhaxa**, van 3 of 4 kraletjies wat afhang, aan mekaar te werk, sodat dit 'n stewige rand vorm. Op foto 5.26c kan die afwerking gesien word.

5.2.3.21 Maas- of ruittegniek

Die Tsonga het nie 'n benaming vir hierdie tegniek nie. Verskeie voorwerpe word volgens hierdie tegniek vervaardig of met hierdie tegniek bedek, soos die mandjietel **xithabana** en **xintewana**. Een van die buisvormige halssierrade, **thumbu**, asook **xiphodzo**, word met hierdie tegniek vervaardig en sommige voorwerpe soos kalbasse of bottels word op hierdie wyse versier. Die kort dansromp, **xigejo** wat die **n'anga** dra, word deur 'n lang kralestrook, vervaardig volgens hierdie tegniek, bedek. Die gebruik van verskillende kleure krale gee weer eens verskillende effekte.

Van Schalkwyk beskryf die maas- of ruittegniek soos volg:

Beginnende met 'n basis, gewoonlik 'n stuk tou of gare, word stringe gare daarvoor gevou om 'n dubbele string te vorm. 'n Kraal of krale word dan aan elke dubbele string ingeryg en opgestoot tot teen die basis. Die gare word dan van mekaar geskei en 'n paar krale op elk ingeryg. Op die stadium word die naaste gare van elke naburige dubbelpaar met 'n kraal bymekaar gebring. Dit word dan weer geskei, 'n aantal krale ingeryg en die oorspronklike twee stringe weer bymekaar gebring en met 'n kraal vasgehou. Op hierdie wyse word klein diamantvormige patroontjies gevorm"

[1950:50]

Wanneer 'n persoon die sieraad ondersoek, lyk dit of dit volgens die tegniek wat Van Schalkwyk beskryf, gemaak is. Die Tsonga gebruik egter 'n ander tegniek wat presies dieselfde effek gee. Die kern van die tegniek is dieselfde. Afhangende daarvan of 'n los stuk vervaardig word en of dit bv. op 'n mandjie vasgewerk word, word daar op twee verskillende maniere begin soos op fig. 5.21a en b duidelik gesien kan word.

Fig. 5.21a wys die beginpunt op 'n egalige oppervlakte. Knoop 'n dubbelgevoude garing, steek deur basis (mandjie) en ryg 4 blou (of ander kleur) kraletjies in, steek die naald en garing ongeveer 6 milimeter verder weer terug deur basis en ryg een kraletjie aan agterkant in. Steek garing weer terug, min of meer deur dieselfde gaatjie, ryg weer 4 blou kraletjies in, steek weer deur basis, bevestig met een kraletjie en steek weer terug. Herhaal totdat daar rondom die mandjie se bokant gewerk is.




Fig 5.21 a en b

Tweede ry: Ryg 4 blou en 1 wit kraletjie in. Vou garing om vorige ry se basis tussen kraletjie no. 2 en no. 3 en ryg weer deur die wit kraletjie. Neem weer 4 blou en 1 wit kraletjies, vou om basis tussen kraletjie 3 en 4 en terug deur die wit kraletjie. Herhaal ry vir ry op die manier. Die aantal krale tussenin kan varieer en word bepaal deur die gewenste opening.

Fig. b toon hoe dieselfde tegniek as 'n los stuk gewerk word, dit wil sê met geen vashegting op 'n basis nie. Daar word begin met een lang kralestring wat dan die basis vorm. Die illustrasie het geen verdere verduideliking nodig nie.



5.2.3.22 *Oppervlaktebedekking*

Buiten die maas- of ruittegniek is daar ook ander maniere waarop krale aan 'n oppervlakte vasgewerk kan word. Van Schalkwyk [1985:50-51] onderskei hier 2 tegnieke wat gebruik word, nl. kanthechting en middelhegting. Ook by hierdie tegnieke kon geen besondere Tsonganaam bepaal word nie.

By kanthechting word stringe krale wat in lengte kan varieër slegs aan die punte aan die basismateriaal, lap of mandjie, geheg. (vgl. foto 5.22). Mandjies, **xithabana**, word dikwels op hierdie manier bedek (foto 5.23b).

Wanneer krale in sirkels of boë of asimmetries op 'n lap of ander basis geheg word, word die middelhegtingstegniek gebruik. Die krale word aan die basismateriaal geheg slegs waar dit nodig is, sodat die patroon wat uitgelê word sy vorm behou (vgl. foto 5,16, 5.22b).

Samevattend kan genoem word dat daar 'n verskeidenheid kralewerktegnieke by die Tsonga voorkom. Variasie kom wel ook voor, maar wat hier beskryf is, is in die veld aangetref. Dit is nie 'n maklike taak om die tegnieke duidelik volgens een norm te klassifiseer nie, veral ook weens die voorkoms van tegniekvariasies en wisseling in kleuraanwendig.

5.2.4 **Motiewe**

Tsongakralesierade word veral aan hul motiewe en die rangskikking en kombinasies daarvan uitgeken. Die kleure en kleurkombinasies is 'n verdere tiperende kenmerk, sowel as die voorkoms en gebruik van die artikel. Buiten dat baie sierade hulle benaming volgens die tegniek wat gebruik word, verkry, is daar 'n reeks sierade, hoofsaaklik heupversierings, wat volgens die motiewe wat op hulle voorkom genoem word.

Die Tsongamotiewe sowel as die voorkoms van die krale-artikel verskil baie van die omliggende Sotho, Swazi en Ndebele en toon eerder ooreenkomste met Zulu-kralewerkmotiewe. Dieselfde geld vir die kleure. Die Zulu het hul kralesierade sowel as die motiewe wat daarin aangebring word net baie

meer vervolmaak as die Tsonga wat vereenvoudigde motiewe gebruik. Dit maak die sierade nie minder aanskoulik nie en verleen daaraan eerder 'n effek van helderheid of skoonheid. Dit mag ook te wyte wees daaraan dat die Tsonga altyd wit krale as basis gebruik. 'n Uitsondering is hier besondere nekversierings wat sterk swart perdestert hare as basis gebruik om die effek te verhoog (foto 5.8). Kralewerk van die Tsonga-Shangaan van die Mhaladistrik verskil aansienlik van die noordelike gebied onder bespreking. Kenmerkend is die afwesigheid van wit krale by hulle sierade (foto 5.79-80).

Alle motiewe stel iets voor en is meestal 'n stilering van iets uit die lewende wêreld rondom hulle. Die motiewe is meestal lynmotiewe en geometriese motiewe in enkel of gekombineerde voorkoms.

Alhoewel krale-artikels name het, word dit dikwels ook genoem na die motief wat daarop voorkom. Alle "kralewerkklappe", word gewoonlik **xiqovochela** genoem, of in meer onlangse tye **xipereta** afgelei van speld (haakspeld) - omdat dit met spelde aan die dansrok vasgeheg word. Die motief op die lap is egter belangriker ten opsigte van benaming as die tegniek van vervaardiging. As informante gevra word na die naam van 'n artikel, dan sal hulle soms sê **nyeleti** (ster) of **ximhangele** (tarentaal) ens. By verdere ondersoek word dit dan duidelik dat dit eintlik **xiqovochela xa nyeleti** of **xiqovochela xa ximhangele** is. Dit is, die lap met die ster of die lap met die tarentaal.

Onderstaande illustrasies stel die verskillende motiewe voor en die name wat daarvoor gebruik word. Vergelyk foto's 5.24-27 om te sien hoe hierdie basiese motiewe gevarieerd en gekombineerd voorkom. Die kleure, soos op die foto's gesien kan word, is die regte kleure wat deur die Tsonga vir baie dekades reeds gebruik word. Sommige name is beskrywend van iets uit die alledaagse lewe, ander benamings is slegs die naam vir die besondere motief en het nie 'n betekenis nie. Variasies kom voor en nuwe motiewe word ook deesdae gebruik.




Fig. 5.2.4.1 - Xiqovocheia xa ximhirani (poladderpatroon of slangspoor)




Fig. 5.2.4.2 - Xiqovocheia xa ndhayimani (diamant)




Fig. 5.2.4.3 - Xiqovocheia xa ximhangele (tarentaal)




Fig. 5.2.4.4 - Xiqovocheia xa nyeleti (ster)




Fig. 5.2.4.5 - Xiqovocheia xa xisahani (saag)




Fig. 5.2.4.6 - Xiqovocheia xa xibayana




Fig. 5.2.4.7 - Xiqovochele xa xinalhama




Fig. 5.2.4.8 - Xiqovochele xa xileyi (slee) en xiqovochele xa nseve (pyl)




Fig. 5.2.4.9 - Xiqovochele xa xinyoka (siang)




Fig. 5.2.4.10 - Xiqovochele xa xisoyaphi




Fig. 5.2.4.11 - Xiqovochele xa xigwagwa (dissel)

5.3 VERSKILLENDE KRALESIERADE EN GEBRUIKE

Om die regte name en beskrywings vir die verskillende kralesierade te verkry, is, soos reeds genoem is, 'n verwarrende onderneming, omdat daar bv. nie name vir alle spesifieke artikels is nie, en 'n voorwerp, óf volgens die motief of tegniek, óf omskrywend benoem word. Hierdie toedrag van sake het die ondersoek baie bemoeilik. Benamings verskil ook van gebied tot gebied en dan kry ons ook nog ou benamings en moderne name. Hieronder word op grond van die klassifikasiestelsel (5.2.3) die verskillende kralesierade en hul gebruike beskryf.

Kralesierade word hoofsaaklik deur vrouens gedra, alhoewel mans ook soms tydens feestelikhede sierade dra. Sommige stukke word verbind met ouderdomsgroepe, soos die **xanga**, wat deur meisies tydens en veral na die inisiasieperiode gedra word. Sekere krale-artikels is deel van die toebehore van die **n'anga**, en in hierdie konteks is daar 'n magiese of simboliese verband. Soos bo reeds genoem, word wit krale verbind met die voorvadergeeste. Die rooi krale dui hoofsaaklik op besetting van die Ndaugeeste en die heksagonale, blou kraal, **vathlari**, word ook met voorvaders verbind en as heilig beskou. Wanneer segspersone gevra word na die betekenis van motiewe of van sekere voorwerpe, word gewoonlik gesê dat dit niks beteken nie en net vir die mooiigheid gemaak en gedra word.

Omdat kralewerk hoofsaaklik tydens sosiale geleenthede gedra en vertoon word, het dit veral met die sosiale organisasie verband. Daar is nie so 'n sterk aanwesigheid van kralewerk tydens bv. ekonomiese, politieke en ander bedrywighede soos in die geval van erdewerk nie. Derhalwe word hier nie 'n hele afdeling aan die verband met verskillende kultuurfasette gewy nie. Slegs waar dit nodig is, sal verwys word na bv. magies-religieuse verband.

5.3.1 Halssierade

Die Tsonga het nie 'n versamelnaam vir hierdie sierade nie. Daar word desondanks 'n hele verskeidenheid onderskei. Daar is ook nie voorskrifte

watter sierade saam met ander gedra of nie gedra mag word nie. Elke persoon dra kralewerk volgens persoonlike smaak. Tydens danse poog 'n groep egter om eenvormig te verskyn.

5.3.1.1 *Xisontana (foto's 5.18a en b, 5.19b)*

Die sieraad word na die tegniek van vervaardiging genoem. Twee kralestringe, **rintoto**, word om mekaar gedraai. (fig. 5.26) (vgl. foto 5.21a en 5.19b). In die meeste gevalle word die **xisontana** en 'n **xizambana** saam gedra waar dit oor die een skouer geplaas word (foto 5.18a). Soms word dit in kombinasie met die **xizambana** vervaardig (foto 5.19b) en soms hang 'n snuifhouer aan die **xisontana** (foto 5.59). Ouer vrouens dra graag hierdie sieraad. Dit is 'n sieraad wat alledaags gedra kan word.

5.3.1.2 *Xizambana (foto 5.12, 13, 14, 15, 5.18a en 5.19a) buisvormige halssieraad*

Hierdie lang kralestring hang soos die **xisontana** oor die een skouer en val tot oor die skoot van die draer (vgl. foto 5.14). Korter variasies kom ook voor. Ouer vrouens dra hulle snuifhouers aan hierdie **xizambana**. Fluitjies wat tydens die danse gebruik word, word ook hieraan vasgeheg en om die nek gedra (foto's 5.14 en 15 en 5.19a). Hierdie sieraad word nie net tydens feestelikhede gedra nie, maar kan alledaags gedra word. 'n **Xizambana** is dikwels deel van ouer vrouens se alledaagse kleredrag.

5.3.1.3 *Thumbu (foto's 5.29-34)*

Die motief of effek wat die maakster wil verkry, bepaal die tegniek wat gebruik word. Verskeie tegnieke word dus vir die vervaardiging van die **thumbu** gebruik, soos die tegniek **xizambana** waarvan die breë **thumbu** gemaak word (foto 5.29), asook die **xithumbyana** (klein **thumbu**) (foto's 5.32-34). In die meeste gevalle word egter die geweeftde voorkoms-tegniek, **xiqovochela**, gebruik. In alle gevalle is dit 'n buisvormige sieraad — vandaar die benaming **thumbu**, wat derm beteken en op die buisvorm dui. Sommige stukke bestaan uit 'n aaneenlopende buis wat aan die punte verbind is; ander moet aan die punte vasgeheg word deur 'n soort knoop en lus aan te werk. Die variasies van kleuraanwending laat 'n

verskeidenheid effekte toe soos op foto's 5.30-31 gesien kan word. Die geweeftde kralewerktegniek word in hierdie stuk **xiqovochela** genoem en is onder 5.2.3.20 beskryf.

Die eenvoudige **thumbu** is buisvormig en aaneen gewerk en word nie deur 'n soort knoop of tossels afgerond nie. Dit kan wissel in breedte van 3 tot 8 cm, word deur getroude vrouens gedra, maar deur veral ouer vrouens verkies (foto's 5.29-30). Die naam **muchayatambu** word ook soms gebruik.

'n Ander variasie is die **thumbu** met die tossels, **makhaxa**, aan die punte (foto's 5.31-34) wat deur jong meisies wat uit die inisiasieskool, **khomba**, gekom het, gedra word. Saaddoppe, klokkies of blink, ronde metaalplaatjies, **xiphambati**, word soms aan die punte van die tossels bevestig. Die tossels word altyd voor gedra.

Inligting dat hierdie **thumbu** met tossels gedra word deur hubare meisies word bevestig as 'n mens foto's vergelyk uit die Duggan-Croninversameling [1935] waar die meisies van hubare ouderdom ook 'n soortgelyke **thumbu** dra (foto 5.1). Hierdie voorwerp gee volgens informante die boodskap dat die meisie by die inisiasieskool was. Informante sê dat hierdie tipe **thumbu** ouer is as die bogenoemde een wat deur ouer vrouens gedra word. Vergelykings met ou foto's bevestig dit. Die lengte van die tossels, kleurvariasies, en ander variasies hang af van mode en smaak.

In die Duggan-Croninversameling dui plaat XV egter aan, dat jong dogtertjies ook met hierdie halssieraad met tossels gesien kan word. Informante sê dat dit nie reg is nie, maar dat die ma's waarskynlik die dogters ter wille van die foto wou opsmuk.

5.3.1.4 *Ntomani* (foto 5.19a voorwerp 2,3,4)

Die **ntomani** is presies dieselfde voorwerp as die **thumbu** en word op dieselfde wyse en by dieselfde geleentheid gedra. Die verskil in naam dui 'n besondere tegniekvariasie in kombinasie met kleuraanwending aan. Die

effek wat verkry word herinner aan die streepvoorkoms van die mopaniewurm (vgl. 5.2.3.5).

5.3.1.5 *Mhaninkulu* (foto 5.21a en b)

Hierdie halssieraad word ook deur ouer vrouens gedra veral tydens feestelikhede, maar dit kan en word ook soms alledaags gedra. Veral ouer vrouens vervaardig dit volgens 'n eie tegniek (vgl. 5.2.3.6).

5.3.1.6 *Xifhune* (foto 5.20)

Die eintlike gebruik van die **xifhune** sal onder 5.4.3 bespreek word. Hierdie sieraad wat op dieselfde wyse as die **xisontana** vervaardig word, word by 'n ander naam genoem omdat die funksie daarvan verskil.

Fotos 5.18b en 5.20 dui die funksionele variasies aan wat in die tegniek voorkom en wat die naam bepaal.

Xipachi, 'n beursie van kralewerk, en snuifbottels, **xipfuku**, wat met krale oortrek is (foto's 5.58a en b en 5.59) en wat onder die akkulturatiewe voorwerpe tel, kan ook hier onder halssierade geklassifiseer word, aangesien dit ook aan kralestringe vasgeheg word (vgl. 5.4). Behalwe die **xifhune** wat met 'n dogter se inisiasieperiode verband hou, word al hierdie sierade gedra soos dit die draer behaag. Mans en vrouens kan die **xipachi**, **nyeleti**, **xipfuku** ens. dra. Dit word nie net tydens feestelikhede gedra nie.

5.3.1.7 *Xidlatana* (foto 5.36)

Hierdie nekring van krale is 'n beskermende halssieraad wat die jong baba om die nek kry, wanneer sy die lewe betree. (vgl. 5.3.5.3). Dit is een van die min medies-religieuse voorwerpe wat ons by die Tsonga aantref. Dit is bedoel om die baba se slap nekkie sterk te maak en word deur die familie se **n'anga** net na geboorte met medisyne gelaai wanneer die sieraad vervaardig word. Die vervaardiging word onder 5.2.3.8 bespreek.

5.3.1.8 *Chayeni (foto 5.19 b)*

Hierdie halssieraad word volgens die kettingtegniek (vgl. fig. 5.14a vir hoofsierrade vervaardig, maar is net langer, sodat dit om die nek gedra kan word. Dit is 'n plat sierraad in vergelyking met die ander halssierade wat buisvormig of gedraai is. Die **chayeni** (afgelei van "chain" of ketting) word selde as halssieraad en meer dikwels as hoofsierraad gedra.

5.3.1.9 *Maranga (foto's 5.37-38) - Skouerlappe as nekversiering*

Alle **maranga** wat in die veld en in illustrasies gesien is, toon dat dit op dieselfde wyse maar volgens eie patroon en kleurkeuse gemaak word. Die motief op die een skouerband is die **xileyi** (sleemotief) terwyl die ander skouerband óf die **ndhayimani** (diamant) óf die **xisahani** (saagmotief) illustreer. Die geweefde kralewerktegniek word gebruik om hierdie sierraad te vervaardig (vgl. 5.2.3.9).

Asimmetrie is hier 'n duidelike kenmerk en is iets wat nogal algemeen by die Tsonga voorkom. Foto 5.37 toon dat daar hier en daar ekstra versieringsmotiewe aan die punte van die voorwerp ingewerk word. Geen streng voorskrifte heers nie. Die finale produk hang af van mode, smaak en vaardigheid.

Die **maranga** het ook 'n definitiewe voor- en agterkant: die agterkant word met 'n knoop, of iets soortgelyks soos 'n saaddop, aanmekaar geknoop. **Maranga** word meestal tydens danse en feestelikhede en deur getroude vrouens gedra. Dit is 'n voorwerp wat al vir baie jare deur Tsongavrouens gedra word.

5.3.1.10 *Maqalaka, matsunyetsunye, khunara, mihlalanyoni (foto 5.8)*

Krale word op 'n verskeidenheid van maniere op perdestertbare geryg en geknoop om verskillende effekte te verkry (vgl. fig. 3.2.3.10, 11,12,13).

Hierdie halssierade is baie gewild onder die Tsongavrouens, alhoewel dit van meer resente oorsprong is. Veral die middelste een op die foto,

matsunyetsunye, is iets wat die afgelope 10 jaar of so in die mode is. Dit word van geel, turkoois-blou of pink-pers krale met perdestertare, **vugoda**, vervaardig. Ouer vrouens dra dit tydens feestelikhede. Die sieraad is nie tipies Tsonga nie, maar vermoedelik van omliggende Sothostamme oorgeneem. Dit kom hoofsaaklik in die sentrale gebied waar daar baie Sotho-invloed is, voor. Die Tsongavrouens van vandag beweer egter dat dit 'n egte Tsongasieraad is en al lank voorkom.

5.3.1.11 *Xiqovochela* (foto's 5.39-40)

Die geweefde kralewerktegniek word vir hierdie kralelappe gebruik (vgl. 5.2.3.20). Alle stukke wat met 'n speld aan 'n ander oppervlakte soos die dansrok, **ndhindana**, aangebring word, word gewoonlik **xiqovochela** of **xipereta** genoem. Laasgenoemde naam is afgelei van speld, wat die meer moderne benaming is, en word onder die bespreking van heupsierade behandel.

Die voorwerp wat hier as halssieraad bespreek en op foto 5.39-40 gesien kan word, is 'n besondere stuk, wat aan 'n **thumbu** vasgewerk is en sodoende 'n voor- en agterpant vorm en om die nek gedra word. Deesdae word dit ook met spelde aan die nekgedeelte van die kledingstuk vasgesteek (foto 5.63).

Informante het nie 'n spesifieke naam hiervoor gehad nie maar noem die voorpant **xiqovochelo xa xisahani** en die agterpant **xiqovochela xa nyeleti**. Hierdie sieraad word na danse en ander feestelikhede gedra deur ouer en getroude vrouens. Variasies op die tema kom voor en in die afgelope vyf jaar tref 'n mens stukke aan wat al hoe langer en smaller is as die oorspronklike voorbeelde (foto's 5.7, 5.17 en 5.26 a en 5.63). Op die foto's kan gesien word dat hierdie sieraad in grootte en vorm kan wissel van baie lank (1000 cm) en smal (7 cm) tot breër (25 cm) en korter (35 cm) stukke. Dit word nie altyd as halssieraad gebruik nie, en kan ook ter versiering van die dansrok, maar dan as heupversiering gebruik word (vgl. foto 5.27). Die eintlike **xiqovochela** word onder 5.3.5.2 bespreek.

5.3.2 Hoofsierade - Mugangu - en oorsierade

Mugangu is oor die algemeen die versamelnaam vir hoofsierade. By nadere ondersoek sien ons dat slegs die met 'n bepaalde patroon **mugangu** genoem word. Hoofsierade volgens dieselfde tegniek, maar met ander kleure en patrone word **xifezane** genoem. Die **chayeni** (vgl. 5.2.3.14) moet ook hier in ag geneem word.

'n Smal kraleband van ongeveer 1 tot 3 cm breedte en so lank dat dit op die hoof pas, word deur jong ongehuide meisies as 'n hoofversiering gedra (foto 5.28). Vergelyk ook Duggan-Cronin [1935, plaat XI] waar die foto 'n jong meisie toon wat gaan trou. **Mugangu** is afgelei van die woord **gangisa** wat hofmakery beteken. 'n Verliefde of minnaar word **xigangu** genoem. Tydens die hofmakery dra die jong, verliefde meisie hierdie **mugangu**. Dit kan ook as geskenk aan die minnaar gegee word as 'n teken van liefdebetoning.

Die kleure en die motiewe wissel na gelang van smaak, maar die voorbeelde op die foto dui patrone aan wat algemeen gebruik word (vgl. foto 5.28). Sien ook foto 5.1, 5.32 oor die wyse waarop die **mugangu** gedra word.

Daar is ook nog die **khazi**, **rindhzela**, **nwamatatana** as hoofsierade (vgl. 5.2.3.15, 16,17). Hierdie hoofsierade word almal van perdestert en krale vervaardig en word hoofsaaklik na danse en ander feestelikhede gedra. Foto 5.66 toon hierdie sierade baie mooi.

Oorsierade, **vuhlalo bya tindleve**, word hier saam met hoofsierade behandel omdat dit met die hoof verband het. Vandag word 'n verskeidenheid ooringe van Westerse oorsprong deur die vrouens gedra (foto 5.3). Tradisioneel is 'n lang kralestring, **rintoto**, keer op keer deur die groot opening in die oorlob gedraai (vgl. foto 5.6). Wit kraletjies en groen, rooi of blou kraletjies word afwisselend ingeryg om 'n **rintoto** te vorm. Nadat die hele string deur die oor geryg is, word die punte bevestig. 'n Variasie is talle klein kralestringetjies wat 'n ring vorm en saam in die oor gedra word. Dit gee dieselfde effek (foto 5.28b, 5.41b). 'n String swart

krale deur die oor geryg dui daarop dat die vrou 'n weduwee is en oor haar man rou.

5.3.3 Armbande

Slegs armbande wat van krale gemaak is, sal hier bespreek word. Koper- en ander metaalarmbande word nie bespreek nie. Daar moet egter daarvan kennis geneem word, dat metaal arm- en beenringe ook deel uitmaak van die Tsonga se versierings (foto 5.3, 5.68).

Arm- en beenringe het dieselfde name. Dit is dus slegs ringe. Ons kry twee variasies, nl. dié wat volgens die spiraaltegniek om 'n kern van plantemateriaal of 'n rol van lap gedraai word. Hulle word **xifejani** genoem. Die ander, **xikhurumundzu**, word volgens die weeftegniek (**xiqovochela**) oor 'n kern van plantvesel gewerk. Beide voorbeelde (vgl. foto 5.41) word hoofsaaklik tydens feestelikhede, waar daar ook gedans word, gedra (vgl. 5.2.3.18,19). Die plantmateriaal wat gebruik word, is meestal bobbejaanstert of gebondelde gras. Huidig word ook 'n soort plastiekpyp gebruik en met krale oortrek. Die bont plastiekpyp word in hierdie plastiekeeu ook deesdae net so sonder kraleversiering as beenring gebruik.

5.3.3.1 *Xifejani* (foto 5.41)

As die armbande op die foto's uit die Duggan-Croninversameling met die armbande uit die huidige tye vergelyk word (Plaat XI en foto 5.1) kan gesien word dat armbande van kralewerk reeds baie jare deur die Tsongavrouens gedra word.

Die vervaardigingstegniek wat gebruik word, is om 'n kralestring, **rintoto**, spiraalvormig om 'n plantaardige kern te draai en die punte aan mekaar vas te werk. Soms word ook 'n lap as basis gebruik, maar dan is die voorwerp gewoonlik te slap. Die armband word enkelkleurig vervaardig, maar verskeie kleure **xifejani** word saam gedra.



Die **xifejani** kan óf saam met metaalarmbande om die pols gedra word, óf as een of twee armbande aan die bo-arm. Dit word ook saam met metaalbeenringe om die enkels gedra.

5.3.3.2 *Xiphodzo* (foto's 5.42)

Die voorwerp word volgens die ruit- of maastegniek gemaak en die twee punte word dan aan mekaar vasgewerk (vgl. 5.2.3.21).

Die **xiphodzo** word aan die bo-arm gedra. Die voorbeeld op foto 5.42 dien vir klein babadogterjies en word aangesit op die dag waarop sy vir die eerste keer uit die hut mag kom. Dit word vir die mooiigheid aan die dogtertjie se arm gewerk en sodra die dogtertjie so oud word dat sy die krale sal stukkend maak, word dit verwyder. Dit is egter nooit in die veld gesien nie. Wel die groter variasie wat volwasse vrouens om die bo-arm dra. Dit kan ter eniger tyd as versiering gedra word.

5.3.3.3 *Xikhurumudzu*

Op foto 5.41b kan arm- en beenringe gesien word wat volgens die geweefde kralewerktegniek vervaardig word. Die armringe word daaraan uitgeken dat hulle kleiner in deursnee as die beenringe is. Op grond van dialektiese variasies word hierdie voorwerp ook soms **xikhurumunju** genoem. Die tegniek word in afdeling 5.2.3.19 beskryf.

5.3.3.4 *Rintoto*

Die enkelvormige kralestring word om die pols gedraai en die twee punte dan aan mekaar vasgemaak. Babatjies dra ook een enkele wit kralestring om die pols vir beskerming.

Die kragdokter, **n'anga**, of persone wat deur geeste beset is, of persone wat medies behandel word/is, sal 'n enkele kralestring 'n hele paar keer om die pols draai. Dit word gewoonlik van wit en/of rooi krale gemaak.

5.3.4 Beenringe (foto 5.41b)

Xifejani en xikhurumudzu

Soos om die arms, word daar ook aan die bene kralebande saam met metaalringe gedra. Deesdae kom dit ook voor dat rooi, blou, groen of geel plastiek arm- of beenringe gedra word (vgl. foto 5.44). Hierdie ringe word op dieselfde wyse as die armringe, **xifejani** en **xikhurumunju**, in kombinasie met 'n aantal metaalringe gedra (foto 5.68).

Die arm- en beenring word dikwels volgens die weeftegniek gemaak. Dan word die krale om 'n kern van bobbejaanstert, gebondelde gras of gerolde lap gewerk. Krale word bygevoeg en weggelaat sodat dit stewig om die kern pas. Verskillende motiewe word met kleurkrale verkry en die voorwerp word weer eens soms genoem volgens die motief wat daarin voorkom. Op foto 5.41a word die **xikhurumudzu** ook **xindhandhani** genoem, wat dan op die motief dui.

5.3.5 Lyfbande/Heupversierings

5.3.5.1 *Xifunga (Foto's 5.45-46) - Heupgordel*

Tradisioneel is daar moeite gedoen om hierdie kralgordel te vervaardig. Daar kon tydens die navorsing niemand gekry word wat uit ervaring 'n **xifunga** kon vervaardig nie. Sodoende kon die tegniek ook nie nagegaan word nie (vgl. foto 5.1 uit Duggan-Croninversameling). Dit lyk volgens die foto asof kralestringe om 'n kern gedraai is en 'n paar van hierdie bande dan aan mekaar vasgewerk is. Deesdae word plastiekkrale, **tikhwini**, wat ingeryg word, as plaasvervangers gebruik. 'n Hele aantal gerygte groot, plastiekkralestringe van 'n verskeidenheid kleure word om die heupe gedra, sodat dit die dansrok afrond (foto 5.10, 5.44, 5.53c) en in 'n mate die effek gee wat die **xifunga** verskaf het. Vergelyk ook in hierdie verband die pop, foto 5.56, wat plastiekkrale as heupversiering dra.

5.3.5.2 *Xiqovochela* (foto's 5.26-27)

Die geweeftde kralewerktegniek (5.2.3.20) word gebruik om die groot verskeidenheid kralelappe te vervaardig. Geen voorskrifte ten opsigte van grootte, breedte en lengte word vereis nie.

Hierdie heupsieraad is reeds gedeeltelik bespreek onder die bespreking van die verskillende motiewe (5.2.4) en ook as halssieraad. Die voorwerp word altyd met haakspelde aan die dansrok, **ndhindana**, vasgesteek, daarvandaan ook die ander benaming **xipereta**. Die bokant van die voorwerp waardeur die haakspelde steek, is onafgewerk en die lae garing wat die beginpunt van die kralewerk is, is sigbaar. Hierdeur word die haakspelde gesteek. Die ander punt is afgewerk met kort tassels of net 'n netjiese omsoming van krale. 'n Verskeidenheid motiewe kom voor en die **xiqovochela** word genoem volgens die motief waaruit hy bestaan (vgl. afdeling 5.2.4). Kleurgebruik word aan persoonlike smaak oorgelaat.

Die **xiqovochela** is een van die belangrikste kenmerke van Tsonga-kralewerk en kom reeds 'n eeu lank voor. Vergelyk foto's 5.1, 5.2, 5.45-46, asook die Duggan-Croninversameling om te sien dat hierdie sieraad min verander het van die begin van die eeu af tot nou.

Die kleredrag van sommige tradisionele praktisyns, wat bestaan uit 'n baie kort rompie, **xigejo**, (foto's 5.24-25, en 5.47) word ook bedek met **xiqovochela**. Hierdie rompie bestaan net uit een laag materiaal, waar die dansrok, **ndhindana** uit twee lae bestaan, waarvan die boonste laag, waarop die **xiqovochela** aangebring word, **xitlhekutana** genoem word. Die woord **xibelani** word ook gebruik as naam vir die dansrok, maar dit is 'n moderne benaming.

Die dansromp word spesifiek vir dansgeleenthede gemaak, waartydens die romp vertoon kan word, want normaalweg word die romp bedek met twee doeke, **minceka**, wat oor die skouers oorkruis geknoop word (foto 5.14, 5.53-5.55, 5.65, 5.67). Vir die dansery word die doeke afgehaal of op elegante manier om die middel gedrapeer. Baie moeite word aan die vervaardiging van die **ndhindana** spandeer. Tussen 30 to 50 meter blou



salempore-materiaal word, na gelang van die welstand van die man, gekoop. Hoe ryker die man, hoe meer materiaal kan hy bekostig en hoe dikker lyk sy vrou se heupe d.m.v. die romp. 'n Stukkie rooi salempore word agter in die middel aangebring (foto 5.17).

Nie alle salempore-materiaal lyk presies dieselfde nie. Sommige vertikale strepe is verskillend in kleur. Vroue wat tot 'n besondere sibbe behoort, is in die verlede met 'n spesifieke patroon en kleurkombinasie verbind. Vandag word hierdie gebruik nie meer algemeen nagekom nie. Die krale wat gebruik word, stem in basiese kleur ooreen met die kleure op die salempore.

Vir die vervaardiging van die **ndhindana** word 'n kwart van die breedte van die materiaal omgevou, om die boonste laag, **xitlhekutana**, waarop die **xiqovochela** aangesteek word, te vorm. Die romp word aan die heupgedeelte styf ingeryg.

Die **xitlhekutana** word met een of twee rye groterige wit krale (no. 6 of 7) omgesoom. Die gewig van die krale laat die romp hoog opwip tydens danspassies — 'n effek wat deur toeskouers luid apploudeer word (foto 5.7). Eenvoudige geometriese motiewe, soos sirkels, word soms op die onderste laag aangebring (foto 5.45).

Die kleurvolle uitrusting, bestaande uit die digte gerygte dansromp met helderkleurige doeke daaroor gedrapeer, het 'n kenmerkende voorkoms van die Transvaalse Tsongavrouens geword. Dit bestaan reeds vanaf die vroeë jare 1900 en word steeds meer vervolmaak deur al die kleurvolle bykomstighede.

Alledaagse kleredrag is 'n baie vereenvoudigde weergawe van die bogenoemde. 'n Romp soortgelyk aan die **ndhindana** word onder twee oormekaar-gekruste doeke gedra. Hierdie romp, **dovani**, is baie korter, minder materiaal word gebruik en geen krale word daarop aangebring nie. Dit is slegs veronderstel om die opgepofde voorkoms of dik heupe onder die doeke teweeg te bring. Niemand, en veral nie mans nie, mag hierdie romp, wat baie kort is en baie been wys, sien nie. Dit is in teenstelling tot

die dansromp wat vir vertoon gemaak is. Alledaagse kleredrag sal onder afdeling 5.5 verder kortliks beskryf word.

Soms word die term **khancu** ook gebruik vir die kort romp, wat geen man ooit mag sien nie – self as dit gewas word, moet dit in grootste geheimhouding gedoen word. Dit word tydens danse by die inisiasieskool gedra. Die term **nguvu** wat ook soms gebruik word, is verwarrend, want dit dui eintlik op 'n versamelnaam vir alle soorte kleredrag.

5.3.5.3 *Xanga* (foto's 5.48-51)

Hierdie heupsieraad wat nie as versiering tydens feestelikhede gebruik word nie en eerder 'n rituele funksie het, word geassosieer met die vroulike puberteitstadium. Dit is 'n ingewikkelde voorwerp om te vervaardig en kom ooreen met die dansromp, **ndhindana**, bestaande uit twee lae materiaal, met die boonste een baie korter – net soos die rompe. Die tegniek wat gebruik word, is dié van die **xiqovochela**, maar bestaan uit meer as net 'n kralelap. Dit word saamgestel uit verskillende dele wat volgens 'n paar tegnieke vervaardig word.

Die ooreenkoms met die dansromp simboliseer vroulikheid wat bedek word en word geassosieer met die vrugbaarheidskultus (foto 5.51). Die ooreenkoms is ooglopend alhoewel geen informant daarop gedui het nie. Die **xanga** word tydens die puberteitsrites gedra, en is van kontinuïteitswaarde, want dit bly in die meisie se besit, totdat haar eerste babadogter gebore is. Dit is 'n voorwerp wat nie openlik gedra word nie en is met veel geheimsinnigheid omhul. Die vervaardigingswyse geskied volgens die weeftegniek (fig. 5.20) en die kleure wat veral gebruik word, is wit as basis met blou, groen, rooi en soms oranje krale. Die meeste van die motiewe soos in fig. 5.2.4.1-11 beskryf is, kan gebruik word. Meestal word 'n kombinasie van twee motiewe gebruik, waarvan die een motief op die hoofdeel voorkom en 'n ander op die omslag of boonste laag.

Gewoonlik word hierdie sieraad in een stuk van ongeveer 10 to 12 cm breed gemaak. Die boonste kwart word omgevou (soos die **ndhindana**) en 'n **xizambana** of **xisontana** word gebruik om die voorwerp aan die

bokant af te rond. Hierdie laasgenoemde gedeelte se verlenging dien ook as die band waarmee die **xanga** om die lyf vasgebind word.

Tossels, **makhaxa**, of 'n meer soliede randafwerking omsoom die twee lae se onderpunte. Klokkies of, **xingelengele**, metaalplaatjies, **ximphambati**, word direk op die **xanga** vasgewerk. Knope kom ook op sommige stukke voor. Gordynringe aan 'n tou of aan 'n string van metaalkrale, dien as knope om die **xanga** om die lyf vas te knoop. Soms word 'n gordynring aan die een punt en 'n klokkie aan die ander punt gewerk, sodat die twee punte deur mekaar gehaak kan word.

Foto 5.51 toon baie duidelik die ooreenkoms met die dansrok, want 'n miniatuur **xiqovochela** met verskillende motiewe is aan die boonste kort laag vasgewerk.

Die **xanga** word onder die gewone romp gedra, want dit mag nie deur mans gesien word nie. Die klokkies se geluid verraai egter dat die meisies so pas die inisiasieproses deurloop het m.a.w. hubaar is. Die geluid wat die klokkies maak, word beskryf as **xingle-ngele-ngele**.

Die voorwerp waarvan die sieraad sy naam kry, nl. **xanga**, is 'n vier cm lange koperstafie, genoem **xanga**, die eintlike rituele voorwerp, wat aan die bopunt in die middel in die **xanga** versteek en ingewerk word. Op foto's 5.48-5.50 en 5.52 kan die verdikking in die middel van die kralebuis waargeneem word. By baie **xanga** is die koperstafie verwyder, wat dui op die feit dat hierdie **xanga** vir sy regmatige doel aangewend is.

Wanneer die meisie vir die eerste keer menstrueer—die begin van vrouwees—word 'n koperstafie in hierdie eerste bloed gedoop. Die vader se suster of meisie se moeder, bedek die koperstafie met krale wat verwerk word in 'n kralestringbuis, **xizambana**. Die **xizambana** word dan aan die heupsieraad, **xanga**, vasgewerk. Hierdie voorwerp word gebêre, totdat die meisie uit die inisiasieskool kom. Sy dra dit, onder al haar nuwe klere, vir die verwelkomingsfees. Hierna word die **xanga** sowel as 'n bloedrooi doek wat om die kop gebind word, vir 'n tydperk van ongeveer drie maande



gedra. Een segspersoon sê dat dit vanaf Julie/Augustus — die tyd wanneer inisiasieskole plaasvind — tot ongeveer Desember gedra word.

Wanneer die draperiode van die **xanga** oor is, word dit deur die ma of tante behandel, in 'n blikkie gesit en in die hut goed weggesteek tot die dag wanneer die meisie trou. Sommige informante beweer, dat die tante (vadersuster) nou die **xanga** na die bruidegom se ouers neem as bewys dat hulle 'n goeie dogter vir hul seun kry — as teken van haar reinheid. Ander informante sê dat die meisie, wanneer die jong paar alleen is, die **xanga** uit sy bêreplek haal en dit aan die bruidegom toon as teken van haar reinheid. Die bruidegom moet haar betaal — sommige beweer R10 — om die **xanga** te mag sien.

By geboorte van die jong vrou se eerste babadogter, word 'n koperring in die moeder se hare geknoop en word die koperstafie, die eintlike **xanga**, uit die heupversiering gehaal en in water gekook. Die baba moet hierdie mengsel drink om sodoende van sy ma se krag te ontvang. Die band is nou gesmee en die proses is voltooi, wanneer die babatjie die "medisyne" gedrink het en die koperstafie om haar heup gebind word vir die **xirhengele**-seremonie. Dit is die seremonie wat plaasvind wanneer die baba na 'n week in die hut vir die eerste keer na buite mag kom. Die **xanga**-kraliesieraad word losgetrek en van die krale word gebruik om vir die baba sierade te maak. Dit is egter taboe om die kraliesieraad en die koperstafie gelyktydig aan die baba te sit.

Die simboliek lê daarin, dat die meisie se vrouweesstadium, wat met die eerste maandsonde begin het, vervolmaak is met die geboorte van haar eerste kind.

Die dag wanneer die baba sy/haar nuwe lewe betree, gaan soos reeds genoem is, gepaard met 'n seremonie, **xirhengele**, of die "rite van die gebreekte pot of potskerf". Na die geboorte bly die baba vir ongeveer een week in afsondering binne in die ma se hut. Op die dag wanneer hy/sy mag uitkom, word in 'n potskerf, verskeie stukkies plantemateriaal asook stukkies vel van gevaarlike en sterk of dapper diere gesmeul. Die baba word nakend deur die moeder uit die hut aan die **n'anga** gegee wat die

baba by die hutingang van alle kante berook. Simbolies word die baba teen die gevare van die wêreld, soos wilde of gevaarlike diere, en giftige plante beskerm. Hy/sy moet ook sterk soos 'n leeu, vinnig soos 'n haas, ens. wees en 'n kennis hê van die plantewêreld. Hierdie is 'n magies-religieuse oorgangsrite en kom nog algemeen in die landelike gebiede in Gazankulu voor (vgl. ook Junod I, 1927:42-46). Die seremonie word deegliker in afdeling 3.7.2 beskryf.

Die wit krale wat die baba om die nek, arms en enkels dra, word verkry uit die **xanga** wat sy funksie nou verrig het. Die moeder of ouma maak soms 'n nuwe klein **xanga** vir die babatjie of die krale word vir ander sierade aangewend.

Een segspersoon beweer dat as iemand anders as die moeder of tante, die **xanga** — bedoelende die koperstafie — steel en dit kook, sal die krag daaruit verwyder wees. As dit hierna om die babatjie gesit word, dan sal die baba sterf.

Die voorkoms, en vervaardigingstegniek van die **xanga** kom ooreen met die ander Tsongasierade, wat slegs 'n dekoratiewe funksie het. Hiernaas is die funksie van die **xanga** magies-ritueel. Die koperstafie is tydens die hele proses van funksionering aanwesig, maar onsigbaar, omdat dit met krale bedek is.

'n Variasie van 'n **xanga** wat in die navorsingsgebied aangetref is, kan op foto 5.50a-b gesien word. Die versteekte, met krale bedekte koperstafie kan duidelik op foto b gesien word. Op foto a word die **xanga** om die pop, **madliridliri**, se heup geplaas. Op hierdie wyse word hierdie twee voorwerpe gebêre.

Slegs in die Ritavigebied het segspersone hierdie sieraad nie **xanga** nie maar wel **ndlhama** genoem, en dit vergelyk met die **xigejo** of die kort rompie wat die kragdokter dra. Dit wil voorkom asof ons hier, soos ook ten opsigte van ander magies-religieuse praktyke, te doen het met kultuur-oornames van die Venda. Hoe verder ons weg is van die Venda-beïnvloedingsgebied, hoe minder bekend is hierdie voorwerp.

'n Ander medies-religieuse voorwerp wat vir die baba vervaardig word, is die **xidlalatane** (foto 5.36). Dit is 'n halssieraad wat stewig om die nekkie pas en deur die kragdokter, **n'anga**, behandel word, voordat dit aangetrek word. Die funksie van hierdie nekband is om die baba se nekkie reguit en stewig te laat groei. Hierdie sieraad is nie in gebruik gesien nie, alhoewel ouer vrouens dit nog ken. Die wit kralestring om die nekkie en polse – wit krale word met die voorvadergeeste verbind – word deur alle babatjies vir beskerming en versterking gedra en vervang deesdae die **xidlalatane**.

5.3.5.4 *Tikhwini* (foto 5.53 en 5.44)

Groot plastiekkrale wat in stringe geryg word en wat uit verskillende kleure saamgestel word, word deesdae om die middel gedra as plaasvervanger vir die lyfband, **xifunga**. Dit rond die dansuitrusting af. Kleurvolle doeke word ook vir hierdie doel gebruik.

5.3.5.5 *Ndlhama* (foto 5.24, 25)

Hierdie is 'n lang strook kralesieraad wat om die draer se middel pas en op die kort rompie, **xigejo**, wat die **n'anga** dra, vasgesteek word. Die tegniek van vervaardiging is in die meeste gevalle die maas- of ruittegniek. Foto 5.47 toon hoe die **ndlhama** gedra word.

5.4 ANDER KRALEWERKVERSIERING

Versierings waarvoor ook krale gebruik word, en waarvan sommige 'n magies-religieuse funksie het, word hierna kortliks behandel.

5.4.1 **Nceka** (foto's 5.53-55, 5.65-67) - Doek

Baie kleurvolle doeke is deel van die kenmerkende Tsongaklaredrag. Twee doeke word gewoonlik bo-oor die **ndhindana** of **dovani**, en oor die skouers geknoop, gedra.

Insteede van die gekoopte, helderkleurige doek, word dikwels swart doek meestal van katoen, gekoop en met helderkleurige krale bestik. 'n

Verskeidenheid geometriese of abstrakte patrone sowel as motiewe uit die alledaagse lewe soos diere, plante, huise, mense, die son, sterre en die maker se naam en jaargetal van vervaardiging word op hierdie doeke aangetref (foto's 5.14, 5.15, 5.56 en 5.65).

Dieselfde effek word verkry deur die gebruikmaking van kleurgaring om die **nceka** te versier. (vgl. foto 5.69). Hierdie versiering met krale en kleurgaring het in die vyftigerjare begin en die gebruikmaking van krale sou vandag nog gewild gewees het as krale nie so duur of onbekombaar geword het nie. 'n Akkulturatiewe verskynsel is die gebruik van verkroomde of koper-haakspelde, wat op die **nceka** vasgesteek word om 'n bepaalde effek te verkry (foto 5.53a-c, 5.66-68). Op hierdie foto's kan gesien word hoe haakspelde en krale dikwels in kombinasie aangewend word. 'n Verskeidenheid spesiale effekte soos kringe, kruise en lyne word met die koperhaakspelde bewerkstellig en gee 'n eiesoortige karakter. 'n Miniatuur doek word ook met krale versier (foto's 5.56 en 5.57a) en as **nceka** vir die Tsongapoppie gebruik. Een voorbeeld is gesien waar 'n hele doek met krale bedek is. Dit is iets wat baie by die Ndebele voorkom, maar nie algemeen by die Tsonga nie. Die vrou wat hierdie stuk gedra het, het Tsongakleure en -motiewe gebruik. Die **minceka** word onder afdeling 5.5 in groter besonderhede behandel.

5.4.2 Madliridliri (foto's 5.50a, 5.56 - 5.57 a&b) - Pop

Die Tsongapop, **madliridliri**, het geen gebruik- of vertoonfunksie nie, maar is van simboliese waarde. Was dit nie vir 'n paar kenmerkende eienskappe eie aan Tsongavrouens soos die oorbelle, **vuhlalo bya tindleve**, en die dansrump, **ndhindana**, wat vir die pop aangetrek word nie, sou dit nie maklik as 'n Tsongapop herken kon word nie. Sekere voorbeelde wat in die veld gesien is, was nog meer kenmerkend, omdat **xigovochela** stukke op die dansrok vasgesteek was (foto 5.57b).

Die **madliridliri** word ook soms **ximpombondwana**, **xintsandzani** of **xintsantekani** genoem. Hierdie drie benaminge dui egter meer op die silindriese houtbasis waaruit die **madliridliri** hoofsaaklik bestaan.



Beskrywings: Soos reeds genoem is, bestaan die **madliridliri** uit 'n silindervormige stukkie hout wat die basis vorm. 'n Blikkie word ook deesdae dikwels hiervoor gebruik, omdat die makliker bekombaar is. Vroeër het die mans die houtcilinder voorsien. Die basis word dan totaal met krale bedek. Kralestringe, **rintoto**, word spiraalvormig om die houtbasis gedraai, sodat dit nie meer sigbaar is nie (foto 5.57). Vanweë die periodieke onbekombaarheid van krale word soms kleurvolle stringe wol gebruik (foto 5.56) om dieselfde effek te verkry. 'n Miniatuurrompie of **ndhindana** word gemaak en word ook met wit krale omsoom. Miniatuur kralelappies, **xigovochelo lexi ntsongo**, word op die romp met spelde vasgesteek. Metaalplaatjies, **ximphambati**, en klokkies **xingelengele**, word ook soms aangetref, waar dit op die romp en as oorbelle aangebring word.

Die oorbelle wat uit 'n kralestring wat opgerol is, bestaan, en die oë en neus waarvoor knope gebruik word, verleen aan die voorwerp die voorkoms van 'n vrou. Om die heupgedeelte, bokant die dansromp is gewoonlik 'n paar groot plastiekkralestringe, **tikhwini**, as heupsierraad — net soos die vrouens dit ook tydens danse dra. Moderne poppe wat meestal geen funksionele rol meer vervul nie en bloot as vertoonstukke gebruik word, is baie korter in voorkoms, omdat 'n blik as basis gebruik word. Vroeër was die houtcilinder, wat die mans spesiaal vervaardig het, heelwat langer en ook dunner, sodat die vrugbaarheidspop (vgl. onder) se simboliese voorkoms meer ooglopend was. Die basiese gedeeltes van die **madliridliri** is die cilinder wat manlikheid simboliseer. Die dansrok dui op vroulikheid. Verder is die voorkoms van hierdie pop baie abstrak.

Funksie:

Die **madliridliri** vervul sy funksie tydens die inisiasietydperk, **khomba**, van die meisies. Informante verduidelik dat die poppe gebruik word, om mee te speel. Tydens hulle danse hou hulle die pop op hul hand en dans daarmee rond. Nie veel melding word deur segsvrouens gemaak van enige magies-rituele funksies nie, en baie is vaag oor enige betekenis, behalwe dat die pop 'n baba voorstel. Tog kan hierdie voorwerp vergelyk word met gevalle waar 'n definitiewe vrugbaarheidspopkultus voorkom. Daar kon nie met sekerheid vasgestel word hoe ver die gebruik van poppe tydens die

inisiësie in die verlede teruggaan nie. Daar word aangeneem dat ons hier te doen het met kultuuroorname van die Venda, omdat segspersone wat meer kontak met die Venda het meer inligting kon verskaf het as die wat verder suid in Gazankulu bly en wat geen kontak met Venda gehad het nie. Informante by Ritavi ken glad nie hierdie voorwerp nie. Die verskeidenheid name vir die voorwerp dui ook op die onsekerheid en onkunde wat met hierdie pop verband hou. Sommige informante, veral jong vrouens, sien dit bloot as 'n speelding, ander sê dat daar tydens die inisiësiëskool gemaak word, asof dit 'n baba is en dit gebruik word vir hul opleiding.

Becker and Nettleton haal in hierdie verband Roumeguere-Eberhardt in hul werk "Human Clay Figurines and Fertility dolls: Their initiate laws", aan waar hulle oor poppe by die Venda skryf dat poppe

"... in no way resembles a baby or a child, but that in fact it very explicitly represents both masculine and feminine sexual organs, either realistically or figuratively suggested. In that, it is literally a pre-figuration of the child to come, fruit of the union of these two elements: whose bones are given to the father, whose flesh comes from the mother and whose birth will consolidate the marriage and bind it" [1989:10-11]

Becker and Nettleton [1989:11] beskryf ook dat dieselfde met die **madliridliri** na inisiësie gebeur, as met die **xanga** (vgl. 5.3.5.3) naamlik, dat die voorwerp, nadat dit sy funksie verrig het ontrafel word en die kraletjies gebruik word om vir die eerste babatjie kralesierade te vervaardig. Tot tyd en wyl die kind gebore is, word die **madliridliri** in die hut weggesteek.

Daar is in die veld heelwat **madliridliri** gekry wat onvolledig was en die verduideliking was, dat die krale vir die kinders gebruik is.

5.4.3 Xifhune (foto's 5.20, 5.55 a&b) - Kralestring (vgl. 5.3.1.6)

'n Verdere kralesieraad wat met die **khomba**, inisiësiëskool, te doen het, is die **xifhune**, halssieraad. Dit is 'n gewone **xizambana**, maar omdat sy funksie verskil, het hy 'n ander naam, **xifhune**. Die meisie dra 'n

kralestring van rooi, blou en wit krale tydens die inisiasiedydperk (foto 5.55a). As sy uit die inisiasieskool kom, dra sy net die wit kralestring om haar nek as 'n teken van reinheid, nadat sy die reinigingsseremonies tydens hierdie oorgangsrite deurloop het (foto 5.55b).

Weer eens het ons hier met wit krale te doen, soos na die geboorte van die baba, wanneer die baba ook aan die voorvadergeeste opgedra word, nadat dit 'n reinigingsrite deurloop het.

5.4.4 Xithabana en xintewana (foto's 22, 23 a&b) - Mandjie en deksel

Hierdie koniese mandjie is a kleiner eksemplaar van die **xirundzu** (vgl. foto 2.3) en is die enigste mandjie wat deur vrouens vervaardig word. Dit word reeds deur Junod [II, 1927:122-1239] vroeg in 1900 beskryf.

Waar die groot mandjie gebruik word om groente, klei, sand en beesmis in te dra, dien die **xithabana** en sy deksel **xintewana** 'n heel ander doel. Nie almal is met krale versier nie, en soos op die foto's gesien kan word, word mooi patrone in die mandjie gevleg. Alle motiewe wat by die kralewerk voorkom, tref ons ook by die vlegwerk van die **xithabana** aan. Verskeie kralewerktegnieke soos oppervlaktebedekking en maas- of ruittegniek word gebruik om die mandjie met die krale te versier (vgl. 5.2.3.21 en 5.2.3.22). Vrye keuse word aan kleure, motiewe en tegnieke toegelaat.

'n Element wat ons al by die **maranga**, halssieraad, aangetref het, (5.3.1.9) kom ook hier voor, nl. asimmetriese aanwending van die motiewe. Die deksel en die mandjie se versiering lyk nie dieselfde nie en dit lyk nie na 'n paar nie. Vroeër het die jong getroude vrou die kralewerk aan die mandjie aangebring, maar daar is nie werklik voorskrifte, wie hierdie werk moet doen nie. Dit kan deur die moeder, die tante of die jong voornemende bruid gedoen word.

Die funksie van hierdie mandjies is, dat die jong getroude vrou haar man se kos daarin bedien. Net na hul troue bring die jong vrou die eerste maaltye vir haar man in hierdie **xithabana** waarin 'n eetbak met die kos

geplaas word. Die **xintewana**, as deksel, bedek die kosbak. Nadat sy haar man se kos klaar voorberei het, bring sy dit vir hom. Daar waar hy sit, kniel sy dan voor hom neer en gee die kos aan. Vir ongeveer een jaar bring sy die kos vir haar man in hierdie mandjie. Die mandjiesel word later gebêre of in die hut opgehang. As dit egter verweer het, word die krale losgerafel en ander kralewerk daarvan gemaak.

Soos in die geval van versierde bierpote waarin die man se bier bedien word, of die versierings op hutte, of die vrouens wat hulle vir die mans mooimaak en versier, of versierde huishoudelike voorwerpe wat die man gebruik, so word ook hierdie mandjiesel spesiaal deur die bruid vir haar man vervaardig. Dit maak deel uit van die bruidstoerusting. Die versierings word aangebring om die man te eer en te beïndruk.

5.4.5 **Xipachi (foto 5.58 a&b) - Beursie**

Die **xipachi**, 'n sakkie wat soos 'n beursie gebruik word en om die nek as halsversiering gedra word, is 'n akkulturatiewe voorwerp, alhoewel Junod [1927 II:101, afbeelding 4] al daarna verwys. Verskillende kleure en motiewe word gebruik, en daar is geen voorskrifte wat vorm en funksie betref nie. Die weeftegniek word gebruik. Enigiemand mag hierdie voorwerp en ter eniger tyd dra. Mans word dikwels met hierdie praktiese halssieraad gesien.

5.4.6 **Mfuku (foto 5.59) - Snuifhouer**

Ook snuifhouers, **mfuku**, wat praktiese gebruikwaarde het, word dikwels met krale oortrek met die weeftegniek of die maas- of ruittegniek en kry sodoende 'n sieraadkarakter. Snuifhouers word van horing, metaal, saaddoppe, hout, ens., vervaardig en om die nek gedra. Medisynehouers (foto 2.8) van vele soorte materiaal soos kalbas, horing saaddoppe word ook met krale versier. Baie voorbeelde is in die veld aangetref en behoort in die museum as aanduiding van die huidige mode bewaar te word.



5.4.7 Xipfukwani (foto 5.60) - Snuifdooshouer

Die naam, **xipfukwani**, is deur die eienares van hierdie kralesieraad gegee en hou ooglopend verband met die snuifdoos wat aan hierdie kralesieraad hang. 'n Snuifhouer is **mfuku**.

Dit was 'n enkele voorbeeld wat nêrens anders gesien is nie. Niemand het ook geweet wat dit is nie. Vgl. foto 5.3 om te sien hoe hierdie sieraad deur die eienares gedra word. Die tegniek herinner aan die **thumbu**, 'n halssieraad wat buisvormig vervaardig word (vgl. afdeling 5.2.3.3.)

Snuifdosies is in baie gevalle deel van ouer persone se bykomstighede wat gedra word en word dikwels aan 'n kralesieraad vasgemaak. Die **xiqovochela** op foto 5.26a vertoon 'n snuifdosie wat aan 'n **xizambana** hang. Die vrou op foto 5.12 dra 'n snuifdosie wat aan 'n **xizambana** hang om haar nek.

5.4.8 Kalbashouers, seremoniële danskieries en glasbottels (foto's 5.61 - 5.63)

Die kralewerk op hierdie voorwerpe word volgens die geweefde kralewerktegniek in kombinasie met ander tegnieke aangebring. Kleur- en motiefgebruik hang af van persoonlike smaak.

Kalbasse, bottels, en kieries is voorwerpe wat graag deur die Tsongavrouens met kralewerk versier word. Dit is 'n gebruik wat by baie stamme in Suid-Afrika voorkom en kan nie tradisioneel as Tsonga beskryf word nie. Kalbasse is altyd deur die Tsonga gebruik en vroeër het die Tsonga die mooiste versierings deur insnyding en inbranding daarop aan gebring. Hierdie kuns het byna heeltemal in onbruik geraak. Krale is deesdae 'n gewilde, versieringselement en word onderskei van ander stamme deurdat die Tsonga se eie kleure en motiewe aangewend word. Seremoniële stokke was vroeër met draadwerk versier maar word ook deesdae met krale bedek. Versierde bottels is 'n moderne voorwerp. Dit kom egter reeds die afgelope 100 jaar onder die Tsonga voor en sou daarom ook in 'n museum opgeneem kan word.

Hierdie versierde voorwerpe word meestal as sieraad in die huis geplaas of teen 'n muur opgehang. Die stok word deur mans of vrouens tydens feestelikhede in die hand gedra en dien as seremoniële dansstok.

5.4.9 Sambreel en bloes van kralewerk (foto's 5.63 - 5.64)

'n Paar moderne voorwerpe waar die tegniek van oppervlaktebedekking, geweefde kralewerk en maas- of ruittegniek aangewend word, is in die veld aangetref is. 'n Sambreel is met tradisionele en nuwe motiewe (foto 5.64) versier en is hier deel van die vrou se vertoonuitrusting tydens dansvertonings. Die kledingstuk (foto 5.63), 'n bloes bestaan uit kralewerk wat met die oppervlaktebedekkingstegniek op materiaal vasgewerk is. Tradisionele kleure en motiewe dui op die egte Tsongakarakter. Hierdie voorwerpe word veral tydens feestelikhede gedra. Daar is altesame drie kralebloese is in die veld aangetref. Die vrou op foto 5.64 het ook 'n doek om haar liggaam gedrapeer wat geheel met krale bedek is.

5.4.10 Tsonga- en Sothokralesierade - wedersydse beïnvloeding (foto 5.73-76)

Om 'n beter geheelbeeld te verkry van die aard en karakter van Tsongakralewerk is 'n beperkte vergelyking tussen verwante en aangrensende stamme se kralewerk onderneem. Soms kom dit voor dat die omliggende Sohostamme van die Tsonga se kralewerk oorneem en *vice versa*, en dit tydens hulle danse gebruik. Wat egter meer opvallend is, is dat die Tsonga en Sotho baie sterk neiging toon om aan hulle eiesoortige kleredrag versierings en bykomstigheid vas te klou en dit verder eiesoortig ontwikkel.

Die voorkoms van Sothokralesierade verskil heeltmaal ten opsigte van kleure, motiewe en gebruike. Die kleure is pastelkleurig en baie meer kleurskakerings as by die Tsonga kom voor. Verskillende motiewe is ook nie volop soos by die Tsonga nie en effekte word meestal deur lyn- en kleurkombinasies gekry. Spieëls, wol, blikdeksels is gewilde bykomstighede op kralevoorwerpe. En die tegnieke wat gebruik word, is weefwerk, gekombineer met kanthechting en middelhechting. Dit is duidelik dat die kralewerk van die Sotho opvallende wyse van die van die Tsonga verskil.

Daar is 'n paar voorbeelde in die veld aangetref waar Tsongavrouens, veral die kragdokters, **tin'anga**, kralesierade van die Sotho oorgeneem het en omgekeerd. Dit gebeur egter selde. Die Tsonga het 'n baie ryker kralewerktradisie as die omliggende Pedi en Lobedu. Sodoende is daar baie meer invloede wat van die Tsonga na die Sotho oorgedra word as andersom.

'n Paar foto's wat Sothokleredrag en -kralewerk en bykomstighede uitbeeld, word ingesluit om die andersheid van kralesierade te illustreer (foto's 5.73 - 5.78). Die andersoortige dansstyle kan ook duidelik waargeneem word.

In enige etnologiese museum word dit nogal aanbeveel om naburige stamme se kulture en kultuuraspekte langs die eiesoortig kultuur uit te stal, sodat vergelykings deur die besoekers gedoen kan word. Kenmerke wat beklemtoon wil word, kan op grond van vergelyking en verskil baie duideliker aan die besoeker oorgedra word. Die bogenoemde foto's van Sothokraleversiering dien ook hierdie doel.

Dit is interessant om daarop te let dat sowel die Tsonga as die Sotho klem lê op versierings op die boude van dansers. Danse word dan ook op so 'n wyse uitgevoer dat die danser meestal haar rugkant na die toeskouers draai.

Foto's 5.79a-b en 5.80a-b toon die dansdrag van die Tsonga-Shangana stamme by Mhala. Hierdie vrouens se kleredrag en versierings verskil ook totaal van dié van die Tsongavrouens in Noordsentraal-Gazankulu. Daar is hoegenaamd geen ooreenkoms ten opsigte van kleure, motiewe en gebruike van kralesierade nie. Die kleredrag is somber en eentonig, die hooftoisels toon Swazi-ooreenkomste en ander bykomstighede is ook eiesoortig. Die enigste ooreenkoms wat wel voorkom, is die Tsonga se voorliefde vir en gebruik van 'n verskeidenheid kleurvolle doeke. Beide groepe hou ook van 'n bostuk, 'n bloes of 'n T-hemp. Doeke word egter in die suide op 'n totaal ander manier gedra as by die noordelike Tsonga waar dit deel uitmaak van hulle feestelike en alledaagse kleredrag. Dit is egter interessant om daarop te let, hoe veelsydig Tsongavrouens in die huidige

tyd omgaan met alle soorte, kleure en kleurryke doeke. Hierdie aspek bied ook 'n interessante moderne vertoonmoontlikheid in enige museum.

5.5 ALLEDAAGSE KLEREDRAG EN KRALESIERADE

Die voorafgaande bespreking dui daarop dat die meeste kralesierade verband hou met feestelikhede en vertoon- en dansgeleenthede. Net 'n paar en baie eenvoudige kralesierade wat van praktiese waarde is soos die kralestring waaraan die snuifhouers hang, die beursie of medies-religieuse armbande, word daaglik gedra. So ook eenvoudige halsstringe. Alle ander bespreekte sierade word gedra tydens danse van verskillende aard, en die seremonies wat verband hou met die inisiasieperiode.

Dit was nie die doel van hierdie studie om op die totale kleredrag in te gaan nie, maar 'n kort opsomming van die alledaagse kleredrag van vrouens en dogters sal 'n meer volledige beeld skets.

Die alledaagse kleredrag en die dansdrag stem basies ooreen en bestaan uit die ietwat langer en dikker dansromp, **ndhindana**, en die korter en minder pofferige gewone romp, **dovani**. In alle gevalle word twee doeke oorkruis en op die skouers geknoop gedra. Die doeke, **minceka**, is 'n belangrike en kenmerkende deel van Tsongakleredrag. 'n Reeks tradisionele doeke word aangetref elk met hulle eie name. Wanneer 'n dogter uit die inisiasieskool kom, maak 'n hele paar doeke deel uit van die geskenke wat sy kry. Die doeke wat die dogter op foto's 5.54a-b dra, is eg tradisioneel en maak deel uit van enige Tsongavrou se klerekas. So ook die doeke op foto's 5.81. Hierdie **minceka** word hoofsaaklik deur ouer vrouens gedra of is dan ook die alledaagse en werksdrag van jonger tradisionele vrouens en dogters. Dikwels word die eenvoudige romp, **dovani** daaronder gedra, maar heel dikwels dra hierdie vrouens geen **dovani** nie. Die name van al die verskillende doeke verskyn onder foto's 5.81a-b.

Die **minceka** wat tydens danse en feeste en vir uitgaangeleenthede, **ku bomba**, gedra word, is baie kleurvolle, helderkleurig en vertonerig. Drie kategorieë kan hier onderskei word, nl. dié met baie helder en skokkende kleure en patrone wat in die winkels verkrygbaar is. Tweedens is daar dié

minceka van swart doek waarop met kleurvolle krale, garing en haakspelde versieringsmotiewe aangebring word. Derdens kry ons deesdae wit doek, meestal ou meelsakke, waarop daar ook met kleurgaring motiewe geborduur word (foto's 5.14, 5.15, 5.53b, 5.54, 5.63, 5.65, 5.66, 5.67, 5.69, 5.71, 5.73). Op foto 5.69 lees ons die woorde: "**Xi Bombo ra xigaza**" wat min of meer beteken " die uithang (uitrusting) van Gazankulu" d.i. uitgaankleredrag.

Die derde kledingstuk wat 'n vrou se ligaamsbedekking voltooi, is die bostuk wat die bolyf bedek. Vroeër het die vrouens met 'n kaal bolyf geloop en net die twee skouerdoeke het dié liggaamsdeel bedek. Deesdae trek die vrouens T-hemde, **sokisi**, of 'n spesiale bloes, **yele**, aan. Die bloes, in hierdie geval **xikatawa**, kan op foto's 5.66, 5.70, 5.71 gesien word. Die vrouens by Mhala, foto 5.79 en 5.80 dra ook 'n **yele**, maar sonder moue.

Beide benamings, **yele** en **sokisi**, word vir bloese of T-hemde gebruik. Die benaming **xikatawa** word hoofsaaklik vir die bloes van rooi materiaal gebruik en is na bewering van Mosambiekse oorsprong.

Die dogtertjies se kleredrag is dieselfde as die van die groot vrouens, maar net in kleiner weergawe. Tsongavrouens in Gazankulu word nog gereeld met die bogenoemde effens moderne tradisionele kleredrag gesien. Die werkende vrouens het oorgegaan na moderne Westerse kleredrag, maar die landelike vrouens dra nog met trots hulle kenmerkende klere.

Hierdie aspek van kleredrag, veral omdat dit so kleurvol en aanskoulik is, is 'n faset van die resente kultuur van Tsongavrouens wat met sukses in 'n museum uitgebeeld kan word. Die dansromp is besonder mooi, die verskeidenheid doeke van die ou tradisionele voorbeelde tot alle moontlike moderne variasies is 'n moet in enige museumversameling; en die veranderinge in die bostuk is ook kenmerkend van die tyd waarin dit voorkom.

White verwys reeds in sy reisjoernaal wat in 1800 gepubliseer is en oor die ooskus handel, na die voorliefde van die inboorlinge, wat natuurlik Tsonga was, vir materiaal en krale. Op bl. 48 verwys hy na ene Capelleh een van

die hoofmanne naby Maputo wat alles sou doen in ruil vir blou materiaal.
Verder skryf White [1800:48]

"The best article to bring to trade with here is coarse blue cloth; ..."

en verder

"We used to purchase a bullock of 400 lb. weight for a piece of coarse blue linen cloth, ten or twelve yards long, which could be bought at the Cape for four or five rix dollars, and a fowl for an iron hoop".

nog verder

"Ships coming here to furnish themselves with a good stock of fresh provisions, should bring coarse blue linen cloth, old clothes, brass rings, pieces of copper, wire, glass beads of different colours ..."

[1800:49]

Hier volg 'n kort opsomming van die ontwikkeling van die **minceka** vanaf ongeveer 1800, soos saamgestel deur Jameson Maluleke van die dorpie Mphambo (vgl. voetnota no. 5.2).

1800 - 1900

Xidonci (bloudruk), **bongela** (swart lap wat mans dra) en **tshama-nasipho** (sit met seep) word algemeen genoem as dié eerste **minceka** wat die Tsonga gedra het. Mans en vrouens het hulle gedra. Mans het gewoonlike hulle lende omgord terwyl vrouens dit oor die skouers drapeer het.

Daar word ook verwys na **minceka** wat aan die voorvadergeeste behoort. Hierdie doek is **mpalu** (vaal blou/wit), **lopa** (swart), **siyandhani** (rooi), **njeti** (wit met rooi patrone) en **rigidawa** (wit katoen). Hierdie vyf lappe word vandag nog in die **n'anga** se mandjie as bykomstighede aangetref (foto 5.82).

1900 - 1950

Tydens hierdie periode maak die volgende lappe hul verskyning: **n'wamajabula**, **xiyadani**, **dekeni** (deken), **saka** (sak, mieliemeelsak). 'n Verdere **nceka** wat vaalblou was en deur die armer mense gedra is, word **mkhunga-mbuti** genoem.

1950 - 1970

Ou vrouens en arm vrouens het bly vasklou aan die ou tradisionele **minceka**, maar jong mense het gegryp na nuwe modes. Lappe uit hierdie tyd is **tshama-n'ta-vuya** (bly sit by die huis), **xinkumani** (tradisioneel swart), **xihatimani** (baie blink nylon materiaal in verskillende kleure: **hatima** = om te blink), **xisambi** (vanaf Zambië), **xitswirirani** (rankblomme: foto 5.81b) en **ndhayimani** (diamant: foto 5.81a).

Nyiza was die voorloper van die moderne geblomde **minceka** (die woord is van Zulu oorsprong en beteken "om pad te gee": as jy iemand met hierdie moderne lap ontmoet, moet jy pad gee, want hier kom 'n moderne vrou). **Nyiza** is opgevolg deur **ximatsatsa** en ook **xitariyani**. Die kunstige Tsongavrouens wou graag aan hulle kreatiwiteit uiting gee en het aanvanklik swart lap met krale versier. Kort daarna het die wit meelsakke beskikbaar geraak en die **xinkwamani** het gevolg. Die helderkleurig borduurde mieliemeelsakke is vandag nog hoog in die mode, alhoewel gewone wit katoen ook gebruik word. Die nuutste Java-druk word ook deur Tsongavrouens as **minceka** gebruik.

Die **minceka** versier met kralewerk, haakspelde en geborduur met helder garing is reeds bespreek en dui op die Tsonga se kunssinnigheid en liefde vir helderkleurige bykomstighede. Die liefde en talent van Tsongavrouens vir kralewerk en borduurwerk is 'n aspek wat in die museum gunstig aangewend behoort te word.

5.6 SAMEVATTING EN BESPREKING

In die afdeling oor die benutting van erdewerk (Hoofstuk 3.7) kon uitvoerig aangedui word dat potte van verskillende tipe in die ekonomiese, sosiale- en religieuse kultuurfaset 'n besondere rol speel. Ten opsigte van die politieke orde en by die toepassing van regsreëls was dit moeiliker om so 'n rolvervulling aan te dui. In hierdie hoofstuk is op terloopse wyse, waar dit gepas het, aangedui dat kraledrag in hoofsaak 'n sosiale funksie het. Dit dui byvoorbeeld die verskil tussen alledaagse en geleentheidsdrag aan asook die rangposisie van jeugdige, hubare en getroude vroue aan.

Hiernaas kon die verbintenis van sommige krale-items met die magies-religieuse kultuurfaset aangedui word. Funksionele skakeling na ander kultuurfasette kon nie geredelik bepaal word nie. Die afsonderlike behandeling van funksionele verband tussen kralewerk en besondere kultuurfasette is dus met opset nie as afsonderlike afdeling aangebied nie.

Die Transvaalse Tsonga en meer spesifiek die Noord-Tsonga in Gazankulu, met Giyani as sentrum, het 'n eiesoortige reeks kraleversierings. Alhoewel kraliesierade in Mosambiek voorkom, soos Earthy [1968: 59-60] dit beskryf, het die Tsongavrouens in die Transvaal 'n eie kleurvolle, kenmerkende verskeidenheid kralewerk ontwikkel. Die kontak vanaf ongeveer 1820, eers in Mosambiek met die Zulu [Earthy 1968:60] en later in die Transvaal met ander omliggende stamme soos die Swazi en Noord-Sotho en veral die Ndebele [Levy 1989:24] het daartoe gelei dat die Tsonga ook kraliesierade wat dié invloede toon, vervaardig het. Junod glo, dat die Ndebele 'n groot invloed op Tsongakralewerk gehad het [Duggan-Cronin 1935:13]. Dit kan egter moeilik bewys word dat daar sodanige kontak en beïnvloeding was.

Waarskynlik het ook die Swazi, die Sotho en veral die Venda se kraliesierade 'n invloed op Tsongakralewerk gehad. Wedersydse beïnvloeding kan egter ook nie uitgeskakel word nie as in gedagte gehou word, dat die Tsonga die eerste was, wat aan die ooskus kontak gemaak het met krale wat deur die handelskepe saamgebring is. Die Tsonga as handelstussengangers tussen die ooskus en die binneland was die verspreiders van hierdie handelsartikel. Dit is nogal onwaarskynlik dat die Tsonga nie ook krale gebruik het nie, want "... they became enamoured of beads" [Junod 1927 II:103]. Die moontlikheid dat die Tsonga 'n eie versieringstradisie ontwikkel het en steeds handhaaf, moet ernstig in gedagte gehou word.

Dat die ontwikkeling van 'n Tsonga-kralewerktradisie wel deur die bogenoemde stamme beïnvloed is, soos daar in sommige geskrifte beweer word, bly spekulasie en kon nie ten volle in die veld of uit literatuur bewys word nie. Die kraliesierade wat beskryf is, dui op 'n eiesoortige karakter, kleure- en motiefgebruik. Alhoewel daar geen opsetlike of bedoelde sosiale of magiese waarde van kraliesierade aangedui kon word nie, stuur elke

ligaamsversiering of sieraad tog 'n boodskap vanaf die draer na ander persone oor.

Sierade word gewoonlik gebruik om aandag op iets of iemand te vestig. En soos ons gesien het dui sekere kralevoorwerpe by die Tsonga op die jong dame se hubare status, ander smuk hulle op om die aandag van die jong manne te trek — alles met die doel om 'n maat te kry. Ouer vrouens het dit nie meer nodig om baie moeite met hulle voorkoms te doen nie. Hulle sierade is dus baie eenvoudiger en vervul eerder 'n praktiese rol, alhoewel ook hulle tog ook genot daarin vind om die liggaam te versier. 'n Voorbeeld hiervan is die snuifhouers wat met kralewerk versier word of net aan 'n krale-halssieraad vasgemaak word. Die meeste kralesierade word egter deur jonk en oud tydens feestelikhede gedra. In sommige gevalle dra dit by om die persoonlike voorkoms te bevorder, ander stukke verhoog die danseffek en verskaf ook addisionele klankgeluide (bv. die dansromp se krale-omsoomde romppunte). Derdens is die gebruik van kralesierade egter 'n voortsetting van tradisie, en ten slotte kan voorwerpe ook groepsgebondenheid en identiteit aandui.

Daar bestaan dus nie werklik enige sieraad by die Tsonga wat gemaak word om 'n spesifieke betekenis of boodskap uit te stuur nie. Daar kan dus met Schoeman wat oor die Zulu skryf, saamgestem word, as hy sê dat

"... traditional beadwork is strongly associated with courtship and marriage in rural society and is produced exclusively by women — hence the popular misconception surrounding the matters of "love letters". In actual fact, practically all traditional Zulu beadwork is concerned in some way with interaction between the sexes and so, ... assists to a large extent in regulating the social life of the Zulu and Swazi" [Schoeman 1983:147]

Informante benadruk dit telkens dat kralesierade geen versteekte betekenis of boodskap het nie.

Uitsonderings op die bevinding vind 'n mens egter by sekere voorwerpe wat verband hou met die reinigings- en beskermingsrites van die oorgang van die jong meisie na die status van volwasse vrou, (inisiësie), totdat die proses voltooi is wanneer sy geboorte gee aan haar eerste baba. Tydens



hierdie aanvang van die vrugbaarheidsperiode speel vrugbaarheidsimbole soos die **xanga** (5.3.5.3), die **madliridliri** (5.4.2) en wit krale 'n besondere rol.

Die feit dat hierdie kultus veral by die Tsonga in die Giyanagebied voorkom en al hoe meer aangetref word hoe nader 'n mens aan die Vendagebied kom, versterk die aanname dat hier kultuurbeïnvloeding en veral orname van die Venda af gekom het. Hierdie Venda-invloed is ook aangetref ten opsigte van potte en die pottebakkersbedryf by die Tsonga. Dit is feitlik afwesig suid van die Letabagebied. Sommige voorwerpe en gebruike, soos die dra van die **xanga** en die Tsongapop, **madliridliri**, is onbekend by die mense van Ritavi.

Gedurende die aanvang van die tagtigerjare, is daar kennis geneem van die voorkoms van die **xanga** in die navorsingsgebied. Dit was derhalwe verrassend om in 1990 by **Nwamitwa**, wat die suidelike gedeelte van die noord-sentrale Gazankulu is, agter te kom dat die ou vrouens net 'n vae kennis van hierdie voorwerp gehad het en nie die naam daarvan geken het nie. Die kralesieraad wat die **xanga**-koperstafie bedek, is geassosieer met die rompie, **xijego**, wat gedra word deur die persoon wat danse ter ere van die voorvadergeeste, **xikwembu**, uitvoer. Hulle het die voorwerp egter **ndlhama** genoem. Dieselfde is verder suid in Ritavi by Mariveni, by 'n ou segspersoon, behorende tot die Nkuna, teëgekome. Op verdere navraag het sy geen kennis van die bestaan van die pop, **madliridliri**, gehad nie, en gesê dat die wit krale wat babatjies dra geen verband met voorvadergeeste het nie. Dat babatjies en die meisies wat uit die inisiasieproses kom, dit dra, is beaam, maar geen magies-religieuse waarde is daaraan geheg nie. Vir die Noord-Tsonga hou wit krale verband met die voorvadergeeste en word gedra om die inwonende voorvadergeeste bly te maak. Rooi krale daarenteen word as amulet vir beskerming teen geeste gedra. Dit is dus duidelik dat die **xanga** en **madliridliri** nie in die suidelike deel bekend is nie, en segspersone het verduidelik dat dit van die Venda kom.

Wat die kralesierade van die Tsonga oor die algemeen betref, is dit duidelik dat kralesierade hoofsaaklik deur vrouens vervaardig word. Trouens, alle vrouens vervaardig kralesierade en anders as met



pottebakkerij word geen spesialiste aangetref wat kralewerk verkoop of ruil nie. Kralerade word benut tydens verskillende seremonies waarby meisies of vrouens van geboorte tot die dood betrokke is. Eenvoud, gebruik van oorheersende wit krale en die gebruik van die helder basiese kleure, asimmetrie in sommige voorwerpe, netjies simmetriese patrone in ander, kenmerk Tsongakralewerk. Geometriese en abstrakte motiewe kom op die kralerade voor, maar sodra die krale op 'n basis soos die **nceka** geborduur word, tref ons herkenbare motiewe uit die alledaagse lewe aan, soos die son, sterre, dieremotiewe, plante soos blomme of bome, ens. Dikwels word ook die maker se naam, lewensdatums en blyplek op die stukke aangebring.

Dit dui alles daarop dat die aanwendings- en toepassingsmoontlikhede van krale op verskeie media of bloot op sigself, legio is — iets wat baie goed in 'n museum gebruik en verder ontwikkel kan word. Die vervaardigings-tegnieke is nog welbekend en nie moeilik om aan te leer nie. Dit is dus moontlik om vanuit die museum 'n verskeidenheid artikels as deel van 'n eie produksie of georganiseerde tuisnywerheid te laat vervaardig. Kralewerk is baie dekoratief en kan ook in heel moderne gebruiksvoorwerpe verwerk word soos modesierade, baadjies, rompe wat met krale bestik kan word, en andere. Klein voorwerpe wat met krale versier is, kan vervaardig en as aandenkings aan besoekers verkoop word. Die hoë koste van glaskrale maak versierde klere en versiering van die aard werklik duur. Dit sou 'n negatiewe invloed op 'n moontlike kralewerkbedryf kan hê. Die hoë koste laat die gevaar ontstaan dat die kralebedryf in die hele Gazankulu kan uitsterf. Op die oomblik is dit egter nog nie die geval nie, en word daar eerder 'n herlewing van die gebruik van kralerade beleef. Dit word veral gestimuleer deur die baie tradisionele danskompetisies wat gereeld binne en buite Gazankulu gehou word. Dansgroepe word ook oor en weer in die dorpie en die plase uitgenooi oor naweke. Sulke geleenthede dien as aansporing om die kralewerktradisie ten spyte van die hoë koste te laat voortleef.

In 'n museum is dit egter moeiliker om die bedryf nie in 'n verlies te laat ontwikkel nie. Aangesien 1 kg krale deesdae ongeveer R26.00 vir wit krale kos, in vergelyking met R10.00 vir 750 g in 1983, sal maniere gevind moet



word om die koste te dek. Alhoewel die prys van die krale nog op sigself aanvaar sou kon word, is dit die hoë koste van die arbeid wat maak dat krale-items baie duur word.

'n Voorbeeld van die probleem kan by die maak van die lang **xiqovochela** (vgl. foto 5.26 a) verduidelik word. Die voorwerp is 108 cm x 12 cm groot en weeg 500 g wat dan 'n kralekoste van ongeveer R13.00 impliseer. Voeg hierby die arbeid: Dit sal 'n vrou ongeveer 5 dae neem om hierdie **xiqovochela** te vervaardig. Teen 'n dag loon van R36.00 per dag sal die stuk se waarde in arbeid R180.00 beloop. So 'n **xiqovochela** se kosprys sal dan R193.00 wees. So 'n duur voorwerp sal nie maklik deur besoekers aan die museum gekoop word nie. Slegs versamelaars sal moontlik in so 'n sieraad wil belê.

Die kosprys van 'n baie klein **xiqovochela**, 5 cm x 4 cm groot met 'n gewig van 10 g, en met 'n kenmerkende motief daarop, sal volgens berekening R16.85 teen kosprys kos. So 'n klein aandenkie sou besoekers na verwagting graag wou koop, maar nie teen dié prys nie. Hierdie spesifieke item is by vrouens in Elim vir R4.00 gekoop. 'n Soortgelyke sieraad kan op foto 5.23 bo in die linkerkant se hoek gesien word. Dit is duidelik dat die vroue by Elim byna net die koste van die krale wat gebruik is terug gekry het.

Buite die museumkonteks (d.w.s. waar die vrou nie 'n gereelde loon kry nie) kan vrouens by die huise aangemoedig word om kraliesierade vir 'n verdienste te vervaardig. Dit is 'n werk wat tussendeur en in vrye tyd verrig kan word. Anders as by pottelakkery en soutvervaardiging is dit eie aan die werfruimte en kan enige tyd en enige plek beoefen word. Dit maak dit dan egter ook een van die bedrywe wat ideaal by 'n opelugmuseum verrig kan word.

Sonder 'n eie verkoopsaksie, wat tans by die Tsongakraal afwesig is, kan die bedryfskapitaal om krale aantekoop, nie verkry word nie. Die Tsongakraal moet daarna streef om 'n volledige stel of stelle krale-artikels te laat vervaardig, voorbeelde van alle motiewe, tradisioneel en modern, in sieraadvorm te dokumenteer en die regte kleure in die versameling op te



neem. Hierna kan dan artikels vervaardig word wat verkoop kan word. Die egte en duur artikels vir versamelaars en ander museums en ander kleiner artikels vir besoekers wat graag iets as aandenking wil hê. Voorstelle vir laasgenoemde is die klein **xiqovochela**, stringe halssierade, armbande, been- en armringe, asook klein houers van hout, kalbasse, bottels, sade ens. wat met kralewerk oorgetrek of versier is. Kralewerk op materiaal gewerk is ook iets wat byval sou vind. Die swart lap is eie aan die Tsonga en kralerotiewe op lap is ook tradisioneel Tsonga. Die krale kan selfs met wol of garing vervang word. 'n Verskeidenheid voorwerpe kan so vervaardig word wat, alhoewel in vorm modern, tog in voorkoms 'n egte Tsongakarakter sal openbaar. Daar is werklik omvangryke moontlikhede wat ontgin kan word.

'n Mens sou ook graag wou sien dat die Tsongakraal as opleidingsentrum sal dien om vroue wat die vaardigheid om met krale te werk wil aanleer, op te lei. Tydens opleiding sou dan selfs aandag gegee kan word aan die betekenis, gebruike, tradisies, ens. van kralewerk. Wanneer die museum dan met 'n eie verkoopsaksie begin, kan sulke opgeleide vrouens meehelp om die voorrade te verskaf. Sodoende sou die museum kon bydra tot werkskepping en terselfdertyd in sy funksie van kultuurbewaring en bevordering voldoen. So 'n aksie sal egter met 'n bemarkingstrategie gepaard moet gaan.



- 5.1 **Madliridiri:** Tsongapoppie. Met hierdie benaming en spelwyse was daar baie probleme ondervind omdat dit redelik onbekend is. Die Tsongataalkundiges het na vele beraadslaging tot die gevolgtrekking gekom dat dit 'n onbekende woord is, en dat dit taboe is.

Die woord **ku ndliridiri** is bekend en beteken om hiernatoe en daarnatoe te loop/beweeg. Die afleiding **madliridiri** is dan gemaak, omdat in die inisiasieskool vir dogters met hierdie Tsongapoppie in die rondte en heen-en-weer gedans word.

Ander benamings vir die Tsongapop is **nwana** en **xitsandzana**.

- 5.2 Tsonga-kralesierade: benamings. Baie van die name vir Tsonga-kralesierade en -klededrag wat in hierdie hoofstuk voorkom staan nie in die woordeboek nie. Dit is ook dikwels onbekend onder die "meer ontwikkelde" en geskoolde mense. Daar is egter met die taaldienstefdeling gekontroleer en die benamings is geldig verklaar.

- 5.3 **Vudoga:** perdestert. Segsvrouens verwys telkens na perdestert, **vudoga**, as hulle na die donkerkleurige rygmateriaal verwys. Op navraag is daar vasgestel dat vroeër wildebeessterthare gebruik is. Deesdae word die rygmateriaal in die winkels gekoop en dit is dan ook perdestert of dun, swart plastieklyn. Daar heers derhalwe ietwat verwarring oor hierdie benaming en die betekenis daarvan. Daar sal dus in die teks gepraat word van perdestert.



HOOFSTUK 6
SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING

6.1 INLEIDING

By die aanvang van die studie was dit duidelik dat 'n mens binne 'n algemene probleemarea 'n reeks besondere doelstellings of beperkte probleemformuleringe sou moes aandui om die studie binne beheerbare perke te hou.

By wyse van die aanduiding van die algemene probleemarea sou 'n mens kon verwys na die ontstaan van die Tsongakraal-Opelugmuseum in 1974 waarin die normale take van versameling, bewaring en opvoedkundige aanbieding moes plaasvind van die tradisionele lewenswyse van die Tsonga. Die onmiddellike ervaring het bewys dat die kraalopset in besonder die leefwêreld van die vrou beklemtoon het (vgl. afdeling 2.4.3.2). Slegs enkele mansaktiwiteite soos houtsniewerk en 'n smidswerf kon voorgestel word. Die uitvoering van smidswerk moet as iets buite verband aangemerkt word, omdat 'n smidsvuur en die aktiwiteite daar rondom nie tradisioneel in elke wooneenheid voorgekom het nie.

Selfs die beklemtoning van die leefwêreld van die vrou het 'n effense kunsmatigheid vertoon, omdat die beklemtoning van pottebakkerie, as spesialisaksie, ook nie in elke wooneenheid voorgekom het nie en die aanbieding van die soutmaakproses nooit naby 'n wooneenheid plaasgevind het nie.

Hiernaas moes in ag geneem word dat die groot getal besoekers aan die nabygeleë Overvaaloord, Eiland, 'n besondere besoekerspotensiaal verskaf het. Hierdie besoekersgroep wat hoofsaaklik Westerlinge was en is, se belangstelling moes in ag geneem word. As bewaarpunt van die tradisie van die Tsonga moes die uitbereidingsmoontlikhede van 'n toenemende getal besoekers uit Gazankulu ook in gedagte gehou word.

In die gegewe opset van die Opelugmuseum moet twee verdere vrae in gedagte gehou word: Eerstens - in watter mate moet daar in die bewaringsaksie plek gegee word aan die verandering van tegniese skeppinge ten gevolge van kultuurverandering in Westerse rigting?

Tweedens - in watter mate moet daar aangedring word om die museum se reg om items (aandenkings) wat in die leefprosedure in die museum vervaardig word, te kan verkoop. As so 'n moontlikheid nie erken kan word nie sou sulke produkte mettertyd vernietig moes word. Bergruimte sou nie vir alles verskaf kon word nie. Die Tsongakraal-Opelugmuseum het as museuminrigting besondere museumkundige probleme gebied en die moontlikheid vir volkekundige navorsing geopen.

6.2 DOEL VAN ONDERSOEK

Om die gang van die ondersoek binne perke te hou, is besluit om te konsentreer op die wyse waarop die bestudering van die tegniese skeppinge waarby die vrou belang het, uitgebrei kon word; asook op die wyse waarop die proses van akkulturasie in die leefwêreld van die vrou verdere en nuwe take van versameling, bewaring en uitstalling sou vereis.

Die besondere doelstelling van die studie is daarom soos volg aangedui (vgl. 1.1):

- Die bestudering van die behoefte aan versameling en bewaring van alle tegniese skeppinge wat met die leefwêreld van die vrou binne haar wooneenheid verband het. Dit het die dokumentering na voorkoms en funksie, vervaardigingswyse en benutting binne kultuurverband van 'n geselekteerde reeks tegniese skeppinge geïmpliseer, omdat die behandeling van alle tegniese skeppinge waarby die vrou belang sou hê die omvang van die studie te groot sou maak.
- Omdat uitstalling in funksionele verband binne die Opelugmuseum beoog is, moes in besonder gekyk word na die verband van die bogenoemde tegniese skeppinge met elke faset van die kultuur. Die praktyke wat nie as lewende werklikheid vertoon kon word nie, sou ten minste deur 'n fotoreeks verduidelik kon word.
- Die aanbieding van 'n tradisionele lewenswyse sou binne verband van die geskiedenis—dit is die Tsonga se herkoms uit Mozambiek—bestudeer moet word. Hiernaas sou die moontlike beïnvloeding in

resente tye deur die Venda en Noord-Sotho ook in gedagte gehou moet word.

- Die laasgenoemde veranderinge deur beïnvloeding sou ook in terme van die akkulturatiewe veranderinge in Westerse rigting ondersoek moes word. Alleen langs dié weg sou die museum nie 'n versterkte beeld uit die verlede aanbied nie, maar ook die proses van kulturele dinamika 'n plek in die uitstallings kon gee.
- Dit is duidelik dat die studie op elke punt afgestem sou wees op die aanbieding van besondere voorstelle wat binne die Opelugmuseum van waarde sou kon wees.

6.3 AFBAKENING EN SELEKTERING

Die selektering van die tegniese skeppinge waarby die Tsongavrou belang het, het vereis dat daar uitgegaan word van die praktyke wat reeds in die Opelugmuseum gevestig was (vgl. 1.2.2). Dit het in besonder vereis dat die hele vervaardigingstegniek en verskeidenheid produkte van die pottebakkerie deur vroue as spesialispraktyk bekyk moes word asook die wyse waarop matte gevleg word.

Dit was egter onmiddellik duidelik dat alle vroue hulle eie kralewerkversierings maak. Omdat die tegniek feitlik geen aandag in die Tsongakraal gekry het nie, was die bestudering van die tegniek en die aanbeveling dat dit ook aandag in die Opelugmuseum sal kry, byna vanselfsprekend.

Omdat soutontginning ook by die museum geïllustreer word, moes die praktyk in besonderhede bestudeer word.

Hiernaas sou aan 'n hele reeks tegniese skeppinge wat vroue wel gebruik, maar nie self vervaardig nie, aandag gegee word. 'n Mens dink hier aan die bewerking van kalbasse, die gebruik van musiekinstrumente en mandjies, wat albei deur mans vervaardig word, asook die vrou se betrokkenheid by die bou van hutte en die verbouing van landbougewasse. Hierdie bykomstige

aktiwiteite, naas dié wat vir besondere studie gekies is, het aandag ontvang in Hoofstuk 2.4. Binne funksionele verband is in hierdie afdeling 'n oorsig gegee van die algemene Tsongalewenswyse met inagneming van die verskillende kultuurfasette.

In hierdie algemene gedeelte is ook verwys na die belangrikste dele van oorspronklike leefwêreld van die man en die tegniese apparaat wat mans maak en gebruik. Daar kon egter, binne die beperkinge wat opgelê is, nie verder aan die sake aandag gegee word nie.

By die afbakening van die geografiese studieterrein was die gelukkige plasing van die Tsongakraal binne die Hans Merensky-Natuurreservaat onmiddellik duidelik (Hoofstuk 2.4.4). Binne hierdie bewaringsgebied was die rumateriaal waaruit tegniese skeppinge, en selfs sout, oorspronklik vervaardig is nog ten volle voorhande. Die wye spektrum waaroor plante en planteprodukte oorspronklik benut is, kon alleen in so 'n opset bestudeer word. Elders in Gazankulu het baie van die plante vanuit oorontginning reeds skaars geword as rumateriaal, maar veral as aanvullende plantevoedsel uit die veld.

Vanuit hierdie geografiese vertrekpunt was die aangewese verdere konsentrasie na die noordelike-sentrale deel van Gazankulu (vgl. kaart 1.2). Die bestudering van die historiese agtergrond (Hoofstuk 2.1.2) het ook aangedui dat hierdie deel van Gazankulu baie vroeg reeds deur die optrede van handelaars, met die Ooskus van Afrika geskakel het. Vanuit die geskiedenis kon ook die verwagting van kultuurbeïnvloeding deur die Venda en Noord-Sotho aangedui word. Die historiese gegewens wat Hartman [1972, 1978] en Boonzaaier [1980] verskaf het, bewys dat daar in die Ritavi- en Mhaladistrik ander kultuurinvloede, hoofsaaklik Zulu, Swazi en Noord-Sotho gewerk het as in die gebied waarop vir hierdie studie gekonsentreer is.

Dit is vanselfsprekend dat daar ook uitvoerig ingegaan moes word op die ontstaansgeskiedenis van die Tsongakraal-Opelugmuseum (Hoofstuk 2.3.3). Die gegewens het aangedui dat die hele uitleg gebaseer is op gegewens wat uit die gebied van stamhoof Mavundza in Noordsentraal-Gazankulu verkry



is. Die verdere benutting van gegewens uit hierdie gebied was dus ook nodig om aansluiting te kry by die ontstaansgeskiedenis van die Opelugmuseum as sodanig.

Die afbakening van gebied en selektering van tegniese skeppinge het egter die besondere kunsmatige aard van die lewensomgewing onderstreep wat in die Opelugmuseum herskep is. In die eerste instansie sal daar binne die Tsongakraal nooit lewenspraktyke soos landboubeoefening van vroue, die jagaksie van mans, die verkryging van hout vir vuurmaak en konstruksie van hutte en veral die aanhou van gedomestiseerde diere geïllustreer kan word nie. Die eise wat deur die natuurbewaring gestel word, maak dit onmoontlik.

Ten tweede sal die toeskouer nooit werklik die leefatmosfeer in 'n Tsongawooneenheid kan sien of beleef nie. Die dop en sy tegniese inhoud, die hutte en gereedskap, is wel daar, maar die mense ontbreek. Die Tsongakraal is gebou as die leefruimte van 'n stamhoof en sy agt vroue. Finansiële beperkinge maak dit onmoontlik om selfs die nege volwassenes, met inagneming van geslag, as museumpersoneel in diens te neem. Die natuurlike ouderdomsverskil tussen so 'n groep vroue kan ook nie uitgebeeld word nie, terwyl die totale afwesigheid van kinders en die bewyse dat in die Tsongakraal "geleef" word, 'n opvallende werklikheid is.

Ten derde is daar steeds die botsing tussen twee lewensstyle wat vir toeskouers verberg word. Gedurende die normale werksure demonstreer die museumpersoneel 'n lewenswyse wat ongeveer eenhonderd jaar gelede aan die orde was. Na-ure trek hulle ander klere aan en leef binne die museumopset soos alle ander mense vandag in Gazankulu leef. Dit bly steeds 'n probleem om die Westerse tegniese skeppinge van fietse tot radio's, wat na-ure gebruik word, uit die gesigsveld van besoekers te hou.

Ten vierde word mans en vroue as besoekers binne die gerekonstrueerde leefruimtes van slaaphutte toegelaat en by (soms bo-oor) die offerplek (**gandzelo**) gebring. Onder normale omstandighede sou so 'n aanmatigende betreding onmoontlik wees.

As 'n mens die bogenoemde bewyse van die kunsmatigheid van die opset in die Tsongakraal beklemtoon, moet daar ook onthou word dat die aangeduide leemtes by enige opelugmuseum voorkom. Dit wat gebou en gedemonstreer word, bly 'n museum. Dit is slegs 'n kunsmatige aanbieding van die werklike lewenspraktyk. Die uitstalwerk bied uitdagende moontlikhede. Daar is egter ook inherente beperkinge wat nie verbygestreef kan word nie.

6.4 POTTEBAKKERY

Die aanvanklike bestudering van pottebakkerie by die Tsonga het aangedui dat dit eksklusief 'n aktiwiteit is van volwasse en getroude vroue, dat dit 'n spesialisarbeid is en dat pottebakkerie oorspronklik vir die vervaardiging van ruilhandelartikels beoefen is (vgl. Hoofstuk 3 en 3.7). Daar kon byvoorbeeld aangedui word dat medevrouens en vriendinne dikwels die pottebakster se lande bewerk het en dat sy graan vir haar huishouding kon bekom deur erdeware daarvoor te ruil. Die waarde van 'n pot was gelyk aan die met graan gevulde inhoudsmaat.

Die was dus ook duidelik dat die aanbieding van demonstrasies oor potvervaardiging in die Opelugmuseum sinvol is, maar dat dit nie 'n alledaagse lewenspraktyk in enige Tsongawooneenheid sou wees nie. Omdat pottebakkerie spesialiswerk is, kon die pottebakster as 'n sleutelfiguur op die diensstaat uitgewys word. Dit sou moeilik wees om haar te vervang. Die moontlikheid om assistente by wyse van in-diens-opleiding vir gebeurlikhede voor te berei moet dus oorweeg word.

Die detailstudie oor die wyse waarop die klei verkry word (afdeling 3.3), die gereedskap wat by die vervaardiging gebruik word (afdeling 3.4), die metode van vervaardiging (afdeling 3.5), en die verskillende tipes erdewerk wat die Tsonga vervaardig (afdeling 3.6) is in die aangeduide afdelings te vinde. Daar word hier vir twee verdere sake aandag gevra.

Die benuttingswyse van erdewerk (afdeling 3.7) het 'n uitgebreide studie geverg omdat houers van klei op so 'n verskeidenheid punte in die tradisionele Tsongalewenswyse gebruik is. Van die bewaring van saad tot die gebruik van bier in die vergaderplek van die mans of by die aanbieding van

'n offerande aan die voorouergeeste speel kleipotte 'n rol. Elkeen van hierdie benuttingspraktyke (vgl. afdeling 3.7) sou in teorie in die Opelugmuseum gedemonstreer kon word. Dit is dus duidelik dat daar geselekteer sal moet word.

By die selektering van illustreerbare benuttingswyses is dit aangewese om op die huishoudingspraktyke van die vrou te konsentreer. Dit raak in die eerste plek die prosedure van voedselvoorbereiding en bediening. Tans kry slegs die kook van kos aandag. 'n Uitbreiding van hierdie praktyke kan dus met vrymoedigheid aanbeveel word - ten minste op so 'n wyse dat die verskeidenheid potte en bakke aan besoekers getoon en die gebruik daarvan verduidelik sal kan word.

Wanneer 'n mens by praktyke kom soos die beroking van 'n baba oor 'n groot potskerf moet onthou word dat so 'n handeling in die privaatheid van 'n slaaphut geskied en dat mans gewoonlik nie teenwoordig is nie. Die praktiese illustrering van so 'n handeling is vanweë die private aard daarvan nie wenslik nie.

Op dieselfde wyse is die seremoniële drink van bier deur 'n groep mans in die vergaderplek van mans nie moontlik as praktykvoorstelling nie - daar is nie genoeg mans wat in die Tsongakraal werk en hier as akteurs gebruik sou kan word nie. Dit is duidelik dat die uitstalling van seremonies van die bogenoemde aard, asook leefpraktyke wat nie gemaklik vertoon kan word nie in hoofsaak deur verduideliking vanaf fotoreekse onderneem sou kon word. Die Tsongakraal se aanbieding sou gemaklik met so 'n aanbiedingswyse uitgebrei kon word.

Die navorsing ten opsigte van die vervaardiging- en versieringswyse van erdewerk het aangedui (hoofstuk 3.5.3) dat die kleipotte wat tans vervaardig word duidelike Venda-invloed vertoon. Daar word ook geen aandag gegee aan die meer resente potwerktradisie wat in onlangse jare in Gazankulu ontwikkel het nie.

Die literatuurstudie het bewys dat dit moontlik is om die werklike egte Tsongapotwerk na vorm en versiering met voorbeelde uit Mosambiek af te

lei. Dit is dus 'n direkte voorstel dat die huidige pottebaksters opgelei sal moet word om ook die tradisionele Tsonga-erdewerk te kan maak.

Die vervaardiging van kleipotte en veral die versiering daarvan is aan mode-invloede onderhewig. Die afwesigheid van resente pottipes en veral voorbeelde van die versiering van kleipotte met verf is 'n opvallende leemte in die versameling van die Tsongakraal. Dit behoort reggestel te word.

6.5 SOUTONTGINNING

Die argeologiese en historiese gegewens (vgl. afdeling 2.3.2) bewys dat sout uit brakgrond in die omgewing van die Tsongakraal reeds sedert 300 n.C. ontgin word (afdeling 4.3). Dit is onmoontlik om die Tsonga as kultuurgroep met hierdie ontginning te verbind aangesien oorleweringe die bewoning van die Laeveld deur Tsonga slegs na ongeveer 1830 terugneem. Die feit dat Tsonga as middelmanne in die handel met die Ooskus bedrywig was, sou hulle betrokkenheid in die Laeveld tot ongeveer 1500 kon terugskuif. Of hulle selfs toe aktief met soutontginning betrokke was, is onduidelik.

Die beskrywing van soutontginning by Soutini (afdeling 4.5) laat 'n sterk vermoede ontstaan dat Venda-, Karanga- en Sothomense naas die Tsonga by soutontginning betrokke was. Die ontginningswyse is 'n besondere tradisionele bedryf wat algemeen voorgekom het. Die demonstrasie daarvan by die Tsongakraal is dus iets besonders en moet behou word.

Die navorsing wat uit die literatuur (afdeling 4.4) en in praktyk (afdeling 4.5) uitgevoer is, bring twee belangrike uitbreidingsmoontlikhede van die huidige demonstrasie in die Tsongakraal na vore.

Ten eerste word slegs die indampproses deur gebruik van vuur geïllustreer. Daar is oorspronklik ook van verdamping deur sonenergie in seepsteenbakke gebruik gemaak (vgl. afdeling 4.4). Dit word toegegee dat 'n mens nie seker is of dit Tsongamense was wat die verdampingsproses gebruik het nie. Die proses is egter uniek aan die Laeveld. Daar behoort na die navorser se oordeel beslis probeer te word om die ou verdampingsproses aan besoekers te illustreer.

Ten tweede word die southerwinningsproses soos dit tans verduidelik word, nie in geheel nie en ook buite verband gedemonstreer. Southerwinning het oorspronklik naby die bron van die brakgrond plaasgevind (vgl. afdeling 4.5) en nie naby 'n woonplek nie. Die proses begin met die verering van die geeste wat by die soutbron belang het en gaan verder na die versameling van soutkorse op die afgedroogte vleigrond. Eers daarna begin die uitloogproses en die indamping van die soutoplossing wat wel gedemonstreer word. Dit is dus sinvol en wenslik dat hierdie voorafgaande handeling ten minste deur 'n fotoreeks aan besoekers verduidelik sal word.

6.6 KRALEWERK EN VERSIERING

Soos in die geval van pottebakkerie is 'n besondere studie van die kralewerk en versiering met krale onder die Tsonga onderneem. Die detailbesonderhede kan nie weer herhaal word nie. Daar is egter aandag gegee aan die vervaardigingsmetode met verwysing na tegnieke en motiewe wat gebruik word (afdeling 5.2) en die klassifisering van die verskillende tipes kralesierade waarvan daar ten minste vyf tipes onderskei kan word (afdeling 5.3). Hiernaas moes ook aandag gegee word aan die gebruik van krale by die versiering van kleredrag en die maak van die kralepoppie of **madliridliri**.

Die algemene bevinding moet egter duidelik aangedui word. Dit was vroeg reeds duidelik dat die Tsongavrou 'n eie tradisie by die benutting van krale by die maak van sierade het. Die gebruik van krale by die Tsonga verskil opmerklik van die aanwendingswyse by die Sotho. Daar sou egter op beïnvloeding (dalk wedersyds) vanaf die Venda gewys kon word (afdeling 5.4.10). Daar is ook opvallende verskille tussen die noorde van Gazankulu (Giyani-omgewing) en die suide (Mhaladistrik) (vgl. afdeling 5.6). Die moontlikheid dat die gebruik van kralesierade by die Tsonga die gevolg van kontak met die Ndebele sou wees, kan met reg ernstig bevraagteken word (vgl. afdeling 5.6).

Die maak van kraleversierings is 'n algemene aktiwiteit van vroue en word ter vulling van vrye tyd bedryf. Dit is dus 'n praktyk wat in enige Tsongawooneenheid waargeneem kan word. Hierdie feit tesame met die



bogenoemde variasie in sierade in verskillende dele van Gazankulu, maak hierdie skeppinge ideale uitstalmateriaal en bied demonstrasiemoontlikhede van 'n verskeidenheid van aard. Die opvallende leemte by die Tsongakraal waar feitlik niks aan kralwerk gedoen word nie, val 'n mens onmiddellik op. Dit is dus na die navorsers se oordeel gebiedend noodsaaklik dat die leemte dadelik aangevul moet word. Dit vereis die beskikbaarstelling van fondse om 'n verteenwoordigende versameling van Tsongaversierings op te bou. Kralewerkitems is nie goedkoop nie. Hiernaas moet in die demonstrasies in die Tsongakraal aan die vervaardiging van kralesierade aandag gegee word.

Die navorsing (vgl. afdeling 5.4 en 5.6) het duidelik bewys dat dit eintlik om meer as net die kraleversiering moet gaan. Daar moet met die oog op versameling, bewaring en demonstrasie na die totale kleredrag gekyk word. Daar is 'n duidelike verskil in alledaagse en feesdrag en ook 'n verskil in die versierings (kralewerk) wat elke dag en by feesgeleenthede as bykomstighede gedra word. Daar kan vanweë handelsinvloed 'n verskil aangedui word in die patrone op materiaal wat gedurende verskillende periodes in die mode was (vgl. afdeling 3.5). Hiernaas kan in die gebruik van krale ook aangedui word dat die prys en beskikbaarheid sedert die 2de Wêreldoorlog vroue van krale laat oorslaan het na gekleurde wol. Tans is daar weer 'n herlewing terug na die gebruik van krale (vgl. afdeling 5.6). Al hierdie verskillende variasies moet tesame met die modeverskille in die suide en noorde van Gazankulu in gedagte gehou word wanneer 'n versameling klere en kralesierade opgebou word. Daar wag hier 'n formidabele taak op die Tsongakraal-Opelugmuseum, omdat daar tot die huidige baie min versameling, bewaring en dokumentasie oor kralewerk by the Tsonga gedoen is.

Dit is ook uit die navorsing duidelik (vgl. afdeling 5.6) dat die Tsongakralewerk geen besondere boodskappe aandui nie. Dit is wel moontlik om die status van jonge dogter, hubare jonkvrou en volwasse en getroude vrou uit die kleredrag en sierade wat gedra word, af te lei. Omdat krale duur is, is die omvang van die versierings wat gedra word ook 'n aanduiding van rykdom of andersins van die aandag wat aan kleding en versierings geskenk word.

Kraledrag het feitlik altyd slegs met die sosiale faset van die lewenswyse te doen en is veral belangrik by feesgeleenthede waar vertoonsug en danse 'n rol speel. Daar kon slegs enkele stukke aangedui word wat 'n magies-beskermende rol speel of wat tipiese beroepsdrag van die **n'anga** is. Kralesierade en die gepaardgaande demonstrasiemoontlikhede het dus 'n beperkter waarde as kleipotte en -houers wat 'n omvangryke skakeling na 'n verskeidenheid kultuurfasette vertoon.

6.7 MUSEUMKUNDIGE UITBOUING

6.7.1 Binne funksionele verband

In die gang van die uiteensetting in elke hoofstuk van die studie was dit 'n oogmerk om aan te dui hoe elk van die tegniese skeppinge waaraan besondere aandag gegee is funksioneel skakel met 'n verskeidenheid kultuurfasette. Daar is dan aangedui waar en hoe van hierdie leefsituasies binne die Tsongakraal verbeeld sou kon word. Die klem het uiteraard op die aktiwiteite van inwoners geval.

By die beklemtoning van funksionele studie moet die duidelike verskil beklemtoon word tussen die funksionele bestudering van 'n lewenspatroon en die funksionele uitstalling of aanbieding daarvan in 'n museum of dan Opelugmuseum.

Die eerste vereiste vir 'n funksionele studie in die veld is die nougesette optekening van die waargenome praktyk. Dit gaan dan om die afbakening van die groep mense wat handel asook tweedens om die beskrywing van die handeling en die tegniese skeppinge wat daarby gebruik word. Malinowski stel die taak so:

"... that in the study of every organised human group it is necessary to document the result by a full inventory of the material apparatus used in its activities; it is essential to see how the group of people itself is constituted and organised; last but not least, linguistic documentation of the crucial concepts, texts, and sayings, is indispensable" [Malinowski 1968:49]

Die derde komponent wat Malinowski noem, die taalkundige, bly in praktyk dikwels in die slag.

Wanneer funksionele navorsing deur iemand in belang van 'n museum uitgevoer word, is die bestudering van die tegnologiese tesame met elke reeks intermenslike verhoudinge en wel binne besondere kultuurfasette dus ter sprake. Die gelyktydige versameling van inheemse benaminge en spreekwoorde wat met die handeling asook die tegniese skeppinge verband het, is net so belangrik.

In die voorafgaande studie is die klem op die handeling van die Tsongavrou geplaas met besondere aandag aan die tegniese skeppinge wat sy gebruik. Ten opsigte van die taalkundige studie is volstaan met die versameling van inheemse benaminge, asook soms die verklaring van die benaming. Dit is duidelik dat hierdie laaste komponent verdere ondersoek regverdig.

Die funksionele aanbieding van lewensituasies in 'n opelugmuseum is nie dieselfde as die blote duplisering van wat in die veld in funksie waargeneem en gedokumenteer is nie. By die voorstelling in 'n museum kom 'n onvermydelike element van kunsmatigheid by.

Dit is so eerstens omdat slegs besondere en daaglik-herhalende lewensituasies vir uitstalling gekies kan word. Al die belangrike geleentheidsgebeurtenisse vanaf offerandes tot dansgeleentede val eintlik buite hierdie aanbiedingspatroon. Waar byvoorbeeld die daaglikse voedselvoorbereiding gedemonstreer word, sien besoekers net die fase waarin die proses is tydens hulle besoek. Die ander dele bly vir hulle 'n geslote boek tensy die hele proses by wyse van 'n gesimuleerde aanbieding aangebied word.

Ten tweede is daar 'n verskeidenheid seremonies wat die navorser as 'n gewaardeerde vriendin of vriend in die veld bywoon, maar wat vanweë die inbreuk op privaatheid nie vir elke besoeker aan 'n opelugmuseum vertoon kan word nie. Dit is natuurlik moontlik om sulke praktyke spesiaal te laat voorspeel. So 'n optrede beklemtoon juis die feit van kunsmatigheid waarna vroeër verwys is.

Die middeweg tussen die uiterstes van kunsmatigheid en skending van privaatheid is die beplanning van 'n reeks basiese alledaagse lewensituasies vir besigtiging in die opelugmuseum, die verduideliking van 'n tweede reeks handeling wat nie vertoon word nie en derdens die periodieke aanbieding van geleentheidgebeurtenisse. By die voorbereiding van voedsel kan die gebruik van kookpotte in die kookskerm byvoorbeeld vertoon word. Die opskepprosedure van die voedsel van die man kan verduidelik word, terwyl as besondere aanbieding gedink kan word aan 'n periodieke proe-aand waar besoekers inheemse voedselsoorte kan sien en self kan proe.

Waar die vervaardiging van 'n kralesieraad volgens 'n besondere tegniek elke dag te sien kan wees, kan daarnaas as besondere geleentheid gedink word aan die demonstrasie van 'n hele paar tegnieke. Die demonstrasie van die alledaagse kleredrag teenoor die drag by feesgeleenthede sou per geleentheid opgevolg kon word met dansdemonstrasies waarby besoekers die feesdrag in funksie kan sien.

Voorbeelde van dié aard sal beslis afhang van die kreatiewe denke en ywer van besondere museumkurators. Die belangrike is dat dit nie sonder die voorafgaande navorsing in funksionele verband bedink of uitgevoer kan word nie. Funksionele navorsing en funksionele uitstalling of aanbieding in 'n opelugmuseum gaan hand aan hand.

6.7.2 Kommersiële onderneming

Deur die gang van die hele studie en vanuit die ervaring in die Tsongakraal-Opelugmuseum het die vraag of die museum die stukke (potte, houtsneeuwerk, kralesierade, matte, dansklere, ens.) wat deur praktiese demonstrasies gelewer word, mag of behoort te verkoop. Die argument word dikwels gehoor dat die museum die moontlike privaat-inisiatief kan vernietig of skade aandoen deur self die kuriomark te betree. Daarenteen ervaar die museum dat die bergingsruimtes vir vervaardigde goedere mettertyd te klein word en dit dan noodgedwonge vernietig moet word.

Die noodsaaklikheid om museumontwikkeling te beplan deur inkomste uit verkope van literatuur, brosjures en veral toegang daarvoor te gebruik, is 'n

gemeenplaas. Waarom kan die inkomste uit die verkoop van kleipotte of kralesierade of houtsneewerk nie ook vir hierdie ontwikkelingsdoel gebruik word nie. Aan die moontlike inbreuk op 'n private handelsmark word hierna aandag gegee.

Dit is 'n gemeenplaas in enige handelsaksie dat die produk gelewer moet word waarvoor daar 'n mark bestaan. Die regte tipe kleipotte of kralesierade sal dus gelewer moet word. As 'n mens die koste van krale in ag neem en dus die beperkte afset van die groter, en dus duurder, items in gedagte hou (vgl. afdeling 5.6) is dit duidelik dat die bepaling van wat met die oog op verkoop gemaak moet word van deurslaggewende belang sal wees.

'n Mens moet egter onthou dat die plasing van die Overvaaloord, Eiland, in die Hans Merensky-Natuurreservaat (afdeling 2.3.3), aan die Tsongakraal 'n gevange besoekerspotensiaal en dus ook 'n kopersmark verskaf. As die mark te klein is, sou die moontlikhede van verkope deur die Nasionale Parkeraad in die Nasionale Krugerwildtuin beding kon word. Na die navorser se oordeel is die markpotensiaal veel groter as die huidige produksietempo van byvoorbeeld kleipotte in die Tsongakraal.

Met die oog op die klage van benadeling van privaat-inisiatief is dit die oordeel dat die Tsongakraal sy moontlike verkope behoort te koppel aan die stimulering van 'n tuisnywerheidsbedryf uit die omgewing. Dit behoort moontlik te wees om die produkte van pottebaksters uit die omgewing by die museum tot voordeel van die vervaardigers te verkoop. As 'n mens onthou dat pottebakkerie 'n spesialisbedryf is (vgl. afdeling 3.1) is dit duidelik dat daar in 'n gesamentlike optrede deur die pottebaksters binne en buite die museum besliste en organiseerbare moontlikhede skuil.

Aan die hand van die navorsing van Coertze [1991:61-68] by die handwerksentrum te Giyani, Gazankulu, moet 'n instansie wat 'n tuisnywerheid wil stimuleer bereid wees om 'n hele reeks handeling uit te voer. Na die werf van samewerking by kundiges moet die grondstowwe verskaf en die finale produk opgehaal word en getoets word of dit aan die vereistes voldoen voor van werklike verkope sprake is.

Die verskaffing van grondstowwe aan werkers buite die museum sal ten opsigte van klei vir die vervaardiging nie nodig wees nie. Hout vir houtsneewerk is egter skaars en krale vir die maak van sierade is duur. Die stimulering van 'n tuisnywerheid uit die omliggende gemeenskappe sal beslis 'n mate van bedryfskapitaal by die museum self vereis.

Die handhawing van 'n mate van kwaliteitskontrole sal aan medewerkers verduidelik moet word. Gespreksvoering van dié aard laat egter die opening om meer moderne produkte en die gebruik van alternatiewe, byvoorbeeld plastiek- in plaas van glaskrale te propageer. Langs hierdie weg kan selfs 'n groter verskeidenheid produkte verkry word as die meer tradisionele items wat by die museum self vervaardig word.

Dit is nie hier die oogmerk om die lewensvatbaarheid van 'n tuisnywerheid as handelonderneming te beredeneer nie. Daar word volstaan deur eerstens in beginsel aan te dui dat die verkope van items wat by 'n opelugmuseum vervaardig word as stimulus eerder as die inperking kan dien van 'n inheemse tuisnywerheid. Die rol van 'n museum in die stimulering van 'n proses van gemeenskapontwikkeling word dan van besondere betekenis.

Dit is egter in die tweede verband duidelik dat die doeltreffende ontginning van die gedagte van 'n tuisnywerheid beleidsbeslissings impliseer oor die aanvaarding van die taak van stimulering van gemeenskapontwikkeling. So 'n taak lê nie op die normale weg van 'n museumorganisasie nie. Dit mag die aanstelling van verdere personeel impliseer.

Ten derde is dit duidelik dat die ontginning van die gedagte van 'n tuisnywerheid rondom die museum alleen vrug kan dra na deeglike volkekundige navorsing oor die aard en verskeidenheid van tegniese skeppinge wat vervaardig word. Die studie oor potwerk, soutmakery en kraliesierade het dus meer as blote vakkundige waarde.



HOOFSUK 7
BRONNELYS



- Basson, J.J.** 1980. Die Tsongakraal-Opelugmuseum in perspektief. Skripsie vir Nagraadse Diploma in Museumkunde. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Bates, C.W.** 1947. A Preliminary Report on Archaeological Sites on the Groot Letaba River, Northern Transvaal. South African Journal of Science, 43:365-75.
- Bates, C.W.** 1955. Brief aan J.N. Swart Esq., in verband met inligting oor Eiland.
- Beals, R.L. & Hoijer, H.** 1965. An Introduction to Anthropology. New York: MacMillan Company.
- Beattie, J.** 1975. Other Cultures. Aims, methods and achievements in Social Anthropology. London : Routledge and Kegan Paul.
- Becker, R. & Nettleton, A.** 1989. Catalogue. Ten Years of Collecting (1979-1989). Nettleton and Hammond Tooke (ed). Standard Bank Foundation Collection of African Art, University Art Galleries Collection of African Art, University Ethnological Museum Collection. Johannesburg: University of the Witwatersrand.
- Boonzaaier, C.C.** 1980. Die Inheemse Bestuurstelsel en Hofstelsel van die Nkuna van Ritavi met verwysing na hulle herkoms. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Bruwer, J.P. v. S.** 1963. Die Bantoe van Suid-Afrika. Johannesburg: Afrikaanse Pers Boekhandel.
- Burman, Jose.** 1969. Who really discovered South Africa? Cape Town: C. Struik.
- Coertze, P.J.** 1965. Inleiding tot die Algemene Volkekunde. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- Coertze, R.D.** 1991. Doelmatige tegnologie in Gazankulu. SA Tydskrif vir Etnologie. 14(3)
- Cuenod, R.** 1967. Tsonga-English Dictionary. The Central Mission Press, SA. Braamfontein: Sasavona Publishers & Booksellers.
- Cuenod, R.** 1978. English-Tsonga Tsonga-English Pocket Dictionary. Braamfontein: Sasavona Publishers & Booksellers.

- Das Neves, D. Fernandes.** 1879. A Hunting Expedition to the Transvaal. Translated from the Portuguese by Mariana Monteiro. London: George Bell and Sons.
- Davison, P.** 1978. The Material Culture of the Balobedu: MA-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Davison, P. & Harris, P.** 1980. Cotton Weaving in South-east Africa : Its History and Technology. Reprint from Textile History, Volume II. Cape Town: Pasold Research Fund Limited.
- Departement van Onderwys en Opleiding.** Tsonga Terminologie en Spelreëls. No. 3. Pretoria: Staatsdrukker.
- De Vaal, J.B.** 1984. Ou Handelsvoetpaaie en Wapaaie in Oos- en Noord-Transvaal. Contree, No. 16, bladsy 5-15.
- De Vaal, J.B.** 1985. Handel langs die Vroegste Roetes. Contree, No. 17, bladsy 5-14.
- Dicke, B.H.** 1936. The Bush Speaks. Border life in old Transvaal. Pietermaritzburg: Shuter and Shooter.
- Duggan-Cronin, A.M.** 1935. The Bantu Tribes of South Africa, Vol. IV, Section I: TheVathonga. London: Cambridge University Press.
- Earthy, Dora E.** 1968. Valenge Women. The Social and Economic Life of Valenge Women of Portuguese East Africa. Birmingham: Frank Cass and Company Limited.
- Erskine, St. Vincent.** 1875. Four Journeys. Journey to Umzila South East Africa 1871-2. Journal of the Royal Geographical Society, XLV, 95.
- Evers, T.M.** 1975. Recent Iron Age Research in the Eastern Transvaal, South Africa: South African Archaeological Bull. 30:71-83.
- Evers, T.M.** 1979. Salt and Soapstone Bowl Factories at Harmony, Letaba District, Northern Transvaal. Goodwin Series 3. Cape Town. South Africa Archaeological Society.

- Evers, T.M.** 1981. The Iron Age in the Eastern Transvaal, Voigt, E.A. (ed) Guide to archaeological sites in the Northern and Eastern Transvaal, 64-109. Pretoria: Transvaal Museum.
- Fox F.W. & Young, M.E. Norwood.** 1982. Food from the Veld. Johannesburg and Cape Town: Delta Books (Pty) Limited.
- Frese, H.H.** 1960. Anthropology and the Public : The Role of Museums. Leiden : EJ Brill.
- Grilo, Valez.** 1977. Aspects of the Cultural Life of the Changana-Tsonga People and their Neighbours. Ongepubliseerd.
- Grosvenor, M.B. (ed).** 1977. The Renaissance. Makers of Modern Man. Vol. IV in The Story of Man. Washington, D.C.: National Geographic Society.
- Hammond-Tooke, W.D. (ed).** 1974. Bantu Speaking Peoples of Southern Africa. London: Routledge and Kegan Paul.
- Hartman, J.B.** 1972. Die Politieke en Judisiële Organisasie van die Suidelike Changana (Bosbokrand) in die lig van hulle herkoms. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Hartman, J.B.** 1978. Die Samehang in die Privaatreg van die Changana-Tsonga van Mhala, met verwysing na die administratiefregtelike en prosesregtelike funksionering. D. Phil-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Hartman, J.B. & Kriel, J.B.** 1991. Gazankulu en sy mense. Pretoria: Kriel & Hartman.
- Junod, H.A.** 1897. Les Charts et les Contes des BaRonga de la Baie de Delagoa. A collection of Shangana-Tsonga Folk tales. Lausanne: G Bridel.
- Junod, H.A.** 1905. The Ba-Thonga of the Transvaal. Addresses and Papers read at the Joint Meeting of the British and South African Associations for the advancement of Science. South African Journal of Science, Vol. 3: 222-262.
- Junod, H.A.** 1927. The Life of a South African Tribe. Volume I en II. London: McMillan.

- Junod, H.P.** 1935. The Vathonga. In: Duggan-Cronin, A.M. The Bantu Tribes of South Africa. Vol IV Section I. London: Cambridge University Press.
- Junod, H.P.** 1938. Bantu Heritage. Pretoria: Swiss Mission of South Africa.
- Junod, H.P.** 1977. Aspects of the Cultural Life of the Changana - Tsonga People and their neighbours in the sixteenth and seventeenth centuries 1498-1650. Ongepubliseerde manuskrip.
- Junod, H.P.** 1981. Vutlhari bya Vatsonga. The Wisdom of the Tsonga - Shangana people. Braamfontein: Sasavona Books.
- Kent, L.E.** 1942. The Letaba Hot Spring. Transvaal Roy. Society South Africa, 29(2):35-47.
- Kent, Lesley.** 1986. The Thermal Saline Springs of the North-Eastern Transvaal. Ann. geol. Surv. South Africa 20, p. 141-154.
- Kettlitz, W.K. & Verschuur, T.B.** 1958. Die Hans Merensky-Natuurreservaat. Fauna en Flora.
- Kirby, P.K.** 1934. The Musical Instruments of the Native Races of South Africa. London : Oxford University Press.
- Krige, E.J. and Krige, J.D.** 1980. The Realm of a Rain Queen. Oxford. Oxford University Press (1st ed. 1943).
- Krige, J.D.** 1937. Traditional Origin and Tribal Relationship of the Sotho of Northern Transvaal. Bantu Studies, 2(4).
- Krige, E.J.** 1938. The place of the North-eastern Transvaal Sotho in the South Bantu complex. Africa II, 265-293.
- Küsel, U.S.** 1987. Die Ontwikkeling van die Transvaalse Provinsiale Museumdiens. D.Phil-proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Lawton, A.C.** 1967. Bantu Pottery. Annals of the South African Museum, Volume 49, Part 1, p. 1-434. Cape Town: SA Museum.



- Liengme, C.A.** 1981. Plants used by the Tsonga people of Gazankulu. Bothalia 13, 3 and 4: 501-518.
- Liesegang, G.J.** 1967. Beiträge zur Geschichte des Reiches der Gaza Nguni im südlichen Moçambique, 1820-1895. D.Phil-proefskrif. Köln: Universität zu Köln.
- Lipps, Julius E.** 1949. The Origin of Things. A Cultural History of Man. London: George G Harrap and Company Limited.
- Malinowski, B.** 1922. Argonauts of the Western Pacific. New York : EP Dutton.
- Malinowski, B.** 1968. The Dynamics of Culture Change. New Haven and London: Yale University Press.
- Montez, Caetano.** 1940. As Raças Indigenas de Moçambique. Smith A.K. The peoples of Southern Mosambique : historical survey.
- Oberholzer, H.** 1982. Administrasie van Nasionale Museums in die Republiek van Suid Africa. Memoirs van die Nasionale Museum. Bloemfontein.
- Pelto, P.J. and Pelto, G.H.** 1978. Anthropological Research. The Structure of Inquiry. London: Cambridge University Press.
- Potgieter, D.J.** (ed). 1973. Standard Encyclopaedia of Southern Africa, No. 9. Johannesburg: Nasou.
- Powdermaker, Hortense.** 1966. Stranger and Friend. Norwich: Fletcher and Son Limited.
- Punt, W.H.J.** 1958. Die Verkenning van die Krugerwildtuin deur die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie 1725. Tydskrif vir Wetenskaplike navorsing in die Nasionale Parke in die Unie van Suid Afrika, No. 1.
- Quin, P.J.** 1959. Foods and Feeding Habits of the Pedi. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Raddatz, H.** 1886. Das Kaffernland am Untern Olifant. Petermann's Mitteilungen No. 32, bl. 53.

- Schepard, Anna O.** 1968. Ceramics for the Archaeologist. Washington, DC: Carnegie Institute of Washington.
- Schoeman, S.** 1983. Eloquent Beads - The Semantics of a Zulu Art Form. Africa Insight, Volume 13 No. 2.1.
- Schofield, J.F.** 1948. Primitive Pottery - An Introduction to South African Ceramics, Pre-historic and Proto-history. (Handbook series No. 3). Cape Town: South African Archaeological Society.
- Smith, A.K.** 1969. The Trade of Delagoa Bay as a Factor in Nguni Politics 1750-1835. Leonard Thompson (ed.). African Societies in Southern Africa. London: Heineman Educational Books Limited.
- Smith, A.K.** 1973. The People of Southern Mozambique: An Historical Survey. Great Britain: Journal of African History, XIV, 4, pp 565-580.
- Terblanche, H.P.** 1983. Die fees van die eerste vrugte. Overvaal Museumnuus. Vol.10, No. 2 bl. 13-15.
- Van der Kooy, R.** 1989. Development: mirage or miracle. Development, the Human Challenge. Development Society of Southern Africa. Potchefstroom: UPHE.
- Van der Lith, A.A.** 1960. Die Keramiek van die Venda. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Van Schalkwyk, J.A.** 1985. Die Tegniese Skeppinge van die Molepo van Thabamoopo. MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Van Warmelo, N.J.** 1935. A Preliminary Survey of the Bantu Tribes of South Africa. Ethnological Publications No. 5. Pretoria: Government Printer.
- Velcich, G.** 1963. Salt from the Soil. Bantu, July 1963.
- White, W.** 1800. Journal of a voyage. From Madras to Columbo and Delagoa Bay, on the eastern coast of Africa. London: John Stockdale.



Wiid, F.G.I. & Bothma, C.V. s.a. 'n Etniese oorsig van die stamme van Gazankulu. Pretoria:
Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

Wilson, M. & Thompson, L. 1936. A History of South Africa to 1870. Cape Town and
Johannesburg: David Philips.

Witt, J.R.G. s.a. Primitive Salt Production in the North-Eastern Transvaal. Ongepubliseerde
manuskrip.

Witt, J.R.G. 1966. Primitive Salt Production in the Transvaal Lowveld. Scientific South
Africa. 3(6):21-24.



HOOFSUK 8
BYLAES

- A: Plantbenutting deur die Tsonga**
- B: Bates se brief**
- C: Woordelys: Tsonga - Afrikaans**



Die Botaniese en Tsonganame is aan die hand van C.A. Liengme nagegaan
Daar kon nie vir alle Tsonganame Afrikaanse name gekry word nie

KONSTRUKSIE: HUTBOU, VISFUIKE, SOUTFILTREERDERS, KOOKSKERMS, GRAANSTORE, BEESKRAAL

<i>Colophospermum mopane</i> nxanatsi/kondze mopanie	Die basiese raamwerk van hutte, kookskerms en soutfiltreerders word van mopaniepale en -latte gemaak, en gebind met mopaniebas.
<i>Themeda triandra</i> mbvume rooigras	Die hutte se dakke word meestal met rooigras gedek en die soutfiltreerders word daarmee uitgevoer.
<i>Phragmites mauritianus</i> rihlanga dekrief, fluitjiesriet	Die plafon in die hoofvrou se hut word netjies met latte afgewerk. Word ook as 'n onderlaag by die dek van dakke gebruik.

POTTEBAKKERY

<i>Piliostigma thonningii</i> nkokotso kameelspoor	Die peule, tamula , word as gereedskap by die vorming van potte gebruik.
<i>Lonchocarpus capassa</i> mbhandzu appelblaar	'n Spaan om die bodem van 'n pot te vorm word van die hout gemaak.
<i>Xerophyta retinervis</i> sirudzu bobbejaanstert, besembos	Word in die brandproses gebruik.

MANDJIEWEEF EN -VLEG

<i>Acacia ataxacantha</i> muluwa vlamdoring	Hout word in dun repe gesny vir die weef van wan-en bêremandjies.
<i>Brachylaena discolor</i> mphata kusvaalbos	Word gebruik vir die randversterking van die mandjies.
<i>Hyphaene crinita</i> ilala lalapalm	Blare word in repe gesny vir die vleg van dolossakke, reissakke en bierfiltreerders.
<i>Sansevieria hyacinthoides</i> xikwenga aambeiwortel	Die vesel van hierdie plant is vroeër gebruik as garing en as skering vir die biesiematjies en hingsels vir sakke, voordat sisal beskikbaar was.



<i>Cyperus sexangularis</i> risama biesiegras, matjiesgoed	Slaapmatte word hiervan gemaak.
<i>Hyparrhenia hirta</i> ntsenga dekgras	Graanmandjies word van dekgras gemaak.
<i>Cocculus hirsutus</i> risotse/rixotse/rixoto	Mandjies, waarin die vrouens ware op hul koppe dra, word hiervan gevleg; die bêre- en wanmandjies word ook hiermee afgewerk.
<i>Dioscorea cotinifolia</i> risidwa olifantsvoet	Die stingels van hierdie rankplant word gebruik om die rand aan die hoofgedeelte van mandjie vas te werk.
<i>Tylosema fassoglensis</i> nthamula marambaboerboontjie	Die stingels word vir die vleg van mandjies gebruik. Aftreksel van die wortels word as kleurmiddel gebruik.
<i>Grewia flavescens</i> nsihana skurwerosyntjie	Word gebruik om mandjies aan mekaar vas te werk.

KLEURSTOF

<i>Lannea stuhlmannii</i> ndzivata bastermaroela	Die bas word geweek en gekook en gee dan 'n bruin kleurstof.
<i>Tylosema fassoglensis</i> nthamula marambaboerboontjie	Wortels gee bruin kleurstof.

MUSIEKINSTRUMENTE

<i>Lannea stuhlmannii</i> ndzivata bastermaroela	Een van die houtsoorte vir die klein plat drom wat deur 'n n'anga bespeel word.
<i>Faurea saligna</i> muthango Transvaalboekenhout	Word gebruik vir die basis van die mbila .
<i>Pterocarpus angolensis</i> murotso/mvhangazi kiaat	Vorm die basis van die mbila .
<i>Ficus capensis</i> nkuwa besemtrosvy	Word gebruik vir die vervaardiging van dromme.



<i>Ficus sycomorus</i> nkuwa gewone trosvy	Word gebruik vir die vervaardiging van dromme.
<i>Ficus sonderi</i> xirhomberhombe xa tintsava bergrotsvy	Word gebruik vir die vervaardiging van dromme.
<i>Colophospermum mopane</i> nxanatsi mopanie	Word gebruik vir slaanstokke vir die bespeling van dromme.
<i>Lannea discolor</i> ximutswani dikbas	Gebruik vir 'n klein plat drom wat die n'anga gebruik.
<i>Balanites maughamii</i> nulu groending	Die musiekboog, xipendane , word van hierdie boom gemaak. Medisyne van fyngemaalde wortels dryf demone uit.
<i>Calodendrum capense</i> mbhovhu wildekastaiing	Beenratel van die gedroogde vrug word deur dansers gedra tydens feeste.
<i>Commiphora pyracanthoides</i> xifata gewone kanniedood	Die hout word gebruik vir die basis van die mbila , vingerklavier.
<i>Grewia flavescens</i> nsihana skurwerosyntjie	Word gebruik vir die maak van musiekboë, xitende , xipendane , xizambi . Die penne waarmee die vel oor die drom gespan word, word van hierdie hout gemaak.
<i>Sclerocaria birrea</i> nkanye maroela	Die hout word gebruik vir dromme, tingoma , en ook soms vir die vingerklavier, mbila .
<i>Phragmites mauritianus</i> rihlanga dekriet, fluitjiesriet	Word gebruik om fluite te maak. So ook 'n bamboes spesie, wat uitheems is.
<i>Hyphaene crinita</i> ilala lalapalm	Blare word as snaar vir snaarinstrumente en vir die vleg van sekere ratels gebruik.
<i>Abrus precatorius</i> susumane	Sade van hierdie giftige plant word in ratels geplaas.
<i>Oncoba spinosa</i> mbhovu snuifkalbassie	Saadhuisies dien as 'n verskeidenheid ratels asook 'n soort fluitjie (xiwaya).



HOUTSNEEWERK

<i>Acacia nigrescens</i> nkaya knoppiesdoring	Die hout word gebruik vir die maak van stampers.
<i>Albizia versicolor</i> mbhesu/mvhangazi wo basa grootblaarvalsoring	Die hout is hard en van ligte kleur en word gebruik vir stampblokke asook ander houtwerkvoorwerpe.
<i>Berchemia discolor</i> nyiri bruinivoor	Die hout word gebruik vir die maak van stampers en handvatsels vir gereedskap soos dissels.
<i>Bolusanthus speciosus</i> nkhamba vanwykshout	Word gebruik vir die maak van handvatsels van gereedskap, kieries en klein stoeltjies en nekbanksies.
<i>Cassine transvaalensis</i> ximapana transvaalsaffraan	Word gebruik vir die maak van lepels, gereedskaphandvatsels.
<i>Cassine aethiopica</i> nqayi koedoebessie	Die hout word gebruik vir die maak van kieries.
<i>Combretum imberbe</i> mondzo hardekool	Die hout word gebruik vir die maak van stampers en stampblokke.
<i>Combretum hereroense</i> mpotsa kierieklapper	Gereedskapshandvat Stampers en verskeie ander houtvoorwerpe.
<i>Combretum apiculatum</i> mpotsa rooibos	Gereedskapshandvatsels, seremoniële dansbyl word van hierdie hout gemaak.
<i>Crossopteryx febrifugia</i> nkombekwa sandkroonbessie	Bakke en ander huishoudelike gebruiksartikels word van hierdie hout gemaak.
<i>Gardenia spatulifolia</i> xitsalala transvaalkatjiepiering	Lepels word van hierdie hout gemaak.
<i>Ptaeroxylon obliquum</i> ndzari	Huishoudelike gebruiksartikels.
<i>Dombeya rotundifolia</i> xilubarhi drolpeer/dikbas	Lepels, gereedskapshandvatsels, Pikhandvat.



<i>Diospyros mespiliformis</i> ntoma/mgula jakkalsbessie	Stampers en stampblokke, deurrame, vir hutbou, en vir jukke.
<i>Dalbergia melanoxylon</i> xipalatsi sebrahout	Ornamente, kieries, nekbankies, Seremoniële dansbyle en stokke.
<i>Pterocarpus angolensis</i> mvhangazi/murotso kiaat	Bakke, borde, lepels, kieries, bierbekers, seremoniële dansbyl.
<i>Spirostachys africanus</i> ndzopfuri tambotie	Stoeltjies, bakke, kieries word van tambotie gemaak.
<i>Maytenus heterophylla</i> xihlangwa gewone pendoring	Lepels word van hierdie hout gemaak.
<i>Crossopteryx febrifuga</i> nkombekwa sandkroonbessie	Bakke, lepels en ander huishoudelike artikels word van hierdie hout gemaak.
<i>Hexalobus monopelatus</i> mbomu/nxakama shakamapruim	Die hout word gebruik om lepels en stoeltjies te maak.
<i>Breonadia salicina</i> (was <i>Adina microcephala</i>) muhlomo/muthuma/nhlume mingerhout	Papklitser, rifeto , word van hierdie hout gemaak.
<i>Grevia flavescens</i> nsihana skurwerosyntjie	Besems, word van die dun takke saamgebondel gemaak.
<i>Xerophyta retinervis</i> ntsengele	Besems word hiervan gemaak.

YSTERVERWERKING

<i>Combretum imberbe</i> mondzo hardekool	Gebruik in die smeltproses van ystererts.
<i>Terminalia sericea</i> nkonolo vaalboom	Houtskool word in die smee-oond gebruik.



MEDISYNE EN MAGIESE MIDDELS

<i>Maytenus senegalensis</i> xihlangwa rooipendoring	Ekstrak van die wortels, dorings en blare word vir borskwale gebruik; die bas teen maagongesteldhede.
<i>Spirostachys africana</i> ndzopfuri tambotie	Bas dien as purgeermiddel; melksap is 'n pynstiller.
<i>Ansellia gigantia</i> phakama wilde orgidee	Wortels word as hoofpynmiddel gebruik.
<i>Lonchocarpus capassa</i> mbhandzu appelblaar	Bas is slagbytteemiddel en in 'n mengsel ook teen verkoue.
<i>Strychnos madagascariensis</i> nkwakwa botterklapper	Pitte bevat 'n purgeermiddel; olie is geskik vir seepmaak.
<i>Azelia quanzensis</i> nxenhe peulmahonie	Seep word van hierdie plant gemaak.
<i>Dicerocaryum zanguebarium</i> dindza	Word vir seep en as haarwasmiddel gebruik.
<i>Amaranthus cruentus</i> nhlaba ya fole hanekam, misbredie	Snuif word van die blare gemaak.
<i>Aloe davyana</i> mhangani kleinalwyn	Snuif word van die blare gemaak.
<i>Trichilia emetica</i> nkuhlu rooiessenhout	Bas vir leerlooi; die bone bevat olie, wat in soliede vet stol as dit uitgepers word—seep word daarvan gekook en die oliekoek word vir veevoer gebruik. Die bone word ook geëet.
<i>Bolusanthus spesiosus</i> nkhamba vanwykshout	Wortels is 'n purgeermiddel, dien ook as slaapmiddel.
<i>Sclerocarya birrea</i> nkanye maroela	Bas is 'n disenterie-teemiddel.
<i>Lonchocarpus capassa</i> mbhandzu appelblaar	Wortels word gebrand en rook ingeasem teen verkoue.



<i>Gardenia spatulifolia</i> xitsalala Transvaalkatjiepiering	Takke word oor die drumpel van 'n hut gelê of daar naby in die grond gesteek om hekse en bose geeste weg te hou. 'n Mikstok word ook as altaar vir vreemde geeste gebruik. Het beskermende eienskappe om die n'anga teen bose magte te beskerm.
<i>Combretum imberbe</i> mondzo hardekool	Die as word as plaasvervanger vir kalk en dus as afwitkalk gebruik.
<i>Albizia versicolor</i> mvhangazi wo basa grootblaarvalsoring	'n Middel word van die wortels en bas gemaak om demone uit te dryf.
<i>Asparagus virgatus</i> nkwangulantila kathbosdoring	Hierdie plant het magiese eienskappe. 'n Tak word aan die brand gesteek om ongewenste reën af te weer.
<i>Kigella africana</i> mpfungu worsboom	Die groot vrugte word gebrand sodat die digte rook 'n dreigende storm kan afweer.
<i>Asclepias burchelli</i> kotoni bergkapok, bergtonteldoos	Die wortels is 'n wurmteemiddel.
timintsu ontgeïdentifiseerd	'n Kruieplant wat as medisyne gebruik word. Die latynse naam kon nie gekry word nie.
<i>Blumea aurita</i> <i>asook</i> <i>Espaltes</i> <i>gariépina</i> munywani blougifbossie	'n Oplossing van die plant in warm water word op seerplekke op die liggaam aangewend.
<i>Bridelia micrantha</i> mindzere mitserie	Die bas dien as maagmedisyne.
<i>Capparis tomentosa</i> mukorongwe wollerige klapperbos	Die bas dien as maagmedisyne.
<i>Clematis brachiata</i> maamba klimop, lemoenbloeisel	Die stoom van die blare wat in water gekook word, word teen hoofpyn ingeasem. Die wortels word teen verkoues in die neus gestop.
<i>Cryptolepis capensis</i> nyokani	Hierdie plant dien as wurmteemiddel.
<i>Cyphostemma humile</i> ndlejane brandbessie	Vloeistof van fyngedrukte blare vir oorpyn.
<i>Gnidia rubescens</i> xinyokonyokane	Wortels dien as 'n wurmteemiddel.



<i>Lippia javanica</i> musuzwane koors (tee) bossie	Gekookte blare is 'n middel teen hoes en teen neusbloei.
<i>Solanum incanum</i> ndzhulwane gifappel, bitterappel	Vrugte word fyn gedruk en op die oop naelstringseer geplaas.
<i>Spilanthes mauritiana</i> xixwene	Blare word op mondsere geplaas om pyn te verminder.
<i>Trichilia emetica</i> nkuhlu rooïessenhout	'n Olie uit die sade ge-ekstraheer word wyd vir medisinale en kosmetiese doeleindes gebruik.
<i>Turraea obtusifolia</i> mbhovane kanferfoelieboom	Geneuste vrugte en blare word as 'n maagspoelmiddel gebruik.
<i>Xeromphis obovata</i> mutungababara doringbeenappel	Geneuste wortels word gebruik om demone uit te dryf.
<i>Zanthoxylum capense</i> manhungwane kleinperdepram	Gebruik vir verkoues.
<i>Sphaeranthus incicus robyns</i> munywani soutbossie	Sout word van hierdie plant verkry.

VELDKOS

<i>Adansonia digitata</i> ximovu kremetart	Droë vrugtepulp word van die vrug gemaak.
<i>Amaranthus thunbergii</i> thyeke hanekam, misbredie	Blaargroente word van hierdie plant gekook.
<i>Annona senegalensis</i> ndzompfa/muyembe wildesuikerappel	Vrugtepulp word van die vrug verkry.
<i>Antidesma venosum</i> mpfalambati voëlsitboom	Vrugte word geëet.
<i>Arachis hypogea</i> manga grondboontjie	Van grondbone (uitheems) word verskeie geregte gemaak.



<i>Artabotrys brachypetalus</i> ntita/xivudzi grootaakbessie	Vrugte word geëet.
<i>Bequaertiodendron magalimontanum</i> nombela stamvrug	Vrugte word geëet.
<i>Berchemia discolor</i> nyiri/muwe bruinivoor	Vrugte word geëet.
<i>Bidens pilosa</i> muxiji knapsekêrel	Blaargroente word gekook en geëet.
<i>Bridelia micrantha</i> mindzere mitseri	Vrugte word geëet.
<i>Cajanus cajan</i> ndodzi kongoboontjie	Hierdie is 'n soort ertjie (uitheems) wat geëet word.
<i>Capsicum frutescens</i> viriviri brandrissie	Paprika is 'n belangrike toevoeging in die Tsonga se dieët.
<i>Carissa edulis</i> nchungulu enkeldoringnoemnoem	Vrugte word geëet.
<i>Cassia occidentalis</i> nembenembe sambokpeul	Sade word gekook en geëet.
<i>Cephalantus natalensis</i> muthondwa witaarbeibos	Vrugte word geëet.
<i>Colocasia antiquorum</i> rupi olifantsoor, amadoembie	Blaargroente (uitheems) word gekook en geëet.
<i>Corchorus confusus</i> guxe rosyntjiefosfamilie	Blaargroente word gekook en geëet.
<i>Corchorus tridens</i> guxe rosyntjiefosfamilie	Blaargroente word gekook en geëet.



<i>Cordia ovalis</i> mpon'wana snotbessie	Vrugte word geëet.
<i>Cucumis melo</i> rhanga spanspek	Vruggroente (uitheems) word geëet.
<i>Cucurbita maxima</i> rhanga boerpampoen of hubbard pampoen	Skorsies (uitheems) word geëet.
<i>Cucurbita pepo</i> murgpampoen of skorsie	Pampoene word wyd geëet. Ook blaargroente (uitheems).
<i>Diospyros mespilliformis</i> mgula/ntoma jakkalsbessie	Vrugte word geëet.
<i>Diospyros natalensis</i> xintomantomane fynblaarjakkalsbessie	Vrugte word geëet.
<i>Euclea divinorum</i> nhlangua towerghwarrie	Vrugte word geëet.
<i>Ficus capensis</i> nkuwa besemtrosvy	Vrugte word geëet.
<i>Ficus capreaefolia</i> xinkuwana skurwevy	Vrugte word geëet.
<i>Ficus soldanella</i> nkuwa ya tintsava grootblaarrotsvy	Vrugte word geëet.
<i>Ficus sonderi</i> xirhomerhombe xa tintsava bergrotsvy	Vrugte word geëet.
<i>Ficus stuhlmannii</i> xirhombe laeveldvy	Vrugte word geëet.
<i>Ficus sycomorus</i> nkuwa gewone trosvy	Vrugte word geëet.
<i>Flacourtia indica</i> muqokolo goewerneurspruim	Vrugte word geëet.



<i>Garcinia livingstonei</i> mbhimbi laeveldse geelmelkhout	Vrugte word geëet en 'n alkoholiese drank word gebrou en gedrink.
<i>Grewia flavescens var. olukundae</i> nsihana yo kulu skurwerosyntjie	Vrugte word geëet.
<i>Grewia occidentalis</i> ntsepukane kruisbessie	Blaargroente word gekook en geëet.
<i>Hexalobus monopetalus</i> mbomu shakamapruim	Vrugte word geëet.
<i>Ipomoea batatas</i> gapi/ritiyi patat	Soetpatat (uitheems) word gekook en geëet.
<i>Lagenaria siceraria</i> rindanga bierkalbas, kalbas	Kalbasse word as groente geëet.
<i>Landolphia kirkii</i> muwungwa	Vrugte word geëet.
<i>Lannea discolor</i> ximutswani dikbas	Vrugte word geëet.
<i>Lannea edulis</i> nchuchungwa wildedruif	Vrugte word geëet.
<i>Lannea stuhlmannii</i> ndzivata bastermaroela	Vrugte word geëet.
<i>Lantana rugosa</i> tihove ta valungu	Vrugte word geëet.
<i>Mimusops zeyheri</i> mpfluxane moepel	Vrugte word geëet.
<i>Opuntia ficus-indica</i> mudoro	Vrugte word geëet.
<i>Pappea capensis</i> gulaswimbi doppruim	Vrugte en vrugtepulp word geëet.



<i>Parinari curatellifolia</i> mbulwa grysappel	Vars of gedroogde vrugte word geëet.
<i>Pennisetum americanum</i> mahoba sorghum	Sorghum word vir die brou van bier gebruik.
<i>Phaseolus spp.</i> nyawa	'n Soort boontjie (uitheems) word van hierdie plant verkry.
<i>Phyllanthus reticulatus</i> nthethenya	Vrugte word geëet.
<i>Phyllanthus verrucosus</i> nsangasa	Vrugte word geëet.
<i>Physalis peruviana</i> malanguti	Vrugte (uitheems) word geëet.
<i>Plectranthus esculentus</i> nthada	Rankwortels word geëet.
<i>Saccharum officinale</i> mova suikerriet	Suikerriet (uitheems) word net so geëet.
<i>Sclerocarya birrea</i> nkanye maroela	Vrugte en neute word geëet en bier word van vrugte gebrou.
<i>Securinea virosa</i> nhlangawume witbessiebos	Vrugte word geëet.
<i>Sphaeranthus incicus robyns</i> munywani southessie	Sout word van hierdie plant verkry.
<i>Strychnos madagascariensis</i> nkwakwa botterklapper	Vrugte asook vrugtepulp waarvan koekies gemaak word word geëet.
<i>Strychnos spinosa</i> nsala groenklapper	Vrugte word geëet.
<i>Syzygium cordatum</i> muthwa/muhlwa waterbessie	Vrugte word geëet.
<i>Tabernaemontana elegans</i> nkahla laeveldse paddaboom	Vrugtepulp word geëet.



<i>Trichilia ermitica</i> nkuhlu rooiessenhout	Vrugtepulp word geëet.
<i>Tylosema fassoglensis</i> nthamula marambaboerboontjie	Saad word gerooster en geëet.
<i>Vangueria infausta</i> mpfilwa wildemispel	Vrugte word geëet; vrugtepulp word by melk gevoeg om dit suur te maak.
<i>Ximenia americana</i> var <i>microphylla</i> ntsengele kleinsuurpruim	Vrugte word geëet.
<i>Ximenia caffra</i> ntsengele grootsuurpruim	Vrugte word geëet.
<i>Zea mays</i> mavele mielie	Mielies is die stapelvoedsel en basis tot baie ander geregte.
<i>Ziziphus mucronata</i> ncecenyi blinkbaar-wag-'n-bietjie	Vrugte word geëet.



**LETABA AFRICANDER STUD
LETABA AFRIKANERBEES-STOET**

C.W. BATES
PHONE: MULATI, 111

"PLATVELD,"
PRIVATE BAG
GRAVELLOTTE
N. TRANSVAAL

J.N. Swart Esq.,
P.O. Box 174,
Bloemhof,
Transvaal.

29th Nov. 1955

Dear Sir,

I regret the delay in answering your communication dated 24.10.55, bearing on the farm Eiland. I hope the following rough notes may be of use to you.

Long before the area was opened up to settlers, the area around the hot spring was the favourite shooting ground of the late President F.W.Reitz of the Orange Free State. Although in those days it was not known that the water was hot, the late President described the swampy marsh and the salt pan along the Mamzabo spruit in such a manner as to leave no doubt that it was the area in which he used to shoot.

The original Crown Grant was issued in 1922 to a Mr E.T. Elliot who was the first man to settle on Eiland. Elliot built the old brick house and dip near the Black Hills and cleared some ground there. In 1924 Elliot disposed of the farm to George St. Leger Devenish for £400 without knowing there was a hot spring on the farm. George St. Leger Devenish, well known as a Rugby Springbok, was a Compound Manager on the Robinson Deep Mine, and did not actually live on Eiland. Eiland was farmed by his nephew, Frank St. Leger Devenish, from 1924 to 1938.

Shortly after buying the farm in 1924 George and Frank Devenish decided to investigate the reed swamp. There were many native legends and superstitions about this area, which we believed to be the abode of spirits. It was said that in the early days the natives used to chase elephants into the swamp, and kill them when they were bogged down. The Devenishes cut down a large mopani tree which was placed over the swamp, and along which they crawled until they were over the main eye. It is said that three whip sticks tied together did not reach the bottom. The eye was opened up and quantities of drift sand and gravel thrown in to make it possible to stand in the hole without sinking in. Photographs of the bath at this stage are still in the possession of Frank Devenish who lives at New Agatha, P.O.Tzaneen.



- 2 -

During 1927 George Devenish sent down corrugated iron and cocoapan rails, from which the original bath was made. The old homestead was built the same year and occupied by Frank and Maud Devenish until 1938. It was found that the corrugated iron deteriorated very rapidly in the spring water, and in 1931 Mosie van Buuren built the present bath of 9 x 1½ inch planks using the original cocoa-pan rail frame work. van Buuren also made a drain to enable the bath to be cleaned out. The Devenishes augmented their farming income by by building a number of pole and daager rondawels which were hired out to holiday makers, shooting parties, etc.

From 1922 onwards the most plentiful species of game was water-buck. Tsessebe, roan, sable, wildebeest and impala were also numerous, but surprisingly enough kudu were scarce. Eiland was always a noted lion farm. Game were attracted by the salt, and lions leopard and cheeta concentrated there to prey on the game.

The Devenishes tried out different breeds of cattle at Eiland, including Frieslands, Ayrshires, Sussex, Devons and Herefords and found that all these breeds were a failure. Finally Africanders were tried and these proved very successful. The first Africander bull to enter the Letaba district was a bull named "Success" who was brought down to Eiland in 1932 and was bred by A.Laly of Zeerust.

In 1938 George Devenish sold two portions of Eiland, measuring 71 and 95 morgen to the Consolidated Murchison (Tvl) Goldfields & Development Co. for a consideration of £500, and obtained from them a lease entitling him to use the two plots for agricultural and pastoral purposes.

In 1943 Eiland was purchased from the deceased Estate of the late G.St.L.Devenish by Dr. J.A.Pienaar and myself, from which time onwards the use of the hot spring by the public was restricted and shooting was prohibited. During the war there had been a considerable amount of poaching on Eiland, and by the time I went to live there roan and tsessebe had disappeared. However the game was protected and by the time we sold Eiland in 1950 game was again plentiful. During my 7 years at Eiland I established a herd of pedigree Africander cattle which is now the biggest in the Lowveld. The present swimming bath, also the cement work, steps, drain, etc of the present hot bath were built by myself.

Most of the Letaba farms were named by the land surveyors who did the original survey. Eiland was supposed to be called "Mamazapi" which is a corruption of the native name of the spruit which passes the hot bath (Mamzabo). However another farm somehow got the name Mamazapi, so Eiland was named after the large island in the Groot Letaba river. Mamzabo means salt.

Further information is obtainable from the following papers:
L.E.Kent: "The Letaba Hot Spring." Trans.Roy.Soc.of S.A. Vol.XXIX Part II,
C.W.Bates: "A Preliminary Report on Archaeological sites on the Groot Letaba River."
S.A.Journal of Science, Vol.XLIII (1947).

Hoping these notes will be if some use to you.
Yours faithfully,

C.W. BATES.



Alle woorde soos dit in die teks voorkom is in hierdie woordelys opgeneem. Dit wil sê, enkelvouds- en meervoudsprefiks word soos dit voorkom, gelys.

basa	(mv.) wit (krale)
bongela	swart heuplap
byala	bier
chayeni	soort halssieraad/hoofsieraad
choyoyo	eindwoorde van storieverteller
dekeni	deken (naam van doek)
dladla	kookhut
dovani	Tsongavrou se romp
dzhomela	Venda: drinkpotjie
dzova	ongegiste maroelasap
fole	snuif
funeko	gevegde handsak
ganzelo	altaar
ganzelo ra swikwembu	..	altaar vir voorvadergeeste
ganzelo ra wan'wana	..	altaar vir vreemde geeste
ganzelo xa Xitsonga	..	altaar vir Tsongageeste
gangisa	hofmakery
garingani	storieverteller
garingani-wa-garingani	..	beginwoorde van storieverteller
guxe	soort groente
jomela	drinkpotjie
juva	blou/ligblou (krale)
khali ya madi	Venda: waterpot
khancu	ander naam vir Tsongavrou se romp
khayisa	soort hoofsieraad
khazi	soort hoofsieraad
khomba	dogter se inisiasie/hubare dogter
khudza	pop van mieliestronke en krale
khunara	halssieraad
khuwana	bierbedieningspot
khuwaza	pers krale
kokwana	ouer gerespekteerde vrou
ku bomba	om jou mooi te maak
ku cibelega xirhengele	..	"om die potskerf te dans-seremonie"
ku cinela khomba	om geïnisieer te word
ku fayeka	om te bars tydens bakproses/breekbaar wees
ku ganzela	om offerandes te bring
ku gurumbela	om pap driffig met houtlepel te roer
ku hatima	om te blink
ku hisa timbita	om potte te bak
ku hlahluva	om waar te sê



ku hlamba ndzhaka	reinigingsrite
ku hlomisa	om die bruid huis toe te vat
ku khana	om vreugdedans uit te voer
ku khangula	om nuwe pot te verseël vir gebruik
ku loveka	om te week
ku lovola	om trougoedere oor te dra
ku luma	"om te byt" (soort reinigingsrite)
ku nhlanga	om die liggaam te merk/tatoëer
ku nkulumbane	om trilgeluid uit te voer
ku phahla	om offerhandeling uit te voer
ku susa vuloyi	om bose geeste te elimineer (kraalhoof drink eerste bier-seremonie)
ku swula	om tou te rol
ku themenzela	om pot met klip te polys
ku tshimbela	om fyn te maal
ku tumbisa	om kalbasse skoon te skraap
ku vavela	om versiering deur brandwerk aan te bring
ku vumba	om kleipot te maak
ku vuta	om verloof te raak
ku ya ngomeni	om besnydenisskool by te woon
ku yila	om taboëreëls na te kom
longwe	netsak vir versameling van veldvrugte
lopa	swart doek
lovolo	trougoedere
macomani	(mv.) tamboeryn (sien mantsomane)
madliridliri	(mv.) Tsongapop
mafurha	(mv.) die vet van die rooiesenhoutboom
mahlomo	(mv.) troutoerusting/huishoudelike gebruiksartikels
majenjhe	(mv.) termiete
majomela	(mv.) drinkpotjies
majorho	(mv.) mielierys
makandzwa	(mv.) maroelavrugte
makanyi	(mv.) maroelavrugte
makhaha	(mv.) graansorghum
makhaxa	(mv.) tossels
makholo	(mv.) versierings op kalbasse/hout/hutvloere
makhuwana	(mv.) bierbedieningspotte
mankhubani	(mv.) klein soutklonte
mantsomane	(mv.) tamboeryne
maqalaka	(mv.) halssieraad
maranga	(mv.) skouerlappe van krale
marhavingo	(mv.) spiese
maribye	(mv.) klippe
masimu	(mv.) beplante landerye
masindza	(mv.) koperarmringe
masweko	(mv.) drieklipkookplek
matimu	(mv.) stories van die verlede



matimu ya swa khale	(mv.) stories van die verlede (geskiedenis)
mativula	eersgeborene
matsunyetsunye	halssieraad
mavele	(mv.) mielies
mbila	vingerklavier
mbita	kleipot vir bier/water
mbita ya ku sweka byala . . .	bierkookpot
mbvule	pop van vrugtedop
mfuku	snuifbotteltjie
mhalamhala	blaashoring
mhamba	soort amulet
mhamba ya xikwembu	amulet vir die voorvadergeeste
mhanga	'n klimplant
mhaninkulu	halssieraad
midjungwa	(mv.) visnette
mihlalanyoni	(mv.) soort halssieraad
mikhavu	(mv.) gewoontereëls
milala	(mv.) soort palm
milawu	(mv.) regsreëls
milongo	(mv.) troutoerusting
minceka	(mv.) skouerdoeke
mindzheko	(mv.) skepkalbasse
minkamba	(mv.) eetbakke
minkambana	(mv.) eetbakke
minkukulu	(mv.) besems
mintundzwani	(mv.) soort mandjie
mirhi	(mv.) medisyne/beskermende plante
miroho	(mv.) groetedis
mixaka	(mv.) soort biesie
mkhunga-mbuti	vaalblou skouerdoek
mpalu	vaalblou/wit blokkiesmateriaal
mpfumba	handelsgeselskap
mucato	(mv.) troue
mugangu	(mv.) hoofsierade
mugayu	(mv.) meliemeel
muguruto	(mv.) maalbak vir geweekte mielies
muhlome	(mv.) mingerhout
muhlwa	(mv.) termiete
mukhumbi	(mv.) kanoe's
mukhusu	(mv.) gedehidreerde groente
munchinchi	groot trom
mungazi	(mv.) rooi (krale)
mungoma	waarsêr
munhu wa ku vumba	pottebakker
munyu	sout
munywani	soutbossieplant



muqangala	musiekinstrument: fluit van bamboesriet met snaar
muqangala	musiekinstrument
muroho	groente
murundzhu	pottebakkersoond
muthuma	mingerhout
muti	kraal/wooneenheid
mutshobe	gefiltreerde soutoplossing
muvatli	(mv.) houtsneewerker
muwapfuka	geel (krale)
muxiji	blaargroente
muzanine	oranje (krale)
n'anga	kragdogter
n'wahuva	graansorghum
n'wamajabula	soort skouerdoek
n'wananyini	tyd van ryp maroelavrugte
nceka	skouerdoek
Ndau	Ndaustam (ook: Ndzawu)
ndhayimani	diamant
ndhindana	Tsongavrou se dansrok
ndhumba	spesiale hut vir geestesaanbidding
ndhumba ra Ndau	hut vir aanbidding van Ndau-geeste
ndivata	bastermaroela
ndlhama	heupsieraad
ndyangu	huishouding - kookplek
ndzawu	sekere rankplant
ndzheko	skepkalbas
ndzivata	bastermaroela
ndzovo	vishoek (ook: xinjovo)
ndzovolo	trougoedere
ndzumba	langwerpige trom
ngoma	groot trom/seunsbesnydingskool en rites
ngomani	kleiner trom
Ngoni	stam verwant van Tsonga
ngula	groot graanmandjie
nguvu	Tsongavrou se romp
nhanga	dogtershut
nhlahlu	soort biesie
nhlambeto	papkookpot
nhlampfi	vis
nhlampfurha	kasterolieplant
nhlomisa	bruid
nhlume	mingerhout
njekejeke	soort biesie
njele	handratel
njeti	rooipers en wit doek
njovo	visstok (hoek en lyn)



nkambana	waskom/deksel vir kookpot (van klei)
nkambana wo hlambela	groot waskom
nkanyangwa	kleirol
nkanyi	maroelavrug
nkuhlu	rooiesenhoutboom
nkukuto	visnet
nkulukumba wa muti	kraalhoof
nnkhó	Venda: biergispot
noyi	towenaar
nsati lonkulu	grootvrou/eerste vrou
nseve	pylpunt
nsimu	landerye
nsungukati	vroedvrou/ouer vrou van status
nthabana	mandjie
nthevele	medisynevelsakkie
ntomani	soort halssieraad/mopaniewurm
ntsendzele	openbare vergaderplek
ntshovelo	oestyd/oeste
ntsonga	klein hut in landerye
ntsumbula	kassawa
ntundzwani	mandjie met deksel
nturuka	kookhut
nwamatatana	hoofsieraad
Nwamitwa	dorp in Gazankulu
nwana	kind/pop
nyama	vleis
nyeleti	ster
nyiza	soort skouerdoek
phandzi	offerplek
phapha	kalbas
qonto	knoop van krale
ribombo ra xigaza	die uithangklere van Gazankulu
rigidawa	wit katoendoek
rihlalu	(mv.) glaskrale
rihlanga	(mv.) riete
rihlelo	(mv.) wanmandjies
rikatla	(mv.) skulp van varswatermossel
rindzhela	(mv.) soort hoofsieraad
rintoto	(mv.) enkele kralestring
risame	(mv.) soort biesie
ritlama	(mv.) kopernekringe
ritlatla	(mv.) kopernekringe
ritlhavo	(mv.) lang naald
saka	sak/mieliemeelsak
sangu	slaapmat
siyandhani	rooi doek



sokisi	bloes
swifejani	(mv.) armbande
swikomu	(mv.) skoffelpikke
swikurumudzu	(mv.) arm- en beenringe
swikwembu	(mv.) voorvadergeeste
swikwembu swa ka hina	ons voorvadergeeste/familiegeeste
swikwembu swa van'wana	vreemde geeste
swikwembu swa vanwana	vreemde geeste
swiphapha	(mv.) kalbas(houers)
swirhanga	(mv.) soort pampoens
swirhundzu	(mv.) mandjies
switlati	(mv.) tipe graanhutte
swivumbiwa	(mv.) pottebakkerie
thamula	peul van kameelspoorboom
tikhwini	plastiekkrale
thumbu	soort halssieraad
thyeke	blaargroente: misbredie
tihomu	(mv.) beeste
tihuku	(mv.) hoenders
tikhota	(mv.) koperkrale
tilo	hemelruim
Tilo	opperwese
timbita	(mv.) kleipotte
timbuti	(mv.) bokke
timitsu/timintsu	(mv.) wortels van medisinale plant
tin'anga	(mv.) kragdokters
tindlu	(mv.) hutte
tindluwa	(mv.) grondbone
tinhlambeto	(mv.) kookpotte (klei)
tinhlolo	(mv.) dolosse
tinhunguvani	(mv.) medisynehouers van kalbas
tlhari	spies/assegaai
tshama-n'ta-vuya	skouerdoek: "sit met seep"/"bly sit by die huis"
tsima	werksparty
tsuka	wynrooi (krale)
valoyi	(mv.) towenaars
vandla	mansvergaderplek
vathlari	(mv.) blou heksagonale krale
vavumbi	(mv.) pottebaksters
vudoga	perdestertare
vuhlalu	(mv.) krale
vuhlalu bya tindleve	oorbelle
vukanyi	maroelabier
vuloyi	(mv.) towery
vumba	klei
vumbi	pottebakster



vunghoma	(mv.) waarsêers
vusenga	gedraaide koperdraad arm- en beenringe
vuswa	mieliepap
vuvumbi	pottebakker
wasi	donkerblou (krale)
xanga	soort heupsieraad
xibelani	dansrok
xibikelo	mielieweebak (nie baie bekend nie)
xibo	houtspaan
xiboxelo	plek waar maroelas bewerk word
xichayo	houtspaan
xidawuzeni	groen (krale)
xidlalatana	halssieraad vir baba
xidonci	bloudruk
xidzuvulo	kraalhof/hoofman se drinkbeker
xidzwele	soort dans wanneer baba een maand oud is
xifejani	soort armband
xifezane	soort hoofsieraad
xifhune	soort halssieraad
xifunga	soort heupgordel
xigejo	kort dansromp van kragdokter
xigurumbana	soort kookhut
xihatimani	blink skouerdoek
xihiso	groot maalbaak vir mielies
xihiswana	kleinste maalbaak vir snuif
xihlambelo	groot waskom
xihlambeto	papkookpot
xihluto	biersif
xijomedyani	kleinste kleipotjie
xijomela	kleidrinkpotjie
xijomelani	kleinste kleipotjie
xijomelo	hoofman se bierdrinkpotjie
xikambani	klein klei-eetbak
xikasani	soort hoofsieraad
xikatawa	bloes
xikhato	potstaanholte in kleivloer
xikhudzu	houerkalbas
xikhurumudzu	armbande/beenringe
xikhuwani	bierbedieningspotjie
xikolombane	kleiner trom
xikomu	skoffelpik
xikope	grafiet
xikwenga	sisal
xilemu	verseelde saadstoorpot
xileyi	slee
xilovekelo	mielieweebak



xiluvelo	kaptein se woonplek/sitplek
ximatsatsa	soort skouerdoek
ximbitana	groentekookpot
ximbvekembveke	soort musiekinstrument
ximhangele	tarentaal
ximp hambati	ronde metaalplaatjie
ximpombondwana	benaming vir Tsongapop
xingele-ngele-ngele	klokkiesgeluid
xingelengele	klokkie
xinhanga	gebruike/tradisies/maniere
xinh lambetwana	groentekookpot
xinhunguvani	medisynehouer van kalbas
xinj hava	soutfilter
xinkumani	swart skouerdoek
xinkwamani	beborduurde meelsak/skouerdoek
xintewana	mandjie
xinthabana	mandjie
xintsandzani	benaming vir Tsongapop
xintsantekani	benaming vir Tsongapop
xipachi	beursie
xipendana	soort musiekboog
xipereta	kralalap (ook xiqovochela)
xipfukwani	snuifhouer aan kralesieraad
xiphodzo	bo-armsieraad
xiphunga	waaierbesem van hiënastert
xipungo	fyngeaalde grondbonedis
xiqovochela	kralalap
xiqovochela xa nyeleti	kralalap met stermtotief
xiqovochela xa ximhangele	kralalap met tarentaalmotief
xiqovochelo lexi ntsongo	klein kralalap
xirhangana	fees van die eerste vrugte
xirhengele	potskerf
xirhumbulo	maroelaneut-verwyderingsgereedskap
xirhundwana	klein xirhundzu-mandjie
xirhundzu	koniese mandjie
xirhuva	miershoopklei
xiridza	fyngeaalde grondbonedis
xisahani	saag
xisambi	skouerdoek uit Zambie
xisilafole	maalbak vir snuif
xisontana	soort halssieraad
xisukana	kortsteel skoffelpik
xitariyani	soort skouerdoek
xitende	musiekboog
xitendze	graanstoorthut
xitheve	slaapmat vir een persoon



xitiko	kookskerm
xitlhekutana	boonste laag van dansrok
xitseka	mielieweebak
xitshatshana	klein soort mandjie
xitshopana	geel (krale)
xitshudyana	korsteel stamper
xitshungulu	amulet
Xitsonga	Tsonga
xitsukelani	deurskynende glaskrale
xitsumba	kookskerm
xitswirirani	soort skouerdoek (rankplantmotief)
xitswori	medisyne-kookpotjie
xivala	beeskraal
xivumbelo	gat in grond vir berg van klei
xivumbi	afdakkie voor hut
xiwaya	musiekinstrument
xiwidzo	eerste bieroffer aan hoof van wooneenheid
xiwiko	eerste bieroffer aan hoof van wooneenheid
xixevo	bydis vir mieliepap
xiyadani	soort skouerdoek
xiyandhana	kragdogter se heupdoek
xizambana	soort halssierraad
xizambi	musiekinstrument
xunga	soutklont
xunga xa munyu	"hoop van sout"/soutklont
yele	bloes
-yila	taboe
yila	taboe
yimiso	biërgisplot
yinkho	biërgisplot (Venda-beïnvloeding)



**GESELEKTEERDE TEGNIESE SKEPPINGE VAN DIE
TSONGAVROU, MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE
TSONGAKRAAL-OPELUGMUSEUM**

deur

HILLE-PETRA TERBLANCHE

**Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad**

**MAGISTER ARTIUM
(Antropologie)**

**in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Pretoria**


Datum: Januarie 1994



BAND II : FOTO'S


Foto 2.1 (a), (b) Xirhundzu - Mandjies deur vrouens vervaardig

Foto 2.1 (a)



*Hierdie mandjie is die enigste wat deur vrouens vervaardig word. Hulle gebruik die **xirhundzu** vir hul alledaagse bedrywighede. Let op die alledaagse werkklere van die vrouens.*

Foto 2.1 (b)



*Foto's is in die vroeë 1960s geneem. Dieselfde tipe doeke word vandag nog deur vrouens gedra. Dit maak ook deel uit van die jong dogter se nuwe uitrusting, wanneer sy die inisiasie voltooi het. Hier is dit werksklere en dit word **ndhayimani** genoem.*

Foto's 2.1 (a en b) met erkenning aan mnr. Jürgen Witt

Foto 2.2 Tsongavrou vervaardig *xirhundzu* - mandjie

Foto 2.2



Die rankplant *Cocculus hirsutus*, *rixotso*, word gebruik om hierdie mandjie volgens die spiraaltegniek aan mekaar te weef. Let op die versierings wat verkry word deur die rankers in 'n oplossing van die wortels van die bastermaroela, *Lannea stuhlmannii*, te kleur.

Foto 2.3 Afwerking van xirhundzu - mandjie

Foto 2.3



Die bodem word afgerond deur 'n stuk nat beesvel daaroor te span en vas te werk. Sodoende kan die mandjie beter op die kop gebalanseer word.

*Let op die tradisionele werksdrag van vrouens. Hierdie doek is **xitwirirani**.*

Foto 2.4 Die vervaardiging van die slaapmat



Foto 2.5



*Slaapmatte, **sangu**, word volgens die weeftegniek oor 'n raamwerk vervaardig. Tradisioneel word selfvervaardigde sisaltou gebruik. Moderne inslagmateriaal is gekleurde wol of plastiektou.*


Foto 2.6 Slaapmat - Sangu

Foto 2.6



*'n Ander tegniek vir die vervaardiging van slaapmatte. Geen raamwerk word gebruik nie. Die sisaltou word met 'n naald, **ritlhavo**, wat ongeveer 20 cm lank is deur die riete gesteek.*

*Foto 2.7 Kalbashouer, **xikhudza**, **xikutsu** of **xidzemba***



Goeie voorbeeld van Tsonga kalbas-graveerwerk. Die vismotief is baie tradisioneel.

Foto 2.8 Medisynekalbashouers - Tinhungwane



Foto 2.9 Drink- of skepkalbas, ndhzeko



Let op die versiering op die kalbas wat nie ingesny of grafeer is soos op Foto 2.7 nie, maar dat die motief deur langsmekaarliggend gaatjies ingebrand word.

Foto 2.10 (a)



Foto 2.10 (a), (b), (c), (d)
Maroelaverwerking : Maroelabier,
vukanyi.

Foto 2.10 (a)
Somertyd is maroelatyd en die oesseisoen word ingelei deurdat maroelabier, **vukanyi**, aan die voorvadergeeste geoffer word.

Die vrouens sit op 'n spesiale plek, **xiboxelo**, wanneer hulle die maroela bewerk.

Foto 2.10 (b)
Die maroelapit word met 'n spesiale gereedskap, **xirhumbulo**, van hout of van been op 'n sekere manier uit die maroela gestee. Die doppe word weggegooi. Die sappige vrugvleis word saam met die pit in die potjie gesit. Hierdie pitte word later met die hande uitgepers om alle sap vir bier in die pot te versamel. Die pitte word eenkant op 'n hoop gegooi om uit te droog, sodat die eetbare en ryk neute in die wintermaande uitgekrap kan word.

Foto 2.10 (b)



Foto 2.10 (c), (d) Die maroelabier, *vukanyi*, fermenteer



Binne in die kookhut word die ongegiste maroelasap, *ndzova*, in potte gelaat om te gis. Die Tsonga hou daarvan om water by te voeg omdat dit die smaak volgens hulle verbeter. Die maroelavrugte wat in die somer groen van die bome val, word versamel en in hierdie hut gehou om ryp te word.

Foto 2.10 (d)



Let op die *xirhundzu*-mandjie in die agtergrond en voor vrou.

Foto 2.11 (a), (b) Papklitser, rifeto

Foto 2.11 (a)



'n Papklitser word van Mingerhout *Breonadia salicina* (was *Adina microcephala*), *muthuma*, vervaardig. Let op die natuurlike groeiwyse van die boom.

Foto 2.11 (b)



Dieselfde klitser word hier vergelyk met mensgemaakte klitser deur die omringende Balobedu en Bankoni.

Foto 3.1 (a) en (b) Vrouens besig om klei in kleigate te versamel.

Foto 3.1 (a)



Foto 3.1 (b)



Foto 3.2 (a)



Foto 3.2 (a) en (b) Die droë klei word fyngestamp. Voordat die klei met water gemeng word, word dit fyngemaak om alle klippies en stokkies te verwyder. Hierdie vrou gebruik die agterkant van haar stampblok en haar stamper vir hierdie doel.

Foto 3.2 (b)



Foto 3.3 (a), (b), (c) Droë klei word fyngestamp.

Foto 3.3 (a)



Foto 3.3 (b)




Foto 3.3 (c)




Foto 3.4 (a), (b), (c) Die droë klei word nou met water gemeng en gestamp.

Foto 3.4 (a)



Foto 3.4 (b)



Foto 3.4 (c)




Foto 3.4 (d), (e) Die natgemaakte klei word goed vermeng en gestamp.

Foto 3.4 (d) Op 'n klip ...




Foto 3.4 (e) ... of op die agterkant van die stampblok



Foto 3.5 (a)




Foto 3.5 (a), (b) Die klei word in 'n kleigat gebêre. Hierin bly die klei klam tot verdere gebruik.

Let op die mooi versiering op die kalbas, *xikutsu*, in die agtergrond op foto 3.5 (b).

Foto 3.5 (b)



Foto 3.6 Die klei is gereed om gebruik te word. Dit word baie bewerk om dit elasties te maak.



Foto 3.7 (a), (b), (c) Gereedskap tydens die modelleerproses

Foto 3.7 (a)




Hierdie vrou werk haar pot op 'n stuk plastiek as basis wat sy ook in die rondte kan draai. Ander pottebaksters gebruik houtborde, ou potskerwe, ou blikbakke. Die meeste pottebaksters los 'n opening onder en werk die bodem as laaste stadium in.

Foto 3.7 (b)



Vir die modelleerproses word volgende gereedskap gebruik. Van links: Potjie met water waarin ook 'n lappie of stuk leer gehou word, potskerwe met oker en grafiet kleurstowwe, houtbord met polysklip en houtspaan, kleiner houtbord, polysklip, skulpe.

Foto 3.7 (c)



Polysklippe word gebruik om die kleipot glad te vryf. Nadat die grafiet en oker op die pot aangebring is, word dit met polysklippe in die klei ingevryf asook blinkgevryf.

DIE VERVAARDIGINGSPROSES

Foto 3.8 Die modelleerproses begin

Foto 3.8 'n Lang kleirol word gevorm as heel eerste stadium tydens die vormingproses



Foto 3.9 (a) Verdere kleirolle word op die basis of onderste rol geplaas



Let op die metode wat gebruik word. By die Tsongakraal word 'n kombinasie van die spiraal- en die ringmetode gebruik.

Foto 3.9 (b)



Foto 3.9 (c) Die kleipot begin vorm aanneem



Foto 3.10 (a), (b), (c), (d) Let op die belangrike rol van die hande in die vormingsproses.

Foto 3.10 (a)



Terwyl die linkerhand die pot-in-wording stut, word die modelleerproses met die regterhand uitgevoer

Foto 3.10 (b), (c), (d)

Foto 3.10 (b)



Foto 3.10 (c)



Foto 3.10 (d)



Foto 3.11 (a) Die skulp word gebruik vir sny- en gladvryf-doeleindes



Foto 3.11 (b)



Die hande word steeds gebruik om die pot vorm te gee. Hier ondersteun die linkerhand die werking van die skulp.

Foto 3.12 (a), (b), (c), (d) Die afwerking van die randopening

Foto 3.12 (a)



Foto 3.12 (b)



Foto 3.12 (c) Die afwerking van die randopening vervolg



Foto 3.12 (d)



Foto 3.12 (e), (f) Randafwerking vervolg

Foto 3.12 (e)



Foto 3.12 (f)



Foto 3.13(a),(b) Versierings word met doring of draad aangebring **DIE VERSIERING VAN POTTE**



Foto 3.13 (b)



Foto 3.14 (a), (b), (c) Oker en grafiet word aan versieringsvlak aangebring

Foto 3.14 (a)




Foto 3.14 (b)




Foto 3.14 (c)



Foto 3.15 (a), (b), (c), (d) Die afwerking van die bodem en staanvlak

Foto 3.15 (a)



Nadat die pot vir een dag uitgedroog het, word hy onderstebo geplaas vir die afwerking van die bodem. Sodra die pot voltooi is, word hy saam met die ander potte in die hut geberg vir 'n stadige uitdrogingsproses.

Foto 3.15 (b)



Met 'n skulp word die oortollige klei afgesny

Foto 3.15 (c)



Genoeg klei bly oor en dit is steeds vormbaar sodat dit weer eens met die vingers gevorm word, totdat die bodem toegesmeer is.

Foto 3.15 (d)



Foto 3.16 (a)



Foto 3.16 (a), (b), (c)

Afronding van bodem met polysklip en spaan.

Foto 3.16 (a)

Die polysklip word weer eens gebruik om die bodem te kompakteer en glad te vryf.

Foto 3.16 (b)

Die spaan dien as verdere kompakteringsgereedskap. Daar word daarna gestreef om die pot waterdig te maak.

Foto 3.16 (b)




Foto 3.16 (c) Staanvlak word met spaan gevorm en gekompakteer





Foto 3.17 (a), (b), (c), (d), (e) Verdere afwerking en versiering nadat die bodem ingewerk is.

Foto 3.17 (a)




Die rand word nou met 'n polysklip baie glad en blink gevryf.

Foto 3.17 (b)



Met 'n doring word verdere versierings deur middel van graveerwerk aangebring.

Foto 3.17 (c)



Die polysklip word gebruik om die kleurstof in die klei in te vryf.

Foto 3.17 (d) Laaste afrondingswerk




Foto 3.17 (e)



DIE BAKPROSES

Foto 3.18 (a), (b) Potte word in die "oond" gepak vir die bakproses. Let op die spesifieke manier van pak

Foto 3.18 (a)



'n Verskeidenheid brandmiddels word gebruik. Hier word bobbejaanstert gebruik. Ander materiaal is ou dekgras, mopaniebas en beesmis.

Foto 3.18 (b)



Foto 3.19 (a), (b) Die vuur word aangesteek vir die bakproses. Nadat die pottebakster snuif aan die beskermgeeste van die Tsonga, die voorvadergeeste, geoffer het, word die hoop aan die brand gestee.

Foto 3.19 (a)



Foto 3.19 (b)



Die vuur brand sterk vir die eerste ongeveer agt tot tien minute. Daarna laat die pottebakster dit om verder te smeul.

Foto 3.19 (c)



Foto 3.19 (d) Bakproses (vervolg)




Die potte word gelaat om te smeul en af te koel tot die volgende oggend.

Foto 3.20 (a)




Nadat alles afgekoel het, haal die pottebakster die potte uit die oond.

Foto 3.20 (b) Bakproses beëindig



Alle potte word uit die oond gelig en getoets vir barste en krake.

Foto 3.21



Gewoonlik is die "oond" net buite die wooneenheid langs die beeskraal. Let op die kleiner en vlakker oond van hierdie pottebakster.

Foto 3.22 (a) *Pot met 'n ander vorm as gewoonlik in Gazankulu aangetref word. Dit dui op die kontak met Mosambiek waar die potte hierdie vorm het.*

Foto 3.22 (a)




'n Meer kultuureie potvorm van die Tsonga



Let op dieselfde pot se bodem waaraan met 'n mengsel van klei en sement reparasies aangebring is.

Foto 3.22 (b) *Kookpotte soos aangetref in Mosambiek onder die Ronga. Oorspronklike tuiste van die Tsonga*

Foto 3.22 (b)



Met vergunning van SAM (Suid-Afrikaanse Museum in Kaapstad).

SAM nommers: 8916 8785
 8788 8917 8786

Foto 3.22 (c)



Tsongapot uit Mosambiek. SAM 8906. Met erkenning van die SA Museum, Kaapstad.

Foto 3.23



Versameling Tsongapotte en bakke by Tsongakraal.

In agtergrond: versierde potte, *minkhuwana*, gebruik vir water en bier (groot tipe).

Kleiner tipe regs agter: versierde drinkpotjies, *xijomela*.

Groot bak in middel, *nkambane* (onversierd) klein bakkies in voorgrend regs: eetbakke, *xikambane*.

Kookpotte, onversierd, in voorgrend: *timbita*

Foto 3.24 (a), (b) Bierbedieningspotte - *makhuwana*

Foto 3.24 (a)



Let op die verskillende en uitsonderlike versieringselemente

Foto 3.24 (b) Bierbedieningspotjies - *xikhuwani*



Foto 3.25 (a), (b) Kookpote: *Timbita*

Foto 3.25 (a)



Papkookpot: *Nhlambeto*

Groentekookpot: *Xinhlambetwana / Ximbitana*

Foto 3.25 (b)



Foto 3.26 Kleinste kookpot: Xitsorhi

Foto 3.26



Foto 3.27 Grootste pot wat gebruik word vir die gis van bier: yimiso

Foto 3.27




Foto 3.28 Bierbedieningspotte: **Makhuwana**. Ook gebruik as waterpotte.

Foto 3.28 (a)



Makhuwana en xikhuwani (groter en kleiner tipe bier- of waterpotte). Hierdie potte is klaar versier maar het nog nie deur die bakproses gegaan nie. Let op die verskeidenheid versieringselemente.

Foto 3.28 (b)



Bierbedieningspotte

Foto 3.28 (c), (d) Bier- en waterbedieningspote vervolg

Foto 3.28 (c)



Kleinste tipe bedieningspote: xikhuwani

Foto 3.28 (d)



Let op die uitsonderlike versieringselement op die linker pot en die vorm van die pot regs. Laasgenoemde is 'n pot wat Tsonga-kultuureienskappe toon. Daar word aanbeveel om meer van hierdie potvorm by die museum te vervaardig.

Foto 3.29 (a), (b) Tsongapotte: 'n paar variasies in vorm en versiering soos in die veld aangetref.

Foto 3.29 (a)




Foto 3.29 (b)



Foto 3.29 (c) Drinkpote: Majomela
Voorbeelde van moderne vorm en versiering

Foto 3.29 (c)



Foto 3.30 (a), (b) Tsonga-kleipotte: Akkulturasie

Foto 3.30 (a)



Kleipotvariasie op die driepootpot

Foto 3.30 (b)



Tradisionele vorm, maar moderne kleurstowwe en versierings. Motiewe wat voorkom word ook by kralewerk aangetref.

Foto 3.31 (a), (b) Bierdrinkbeker met handvatsel (modern)

Foto 3.31 (a)



Foto 3.31 (b)



Ander variasie van 'n moderne drinkbeker

Foto 3.32 Bierpotte

Foto 3.32 (a)



Die hele reeks bierpotte en waterpotte : Drinkpotjies, bedieningspotte en bergpotte en bierkookpot.

Foto 3.32 (b)



Bierkookpot (links) en bierbergpot


Foto 3.33 Eetbakke : *Minkamba*

Foto 3.33



Verskillende eetbakke *xikambani* en *nkambana* (kleiner en groter tipe eetbak)

Foto 3.34



Let op die tweede bak van regs wat 'n uitsondering is op die reël wat eetbakke betref.

Foto 3.35 (a), (b) Versieringselemente

Foto 3.35 (a)



Let op die uitsonderlike vorm en versiering van hierdie bierbedieningspote

Foto 3.35 (b)



Klei-eetbakke word mooi versier, maar die bakke word nie altyd aan die binnekant versier nie.

Foto 3.36 Maalbakke

Foto 3.36



Groot maalbak vir mielies : **xihiso**

Kleiner maalbak vir die maal van snuif : **xisilafole**

Foto 3.37 Wasskottel : Nkambana of Xihlambelo

Foto 3.37



Foto 3.38 Kleibakke word as deksels gebruik

Foto 3.38



Nkambana word oor die opening van die biergispot, *yimiso*, geplaas, om sodoende as deksel te dien. *Nkambana* wat as deksels dien word gewoonlik nie versier nie.

Foto 3.39



Foto 3.40 Saadstoorpot : Xilemu



Saad word vir een of twee jaar op hierdie wyse in die *xilemu* gestoor. 'n Potskerf toegesmeer met beesmis verseël die pot.

Foto 3.41

Die klein offerpotjie *xijomelani* word in die altaar ingemessel

Foto 3.41 Offeraltaar vir die voorvadergeeste - Gandzelo xa Xitsonga



Foto 3.41 (1)




Foto 3.41 (1 - 7) Die kook en voorbereiding van pap vir bediening deur 'n Tsongavrou

Foto 3.41 (2)



Foto 3.41 Papkook vervolg ...

Foto 3.41 (3)



Foto 3.41 (4)




Foto 3.41 (5)



Foto 5.41 Papkook vervolg ...

Foto 3.41 (6)



Foto 3.41 (7) Papkoeke word gevorm : gereed vir bediening




Foto 5.41 Papkook vervolg ...

Foto 3.42



Foto 3.42 Ruilhandel word bedryf

Foto 3.43 Herstelwerk aan kleipotte

Foto 3.43



Die kraak word herstel deurdat aan weerskante van die kraak gaatjies geboor word en dan word draad (modern) of sisaltou deur die gate gebind om die kraak bymekaar te hou. Vroeër is 'n stukkie riemleer natgemaak en om die pot gebind. Sodra die leer droog word, trek die leer saam en hou die pot daardeur bymekaar.

HOOFSTUK 4 : SOUTVERVAARDIGING

Soutwerke by Soutini 1983



Foto 4.1 Seepsteenbakke



By die Harmoniesoutwerke was daar ook 'n seepsteenfabriek. Huidig is daar die Makutsi Spa vakansieoord. Baie seepsteenbakke, afkomstig van die soutwerkterrein is by die oord se kantorekompleks te sien, waar dit in mure ingebou is. Hierdie foto toon gedeeltes van die bakke.

Foto 4.2 (a), (b), (c) Die southoudende kors word versamel




Foto 4.2 (b)

Foto 4.2 (a)

Die boonste kors waar soutkristalle gevorm het, word deur die soutkooksters met varswatermosselskulpe bymekaar geskraap en in die *xirhundzu* na die kookplek gedra.

Foto 4.2 (b)

Die plek waar die soutgrond versamel word (die soutpan) is ongeveer 'n halwe kilometer vanaf die Klein-Letabarivier. Op die oewer van die rivier is die soutkookplek.



Foto's 4.2 - 4.5: Met erkenning aan Mnr. Jürgen Witt, Tzaneen

Foto 4.2 (c) Die soutkristalhoudende grond word na die soutwerke gedra




Foto 4.3 (a), (b) Die filtreermengsel word voorberei



Die sout/leemmengsel word nou met skoon riviersand gemeng. Die sand gee 'n los tekstuur aan die mengsel wat anders sou toeslaan en nie behoorlike filtrasie sou toelaat nie.

Foto 4.3 (b)



Die mengsel word in die filter gegooi.

*Let op die amulet, **xitshungulu**, wat die soutkookster om haar nek dra.*

Foto 4.4 (a), (b), (c), (d) Die filtreerproses begin

Foto 4.4 (a)



Vars water word uit die Klein-Letabarivier geskep.

Foto 4.4 (b)




Foto 4.4 (b)

Die vars water wat in 'n kalbas, **nghotsa**, vanaf die naby geleë rivier gehaal word, word hier oor die droë mengsel in die soutfilter, **xinhava**, geskep.

Foto 4.4 (c) Die filtreerproses is aan die gang




Foto 4.4 (d)



Die uitgeloogte grond word, nadat water 'n paar keer daaroor gegiet is, uitgeskep. Sodoende word die hope grond, wat kenmerkend van alle soutwerkterreine is, gevorm.


Foto 4.5 (a), (b), (c) Die soutoplossing word ingedamp

Foto 4.5 (a)




Die soutoplossing word oor vuur in enige geskikte houer ingedamp.

Foto 4.5 (b)



Sout is verkry deurdát al die vloeistof ingedamp is en die droë soutkrummels oorbly. Die sout word in 'n kalbas gehou.

Foto 4.5 (c)



*Sout word ook soms vir 'n kort tydperk in kleipotte gehou. Die klei word egter deur die sout aangetas. Derhalwe word kalbashouers, **xikhudzu**, vir soutberging gebruik.*

Foto 4.6 Die fonteinbron by Soutini



Foto 4.7

Foto 4.6

Riete omring die oog. Die omringende water verdamp deur natuurlike sondroging en vorm in die winter 'n soutkorslaag. Hierdie soutkors word deur die vrouens bymekaar geskraap.



Foto 4.7

*Die offerplek, **phandzi**, waar die voorvadergeeste en die vreemde geeste vereer word deurdat daar offerandes aan hulle gebring word. Hulle word van die werksaamhede verwittig en die soutkooksters pleit vir 'n goeie sutoes.*

Foto 4.8 Die soutfilter : Xinjhava

Foto 4.8



Let op die konstruksie van die filter, mopaniepale, -latte en -bas word vir die raamwerk gebruik.


Foto 4.9



Vlakker filter by Soutini uitgevoer met droë blare in plaas van gras.

Foto 4.10 Bo-aansig van die filter

Foto 4.10



Die soutfiltreerder word met droë gras uitgevoer en dan met mierhoopklei aan die binnekant gesmeer. Aan die onderpunt van die tregtervormige konstruksie word 'n opening gelaat vir die soutoplossing om te filtreer. Klippies word soms in hierdie opening op die droë gras geplaas.

Foto 4.11 Skulpe van die varswatermossel : Rikhatla




Die skulp, rikhatla, word veelsydig gebruik: die soutkorslaag word daarmee byeengeskraap, die kokende soutoplossing af en toe daarmee geroer, die drooggekookte sout uit die kookpot verwyder, en die soutkegel word daarmee gevorm.

Foto 4.12 Die Soutpan : Soutini



Die soutpan met 'n soutkorslaag bedek. In die voorgrond kan die saamgeskraapte mengsel van sout en leemgrond gesien word.

Foto 4.13



Suiwer riviersand word langs die Klein-Letabarivier verkry. Dit word met die sout/leemmengsel gemeng om 'n lossere tekstuur te verkry.

Foto 4.14 Een soutkookster se werkplek



Foto 4.15 Vars water word gebruik vir filtreerproses

Foto 4.14

In die agtergrond kan 'n soutfilterder omring met uitgeloopte sandhope gesien word. Die klein hopies in die voorgrond is links die sout/leemmengsel en regs die riviersand voor vermenging. Na vermenging word die mengsel in die filter geplaas.




Foto 4.15

*Met die skepkalbas, **ndzheko**, word vars water oor die mengsel geskep.*

Foto 4.16 Grondhope : oorblyfsels van werksaamhede




Foto 4.16

Nadat daar 'n paar keer sout/sand/leemmengsel in die filter geskep en met vars water gefiltreer is, word die uitgeloogde grond weer uit die filters geskep.

Foto 4.17

Sodoende word die hope en hope grond wat op enige soutwerkterrein aangetref word, gevorm

Foto 4.17




Foto 4.18 Indamproses



Enige geskikte bekombare blikhouer word deesdae gebruik om die sout op die vuurherd in te damp. Vroeër is ou potte en groot potskerwe gebruik.

Foto 4.19



Foto 4.20 'n Ou pot word gebruik vir die indamproses

Foto 4.20



Foto 4.21



Foto 4.22



Foto 4.23

Klam sout bly oor nadat al die vloeistof verdamp het



Foto 4.23

*Die soutkookster is besig om die sout in die kegel, **xungu**, te kompakteer. In die voorgrond word die gekonsentreerde soutoplossing ingedamp.*

Foto 4.24



Die soutkegel word met kole omring om die droog proses te bespoedig. In die voorgrond is die los sout in 'n kalbas.

Foto 4.25



Uitdroging van soutkegels by Soutini soos in die vroeë sestigerjare deur Küsel waargeneem. In die tagtigerjare is hierdie metode van soutvoorbereiding en berging nie meer aangetref nie.

Foto 4.26 Xunga xa munyu



'n Verskeidenheid soutkegels, *xungu xa munyu* of "hoop van sout" met volgende mate -
links: 750 g, middel: 1500 g, regs: 2 kg.
Die kleinste soutmaat verskyn nie op die foto nie, maar is vuisgrootte en word *mankhubani* genoem.

Foto 4.27 Oorblyfsels van die soutpan by Eiland



Die soutkorslaag is in die wintermaande duidelik sigbaar.

Foto 4.28 Ou soutwerkerterreine



Die ou soutkookster, wat in die vroeër negentienhonderds sout by Eiland geproduseer het, wys hier die honderde jare oue southope, oorblyfsels van 'n aktiewe soutontginningsbedryf.

Foto 4.29 (a) Argeologiese vondste by die eeue-oue soutwerke by Eiland



'n Kleipot word uit een van die eeue-oue grondhope opgegrawe. Let op die vorm en versieringselemente van die pot wat vir die argeoloog inligting verskaf oor ouderdom en moontlike herkoms.

Foto 4.29 (b)



Hierdie opening en nekgedeelte van die ou kleipot wat by Eilandsoutwerkerrein gevind is, word volgens argeologiese kennis in die Eilandpotwerktradisie geklassifiseer. Die Eilandpotwerktradisie dateer 350 nC - 1000/1200 nC.

Foto 4.30 Offerandes aan die voorvadergeeste



Voordat met die werksaamhede begin word, word daar eers 'n offerande aan die voorvadergeeste gebring.

Foto 4.31 Slakskulpe word ook gebruik tydens soutontginning



Foto 4.32 Verkryging van soutmengsel



Hier kan die soutkors duidelik gesien word.

Foto 4.33



'n Ander filtreermetode. Twee potte word oor mekaar geplaas. Die boonste pot het gaatjies in die bodem. Die word uitgevoer met sand en gras. Hierdie filter is gebruik tydens eksperiment om sout van 'n sekere plant, *munywani*, te bekom.

Foto 4.34



Die plant *munywani*

Foto 5.1 Jong Tsongavrouens in die Transvaal naby Shiluvane soos hulle vroeg in die twintigerjare deur AM Duggan-Cronin afgeneem is.

Foto 5.1




Foto gereproduseer met erkenning aan AM Duggan-Cronin, McGregor Museum, Kimberley

Foto 5.2



Foto 5.3

Moderne Tsongavrouens se feestelike kleredrag het nie baie verander sedert die twintigerjare nie.



Koper- en aluminium-armringe, masindza, kom steeds voor.

Voor die kennismaking met krale in die 17de eeu is metaal arm- nek- en beenringe reeds gebruik. Sien foto 5.6 vir nekringe.

Foto 5.4 Beenratels van kokons, mangopitte en gevlegde ilalapalmblaar



Foto 5.5 Die amulet van die voorvadergeeste - *mamba ya xikwembu* - 'n familie erfstuk



Die eintlike amulet *mamba*, is die koperkralestring, bestaande uit koperkrale, *tinkhota*, 'n groot blou heksagonale kraal, *vathari/vathwana*, 'n stukkie olifanttand en 'n saad (maroelapit).

Foto 5.6



Tradisionele Tsongavrou met halssieraad. Let op die nekringe van koper - iets wat nie meer vandag aangetref word nie, maar in 'n museumopset sou kon herleef.

*Koperring: **ritlama/ritlala**;
krallesieraad: **xikhurumudzu***

'n Groot insnyding in die oorlob laat genoeg ruimte vir hierdie eg Tsonga oorsieraad.

Foto met erkenning van die Junodversameling by Unisa

Foto 5.7

Let op die effek wat die baie wit krale op die boonste roklaag verskaf. As met die voete 'n beweging uitgevoer word, wip die rokpunte baie hoog.

Foto 5.7 Tradisionele Tsongadans word uitgevoer



Foto 5.8 Halssieraad



Van links na regs: **Maqalaka**, **matsunjetsunje**, **khunara**. Alhoewel hierdie sieraad nie egte Tsongakultuur is nie, is daar tog deur informante bevestig dat dit definitief Tsonga is. Vir al die stukke word perdestert, **vudoga**, gebruik. Dit verskaf die besondere effek aan die sieraad. Soos so dikwels die geval is by Tsongakralewerk word die naam van die voorwerp ontleen aan die motief of kleur of spesifieke krale. Die naam **khunara** word aan die groot krale in die voorwerp ontleen.

Foto 5.9



'n Vroue dansgroep dra die **maqalaka**-halssieraad

Foto 5.10



Die hoofsierraad, **khazi/khayisa/xikasani**, op hierdie foto vertoon net soos die vorige twee foto's nie 'n egte Tsongakarakter nie, maar weer eens verseker die vrouens dat hierdie eie is aan die Tsonga.

Let daarop dat hierdie vrou ook **maqalaka**, halssierraad, en die tradisionele oorbelle, **vuhlalo bya tindleve**, dra. Op die foto kan ook gesien word dat die moderne groot plastiëkkrale, **thikwini**, as heupsierraad die tradisionele heupgordel, **xifunga**, (foto 5.45) vervang.

Foto 5.11



Alle kralewerk word deur vrouens uitgevoer.

Foto 5.12



Kralewerk is vryetydsbesteding en word deur vrouens uitgevoer. Veral ouer vrouens het baie tyd daarvoor.

Foto 5.13



Die ou vrou is geduldig besig om 'n Tsongapop, **madliridliri**, met kralewerk te versier. Ander kralesierade lê in voorgrond.

Foto 5.14 Feestelike kleredrag




Let op die baie moontlikhede van kralewerk. Hierdie swart doek, **nceka**, se motiewe is met krale uitgewerk. Die vrou aan die linkerkant dra die meer moderne **minceka**, skouerdoeke met helderleurige gedrukte motiewe. **Minceka** maak deel uit van die Tsongavrou se alledaagse sowel as uitgaan-kleredrag. Die verskeidenheid skouerdoeke wat voorkom, dui op die Tsongavrou se groot voorliefde vir hierdie kledingstuk wat in afdeling 5.5 bespreek word. Let ook op die hooftoisel van die vrouens. Kopdoeke van 'n verskeidenheid kleure word tans saamgevou en op die hoof gedra in plaas van die meer tradisionele krale-hoofsieraad (foto 5.1, 5.10, 5.66).

Foto 5.15



Hierdie vrou vertoon baie Tsonga-kralewerkartikels. Let op die bloes wat in die geheel uit krale bestaan. Die **nceka**, skouerdoek, wat hierdie vrou dra, is ook met krale versier. Om die nek dra sy 'n verskeidenheid halssierade: **matsunyetsunje**, **thumbu**, **xizambana** met **nyeleti** (ster), en **ntomani**. Armsierade vertoon krale-armringe, **swikurumudzu**, en gedraaide metaalringe. Let op die hooftooisel met moderne plastiekversiersels.

Foto 5.16



Kraleversierde doeke as deel van n'anga se uitrusting.

Turkoois, swart, rooi en blou materiaal word met wit krale geborduur. Dit verleen aan die voorwerp 'n kant-effek.

Dansers dans dikwels met hul agterkant na die toeskouers, omdat die effek van die swaaiende romp van agter waargeneem word. Daarom tref ons baie versierings aan die agterkant aan.


Let op die beenversiering : beenringe

Foto 5.17 Vroue dansgroep



Foto 5.18 (a), (b) Halssieraad

Foto 5.18 (a)



(a) en (b) - Halssierade word na die tegniek genoem. Die om-mekaar-gedraaide stringe word *xisontana* genoem. Die buisvormige deel is *xizambana*. Hierdie sieraad kan alledaags en tydens danse gedra word.

Foto 5.18 (b)



Foto 5.19 (a) en (b) : Halssieraad



Alhoewel al hierdie sierade buisvormig is, verkry die voorwerp sy naam van die motiewe en die vervaardigingstegniek, asook die aanwending van kleure.

Name van voorwerpe:

1. **thumbu** (vgl. ook foto's 5.29, 5.31)

2.3.4 **ntomani**

5.6.7 **xizambana**

Thumbu beteken derm, dus buis of buisvormig

Hierdie halssieraad word **xisontana** genoem, omdat hierdie tegniek by hierdie voorwerp oorheersend is (vgl. foto 5.21 (a)). Die boonste voorwerp is 'n hoofsieraad en word **chayeni** (ketting) genoem.

Foto 5.19 (b)



Foto 5.20




Foto 5.21 (a)

Xifune - halssieraad - van dogter wat inisiasieskool, *khomba*, bywoon (vgl. foto 5.55 (a)).

Foto 5.21 (a), (b), (c)

Halssieraad: *maqalaka* en *mhaninkulu*

Let op die knoop wat by beide voorwerpe voorkom waar die kralewerk verbind word. Hierdie knoop word *qonto* genoem.




Foto 5.21 (b) *Mhaninkulu*



Foto 5.21 (c)

Verskeie tegnieke kom voor. Kralestringe word met *xizambana* afgewissel. Die knoop, *qonto*, verbind die stuk en *ntomani* (groen/wit, rooi/wit) kom ook voor.



'n Verskeidenheid *xisontana* - ommekeer-gedraaide kralestringe. Dit word nie normaalweg gedra soos hierdie vrou dit toon nie, maar slegs oor een skouer in kombinasie met *xizambana*. Let op na die *xiphodzo*, armsieraad, en *xifunga*, heupgordel.

Foto 5.22 (a), (b) Kralewerktegnieke

Foto 5.22 (a)



Die tegniek wat op hierdie *xiyandhana* gebruik is, is middelhegting. Aan die agterkant kan duidelik gesien word dat die krale hier en daar vasgewerk word, en nie volgens 'n patroon of orde nie.

Foto 5.22 Mandjiesel met krale versier

Foto 5.22 (b)



Die maas- of ruittegniek word gebruik wanneer krale op voorwerpe aangebring word.

Foto 5.23 (a), (b) Mandjies, *xithabana*, met deksel, *xintewana*

Foto 5.23 (a)



Hierdie mandjies word met krale versier as respekbetoning aan, en verering van die man. Let op die manier waarop die krale van buite aan die binnekant vasgeheg word.

Foto 5.23 (b)



Sommige krale word volgens die maas- of ruittegniek en ander met die kanthechtingstegniek vasgemaak.

Foto 5.24 Kralewerkuitrusting van 'n n'anga



Die groot aaneenlopende stuk kralewerk op beide rompies word **ndlama** genoem. Die maas- of ruittegniek word gebruik.

'n Kort rompie van dieselfde materiaal as die vrouens se dansrompie, **salempore**, word vir die kort rompie van die **n'anga** gebruik. Hierop word kraliesierade vasgemaak. Vgl. foto 5.47 vir die wyse waarop die **xigejo** tesame met die **xiyandhana** gedra word.

Foto 5.25 xigejo en ndlama



Foto 5.26 (a), (b), (c), (d) Sierade, tegnieke en motiewe

Foto 5.26 (a)



Al hierdie "kralelappies" wat met spelde aan die ruggedeelte of op die dansrok vasgesteek word, word *xiqovochela* genoem. Die langer stukke soos op foto (a) word ook soms *xikhapa* genoem.

Foto 5.26 (b)



Foto 5.26 Sierade, motiewe en tegnieke

Foto 5.26 (c)



Let op die kleure en kleurgebruik.

Foto 5.26 (d)



Foto 5.26 (a), (b), (c) *xiqovochela*

Foto 5.27 (a)



Verdere voorbeelde van *xiqovochela*. Let op na die kleure, motiewe en kombinasie. Moderne benaming is ook *xipereta* afgelei van speld.

Foto 5.27 (b)



Verdere voorbeelde van *xiqovochela*. Let op na die kleure, motiewe en kombinasie. Moderne benaming is ook *xipereta* afgelei van speld.

Let op na die snuifblikkies wat aan die onderkant hang. Foto's 5.39 en 5.40 wys hoe hierdie sieraad vroeër gemaak en gedra is. Deesdae kry 'n mens nie meer die voor- en agterpant nie.

Foto 5.27 (c)



'n Dansrok met 'n verskeidenheid *xiqovochela*. Elke stuk word volgens die motief benoem.

Foto 5.28 (a), (b), (c) Hoofversiering : *Mugangu*

Foto 5.28 (a)



Foto 5.28 (b)




Foto 5.28 (c)



Foto 5.28 (d) : Hoofsieraad



*Hierdie hoofsieraad, **nwamatatana**, word van perdestert hare, **vudoga**, en krale vervaardig. Let op na die kleure wat gebruik word.*

Foto 5.29 Halssierade : Thumbu



*Alhoewel almal buisvormig is en daarom meestal **thumbu** genoem word, word daar tog ook ander name, wat op die tegniek dui, gebruik.*

Dit is baie verwarrend om enige klassifikasie daar te stel.

*Hierdie stuk se tegniek word soms **mfaza** genoem. Hierdie halssierade word ook soms **muchayatambu** genoem*

Foto 5.30



Foto 5.31 Halssieraad



Foto 5.32 Halssieraad en hoofsieraad : Mugangu



Hierdie halssieraad met tossels word as meer tradisioneel beskryf.

Foto 5.33 Variasies op die halssieraad



Foto 5.34




Foto 5.35 Halssieraad vervolg ...

Foto 5.35



*Hierdie halssieraad word **nyeleti** (ster) genoem. Die band is volgens die **xizambana**-tegniek gemaak. Sommige vrouens noem hierdie stuk dus **xizambana**.*

Foto 5.36 *Xidlalatana*Foto 5.37 (a) *Maranga*

Die pasgebore baba dra hierdie kralestuk om die nekkie ter verstewiging. 'n Kralestring, *rintoto*, word om 'n basis gedraai. Die basis bestaan uit 'n gerolde stuk lap of gebondelde gras. Die punte vorm 'n knoop, *qonto*. Dit word met 'n knoop aan mekaar vasgehaak.



Foto 5.37 (a) en (b) Halssieraad wat op skouers rus

Foto 5.37 Die maranga

Foto 5.37 (b)



Let op die asimmetriese aanwending van die motiewe wat dikwels by die Tsonga voorkom.


Foto 5.38



Vrouens dra *maranga* tydens 'n dansgeleentheid. Die skouerlappe rus op die skouers. Die skouerdoeke, *minceka*, word om die middel geknoop, omdat die vrouens gereed maak vir hulle dansvertoning.

Foto 5.39 Xiqovochela of xikhapa

Foto 5.39



Die stuk word genoem volgens die motief. Xiqovochela xa xisahani (saag).

Foto 5.40 *Xiqovochela xa nyeleti (ster)*



Hierdie is dieselfde hals-kralesieraad as op foto 5.39, slegs van agter vertoon.

Die voorstuk en die rugstuk is met 'n thumbu aan mekaar vasgeheg. Die foto toon duidelik hoe dit gedra word. Moderne voorbeelde (foto's 5.17, 5.63) bestaan uit een pant en word met spelde voor of agter vasgesteek.

Oud en jonk kan hierdie sieraad dra as hulle gaan dans.

Die "lap" of kralestuk alleen is xiqovochela. Die motief vertoon sterre. Die stuk word dan kortweg net nyeleti (ster) genoem. Die regte benaming is egter xiqovochela xa nyeleti.

Foto 5.41 (a) en (b) Arm en beenversierings

Foto 5.41 (a)



Weer eens is daar nie 'n versamelnaam nie en word hierdie beenringe na die tegniek genoem.

Foto 5.41 (b)



Klokgewys, beginnende in voorgrond: armband: *xiphodzo*; arm en beenringe: *swikhurumudzu*; oorbelle: *vuhlalo bya tindleve*; armringe van gedraaide kralestringe: *xifejani*.

Foto 5.42 Armband vir klein dogtertjies: *xiphodzo*



Klein dogtertjie dra dit wanneer sy die dag die eerste keer uit die hut uitkom.

Foto 5.43 Armband vir vrouens: *xiphodzo*



Word ook soms *makume* genoem. Vergelyk foto 5.21 (c) om te sien hoe hierdie sieraad gedra word. Let op die verskeidenheid patrone. Die tegniek is egter *ntomani* (mopaniewurm).

Foto 5.44 Volledige dansuitrusting: modern

Foto 5.44



Let op die beenringe van metaal en van plastiek. Die plastiekringe in die Tsonga se tradisionele kleure vervang die tradisionele kralering soos op foto 5.41.

Foto 5.45



Volledige dansuitrusting : tradisioneel.

*Let op die tradisionele heupversiering op foto 5.45, 5.46. Dit word **xifunga** genoem, maar word vandag nie meer aangetref nie. Kleurvolle doeke en baie stringe bont plastiëkkrale, **thikwini**, vervang hierdie tradisie.*

Foto 5.46



Die tradisionele dansuitrusting van agter. Vergelyk met die moderne uitrusting op foto 5.44.

Foto 5.47



Kenmerkende kleredrag van 'n persoon beset deur voorvadergeeste (*xikwembu*).

Die kort rompie, *xigejo*, met *ndlama* en *xiqovochela* bedek.

Die blou en die rooi doeke met wit krale wat soos rompe gedra word, word *xiyandhana* genoem (vgl. foto 5.24 - 5.25).

Foto 5.48 Heupsieraad : *xanga*



Een van die min kralesierade met magies-religieuse eienskappe.

Foto 5.49



Die naam *xanga* wat aan hierdie voorwerp gegee word, is eintlik die naam vir die klein koperstafie wat in hierdie stuk weggesteek word. Hierdie *xanga*, of koperstafie mag nie deur mans gesien word nie. Dit word aangetref in die middel van die boonste gedeelte.

Foto 5.50 (a)



Foto 5.50 (b)

Hierdie besondere *xanga* is net een keer in die veld aangetref. Die koperstafie, die eintlike *xanga* word met krale oortrek om dit te versteek. Hierdie kralestuk word om die Tsongapop se middel geplaas, soos foto 5.50 (b) toon, en dien as heupsieraad.



Foto 5.50 (b)

Die *madliridlini*, Tsongapop, dien as bêreplek vir hierdie *xanga*.

Foto 5.51 (a) en (b)

Foto 5.51 (a)



Hierdie *xanga* toon duidelik die ooreenkoms met die Tsongadansromp wat op foto 5.51(b) gesien kan word. Dit is slegs 'n miniatuur weergawe met miniatuur *xiqovochela*, kralelappies, vasgeheg op die omslag. Die simboliek dui op vroulikheid.

Foto 5.51 (b)




Foto 5.52 Minxanga



Nog voorbeelde van die *xanga* wat al die kenmerkende eienskappe daarvan besit. Let op die verskillende motiewe: *nyeleti* (ster), *xisahani* (saag), *ndhayimani* (diamant). Die randafwerking aan die onderkant is *makhaxa*, tassels, en bo kan die *xizambana* gesien word waarin die koperstafie, *xanga*, versteek is. Klokkies, gordynringe en koperplaatjies kan ook gesien word.

Foto 5.53 (a) Skouerdoek, *nceka*, met motiewe van krale



Foto 5.53 (b) Skouerdoek, *nceka*




Foto 5.53 (c) *Nceka* oor die vrou se skouer gedrapeer

Kleurkrale word gebruik vir die motiewe. Die ander effekte word verkry deur koperhaakspelde in die doek te steek.



Foto 5.53 (c)

Die *nceka* met die koperhaakspelde word nog dikwels aangetref, veral in die Hlangananigebied waar vrouens baie moeite met kleredrag en kralesierade doen.

Foto 5.54 (a) Dogter uit die inisiasieskool, *khomba*



Haar hele voorkoms sê vir die ingeligte waarnemer dat hierdie meisie die inisiasieskool bygewoon het. Tydens die *khomba* dra sy kleurkrale, maar ...

Foto 5.54 (b)



wanneer die inisiasie afgehandel is, word slegs die wit krale as halssieraad gedra. Die twee skouerdoeke wat sy dra is eg tradisioneel. Die onderste een word *xitwirirani* genoem (vgl. foto 5.81 (b)) en die boonste *nceka* is *tsama-n'ta-vuya*.

Foto 5.55, Die Tsonga poppie, *madlindlini*



Foto 5.55

Op hierdie foto is die *madlindlini* van wol vervaardig. Normaalweg word krale gebruik. Let op die miniatuur-*nceka*.

Foto 5.56 *Nceka*



Hierdie skouerdoek vertoon 'n motief wat baie algemeen by die Tsonga voorkom op *nceka*, op kralewerk, hutmure en as tatoeëermerk. Die motiewe is van krale gewerk.

Foto 5.57 (a) en (b) *Madliridliri*



Nog Tsongapoppies.

Die krale kan duidelik gesien word.

Let op die oorbelle en die miniatuur-xiqovochela, en die dansrok, ndhindana, kompleet met wit krale omsoom.

Foto 5.57 (b)



Foto 5.58 (a) Tsongabeursie, xipachi



Foto 5.58 (a) en (b)

Foto 5.58 (b)



Foto 5.59 Snuifhouer van horing met krale versier, mfuku



Foto 5.60 Xipfukwani



*Kralesieraad waaraan daar
snuifblikkies bevestig is. Foto 5.3
toon hoe hierdie sieraad gedra word.*

Foto 5.61 Kalbashouertjies



Kalbassies met krale oortrek. Dit word as houers vir medisyne of vir snuif gebruik.

Foto 5.62 Kalbashouer en seremoniële stokke met krale versier



Foto 5.63 (a)



Foto 5.63 (a) en (b)

Tsongavrou wat 'n verskeidenheid kralesierade vertoon.

Foto 5.63 (b)




Foto 5.64



Foto 5.64, 5.65 Minceka met krale versier

Die sambreel is met krale motiewe versier. Die **nceka** is met krale versierings bedek. Die **nthabana** en **xintewana** mandjiestel, toon kralewerk. Die **thumbu**-halssieraad hang om die nek. Die dansrok, **ndhindana**, kan ook gesien word. Om die enkels is metaal-beenringe en ringe van kralewerk, **swikhurumudzu**.

Foto 5.65



Hierdie vrou toon verdere kraliesierade soos **mugangu**, hoofsieraad, **maqalaka** halssieraad asook **xizambana** en **xisontana**. Die skouerdoek, **nceka** se motiewe is van krale.

In haar hand hou die vrou die pop, **madliridlini**, en die mandjiestel, **nthabana** en **xintewana**.

Foto 5.66 Nog foto's wat die gebruik van kralesierade vertoon



Foto 5.67



'n Tipiese voorbeeld van die gebruik van 'n verskeidenheid van materiale wat vrouens gebruik om die *ncwaka* te versier. Hierdie vrou het haakspelde, krale, kleurgaring en spieëltjies gebruik.

Foto 5.68 Arm- en beensieraad, swikhurumudzu



Foto 5.69



Moderne *minceka*. Op die doek kan die woorde "bombo ra xigaza" gelees word. Dit beteken "die uitgaan (vertoon) klere van Gazankulu."

Halssierade: *ntomani*, *xizambana*, en moderne plastiekkrale.

Foto 5.70 Jong moderne vrou met modern-tradisionele kleredrag



Hoofsieraad: Drie moderne hoofsierade word hier vertoon: *rindzela*, *nwamatatana* (agter) en *khazi* (voor).

Let op die bloes, *xikatawa* wat op beide foto's getoon word.

Foto 5.71



Foto 5.71 Ouer vrou met tradisionele kleredrag.

Daar word beweer dat die *xikatawa* sy oorsprong in Mosambiek het. Segspersone sê dat dit vroeër in die mode was, maar nou weer nuut ontdek is.

Foto 5.72 Skouerdoek, nceka, van helderkeurige materiaal



Hierdie kleurvolle skouerdoeke was vir baie jare kenmerkend van die Tsongavrouens. Dit is vandag nog gewild alhoewel die java-druk nou in die mode is.

Foto 5.73 'n Vergelyking tussen Tsonga (regs) en Sotho kleredrag en sierade tydens 'n danskompetisie



Foto 5.74



Die rok van die Sotho- (links) en die Tsongavrou toon al die tipiese kenmerke van beide groepe soos op hierdie foto gesien kan word.

Foto 5.75 Nog Sothokleredrag ter vergelyking



Foto 5.76



Foto 5.77 (a)



Foto 5.77 (a) en (b)

Vergelyk hierdie foto's van Tsongadanse met die Sothodanse op foto's 5.75 en 5.76. Nie net die klere-uitrusting verskil nie maar ook die dansvorm soos ook die volgende foto's toon.

Foto 5.77 (b)



Foto 5.78 (a)



Foto 5.78 (b)

Foto 5.78 (a) en (b)



Die Noord-Sothodanse verskil daarin van die Tsongadanse dat hulle baie meer na binne gekeer is, terwyl Tsonga vertonerig en uitgaande dans. Hulle maak oop.

Foto 5.79 (a)



Foto 5.79 (a) en (b) Kleredrag van Tsongavrouens by Mhala

Die kleure en aanwending van kralesierade verskil totaal van die Tsongavrouens uit die noordelike Gazankulu. Dit toon eerder ooreenkoms met die Swazi se kleredrag.

Foto 5.79 (b)



Donkerkleurige krale word gebruik en die kenmerkende wit krale is totaal afwesig.

Foto 5.80 (a)



Foto 5.80 (a) en (b) Tsongavrouens by Mhala

Die liefde vir helderkleurige doeke is steeds aanwesig, maar die aanwendingsmetodes verskil totaal.

Foto 5.80 (b)



Die bloes stem in 'n mate ooreen met dié van die noordelike Tsongavroue se *xikatawa*. Hier word dit egter *yele* genoem.

Foto 5.81 (a)



Foto 5.81 (b)

Foto 5.81 (a) en (b) Tradisionele minceka

(a) Skouerdoeke van links na regs:

1. n'wa-majabula
2. ndhayimani
3. n'wa-majabula
4. tshama-n'ta-vuya
5. ndhayimani



Die skouerdoek wat hierdie vrou dra word *xitswirirani*, rankblom, genoem.

Foto 5.82 Die doeke van die n'anga



Die *n'anga* het altyd vyf soorte doeke in sy mandjie wat met die *Ndau*-geeste verbind word. Hierdie mandjie, *ntundu*, staan by die altaar, *gandzelo xa ndau*. Die doeke is soos volg:

Rooi	-	<i>siyandhani</i>
Wit	-	<i>rigidawa</i>
Swart	-	<i>lopa</i>
Gebloem	-	<i>njele</i>
Blou en wit blokkies	-	<i>mpalu</i>

Foto 5.83



Die mandjie en inhoud van die n'anga met die genoemde doeke.

Foto 5.84

